

HIERD' E EKEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0233359



111084772001220000018

'N ONDERSOEK NA DIE SELFKONSEP VAN DIE FISIES GESTREMDE LEERLING

deur
J. W. A. Vermeulen

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Fakulteit van Opvoedkunde,
aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT
Bloemfontein

Onder leiding van Prof. J. L. Pretorius

Desember 1977



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

DANKBETUIGING

Hierdie verhandeling is moontlik gemaak deur die wonderlike hulp en ondersteuning wat ek vanuit verskeie oorde ontvang het.

Ten eerste my innige dank aan die Hemelse Vader wat my voorsien het van die krag, ywer en insig om hierdie ondersoek te voltooi.

Graag wens ek my opregte dank teenoor my studieleier, Professor J.L. Pretorius te betuig vir sy leiding, goeie raad en aanmoediging gedurende hierdie ondersoek. Dit was voorwaar 'n groot voorreg om onder iemand so so toegewyd, so bemoedigend, so geduldig en bowe menslik te werk.

My dank kom ook die volgende toe:

Professor J.D. Vrey van die Universiteit van Suid-Afrika wat sy Selfkonsepinventaris goedgeunstiglik beskikbaar gestel het vir die doeleindes van hierdie ondersoek.

Die vele outeurs en navorsers wat ek in die loop van die verhandeling kwoteer het. Elkeen het 'n ideë of informasie bygedra waarsonder my poging minder suksesvol sou gewees het. Die literatuurlys vorm dus deel van hierdie dankbetuiging.

Mevv. U. Bornman en T. Engelbrecht wat so baie ure voor die tikmasjien moes deurbring om die finale manuskrip te tik.

Die hoof, personeel en hoërskoolleerlinge van die Elizabeth Conradieskool, Kimberley, sonder wie se samewerking hierdie verhandeling beslis nie die lig sou gesien het nie.

Die hoof, bygestaan deur Mnr. S. Reinhardt, en daardie leerlinge van die Diamantveld Hoërskool, Kimberley, wat as kontrolegroep gedien het.

Mnr. F.J. Powell wat die voorlopige manuskrip getik het.

My skoonvader, Mnr. H.J. van Niekerk, wat gehelp het met die taalkundige versorging en proeflees van die manuskrip.

Ten slotte kom 'n spesiale woord van dank my gesin toe. Sonder die liefde en ondersteuning van my vrou wat veel meer as belangstelling getoon het en 'n daadwerklike bydrae gelewer het in die navorsing, die nasien van die vraelyste, taalkundige versorging en proeflees van die manuskrip, sou hierdie ondersoek beslis nie so vlot verloop het nie.

Hierdie verhandeling word dan ook aan my gesin opgedra ter erkentlikheid van hul besondere bydrae tot my akademiese sowel as professionele loopbaan.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

| | |
|-----------------|--------|
| INLEIDING | (viii) |
|-----------------|--------|

HOOFSTUK I

| | |
|--|------|
| LITERATUURSTUDIE OOR DIE BEGRIP SELFKONSEP .. | 1-41 |
| A. INLEIDING | 1 |
| B. FREUD SE OPVATTING OOR DIE SELF | 2 |
| C. ALFRED ADLER SE SIENING VAN DIE SELF . | 9 |
| D. DIE SELFKONSEP IS AFHANKLIK VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFIDENTITEIT | 10 |
| E. SULLIVAN SE BESKOUIING OOR DIE SELF- KONSEP | 11 |
| F. KURT LEWIN SE BESKOUIING OOR DIE INTER- AKSIE TUSSEN DIE SELF EN DIE SOSIALE OMGEWING | 12 |
| G. DISKRIMINERENDE ASPEKTE VAN DIE SELF ... | 16 |
| 1. Die empiriese Self | 16 |
| 2. Die suiwer ego | 23 |
| H. DIE SELFKONSEP WORD ONDERSKEI VAN DIE FENOMENELE SELF | 24 |
| I. DIE SELFKONSEP IS 'N PERSOON SE INNER- LIKE WÊRELD | 28 |
| J. DIE SELFKONSEP WORD DEURGAANS BESKRYF AS DIE HOUDING TEENOOR DIE SELF | 30 |
| K. DIE SELFKONSEP IS TOEGANKLIK VIR BEWUS- WORDING | 35 |
| L. SAMEVATTING | 41 |

HOOFSTUK II

| | |
|--|-------|
| NAVORSING OP DIE GEBIED VAN DIE SELFKONSEP | 42-72 |
| A. INLEIDING | 42 |

| | | |
|----|--|----|
| B. | NAVORSINGSONTWERPE AANGEWEND BY DIE NAVORSING OOR DIE SELFKONSEP | 44 |
| | 1. Q-sorteringstegnieke | 44 |
| | 2. Die Semantiese Differensiaal | 48 |
| | 3. Vraelyste | 51 |
| | 4. Adjektiefkontroleerlyste | 53 |
| | 5. Skale | 55 |
| | 6. Projeksietegnieke | 60 |
| C. | DIE NAVORSING VAN J.D. VREY | 65 |
| | 1. Inleidende oriëntering | 65 |
| | 2. Vrey se navorsing | 67 |
| D. | SAMEVATTING | 72 |

HOOFSTUK III

| | | |
|-----|--|--------|
| DIE | DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP | 73-138 |
| A. | INLEIDENDE ORIËNTERING | 73 |
| | 1. Inleiding | 73 |
| | 2. Die selfkonsep en die kognitiewe struktuur | 75 |
| | 3. Die selfkonsep en persoonlikheidsorganisasie | 82 |
| B. | DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP | 86 |
| | 1. Die fisiese Self | 86 |
| | 2. Die persoonlike identiteitsgevoel | 97 |
| | 3. Die gesin-Self | 106 |
| | 4. Die sosiale Self | 116 |
| | 5. Die sedelike Self | 126 |
| | 6. Die evaluatiewe aspek (Selfkritiek en Selfagting) | 133 |
| C. | SAMEVATTING | 138 |

HOOFSTUK IV

| | | |
|-----|---|---------|
| DIE | LEEFWÊRELD VAN DIE ADOLESSENT | 139-194 |
| A. | INLEIDING | 139 |
| B. | DIE PERSIPIËRING VAN LIGGAAMLIKE VERANDERINGE EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N SELFBEEELD EN SELFKONSEP | 140 |

| | | |
|----|--|-----|
| 1. | Uitwendige fisiese veranderinge | 140 |
| 2. | Fisiologiese veranderinge | 142 |
| 3. | Liggaamsbeeld en die Self | 143 |
| 4. | Sekondêre geslagskenmerke | 150 |
| C. | DIE RELASIES MET DIE OUERS EN MAATS EN DIE BETEKENIS VAN SODANIGE RELASIES IN DIE EMANSIPASIE VAN DIE ADOLESSENT | 152 |
| 1. | Ouer-kindverhoudinge | 152 |
| 2. | Die sosiale gemeenskap en die adolescent | 165 |
| 3. | Leeftydgenote | 170 |
| D. | DIE RELASIES MET IDEËS, KONSEPTE EN WAARDES EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE SELFKONSEP | 178 |
| 1. | Kognitiewe ontwikkeling tydens adolessen- sie | 178 |
| 2. | Die ontwikkelende waardesisteem | 185 |
| 3. | Ontwikkeling van belangstellings | 188 |
| E. | SAMEVATTING | 191 |

HOOFSTUK V

| | | |
|-----|---|---------|
| DIE | EMPIRIESE ONDERSOEK | 195-222 |
| A. | INLEIDING | 195 |
| B. | DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP | 196 |
| C. | TOEPASSING EN NASIEN VAN DIE SELFKONSEP- INVENTARIS EN BIOGRAFIESE VRAELYS | 201 |
| D. | STRUKTUUR VAN DIE SELFKONSEPTOETS | 203 |
| E. | DIE ITEMS VAN DIE SELFKONSEPTOETS | 205 |
| F. | DIE BETROUBAARHEID VAN DIE SELFKONSEPTOETS | 213 |
| G. | DIE GELDIGHEID VAN DIE SELFKONSEPTOETS .. | 217 |
| H. | DIE BIOGRAFIESE VRAELYS | 221 |
| I. | SAMEVATTING | 222 |

HOOFSTUK VI

| | |
|--|---------|
| ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS VERKRY IN DIE ONDERSOEK | 223-274 |
| A. INLEIDING | 223 |
| B. DIE RANGSKIKKING EN GRAFIESE VOORSTEL- LING VAN DIE GEGEWENS | 224 |
| C. DIE TOTALE SELFKONSEPTELLING | 226 |
| D. 'N ONDERSOEK NA DIE BEDUIDENDHEID VAN DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP | 233 |
| E. GESLAGSVERSKILLE | 239 |
| 1. Geslagsverskille : dogters | 241 |
| 2. Geslagsverskille : seuns | 242 |
| 3. Geslagsverskille tussen seuns en dogters | 243 |
| F. VERSKILLE VOLGENS SKOOLSTANDERD | 243 |
| 1. Standerd 8 | 244 |
| 2. Standerd 9 | 245 |
| 3. Standerd 10 | 246 |
| G. DIE BIOGRAFIESE GEGEWENS | 253 |
| 1. Inleidende oriëntering | 253 |
| 2. Items waar die nulhipotese verwerp is .. | 259 |
| H. SAMEVATTING | 272 |

HOOFSTUK VII

| | |
|--|---------|
| BEVINDINGE VAN DIE ONDERSOEK | 275-324 |
| A. INLEIDING | 275 |
| B. DIE SELFKONSEP VAN DIE FISIES GESTREMDE LEERLING | 277 |
| 1. Inleidende oriëntering | 277 |
| 2. Geslagsverskille | 279 |
| 3. Verskille volgens skoolstanderd | 281 |
| 4. Oriënterende oorsig | 284 |
| C. DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP VAN DIE FISIES GESTREMDE LEERLING | 285 |

| | | |
|----|--|-----|
| 1. | Inleiding | 285 |
| 2. | Die verhoudinge van die fisies gestremde leerling met sy liggaamlike gesteldheid - sy fisiese Self | 286 |
| 3. | Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sy psigiese gesteldheid - sy Persoonlike Self | 294 |
| 4. | Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sy gesin - sy Gesinself | 298 |
| 5. | Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - sy sosiale Self | 303 |
| 6. | Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes - sy Waardeself | 309 |
| 7. | Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met die evaluatiewe aspek - sy Selfkritiek | 312 |
| D. | IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK | 314 |
| 1. | Opvoeding en onderwys | 314 |
| 2. | Die sosialiseringstaak van die fisies gestremde leerling | 315 |
| 3. | Die taak van die gemeenskap | 316 |
| 4. | Beroepsgeleenthede | 316 |
| 5. | Algemeen | 317 |
| E. | SAMEVATTING | 318 |
| | BIBLIOGRAFIE | 325 |
| | OPSOMMING | 332 |

INLEIDING

Die selfkonsep vorm die sentrale tema in hierdie ondersoek. Baie is al geskryf oor hierdie belangrike begrip en aansienlike navorsing is al op hierdie gebied gedoen. Dit blyk egter dat die veld vir ondersoek van die selfkonsep op die gebied van die fisies gestremde leerling nog braak lê vir navorsing en dat 'n wetenskaplike ondersoek hier dringend noodsaaklik is. Met die oog hierop en om 'n betroubare beeld van die fisies gestremde leerling daar te stel, is hierdie ondersoek aangepak.

In hoofstuk een word 'n literatuurstudie oor die begrip selfkonsep gedoen om die verskillende sienswyses wat hieroor gehuldig word, aan te dui.

Hoofstuk twee handel oor die navorsing wat op die gebied van die selfkonsep gedoen is. Verskillende navorsingsontwerpe wat aangewend word by die navorsing oor die selfkonsep, word bespreek. Die leser sal in hierdie hoofstuk ook kennis maak met die Selfkonsepinventaris van Vrey. Die skrywer het persoonlike toestemming van Vrey ontvang om hierdie toets in die ondersoek toe te pas. Die ses onderskeibare dimensies van die selfkonsep wat die subtoetsvorm van die Selfkonsepinventaris, word ook kortliks bekend gestel.

Om 'n goeie begrip te vorm van wat die dimensies van die Selfpresies behels, is hoofstuk drie opgestel. Daar word

tussen die volgende ses dimensies van die selfkonsep onderskei:

- a. Die fisiese Self
- b. Die persoonlike identiteitsgevoel
- c. Die gesin-Self
- d. Die sosiale Self
- e. Die sedelike Self
- f. Die kritiese Self

Hierdie hoofstuk het hom ook geleen tot die beskrywing van die selfkonsep se verband met die kognitiewe struktuur en persoonlikheidsorganisasie.

In die eerste drie hoofstukke is hoofsaaklik aandag gegee aan die wetenskaplike karakter van die selfkonsep. In hoofstuk vier word aandag gegee aan die leefwêreld van die adolessent. In die empiriese ondersoek wat later volg, sentreer die ondersoek om twee groepe adolessente - fisies gestremdes en fisies normales.

Voordat 'n empiriese ondersoek gedoen word, is dit nodig om eers 'n duidelike beeld te vorm van die leefwêreld van die adolessent. Sodoende behoort verskille en/of ooreenkomste tussen die twee groepe leerlinge in hulle leefwêreldlike verband na vore te kom.

Die empiriese ondersoek word in hoofstuk vyf beskryf.

Die eksperimentele ontwerp bestaan basies daaruit dat twee groepe leerlinge vir hierdie ondersoek gebruik word. Die

een groep is die fisies gestremde leerlinge (die eksperimentele groep), terwyl die ander groep fisies gesonde leerlinge is (die kontrolegroep). Verskille word ten opsigte van die selfkonsep tussen die twee groepe ontleed en indien dit beduidend is, word dit toegeskryf aan die fisiese gebrek (die onafhanklike veranderlike).

Die ontleding en interpretasie van die gegewens verkry in die ondersoek, word in hoofstuk ses verskaf.

Hierdie ondersoek bereik sy klimaks by hoofstuk sewe waar die bevindinge en implikasies van die ondersoek uiteengesit word.

HOOFSTUK I

LITERATUURSTUDIE OOR DIE BEGRIP SELFKONSEP

A. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word beoog om verslag te doen van die verskillende sienswyses wat oor die selfkonsep gehuldig word. Uit die bespreking sal dit duidelik blyk dat daar uiteenlopende menings oor hierdie belangrike begrip bestaan. Dit is uit die aard van die saak onmoontlik om alle skrywers se weergawes van die selfkonsep weer te gee. Daarom sal slegs daardie sielkundiges se sienings bespreek word wat die belangrikste bydraes op hierdie gebied gelewer het.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat psigoanalitiese konsepte soos id, ego en superego, wat as instinktiewe drange beskou word, die basis is waaruit die denke oor die Self, die ego en die ek ontwikkel het.

Gedurende die tweede, derde en vierde dekade van die twintigste eeu is die Amerikaanse psigologiese toneel oorheers deur die behaviorisme en die funksionalisme. Daar was geen ruimte vir 'n konstruksie soos die Self in so 'n atmosfeer van objektiwisme en natuurwetenskaplike eksperimentalisme nie.

Die Freudiane was daarenteen besig om die konsepte met betrekking tot die id, ego en superego uit te bou. Die neo-Freudiane het die behoefte aan 'n Self en selfbeeld en ego-ideaal al hoe sterker beklemtoon.¹⁾

1) Wylie, R.C., The Self-concept, 1974, p.2

Gedurende hierdie tydperk het die funksionaliste nooit hulle introspektiewe metodes laat vaar nie, terwyl die Gestalt-sielkundiges hulle fenomenologiese metodes en teorieë ingevoer het in die stroom van die algemene psigologie.

In die tussentyd is die moontlikheid van 'n operasionele behaviorisme wat komplekse kognitiewe en motiverende inmengende veranderlikes behels, ondersoek binne die terrein van die algemene psigologie. Dit het met implikasie gedui op die moontlikheid van die saamsmelting van algemene psigologiese teorieë van kognisie en motivering met die psigoanalitiese teorieë. Daarom vind ons in die literatuur dat bykans alle teorieë oor die Self wat die laaste drie dekades die lig gesien het, waarde heg aan 'n fenomenele en/of nie-fenomenele selfkonsep met kognitiewe en motiverende attribute.

Teorie en eksperiment het dan ook in die psigologiese literatuur in toenemende mate verwys na en berus op die selfkonsep as konstruk. Hierdie verskynsel het al hoe duideliker geword namate die mens se besondere posisie erken is en daar teenstand ingetree het teen die neiging om die mens tot proefkonyn te verlaag.

Psigoloë het dit dan ook in al hoe groter mate moeiliker gevind om die menslike probleme aan te durf sonder oorweging van die Self as kern, wat as tussenganger tussen inwerkende omgewingsfaktore en uiterlike gedragshandelinge figureer.

B. FREUD SE OPVATTING OOR DIE SELF

Freud se teorie oor die struktuur van die persoonlikheid met die id, die ego en die superego as deelstrukture, verskil ge-

heel en al van opvattinge oor die menslike persoonlikheid wat gebaseer is op tipologieë wat persoonlikheid in 'n groot mate aan aangebore faktore toeskryf. Freud beweer egter dat faktore soos die opvoedingspogings van ouers en die inwerking van ander omgewingsinvloede 'n betekenisvolle bydrae tot die kind se persoonlikheidsontwikkeling lewer. Op dié wyse word ook die selfkonsep beïnvloed.

Die drie deelstrukture in Freud se model van persoonlikheid word as volg gedefinieer:

- (1) Die id is daardie aspek van die persoonlikheid "concerned with instinctual reactions for satisfying motives".²⁾ Die id streef na onmiddellike bevrediging van motiewe met min of geen inagneming nie van óf die gevolge van gedragswyses óf die realiteite van die werklikheid.
- (2) Die ego verwys na "the self and to ways of behaving and thinking realistically".³⁾ Die ego vertraag die bevrediging van motiewe indien nodig en rig motiewe na sosiale gedragswyses.
- (3) Die superego is "that which restrains the activity of the ego and the id".⁴⁾ Die superego hang nou saam met dit wat algemeen bekend staan as die gewete en dit aktiveer die mens om na ideale te streef en te verwesenlik wat reeds gedurende die kinderjare gevestig word.

Dit kom dus kortliks daarop neer dat die id deur die ego beteuel

2) Morgan, C.T., Introduction to Psychology, 1961, p.675

3) Ibid., p.671

4) Ibid., p.671

word deur gedragswyses toe te pas wat die individu deur ervaring met ander mense en voorwerpe in sy leefwêreld opgedoen het. Die superego (gewete) tree beoordelend op oordardie dinge wat die ego mag doen ter bevrediging van die id se motiewe. Freud se siening van die selfkonsep toon 'n verband met die ego: die kind leer om die Self te persipieer deur die ervaring vanuit sy omgewing en hierop te reageer met gepaste gedragswyses om die gemeenskap se goedkeuring weg te dra. In hierdie verband het Freud ook die belangrikheid van die invloed van identifikasie vanuit die omgewing beklemtoon.

Volgens Freud is daar twee belangrike gevolge van identifikasie, naamlik geslagstipering en die ontwikkeling van die super-ego.⁵⁾

Identifikasie met die geslagsrol impliseer die ontwikkeling van eienskappe wat kenmerkend is van die ouer van dieselfde geslag. Ouers is geneig om dié gedrag van die kind wat in ooreenstemming is met die verwagte gedrag van 'n sekere geslag, te beloon en aan te moedig. Wanneer 'n seuntjie nie huil nadat hy geval en seergekry het nie, sal sy ouers hom prys en sê dat hy 'n "groot man" is. Die kultuur bepaal dan ook die spesifieke geslagsrol en die selfkonsep wat die kind oor homself as "man" of "vrou" het, word hier gevestig.

Identifikasie is 'n proses in die sosialisering van die kind. Die mate waarin 'n kind met die ouer van dieselfde geslag identifiseer, is afhanklik van die liefde, aanvaarding en be-

5) Nash, J., Developmental psychology, 1970, p.408

kwaamheid van die ouer. Indien die ouer nie die gewenste eienskappe besit nie, sal die kind ook nie soos hy wil wees nie. "Omdat 'n kind self iemand wil wees, soek hy gedurig na 'n volwassene soos wie hy kan wees".⁶⁾ Die kind se waarneming van die kwaliteit van die ouer-konsep sal dus medebepalend inwerk op die konsep van die Self.

Wanneer die kind homself deur identifikasie vereenselwig met sekere norme vanuit sy omgewing, begin die super-ego of gewete ontwikkel. Deurdat die kind sekere morele standaarde en waardes tot sy eie aanneem, voel hy hom één met sy ouers. Die selfkonsep wat hy van homself het as 'n voorbeeldige mens, het ontstaan nadat hy hom ge-identifiseer het met sy voorbeeldige vader. So sal 'n kind homself byvoorbeeld straf indien hy iets verkeerd gedoen het, en sy ouers nie teenwoordig is nie. Dit is die dinamiese optrede van die super-ego wat dan die ego repudieer omdat hy aan onaanvaarbare versoeke van die id toegee het.

Die mate waarin dissipline toegepas word, sal die ontwikkeling van die gewete beïnvloed. Omdat die dogter in 'n groter mate met die moeder identifiseer, sal die strengheid van die moeder 'n groter uitwerking op die dogter hê.⁷⁾ Die selfbeeld wat die meisie byvoorbeeld van haarself as liefdevol, hulpvaardig en rein het, vind dan hier sy beslag waar die dogter haar met die moeder identifiseer.

Voorts moet daar by die begrip van die Self van die Psigoanalitici steeds in gedagte gehou word dat (1) die motiewe en instinkte van die id voortdurend deur die ego en super-ego in be-

6) Van der Stoep, F. en van der Stoep, O.A.: Didaktiese Oriëntasie, 1975, p.333

7) Nash, J., op. cit., 1970, p.411

bedwang gehou word. Hierdie motiewe en instinkte word dan langs toelaatbare kanale gesublimeer wat aanvaarbaar is vir beide die ego en die super-ego; (2) die id voortdurend in konflik met die ego en super-ego verkeer en sodoende word angstigheid veroorsaak.⁸⁾ Die individu soek na sekere maniere om van hierdie angstigheid ontslae te raak en leer sekere handelwyses aan om dit te kan doen.

Hierdie metodes om angstigheid te verminder, staan bekend as verdedigingsmeganismes.⁹⁾ Die Psigoanalitici wil dan hierdie verdedigingsmeganismes duidelik onder die aandag bring wanneer daar na die Self verwys word omdat angstigheid so 'n belangrike invloed uitoefen op die individu se konsep van die Self. 'n Verdedigingsmeganisme is "a device - a way of behaving - that a person uses unconsciously to protect himself against ego - involving frustrations".¹⁰⁾

Enkele voorbeelde van verdedigingsmeganismes is:

- (1) repressie
- (2) reaksieformasie
- (3) projeksie
- (4) vervanging
- (5) rasionalisasie
- (6) sublimasie en kompensasie¹¹⁾

8) McDonald, F.J., Educational psychology, 1965, p.437

9) Lindgren, H.C. en Byrne, D., Psychology, 1961, p.296

10) Morgan, C.T., op.cit., 1961, p.139

11) ibid. pp.138-143

(1) Repressie

Repressie vind plaas wanneer die kind gerieflikheids-halwe daardie dinge vergeet wat angstigtheid mag veroorsaak.

(2) Reaksieformasie

Reaksieformasie vind plaas wanneer 'n persoon hom verbeel dat hy 'n motief het wat presies die teenoorgestelde is van die ware motief. So sal die seun wat sy vader onbewustelik haat 'n beeld daarstel van die liefdevolle hulpvaardige seun. Om te erken dat hy sy vader haat mag soveel angstigtheid tot gevolg hê dat dit sy selfkonsep skade sal aandoen. Om die selfkonsep te beskerm en angstgevoelens teen te werk, vind daar dus reaksieformasie plaas.

(3) Projeksie

Projeksie is daardie verdedigingsmeganisme wat die bron van konflik verbloem deur motiewe aan ander mense toe te skryf. Die leerling wat graag van ander afskryf gedurende klastoetse, maar dit nie wil erken as gevolg van sy morele kode nie, sal buitengewoon wantrouig teenoor ander leerlinge staan en nie huiwer om hulle van oneerlikheid te verdink nie. So sal die kind met onvriendelike neigings teenoor ander mense sy selfbeeld probeer beskerm deur te sê ander mense is onvriendelik teenoor hom.

(4) Vervanging

Vervanging vind plaas wanneer die voorwerp van motivering

verbloem word deur 'n ander voorwerp in die plek daarvan te stel. Die kind wat kwaad is vir sy vader maar bang is om dit te toon, sal sy frustrasies verlig deur die hond 'n skop te gee.

(5) Rasionalisasie

Rasionalisasie is daardie proses van selfhandhawing waar die mens die motief, wat sekere gedragswyses tot gevolg gehad het, verbloem en aan 'n ander motief toeskryf.

Die kind wat gedruip het omdat hy nie wou studeer nie, sal sy mislukking wyt aan die swak onderrig van die skool en nie aan homself nie. Sodoende beskerm hy sy self-konsep deur mislukkings aan iemand anders toe te skryf.

(6) Sublimasie

Deur sublimasie word ander aktiwiteite gevolg om 'n motief te bevredig. Die kind sublimeer sy seksdrang deur aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem en interessante stokperdjies te beoefen omdat die kultuur nie onbehoorlike sekspraktyke duld nie. Dit beteken dat die seksdrang onderdruk word en bevrediging gevind word deur die kanalisering daarvan in ander aktiwiteite. Die kind kan ook deur kompensasie die selfbeeld beskerm deur 'n ander aktiwiteit te volg in die plek van die gefrustreerde motief. Die klein geboude seun sal alles in sy vermoë doen om 'n swartband in karate te bekom en dan as 'n "man" aangesien en erken te word. Die ongeletterde vader sal alles in sy vermoë doen om sy seun te laat leer, want sodoende kry hy kompensatoriese bevrediging van sy eie frustrerende

konsep van ongeletterdheid met die konsep van die geletterde seun.

Daar behoort met waardering kennis geneem te word van die pogings wat die Psigoanalitici aangewend het om die begrip selfkonsep en die faktore onderliggend daaraan, duidelik te probeer omskryf. Ongelukkig was Freud se benadering in hierdie verband te fisiologies van aard, want hy het die belangrikste motiveringskragte toegeskryf aan die mens se instinktiewe motiveringskragte en het die omgewingsfaktore as van minder belang beskou.

Uit die bespreking wat volg sal dit duidelik word dat teorieë wat nie dié van Freud gevolg het nie, 'n baie breër omvang openbaar omdat hulle meer klem lê op die belangrikheid van sosiale invloede en die effek daarvan op menslike gedrag.

C. ALFRED ADLER SE SIENING VAN DIE SELF

In sy omskrywing van die selfkonsep maak Adler melding van die lewenstyl, "which is the characteristic manner of coping with life's problems that is molded by the child's evaluation of himself and society".¹²⁾

Die waardebeplanning wat die kind hier toepas vind sy ontstaan in die leefwêreldlike ervaring van die kind, terwyl die invloed van oorerwing nie buite rekening gelaat mag word nie. Adler wil egter meer waarde heg aan faktore vanuit die omgewing, alhoewel hy nie oorerwingsfaktore negeer nie. Sy teorie lê sterk klem op die beginsel van die bewuswording en -wees

12) Nash, J., op. cit., 1970, p.464

van die Self deurdat hy stel dat die kind se konsep van die Self al hoe meer bepaal word deur 'n lewenstyl van vrae wat die kind mag stel, soos: "Wie is ek?"; "Hoe kan ek presteer?"; "Wat is my verpligtinge?"; "Hoe moet ek optree teenoor my ouers?", ensovoorts.

D. DIE SELFKONSEP IS AFHANKLIK VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE SELFIDENTITEIT

Erikson beweer dat adolessensie die kritieke periode in die ontwikkeling van die selfidentiteit is.¹³⁾ Die selfkonsep bestaan dan uit oortuigings omtrent die Self, sy identiteit en sy rolvervulling. Hierdie oortuigings is baie belangrik daar hulle vir die betrokke individu die waarheid is en word dit geglo sonder om die geldigheid daarvan te betwyfel. "A role is a structured mode of participation in social life".¹⁴⁾ Rolvervulling beteken dus daardie tipe van gedrag wat die gemeenskap van 'n individu vereis in sy besondere posisie in 'n groep. So sal die seun die besondere manlike rol wat van sy geslag vereis word, moet aanleer en sy gedrag moet ook hieraan voldoen. Hy is veronderstel om seunsdinge te doen soos deelname aan ruwe spel.

Erikson het agt trappe in die ontwikkeling van die persoonlikheid geformuleer en by elke trap word die alternatiewe gestel wat sal gebeur as die kind se persoonlikheid nie gunstig ontwikkel nie.¹⁵⁾ Die ontwikkeling van die selfidentiteit sal

13) Nash, J., op. cit., 1970, p.465

14) Allport, G.W., Pattern and growth in personality, 1961 p. 181

15) Nash, J., op. cit., 1970, p.465

gedurende puberteit - die 5de ontwikkelingsfase - geskied. Die kind soek antwoorde op vrae soos "Wie is ek?" en die greep oor die selfkonsep word nou verkry.

Vir Erikson beteken identiteit 'n innerlike gevoel van kontinuiteit, van konstantheid van die Self. As die kind gedurende hierdie fase faal in sy ontwikkelingsgang, kry ons 'n rol-diffusie en onsekerheid van identiteit. Dit is duidelik dat die agt-trap formule van Erikson by implikasie daarop dui dat elke trap afhanklik van die voorafgaande een is. Daarom sal daar op elke ontwikkelingsvlak voortgebou word tot die finale trap, waar al die ondergeskikte trappe kulmineer in 'n staat van ego-integriteit waar die kind 'n realistiese selfkonsep van homself het. Uit voorgaande is dit dus duidelik dat die ontwikkeling van die selfkonsep volgens Erikson afhanklik is van die ontwikkeling van die selfidentiteit.

Die dinamiek van die invloed van identiteit het reeds ook onder 'n vorige afdeling na vore getree.

E. SULLIVAN SE BESKOUING OOR DIE SELFKONSEP

Harry Stack Sullivan (1892-1949) het die standpunt ingeneem dat die persoonlikheid nie waarneembaar is nie en dat dit nie afsonderlik van interpersoonlike gedrag kan bestaan nie.¹⁶⁾

Die ordening wat die individu in staat stel om interpersoonlike druk die hoof te bied noem hy die "self-sisteem": 'n psigologiese struktuur wat die Self beskerm teen angstigtheid

16) Lindgren, H.C. en Byrne, D., op. cit., 1961, p.277

en ook kontinuïteit en stabiliteit van gedrag verskaf.¹⁷⁾

Hierdie psigologiese struktuur word al hoe stewiger geanker deur die ervarings van die individu in die samelewingskonteks of -situasie. Die persoon tree beoordelend op teenoor alle gebeurlikhede wat op sy lewensweg mag opduik. Die evaluering geskied nie op grond van objektiewe beoordeling teenoor universele standaarde nie, maar teenoor standaarde wat op subjektiewe wyse bepaal word en gegrond is op persoonlike belewing. Sullivan beklemtoon ook die rol van "significant others" in die ontwikkeling van die selfkonsep.¹⁸⁾

Die mens in 'n samelewingskonteks verkeer gedurig in 'n geheel van omstandighede waarvolgens gehandel moet word. Die mate waardeur die individu hom sal laat lei en beïnvloed deur betekenisvolle persone soos die ouers en die maats, staan in verband met die ontwikkeling van die selfkonsep.

F. KURT LEWIN SE BESKOUING OOR DIE INTERAKSIE TUSSEN DIE SELF EN DIE SOSIALE OMGEWING

Kurt Lewin (1890-1947) se omskrywing van die Self het die weg gebaan vir ander teorieë wat die interaksie tussen die Self en die sosiale omgewing sou beskryf. Lewin se besondere bydrae in hierdie verband was die invoering in die Sielkunde van die "veldteorie" (field theory) - 'n begrip wat hy uit die Fisika ontleen het.¹⁹⁾ Hierdie teorie stel dat die gedrag van die mens die produk is van die interaksie


17) ibid.

18) Nash, J., op. cit., 1970, p.465

19) Lindgren, H.C. en Byrne, D., op. cit., 1961, p.277

van magte wat op 'n gegewe gebied inwerk op 'n sekere tyd-
 stip.²⁰⁾ Hierdie verhouding kan ook topologies beskryf
 word deur skematiese diagramme wat die verskeie gebiede
 waarmee die individu in wisselwerking verkeer, voorstel.
 Figuur 1 sal byvoorbeeld aandui hoe die liggaamlikgestremde
 leerling (P) aan die Elizabeth Conradieskool geplaas sal
 wees binne in die magsgebiede voorgestel deur die gesin (F);
 sekondêre afdeling van die skool (S); gimnasium (G); maat-
 groep (peers) (M); kerkverband (K) en buitemuurse bedrywig-
 hede (B).

FIG. 1. DIE MENS AS LID VAN VERSKEIE OOR-
 VLEUELENDE GROEPE



Die kind is byvoorbeeld deur die ouers in hierdie besondere
 skool geplaas as gevolg van sy besondere liggaamlike gebrek.
 In die skool sal hy 'n akademiese studierigting moet volg en
 ingeskakel wees by die gimnasium vir fisioterapeutiese be-
 handeling. Eersgenoemde gaan vereistes stel ten opsigte

20) ibid.

van intellektuele ontwikkeling, terwyl laasgenoemde streng vereistes ten opsigte van inspanning en selfdissiplinering gaan stel vir die ontwikkeling van die verswakte liggaam. Die kind verkeer dus in 'n verwagtingsklimaat aan die kant van die ouers wat angstig en hoopvol wag op verbetering in sy toestand, terwyl die skool met sy besondere funksies die kind aktiveer tot handeling om te studeer. Die kind verkeer dus onder moeilike verpligtinge wat nagekom moet word, terwyl hy op buitemuurse gebied en sy godsdiensbeoefening ook nie slap mag laat lê nie. Hierdie interaksie tussen die kind en die omgang met ander mense werk bepalend in op die totstandkoming, verstewiging en vorming van die selfkonsep. Die selfkonsep verkry juis sy attribuutwaardes wat met gevoel belaaï is, in die interaksie met die menslike samelewing.


Die Self kan ook topologies voorgestel word. In hierdie verband het Lewin byvoorbeeld bevind dat Amerikaners en Duitsers verskillend optree in verwante sosiale situasies.²¹⁾ Amerikaners kom meer informeel en onverskillig voor in hulle sosiale gedrag as die Duitsers. Hy het waargeneem dat dit makliker was om vriendskaplike bande met Amerikaners aan te knoop, maar dat hierdie verhouding ook net weer so maklik verbreek kan word.

Hy het vervolgens tot die gevolgtrekking gekom dat die "grense" van die Self wat die tipiese Amerikaner van die res van

21) ibid.

die sosiale omgewing skei, meer deurdringbaar en oop was as dié van die tipiese Duitser. Figuur 2 stel die bevindinge van sy waarneming voor:

FIG. 2. TOPOLOGIESE DIAGRAMME VAN AMERIKAANSE (A) EN DUITSE (D) PERSOONLIKHEIDSTIPES



Die dikte van die grenslyne tussen persoonlikheidslae stel die graad van toeganklikheid of deurdringbaarheid voor. Die gearseerde streke stel die "private" streek van die persoonlikheid voor.

Dit dien daarop gelet te word dat die verskillende "lae" van persoonlikheid in die Amerikaanse persoonlikheid (A-tipe) afgebeeld word as dun lyne wat impliseer dat dit hoogs deurdringbaar is totdat gebied 5 bereik word, wat geïsoleer word van die buitewêreld deur 'n ondeurdringbare grens en derhalwe beskerm word van inmenging en betrokkenheid vanuit die buitewêreld. Slegs die buitenste laag van die Duitse persoonlikheid (D-tipe) is maklik deurdringbaar. As 'n mens egter gelukkig is om laag 2 binne te dring, word min verdere teenstand

gevind. Hierdie bevindinge beteken dus dat in Amerika vriendskappe maklik gesluit word en net so gou verbrokkel as mense van mekaar wegbeweeg. In Duitsland word vriendskappe nie maklik gesluit nie, maar sodra dit gebeur, ontstaan intense lojaliteite wat 'n leeftyd mag duur.

Dit blyk dus duidelik uit Lewin se navorsing dat die selfkonsep verband hou met die mens se interaksie met die sosiale omgewing. Sy bevindinge dui ook op die verskillende kultuurinvloede wat beteken dat mense van verskillende nasionaliteite verskillende attribuutwaardes van die selfkonsep sal voorhou.

G. DISKRIMINERENDE ASPEKTE VAN DIE SELF

William James het verskeie grondbeginsels vasgelê wat vandag vrylik toegepas word wanneer daar oor die Self besin word. Die teorieë van (1) Combs en Snygg en (2) Jersild wat in die volgende twee afdelings behandel word, was byvoorbeeld sterk beïnvloed deur James se siening van die selfkonsep. Hy (James) postuleer dat die algehele Self "being as it were duplex, partly known and partly knower, partly object and partly subject, must have two aspects discriminated in it, of which for shortness we may call one the Me and the other the I".²²⁾

1. Die empiriese Self ("Me"), (die Self as geken).

Die empiriese Self ("Me") is die groot totaal van alles wat die individu syne mag noem; nie net sy liggaams-

22) James, W., Psychology, 1928, p.176

kragte en geestesvermoëns nie, maar "his clothes and his house, his wife and children, his ancestors and friends, his reputation and works, his lands and his horses, and yacht and bank-account".²³⁾ Al hierdie dinge gee aanleiding tot emosies. As die besittings van die mens mooi, waardevol en suksesvol vertoon, voel die mens triomfantlik, maar as hulle verswak en hy een vir een verloor, voel die mens terneergedruk.²⁴⁾

Elke objek sal sy besondere waarde vir die persoon inhou wat dienooreenkomstig sy trots en waardering teenoor elk bepaal. James het die teoretiese agtergrond van die empiriese Self ("Me") in drie dele verdeel: die wesenlike bestanddele van die empiriese Self, die gevoel en emosies wat al die besittings opwek, en die handeling wat ontlok word om die eie goed te bekom, te beskerm en te vermeerder.²⁵⁾

(a) Die wesenlike bestanddele van die empiriese Self
Die empiriese Self bestaan uit die materiële Self, die sosiale Self en die geestelike Self.

1. Die materiële Self

"The body is the innermost part of the material me in each of us".²⁶⁾ Die mens neem dus sy eie liggaam as vertrekpunt in

23) ibid.

24) loc. cit.

25) ibid. p.177

26) ibid.

die persipiëring van die Self. Die bedekking van hierdie liggaam geniet die volgende prioriteit en daarom heg die mens so 'n groot waarde aan sy kleredrag.

Vervolgens word die onmiddellike gesinslede as 'n deel van onself beskou. "Our father and mother, our wife and babes, are bone of our bone and flesh of our flesh".²⁷⁾ Wanneer hulle sterf, voel dit asof 'n deel van onself vir altyd verlore gaan. Netso sal prestasies van gesinslede die individu met trots vervul, terwyl kriminele oortredings van 'n lid van die gesin, "'n skande" oor die gesin bring. Hierdie materiële Self behels voorts die besit van 'n eie woning, meubels, motor en ander weelde artikels waarvolgens die persoon sy Self sal waardeer as "ryk" of "arm".

2. Die sosiale Self

"A man's social me is the recognition which he gets from his mates".²⁸⁾ Die mens wil graag met ander mense meng, erken, herken en waardeer word en "a man has as many social selves as there are individuals who recognize him and carry an image of him in their minds".²⁹⁾ Die mens se roem en sy eer is byvoorbeeld ver-

27) ibid., p.178

28) ibid., p.179

29) ibid.

wysings na sy sosiale Self. Ons mag egter postuleer dat die mens net so baie sosiale selfbeelde sal hê, as wat daar verskillende onderskeibare groepe bestaan oor wie se mening hy begaan is. Hy sal oor die algemeen 'n verskillende faset van homself aan elk van hierdie verskillende groepe toon. Die seun wat hoflik en bedees voor die ouers en onderwysers optree, sal onwelvoeglike taal tussen sy maats gebruik om 'n beeld van heldhaftigheid daar te stel. Dit is byvoorbeeld ook duidelik dat die mens homself nie aan sy kinders toon soos aan sy kollegas by die werk nie. Die streng onderwyser op skool sal byvoorbeeld tuis vriendeliker en genaakbaar teenoor sy eie kinders optree.

3. Die geestelike Self

Hier verwys James na "the entire collection of my states of consciousness, my physic faculties and dispositions taken concretely".³⁰⁾ Die kern van die Self is die gewaarwording van aktiwiteite waaroor sekere innerlike toestande beskik. "This sense of activity is often held to be a direct revelation of the living substance of our soul".³¹⁾

30) ibid. p.181

31) ibid., p.181

- (b) Die gevoelens en emosies van die Self (selfwaardering)

James onderskei tussen selfvoldaanheid en selfontevredenheid.³²⁾ Die aanleidende oorsaak van selfwaardering is die individu se werklike sukses of mislukking en die goeie of swak posisie wat hy in die wêreld bekleed. Die suksesvolle sakeman met 'n wyd uitgebreide empiriese ego, sal met al hoe meer selfvertroue op sy lewensweg voortbeweeg, terwyl die mens wat een mislukking na die ander beleef, al hoe meer 'n gebrek aan vertroue in die Self sal ontwikkel. Laasgenoemde sal later a.g.v. gebrek aan selfvertroue terugdeins voor eenvoudige take wat hy met gemak sou kon afhandel.

James toon op 'n insiggewende wyse die uniekheid van die emosies van selfvoldaanheid en selfontevredenheid en stel dat elk sy eie besondere gesigsuitdrukking het. By die selfvoldane persoon "the extensor muscles are innervated, the eye is strong and glorious, the gait rolling and elastic, the nostril dilated, and a peculiar smile plays upon the lips".³³⁾ Persone wat ontevrede met die Self is, sal "crouch and cringe and slink from notice and are unable to speak aloud and look us in the eyes".³⁴⁾

32) ibid., p.182

33) ibid., p.183

34) ibid.

(c) Selfsoekende en selfbehoudende

1. Liggaamlike selfsoekende

Die gewone reflekshandeling en -bewegings van alimentasie en verdediging is handeling van liggaamlike selfbehoud. Die mens moet sy liggaam beskerm teen gevare wat mag dreig om dit te vernietig. Dit moet beskerm wees teen die elemente van die natuur en gevoed word om steeds te kan bestaan. Faktore wat hier van belang is, is o.a. angstigheid, hebsug, jagtersinstink en die huiseienaarskap. So beskou James dan byvoorbeeld die seksdrang as 'n integrasie van die liggaamlike selfsoekende en die materiële Self.

2. Sosiale selfsoekende

Ons sosiale selfsoekende word gevoed deur ons omgang met die medemens, kultusgroepe, verenigingslewe, ens. Daar bestaan by alle gebalanseerde mense 'n behoefte aan erkenning en populariteit. Hoe meer mense ons ken en wat wys dat hulle ons graag wil ken en deur ons geken wil word, des te gelukkiger is ons. Hierdie omgang het nie net betrekking op die menslike omgang nie, maar word ook medebepaal deur ons kennis en besoeke aan lande en plekke.

3. Geestelike selfsoekende

Die geestelike selfsoekende het te doen met die psigiese ontwikkeling soos die ontwikkeling van die intellek, godsdienstige aspirasies, morele, estetiese, etiese kodes en nougesetheid.

Alvorens ons die volgende diskriminerende aspek van die Self ondersoek, sal ons bogenoemde afdeling kortliks probeer opsom met enkele voorbeelde van sleutelbegrippe. Die empiriese lewe of Self word as volg verdeel:

TABEL 1.

| | Materieël | Sosiaal | Geestelik |
|----------------|--|--|---|
| Selfsoekende | Instinkte. Liefde vir versiering, hebsug, kreatiwiteit, strewe na eie tuiste. | Begeerte om tevrede te stel, bewonder te word. Sosialiteit. Liefde, jaloesie ambisie, strewe na eer en onsterflike roem. | Intellektuele, morele en godsdienstige aspirasies. Pligsgetroetheid. |
| Selfwaardering | Persoonlike ydelheid. Trots vir rykdom. Vrees vir armoede. | Sosiale en gesinstrots. Snobisme. Vernedering. Skaamte. | Sin vir morele of geestelike meerderwaardigheid. Gevoel van minderwaardigheid. Skuldgevoelens. |

2. Die suiwer ego ("I"), (die Self as kenner)

Die "ek" of "suiwer ego" is 'n baie ingewikkelder begrip as die "empiriese ego". "The I is that which at any given moment is conscious, whereas the Me is only one of the things which is conscious of".³⁵⁾

Uit ons bespreking tot dusver blyk dit dat die "empiriese ego" beskou kan word as die empiriese groototaal van al daardie dinge waarvan ons objektief kennis dra. Die "suiwer ego", die ék wat hulle ken, kan nie op sigself 'n som-totaal wees nie, maar wel 'n gedagte wat elke oomblik (moment) verskillend is van die vorige oomblik (moment), maar steeds toepaslik is op laasgenoemde, tesame met wat tydens die laaste oomblik as die eie toegereken was. James verwys in hierdie verband na bewussynstoestande (states of minds) as instrumente vir denke wat die "ek" inisieer. Hy verskaf 'n besondere ingewikkelde filosofering i.v.m. die suiwer ego en lê klem op faktore soos:

- (a) die eenheid van die verbygaande gedagte;
- (b) dat onderskeibare bewussynstoestande nie kan saamsmelt nie;
- (c) die siel as 'n saamvoegende medium;
- (d) die betekenis van identifikasie;
- (e) die gelykheid van die Self as geken;
- (f) die gelykheid van die Self as kenner;
- (g) die mate waarop die suiwer ego (I) beslag lê op die empiriese ego (Me), en
- (h) die mutasies en vermenigvuldiging van die Self.

35) ibid., p. 195

H. DIE SELFKONSEP WORD ONDERSKEI VAN DIE FENOMENELE SELF

Die fenomenele Self verwys na die individu soos hy homself persipieer in verhouding tot sy persoonlike of psigologiese omgewing.³⁶⁾ Combs en Snygg (1959) noem hierdie persoonlike omgewing die mens se fenomenele veld waardeur hulle na daardie deel van die persoon se totale omgewing verwys wat hom beïnvloed.³⁷⁾ Hulle gaan van die oortuiging uit dat die individu se gedrag afhanklik is van die wyse waarop hy sy fenomenele veld interpreteer en betekenis daaraan gee.

Mense verskil onderling en daarom sal een persoon se fenomenele veld nie dieselfde wees as 'n ander persoon s'n nie. So sal die toeris met sy deurreis deur die klein dorpie homself in dieselfde fisiese omgewing bevind as 'n inwoner wat al jare daar woon, sonder om op dieselfde wyse daarop te reageer. Die klaskamer sal nie vir die skoolhoof dieselfde fenomenele veld inhou as vir die vakonderwyser wat heeldag daar optree nie. Dit blyk dus hieruit dat 'n gedeelte van die individu se fenomenele veld gedifferensieer kan word as die Self. Daarom sal die fenomenele Self dan daardie aspekte insluit (behels) van die totale situasie wat die individu van homself persipieer as 'n onderskeibare wese, afsonderlik, maar tog deel van ander aspekte van die veld. Combs en Snygg (1959) stel dat dit hierdie Self is wat die mens aanhoudend probeer om te behou en te versterk.³⁸⁾

36) Kolesnik, W.B., Educational Psychology, 1963, p.337

37) ibid.

38) ibid., p.337

Hierdie Self moet nie beskou word asof in 'n lugleegte nie, maar dit moet waardeer word as 'n deel van die persoonlike fenomenele omgewing. Dit is dus duidelik dat Combs en Snygg (1959) 'n persepsuele benadering volg in hul poging om menslike gedrag te verduidelik.

Volgens hulle teorie sal gedrag te voorskyn tree in verhouding van hoe 'n persoon homself en sy fenomenele omgewing persepieer. Die persoon se beeld van homself is dan sy "self-konsep" - "wie hy is". Daardie deel van die fenomenele omgewing waar die individu betrokke is, is dan die fenomenele Self. Die fenomenele Self omsluit (bevat - sluit in) die selfkonsep en ál daardie aspekte van die lewe wat nie deel vorm van die ware Self nie, maar tog op een of ander wyse daarmee in verband staan: die gesin, beroep, woning, skool, kollege, sportkring, ensovoorts.

FIG. 3. DIE FENOMENELE SELF




Fig. 3 stel die fenomele Self voor.³⁹⁾ Uit die figuur blyk dit duidelik dat die fenomele omgewing beide die fenomele Self en die selfkonsep insluit, maar dit sluit ook 'n lewensgebied in wat buite daárdie aspekte lê waar die individu persoonlik gemoeid mee voel. Die skool waar ek as onderwyser optree is in 'n mate 'n deel van my fenomele Self: dit is "my skool". Net so sal die universiteit waar die individu gestudeer het, 'n deel van sy fenomele omgewing wees en hy sal besondere houdinge ten opsigte hiervan openbaar: wanneer daar 'n nuusbrokkie in die plaaslike koerant is, sal die individu stop en dit lees, want dit is dan "sy" universiteit. Enige ander items oor ander universiteite sal gelees word, afhangende van die verband wat die gegewens met die fenomele Self toon.

Wat Combs en Snygg (1959) "fenomele veld" noem, word daar deur ander psigoloë in dieselfde verband na verwys as "persoonlike veld", "gedragsveld", "psigologiese veld", "lewensruimte" en "privaatwêreld". (Frank)⁴⁰⁾

Uit die teorie van Combs en Snygg (1959) volg dat hierdie fenomele veld of privaatwêreld 'n realiteit vir elke individu afsonderlik is. Dit beteken dat elke mens reageer asof dít wat hy persipieer en hoë hy dit persipieer die "ware wêreld" is. Daarom sal twee persone verskillend optree in dieselfde situasie omdat hulle die situasie verskillend persipieer.

39) Lindgren, H.C. en Byrne, D., op. cit., 1971, p.278

40) ibid.

Terwyl 'n leerling byvoorbeeld langs die atletiekbaan stap, sal hy 'n nuwe draradio opmerk wat onbewaak deur een van die deelnemers daar laat staan is. Hy sal dink dat dit baie onverantwoordelik is om dit daar te laat en dit onmiddellik in die toesighoudende onderwyser se sorg plaas. Netso kan 'n ander leerling die veld baie anders persipieer: hierdie is 'n gulde geleentheid om iets waardevols te bekom wat net "wag om gevat" te word!

Hierdie teorie help om in 'n groot mate gedrag te beskryf wat andersins irrasioneel sou voorkom. "The paranoid mental patient perceives what he thinks is a slightly metallic taste to his food and immediately assumes he is being poisoned. Seen in this frame of reference his threats to kill the cook take on a certain degree of coherence: he is only acting in self-defence".⁴¹⁾

Samevattend kan dus gestel word dat hierdie teorie 'n persepsuele benadering volg waar die beslissende element die wyse is waarop die individu die werklikheid persipieer of interpreteer. Die objektiewe feite van 'n situasie hoef nie noodwendig betekenisvol te wees nie. In hierdie benadering is gedrag altyd beredenerend en doelgerig.

Die individu heg betekenis aan sy ervarings vanuit die fenomenale veld. Die individu sal dan in die lig hiervan sekere gedragswyses selekteer wat vir hóm die doeltreffendste sal wees onder bepaalde situasies. Alle gedrag word deur die persepsuele veld bepaal.

41) ibid.

Die selfkonsep word dus onderskei van die fenomele Self. Al die konsepsies van die Self waarna verwys word as "ek" of "my", vorm 'n struktuur waarvan sommige vir die individu op 'n bepaalde moment belangrik is en ander nie. Uit hierdie Gestalt van selfkonsepte, naamlik die fenomele Self, word 'n kern van dinamiese maar goed gestruktureerde konsepte van die Self, wat psigologies vir die persoon baie betekenis het en belangrik is, onderskei, en die selfkonsep genoem.

Onder daardie sielkundiges wat deur Combs en Snygg (1959) se benadering beïnvloed was, is daar Rogers, "whose psychotherapy involves the restructuring of the person's view of reality", en Maslow wat van selfaktualisering praat "as the realization of the potential, the individual sees within himself".⁴²⁾

I. DIE SELFKONSEP IS 'N PERSOON SE INNERLIKE WÊRELD

Jersild (1960) beskou die selfkonsep as die mens se innerlike wêreld (inner world).⁴³⁾ Hy staan sterk onder die invloed van James en haal laasgenoemde ook aan in 'n poging om sy siening van die selfkonsep te omskryf. Die selfkonsep is vir Jersild 'n samestelling van die individu se gedagtes, gevoelens, aspirasies, hoop, vrees en fantasieë, sy eie siening van wat hy is, wat hy wás, wat hy wil wêes en sy houdings teenoor hierdie aspekte. Voorts stel hy ook die belangrikheid van lewenservaring in die formulering

42) Nash, J., op. cit., 1970, p.465

43) Jersild, A.T., Child Psychology, 1960, p.116

van 'n selfkonsep, terwyl hy tussen die volgende konsepte onderskei wat deur die Self omvat word:

1. 'n Persepsuele komponent van die Self

Dit is 'n manier waarop 'n persoon homself persipieer - "the image he has of the appearance of his body, the picture he has of the impressions he makes on others".⁴⁴⁾

Jersild (1960) stel dus 'n persepsuele komponent wat omvat word deur die Self, terwyl Combs en Snygg (1959) 'n persepsuele benadering volg waar die selfkonsep duidelik onderskei word van die fenomenele Self.

2. 'n Konsepsuele komponent van die Self

Hier word verwys na die mens se konsepsie van sy eie onderskeibare karaktertrekke, vermoëns, vindingrykheid, tekortkominge, sy persepsie van sy agtergrond en ontstaan en van die toekoms.

3. 'n Houdingskomponent van die Self

Dit behels die eie gevoelens wat 'n persoon oor homself het, sy houding teenoor sy huidige status en toekomstige vooruitsigte, sy neiging om homself met trots of skaamte te sien, sy bevindinge betreffende sy betekenisvolheid in die samelewing en sy houdinge van selfrespek en selfverwyt. Vanuit hierdie komponent ontstaan die lewensfilisofie van die mens waar hy sekere gelowe, ideale, waardes, aspirasies en verbintenisse voorhou.

44) ibid.

Alhoewel die Self 'n subjektiewe fenomeen is, is dit vir 'n persoon moontlik om aspekte van homself te beskou as beide 'n onderwerp sowel as 'n voorwerp. Wanneer die individu verklaar dat "dit is wat ek dink en hoe ek voel", druk hy 'n toestand uit wat slegs hy direk ondervind (subjektiewe beoordeling). Maar die mens kan homself ook objektief beoordeel. Hy kan tot 'n sekere mate sy gevoelens ondersoek en homself (hom-se-Self) afvra hoekom hy voel soos hy voel. Hy kan ook sy gedagtes in oënskou neem en sy houdings ondersoek asof hulle voorwerpe is, d.w.s. hy kan hulle hersien en ondervra. Wanneer 'n persoon dus sê: "This is me", he speaks both as knower and something known, a perceiver and something perceived".⁴⁵⁾

J. DIE SELFKONSEP WORD DEURGAANS BESKRYF AS DIE HOUDING TEENOR DIE SELF

Wanneer 'n mens na die baie bestaande definisies van die selfkonsep kyk, tree die begrip van houding telkens na vore. Hier volg enkele definisies van die selfkonsep om hierdie stelling te bevestig.

Felker stel dat die "self-concept is a unique set of perceptions, ideas, and attitudes which an individual has about himself".⁴⁶⁾

La Benne en Greene gee die volgende definisie: "Self-concept is the person's total appraisal of his appearance,

45) ibid.

46) Felker, D.W., Building positive self-concepts, 1974, p.2

background and origins, stabilities and resources, attitudes and feelings which culminate as a directing force in behaviour".⁴⁷⁾

Jersild sê dat "the self is the sum total of a person's ideas and attitudes about who and what he is".⁴⁸⁾

Uit hierdie omskrywings volg dit dus dat die Self 'n houdingsobjek is. 'n Houding is "a tendency to respond positively (favourably) or negatively (unfavourably) to certain persons, objects or situations".⁴⁹⁾ Dit is dus 'n neiging om emosioneel in een of ander rigting te reageer. Houdings het 'n kognitiewe komponent, 'n gevoelskomponent en 'n handelingsgeneigheidskomponent.

Dit is op grond van die gevoelskomponent waarvan evaluering van die houdingsobjek en sy attribute geskied, terwyl die handelingskomponent op die gedragsgereedheid van die houding dui. Die geïntegreerdheid of onderlinge verbondenheid van die komponente bepaal die valensie en meervoudigheid van die houding teenoor die Self. Selfaanvaarding en selfagting wat op 'n kontinuum van subjektiewe betekenis voorkom, vorm die nukleus van die houding teenoor die Self. Daaruit spreek die geneigtheid tot 'n bestendige handelingspatroon teenoor die Self as konstruk.

47. La Benne, W.D., en Greene, B.I., Educational implications of self-concept theory, 1969, p.10

48) Jersild, A.T., The psychology of adolescence, 1968, p.7

49) Morgan, C.T., op. cit., 1961, p.112

Een van die omvattendste definisies van die selfkonsep is deur Rogers gegee: "The self-concept or self-structure, may be thought of as an organised configuration of perceptions of the self which are admissable to awareness. It is composed of such elements as the perceptions of one's characteristics and abilities; the percepts and concepts of the self in relation to others and to the environment; the value qualities which are perceived as having positive or negative valence".⁵⁰⁾ Rogers verduidelik dat sy definisie vanuit sy psigo-terapeutiese waarneming gegroei het en dat wysiging moontlik is.

'n Ontleding van die selfkonsep volgens die omskrywing van Rogers toon die volgende aspekte:

1. Dit is 'n georganiseerde konfigurasie van persepsies en konsepsies van die Self.
2. Die elemente van die konfigurasie is:
 - (a) die persepsies van eie kenmerke en vermoëns;
 - (b) evaluering van die eie vermoëns in vergelyking met dié van ander mense (Sullivan se "significant others");
 - (c) die belewing van sy ervarings as aangenaam of onaangenaam, as positief of negatief, as aantrekend of afstootend.

Voorts verklaar Rogers ⁵¹⁾ dat die volgende kenmerke van

50) Rogers, C., Client-centered therapy, 1965, p.136

51) ibid., p.137

die houding teenoor die Self na suksesvolle terapie duidelik onderskei word:

1. Meer positiewe houdings van selfagting.
2. Minder negatiewe houdings van selfagting.
3. Afname in houdings van ambivalensie.
4. Teen die einde van terapie is daar meer positief gekleurde as negatief gekleurde selfverwysing.
5. By onsuksesvolle terapie is bogenoemde neigings veel minder of afwesig.
6. Tydens die verloop van suksesvolle terapie is daar duidelik waarneembare oorgang van negatiewe na positiewe selfekspresie.

Al hierdie gegewens dui dus op gevoelens en houdings teenoor die Self. Veranderinge tree in ten opsigte van die wyse waarop die individu homself persipieer en aanvaar. So dra hy hom byvoorbeeld persipieer as 'n persoon met eie waarde, verhoog sy selfagting en hy persipieer sy standarde van doen (van handel) volgens sy eie ervaring en nie volgens ander se standarde of verwagtings van hom nie. Voorts word die eie selfgevoelens en persoonlike ervaringe sonder distansie van die sensoriese stimuli gepersipieer. Die ooreenkomstige handeling hierop, word begelei deur veel meer gemoedsrus en kalmte.

Rogers postuleer dat die veranderinge wat intree met suksesvolle terapie 'n drieledige verandering in die self-persepsie is:⁵²⁾

52) ibid., p.139

- (1) Die persoon persipieer homself as meer toereikend met groter eiewaarde en lewensmoontlikhede.
- (2) Hy bereik 'n meer realistiese evaluering van homself, van sy verhoudinge en van sy omgewing deur meer werklike ervaringsgegewens te oorweeg.
- (3) Die standaard van "goed" of "sleg" soos hy homself evalueer, is nie inherent goed of sleg nie, maar berus bloot op die standaard wat hy stel.

Hierdie positiewe selfkonsep, met die herhaaldelike gebruik van die term "houding", wil dan dat die Self in die selfkonsep onder andere 'n "houdingsobjek" is. Na aanleiding van Morgan (1961) se beskrywing van houding vroeër in hierdie afdeling kan die "selfhouding" geken word aan positiewe of negatiewe evaluering, met ander woorde, gevoelens wat aangenaam of onaangenaam is en 'n geneigdheid of gereedheid om op 'n bepaalde manier te handel met betrekking tot die Self.

Die kern van die selfkonsep is gevolglik die evaluering van die Self volgens eie norme in 'n samelewingsverband. Die selfkonsep staan dus sentraal in die lewe van 'n persoon en aan alle inkomende prikkels (dit is alle selfbetrokke ervarings), word betekenis gegee in relasie tot die evaluering van die Self wat in 'n dinamiese stelsel georganiseer word om toekomstige gedragshandelinge op 'n bestendige wyse te rig. Hierdie belangrike aanname word deur Felker bekragtig wanneer hy stel dat: "The self-concept is like an inner filter - every perception that enters the individual must go

through the filter ... (there) it is given meaning and the meaning given is determined largely by the view the individual has of himself".⁵³⁾

K. DIE SELFKONSEP IS TOEGANKLIK VIR BEWUSWORDING

La Benne en Greene (1969) se beskrywing is reeds in die vorige afdeling gegee waar die selfkonsep beskryf is as die persoon se totale evaluering van sy voorkoms, agtergrond en herkoms, vermoëns en hulpbronne, houdings en gevoelens, wat kulmineer as krag wat rigting gee aan die persoon se gedrag.

Dit vloei dus voort uit hierdie belangrike definisie dat wat die persoon dus bewustelik omtrent homself dink en voel, sy werkverrigting en handeling rig, beheer en reguleer. Die selfkonsep is dus as konstruk onwaarneembaar en kan slegs bepaal word uit die waarneming van die uiterlike gedrag van 'n persoon op 'n gesette tyd. Die selfkonsepte bestaan uit bewuste konsepte omtrent die Self. So is die fenomenele Self vir Combs en Snygg (1959) die persoon se eie unieke organisasie of Gestalt van sy konsepte van homself. Dit is die organisasie of patroon van alles waarna die individu bewustelik verwys as hy praat van "ek" of "my".

Die selfkonsep bestaan dus uit bewuste komponente omtrent die Self wat met implikasie daarop dui dat die selfkonsepte toeganklik is vir bewuswording. Dit volg dan ook dat, op 'n bepaalde tydstip, daar verskeie momente van myself is wat

53. Felker, D.W., op. cit., 1974, p.9

nie op daardie oomblik van onmiddellike belang is nie. Die fenomenele of bewuste Self is die Self in 'n gegewe situasie waarvan die kern die selfkonsep is wat daárdie konsepte van die Self insluit wat van lewensbelang vir die individu is. Hierdie organisasiepatroon is "for any individual the very core of personality".⁵⁴⁾

Uit die reeds aangehaalde werk van La Benne en Greene (1969) kan ons dus die afleiding maak dat verskeie faktore die ontwikkeling van die selfkonsep sal beïnvloed. In hierdie verband kan met die volgende voorbeelde volstaan word:

1. Die ras en godsdiensgroep

Die ras en godsdiensgroep waarvan die kind lid is, sal die ontwikkeling van sy selfkonsep beïnvloed. "The Negro child emerging from the ghettos to interact with the white community has to learn new value systems".⁵⁵⁾ Vir sommige behels dit die "identification with the aggressor", die aanvaarding van blanke middelklasnorme as 'n beskermingsmeganisme met 'n resulterende verwerping van die eie kultuur en agtergrond. Goldschmid (1969) meen egter dat baie van die negatiewe eienskappe in die Swartman se selfkonsep tuis aangeleer word en nie direk van die gemeenskap waar die Blanke die pas aangee nie.

2. Aanvaarding

Die houdings en aanvaarding van die maats in sy ouder-

54) Combs, A.W. en Snygg, D., Individual behavior, 1959, p.127

55) Nash, J., op. cit., 1970, p.466

domsgroep is van belang.

3. Aspirasiepeil

Die aspirasiepeil is belangrik, want indien dit te hoog is en mislukking ervaar word, kan dit die selfbeeld aantast.

4. Kinderopvoedingsmetodes

Kinderopvoedingsmetodes speel 'n rol, want indien die kind voortdurend gestraf word, sal hy later voel asof hy tot niks in staat is nie en sal dit sy selfbeeld beïnvloed. Coopersmith toon aan dat die motivering van ouers baie belangrik is, want "the interest shown in the children, their knowledge of their friends, and in general the manner in which they regarded the boy as a significant person reflected on his own self-evaluation".⁵⁶⁾

5. Ouerlike eise

Indien die ouers onregverdige hoë eise aan die kind stel en hy nie daaraan kan voldoen nie, sal hy 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel. Coopersmith het bevind dat "parents of high self-esteem boys were less permissive than those of boys with low self-esteem. They were strict but consistent and demanded high standards; they gave the boys challenging goals to achieve".⁵⁷⁾

56) ibid.

57) ibid.

6. Fisiese voorkoms

Fisiese voorkoms is van groot belang by die ontwikkeling van die selfkonsep. As 'n persoon byvoorbeeld oorgewig is, sal sy selfbeeld daardeur beïnvloed word. Volwassenes is geneig om meer rypheid te verwag van kinders wat groot (konstitusioneel) vir hulle ouderdom is. Die kind voel minderwaardig wanneer hy nie aan hulle eise kan voldoen nie en sy selfkonsep word negatief beïnvloed.

Wat die fisiese voorkoms betref het Maltz (1960) as plastiese chirurg die verskynsel van selfaanvaarding bestudeer. Sy bevindinge toon dat sommige persone die minderwaardigheidsgevoel oorwin het nadat suksesvolle plastiese chirurgie die geskonde gesig herstel het en die selfbeeld herstel is, terwyl andere nie die verbetering aanvaar het nie en die selfbeeld nooit herstel het nie.

Hy postuleer dat die selfkonsep gegrond is op die bewuswees van die Self en die oortuiging van 'n persoon omtrent homself. Hierdie gewaarwording oor die Self "have unconsciously been formed from our past experiences, our successes and failures, our humiliations, our triumphs, and the way other people have reacted to us, especially in early childhood. From all these we mentally (d.i. doelgerig en bewustelik) construct a self. Once an idea or a belief about ourselves goes into this picture, it becomes true as

far as we personally are concerned".⁵⁸⁾ Dit beteken dus dat die aanvaarding van die nuwe en/of anderse liggaam by fisies gestremdes die bewuste selfkonsep kan verander.

7. Naam

Indien 'n kind oor sy naam gespot word, sal hy later minderwaardig voel en 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel.

8. Gesondheidstoestand

'n Goeie gesondheid en afwesigheid van gebreke sal tot 'n positiewe selfbegrip lei en gevoelens van minderwaardigheid in hierdie opsig voorkom. "The body, the nervous system, and the constitution are basic influences on the developing self-concept. They form the foundations on which the self-concept is built".⁵⁹⁾

9. Die vader-seunverhouding en manlike identifikasie

Die verhouding met die vader is van kritieke belang vir die seun se ontwikkeling van 'n manlike identiteit. "To a considerable extent the boy derives his male self-concept from his father".⁶⁰⁾

Deur die identifikasieproses dien die vader as rigtinggewer van die biologiese neigings van die seun se manlikheid. Sodra daar 'n swak vader-seun-ver-

58) Maltz, M., Psycho-cybernetics, 1960, p.2

59) Nash, J., op. cit., 1970, p.469

60) ibid.

houding bestaan of waar die vader afwesig is, verflou hierdie rigtinggewende funksie. Die seun word dan gedwing om 'n identifikasie met die moeder te vorm. Sodoende neem hy elemente van haar vroulike geslagsrolidentiteit aan, met gevolglike verwarring van sy selfkonsep. "This may go to the extent of a reversal of psychological sex, the boy developing a homosexual self-concept". (Nash and Hayes, 1965)⁶¹⁾

10. Die vader-dogter-verhouding

Die dogter beoefen sekere van die vroulike sosiale benaderinge wat sy later in haar verhouding met seuns gaan toepas en "her development of a feminine self-concept is to a considerable extent influenced by her early relationship with the father". (Forrest, 1966)⁶²⁾

11. Die moeder-dogter-verhouding

Die invloed van die moeder is net so belangrik as dié van die vader in die ontwikkeling van die selfkonsep. Die volgende navorsers het aangetoon dat 'n warme, hegte moeder-dogter-verhouding met vroulikheid in die dogter korreleer: P.S. Sears (1953); Payne en Mussen (1956); Mussen (1961) en Mussen en Rutherford (1963).⁶³⁾

12. Die moeder-seun-verhouding

Hierdie verhouding is ook vir die seun van belang naas sy verhouding met die vader en met die maats. Die

61) ibid.

62) ibid.

63) ibid.

maatgroep hou vir die seun egter meer betekenis in as vir die dogter en daarom sal hy die konsep van manlikheid soos vanuit die vader ontwikkel, eerstens met die maats beoefen eerder as met die ouer van die teenoorgestelde geslag soos dit wel met die dogter die geval is.

L. SAMEVATTING

In hierdie literatuurstudie oor die begrip selfkonsep is kennis geneem van die sienswyses van persone soos Freud Adler, Erikson, Sullivan, Lewin, James, Combs, Snygg, Rogers, Jersild en Felker:

Deur bogenoemde psigoloë se standpunte te ondersoek, is probeer om 'n beskrywing van die ontwikkelingsgang van selfkonseptorieë aan te bied in 'n poging om 'n geheelbeeld daar te stel van wat daar in die literatuur opgeteken staan van hierdie belangrike begrip.

Na hierdie ondersoek van die verskillende sienswyses wat oor die selfkonsep gehuldig word, gaan daar in die volgende hoofstuk ondersoek ingestel word na die navorsing wat al op die gebied van die Self gedoen is.

HOOFSTUK II

NAVORSING OP DIE GEBIED VAN DIE SELFKONSEP

A. INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om 'n aanduiding te gee van die navorsing wat op die gebied van die Self gedoen is. Daar sal ook kennis geneem word van die navorsingsontwerpe wat aangewend word by die navorsing oor die Self. Navorsingsontwerp vorm die hoeksteen van navorsing oor die selfkonsep. So sal die hele projek van die navorser gekenmerk word deur die identifikasie van die selfkonsep, tot by die bepaling van betekenisvolle verbande met verbandhoudende veranderlikes. Die selfkonsep van die fisiesgestremde leerling kan byvoorbeeld bepaal word, asook die verskillende tellings van die dimensies van sy selfkonsep. Nou kan hierdie tellings in verband gebring word met veranderlikes soos opvoedingsgrense om sodanige veranderlikes se invloed op die Self te probeer bepaal. In 'n volgende hoofstuk sal daar breedvoerig hieroor verslag gedoen word by die empiriese ondersoek van die Self en sal skrywer gevolglik nie die bespreking vooruit wil loop nie.

Die navorsingsontwerp oor die selfkonsep kan óf nomoteties (algemeen wetenskaplik) of idiografies wees. Rogers, Lewin, Freud en die neo-Freudiane maak byvoorbeeld gebruik van die nomotetiese metode om wetmatighede daar te stel en te verklaar terwyl eksistensialistiese psigoloë soos Jourard,

Leary en Stephenson se navorsingsontwerp oor die algemeen die idiografiese metode toepas.¹⁾

Gevolgtrek sal navorsers óf die wetenskaplike metode óf die eksistensialistiese metode volg. Dit volg egter noodwendig dat daar, ten spyte van die verskille in metode, waarneembare konsekwensies moet wees. Navorsers moet ook 'n aanduiding van hulle benadering gee omdat die selfkonsep 'n afgeleide konstruk is. Sy psigologiese beskouing van die mens, en dus ook van die Self, sal sy stempel laat op die navorsing wat gedoen word. Dit val nie binne die bestek van hierdie verhandeling om 'n evaluasie van die metodologie van die eksistensialisme te maak nie. Die besprekings van metodologie in hierdie verhandeling is gebaseer op die wetenskaplike metode. Skrywer stel belang in navorsingsmetodes en -resultate, en die toepassing van die wetenskaplike metode spruit voort uit die volgende twee aannames: (1) "There is value in using modern scientific methods to establish nomological laws".²⁾ (2) "Psychological processes occurring inside an organism cannot be directly observed, but must be inferred from observable behaviour, in combination with other observables".³⁾

Dit kom dus kortliks daarop neer dat die status van selfkonsep-teorieë dieselfde is as daardie van ander teorieë in ander gebiede van die Sielkunde, in soverre as wat dit

1) Wylie, R.C., The self-concept, 1974, p.12

2) ibid., p.14

3) Wylie, R.C., op. cit., p.14

die toepasbaarheid van die wetenskaplike metode betref.

B. NAVORSINGSONTWERPE AANGEWEND BY NAVORSING OOR
DIE SELFKONSEP

I. Q-Sorteringstegnieke

Q-metodologie is deur William Stephenson (1953) ontwerp en is 'n tegniek om voorwerpe en stellings te skaal.⁴⁾ Dit is 'n metode om houdings of beoordelings in rangorde te plaas, en is in die besonder effektief wanneer die getal items wat gerangskik moet word, groot is. Die prosedure staan bekend as Q-sortering waarin kaarte met die stellings of items gerangskik word in 'n reeks van genommerde pakkies. Gewoonlik word nege of elf pakkies gemaak, wat die relatiewe posisies op 'n standaardskaal voorstel. Dit word van die proefpersoon verwag om 'n vasgestelde aantal items per pakkie te plaas om sodoende 'n kwasi-normale verspreiding van items te verkry. As daar van 'n standaardskaal van elf pakkies gebruik gemaak word, sal aan elke item in die Self-beskrywing 'n waarde van nul tot tien toegeken word, afhangende van die plek waar die persoon die pakkies plaas. Die getal kaarte word dan gebaseer op 'n benaderde stanege-persentasie verspreiding. Gewoonlik word van 50 tot 100 items gebruik. Nunnally (1959) beskryf as voorbeeld 'n tipiese navorsingsontwerp van die Q-sorteringstegniek, waar dit van

4) Best, J.W., Research in Education, 1970, p.179

'n proefpersoon verwag word om 100 fotos van kuns-voorwerpe te rangskik volgens sy voorkeure.⁵⁾ In plaas daarvan om elke foto afsonderlik te rangskik, word dit van die proefpersoon verlang om hulle in terme van 'n verpligte normale verspreiding te "sorteer".

'n Kenmerkende normale verspreiding van 100 items word in die volgende tabel voorgestel:

TABEL 2. 'N TIPIESE NORMALE Q-SORTERING VERSPREIDING VAN 100 ITEMS

| Getal van items | | | | | | | | | | | | |
|-----------------|---|---|---|----|----|----|----|----|---|---|----|---------|
| % | 2 | 4 | 8 | 12 | 14 | 20 | 14 | 12 | 8 | 4 | 2 | |
| Hou die | | | | | | | | | | | | Hou die |
| minste | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | meeste |
| van | | | | | | | | | | | | van |
| Pakkie-nommer | | | | | | | | | | | | |

In die verspreiding hierbo word dit eerstens van die proefpersoon verwag om daardie twee foto's waarvan hy die meeste hou by pakkie 10 te plaas. Dan kies hy die vier foto's waarvan hy vervolgens die meeste hou uit die orige 98 en plaas hulle in pakkie 9, en so gaan hy voort deur die volgende agt in pakkie 8 te plaas, ensovoorts. Die pakkie-nommers word op afsonderlike kaarte geskryf en oor 'n groot tafel versprei. Die voltooide Q-sortering stel die persoon se voorkeure vir of beoordelings van die dinge in 'n item-monster voor.

5) Nunnally, J.C., Tests and measurements, 1959, p.377

Die korrelasiëkoëffisiënt is die tipe van statistiek wat die meeste in die ontleding van Q-sorteringsgegewens gebruik word. So kan 'n sortering gekorreleer word met enige ander wat met dieselfde itemmonster gemaak is. Dit verskaf geleentheid tot 'n korrelasie tussen twee persone eerder as die konvensionele korrelasie tussen twee toetse. Korrelasie tussen sorterings word gewoonlik uitgebrei na 'n faktoranalise. Die korrelasiematriks bevat al die interkorrelasies tussen die sorterings van 'n verskillende aantal persone. In sommige studies word die korrelasiematriks egter gevul met die interkorrelasies van 'n aantal sorterings soos deur een en dieselfde persoon gemaak, bv. Nunnally se "an investigation of some propositions of Self-conception: the case of Miss Sun", en "a systematic approach to the construction of hypothesis about the process of psychotherapy".⁶⁾ Konvensionele faktoranalise-tegnieke, soos deur Fruchter (1954) beskryf, kan toegepas word op die interkorrelasies tussen Q-sorterings, sowel as tot die interkorrelasies tussen toetse.⁷⁾ Elke faktor stel 'n algemene manier voor van ordening van items deur 'n sekere aantal persone.

Q-sorteringstegnieke het gedurende die laaste dekade geweldig veld gewen as navorsingsontwerp: In die analise van Wylie (1961) word verwys na 28 eksperimente waarin Q-sorteringstegnieke aangepas is om die self-

6) Nunnally, J.C., op. cit., 1959, p.379

7) ibid. Nunnally verwys hier na die volgende werk: Fruchter, B., Introduction to factor analysis, Van Nostrand, Princeton.

konsep te bepaal. In haar jongste analise sê Wylie (1974) egter dat daar nie minder as 79 eksperimente is waarin die Q-sorteringstegnieke aangepas is om die selfkonsep te bepaal nie!⁸⁾ Die verskil van 51 eksperimente spreek vir homself.

Die bekendste navorsers op hierdie gebied wat groot bydraes gelewer het in die aanpassing van Q-sorteringstegnieke vir die bepaling van die selfkonsep, is Butler, Haigh, Hilden en Nunnally.

Butler en Haigh stel dat hulle toepassing van sortering en van die ideale Self-korrelasie op die volgende aannames berus: (a) "The self-concept consists of an organized conceptual pattern of the 'I' or 'me', together with the values attached to these concepts". (b) "This pattern of organization can be mirrored, respectively in terms of ordinal scale placements of the statements according to the degree to which they are like 'I wish to be', and in terms of discrepancies between the scale value assigned to an item on the Self dimension, as contrasted to the ideal-Self dimension".⁹⁾

Hilden (1958) het weer op sy beurt elke woord met 'n noukeurig vermelde moeilikheidsgraad wat geskik is vir die formulering van 'n stelling oor menslike verhoudinge, uit Thorndike se "Century Senior Dictionary"

8) Wylie, R.C., op. cit., 1974, pp.145-147

9) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.132

getrek.¹⁰⁾ Vir elke woord in hierdie universele versameling het hy 'n sin saamgestel vir gebruik in Q-sortering. Hierdie sinne (items) het beslaan wat hy die "Universe of Personal Concepts" genoem het.¹¹⁾ Deur middel van 'n tabel van toevallige syfers het hy twintig stelle van vyftig items elk uit sy "Universe" getrek. Vervolgens het hy vier studente gebruik om die gelykwaardigheid van hierdie toevallig verkreë stelle te bepaal. Hy het toe deur interkorrelasietegnieke bevind "... that the sets were essentially equivalent with respect to the degree to which self-ideal correlations obtained from them, represented the specified universe and that deviations from set to set could be attributed to sampling error".¹²⁾ Gepubliseerde studies van navorsers wat van Hilden se metode gebruik gemaak het, het ondersteuning verleen aan die konstruk geldigheid van Hilden se Q-sorteringsversamelings as 'n alternatiewe vorm van die selfkonsep. In hierdie verband word byvoorbeeld verwys na die bevindinge van Geldston (1967); Shlien (1961); Chase (1957); Manasse (1965) en Fuster (1963).¹³⁾

2. Die Semantiese Differensiaal

Die Semantiese Differensiaal word as navorsingsinstrument gewoonlik geassosieer met die werk van C.E. Osgood

10) ibid. p.147

11) ibid.

12) ibid. p.148

13) ibid., pp.149-150

en sy medewerkers.¹⁴⁾ Hierdie instrument het ontstaan uit die behoefte aan 'n meetinstrument vir "betekenis" en vir 'n manier van aanwysing van die menigvuldige implikasies van voorwerpe, persone en ideës vir die navorser. Die fundamentele hipotese, onderliggend aan die Semantiese Differensiaal, is dat sekere belangrike komponente van betekenis gemeet kan word deur voorwerpe of ideës in rangorde te plaas met betrekking tot dubbelpolige byvoeglike naamwoorde. Dubbelpolige terme soos goed versus sleg, sterk versus swak en slim versus dom, is tipiese terme waarmee alledaagse betekenis uitgedruk word. Elke versameling van dubbelpolige terme word 'n skaal op die Semantiese Differensiaal genoem. Gewoonlik bestaan daar van 6 tot 30 skale en dit is die gebruik dat daar gewoonlik 'n sewe-punt kontinuum vir elke versameling van terme bestaan. Die onderwerp waarvan die betekenis bepaal wil word, word bo-aan die bladsy van dubbelpolige skale geplaas. 'n Verkorte vorm hiervan word in tabel 3 as voorbeeld aangebied:

TABEL 3. 'N SEMANTIESE DIFFERENSIAAL-VORM OM DIE
KONSEP "EK" SE WAARDE TE BEPAAL

14) Nunnally, J.C., op. cit., 1959, p.383.

In hierdie verband kan ook na die volgende werk verwys word: Osgood, C.E., Suci, G.J. en Tannenbaum, P., The measurement of meaning, 1957, Illinois Press, Urbana, Illinois.

| | | EK | | | | | | | | |
|------------|-------|----|---|---|---|---|---|---|-------|----------|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | | |
| Sleg | _____ | | | | | | | | _____ | Goed |
| Swak | _____ | | | | | | | | _____ | Sterk |
| Ongelukkig | _____ | | | | | | | | _____ | Gelukkig |
| Stadig | _____ | | | | | | | | _____ | Vinnig |
| Dom | _____ | | | | | | | | _____ | Slim |

As ons byvoorbeeld die selfkonsep wil bepaal, moet die proefpersoon by elke item aandui wat hy van homself dink. Sou hy voel dat hy baie goed is, sal hy onder nommer sewe 'n merkie maak en indien hy voel dat hy middelmatig is, sal hy by vier sy merkie maak. 'n Een sal aandui dat hy baie sleg is, ensovoorts. Na die voltooiing van die toets sal die navorser dan die proefpersoon se punte soos by elke item afgemerkt, optel. Dit sal dan die selfkonseptelling van die persoon wees. Die navorser moet ook norme bepaal vir sy selfkonseptoets."

Norme is objektiewe standaarde wat gebaseer is op die tellings wat die proefpersone in die selfkonseptoets behaal. Die ru-punte word gewoonlik genormaliseer om 'n normale punte verspreiding te verkry. Staneges word in die jongste tyd al hoe meer gebruik. Dit is normaal verspreide standaardpunte wat strek van 1 tot 9. 'n Perfek normale verspreiding van

staneges het 'n gemiddeld van 5 en 'n standaardafwyking van 1,96. Die omsetting van ru-punte in 'n genormaliseerde stanegetelling geskied deur berekening van die kumulatiewe frekwensies, wat dan grafies as 'n kumulatiewe verspreidingspoligoon op normale waarskynlikheidspapier geteken word. Die norme word dan van die grafiek afgelees.

Wylie (1974) se jongste analise toon dat daar al meer as 80 ondersoeke geskied het wat die semantiese differensiaal-metode as meetinstrument van die Self toegepas het. "Thus it appears that many investigators have accepted the opinion of Osgood et. al. (Op. cit., 1957, pp.219-221) that the semantic differential method is appropriately applicable to Self-concept measurement".¹⁵⁾

3. Vraelyste


Verskeie ondersoekers na die selfkonsep maak van vraelyste gebruik. Hierdie instrument hou verskeie voordele in soos byvoorbeeld die toetsing van groot getal- le persone op 'n keer. Best het 'n lofwaardige poging aangewend om die vereistes wat gestel word aan 'n vraelys te formuleer.¹⁶⁾ Sy werk behoort van groot nut vir enige navorser te wees wat die vraelys as 'n meetinstrument wil gebruik.

Coopersmith het by uitstek van vraelyste gebruik gemaak in sy ondersoek na die Self.¹⁷⁾ Hy het sy "Self-

15) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.224

16) Best, J.W., op. cit., 1970, hoofstuk 7

17) Coopersmith, S., The antecedents of Self-esteem



Esteem Inventory" ontwikkel deur met items van die Butler-Haigh Q-sortering te begin. Hy het later goedgekeurde items bygevoeg. Al die items in die finale skaal is beoordeel deur vyf sielkundiges en slegs 58 items wat óf hoog óf laag Selfwaarde aandui is behou. Die toets is toe aan twee groepe proefpersone voorgelê. Die empiriese gegewens is in sy boek (19-67) te vind. Die volgende ses ondersoekte het van Coopersmith se inventaris gebruik gemaak: Connell en Johnson (1970), Campbell (1967), Wiest (1965), Trowbridge (1970), Purkey (1970) en Morse (1964). Vrey maak in sy ondersoek na die "Selfkonsep en die verband daarvan met persoonlikheidsorganisasie en kognitiewe struktuur"¹⁸⁾ grootliks gebruik van vraelyste. Sy Selfkonsepinventaris, gebaseer op Fitts (1965) se "Tennessee self concept scale", word aan die einde van hierdie hoofstuk bespreek. Ander vraelyste wat onder andere op die gebied van die navorsing van die Self die lig gesien het, is:

- a. Moeller en Applezweig se "Behaviour Interpretation Inventory" is ontwerp om motiewe te meet vir onttrekking, vermyding, sosiale goedkeuring en Self-goedkeuring.¹⁹⁾ Laasgenoemde skaal word ook Self-verwesenliking genoem. Blykbaar was dit die gedagte agter die opstelling van die toets dat die profiel van tellings die onbewuste Selfbeeld moes reflekteer.

18) Vrey, J.D., op. cit., 1974

19) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.259

- b. Bell se Inventaris meet grootliks aanpassing, maar navorsers soos Lockwood en Guerney (1963) het hierdie tellings in korrelasie gebring met selfkonseptellings om te probeer bepaal of daar 'n verskil in aanpassingsprobleme bestaan by mense met 'n hoë of 'n lae selfkonsep.²⁰⁾
- c. Die volgende vraelyste was in een of ander stadium elemente van toetsbatterye wat opgestel was om die selfkonsep te ondersoek: "Berger's Self-Acceptance", "Bledsoe-Garrison and Sear's tests of children's Self-esteem", "Cattell sixteen Personality Factor Questionnaire", "Mother-Child Relationships Questionnaire" en "Worschel Self-Activity Inventory".²¹⁾ Die navorsers het telkemale die korrelasiekoëffisiënte tussen sekere veranderlikes en die selfkonsep probeer bepaal.

4. Adjektiefkontroleerlyste

Die bekendste adjektiefkontroleerlyste op die gebied van die selfkonsep is dié van Gough en Heilbrun, Buss en Gerjuoj, die "General Adaptability", "Intellective" en "Motivational" adjektiefkontroleerlyste.

Die adjektiefkontroleerlys is 'n kenmerkende persoonlikheidstoets. Bogenoemde navorsers het dit egter aangepas as navorsingskonstruk vir die Self.

20) ibid., p.220

21) ibid., pp.96, 97, 104, 109, 165

Wylie (1974) het ook 'n analise gemaak van 40 verskillende ondersoeke wat van aangepaste adjektiefkontroleerlyste gebruik gemaak het. Hieruit blyk dit dat Gough en Heilbrun se tegniek die meeste aandag geniet het, en daarom word dit nou kortliks bespreek.

a. Die Adjektiefkontroleerlys van Gough en Heilbrun (1965) ²²⁾

Hier word 300 byvoeglike naamwoorde aangebied in 'n alfabetiese volgorde, en moet die proefpersoon daardie items aandui wat homself noukeurig sal beskryf. Die toets is verdeel in nege empiriese en vyftien rasionale skale. Die empiriese skale behels: Totale getal van adjektiewes aangebied, Weerbaarheid, Self-gunstigheid, Self-ongunstigheid, Selfvertroue, Selfbeheer, Labiliteit, Persoonlike aanpassing en Planmatigheid. Die vyftien rasionaal-ontwikkelde skale is veronderstel om Murray-behoeftes voor te stel.

Alhoewel 'n beduidende aantal navorsers hierdie tegnieke al toegepas het, bestaan daar min informasie oor die betroubaarheid van die toets.

Uit skrywer se navorsing t.o.v. die literatuur van vraelyste en adjektiefkontroleerlyste volg dit dat hierdie instrumente in vier kategorieë ingedeel kan word:

22) Wylie, R.C., op. cit., p.201

- (1) Daardie instrumente wat dit voor oë het om die selfaanvaarding direk te meet deur openlik aan die proefpersoon te vra hoe hy oor sy posisie ten opsigte van die besondere kenmerke voel - byvoorbeeld Coopersmith se "Self-esteem Inventory".
- (2) Daardie instrumente wat ook die direkte benadering gebruik, maar dan nog ook 'n verskiltelling tussen afsonderlik bepaalde Self- en ideale Selfskattings op antwoorde vereis - byvoorbeeld die adjektiefkontroleerlys van Gough en Heilbrun.
- (3) Daardie instrumente wat in hoofsaak 'n verskiltelling tussen die Self en die ideale Self gebruik - byvoorbeeld Bill se "Index of Adjustment and Values".²³⁾ (Natuurlik ook die Q-sorteringstegniek).
- (4) Daardie instrumente wat volstaan met die proefpersone se Selfverslag. Die items van die ander pool van die skaal naamlik die ideale Self, word deur die navorser gekies - byvoorbeeld Brown se "Self-Report Inventory".²⁴⁾

5. Skale

In hierdie afdeling wil skrywer kortliks die begrip van

23) ibid. p.150

24) ibid. p.105

"'n skaal" toelig. In die vorige afdelings is telkemale na skale verwys sonder om op die wetenskaplike betekenis daarvan te wys. In navorsingsontwerpe van die selfkonsep moet ons steeds deeglik bewus wees daarvan dat reëls opgestel en nagekom moet word, sodat die waarnemings en beskrywings van 'n sistematiese of algemeen verstaanbare aard is. "Measurement is this process of assigning numerals to the properties of objects and events according to rules".²⁵⁾ Daar is vier tipes van metingskale wat gebruik kan word: nominale skaal, ordinale skaal, intervalskaal en verhoudingskaal.²⁶⁾

a. Die nominale skaal

Hierdie tipe van skaal sal die verskille tussen dinge aandui, soos byvoorbeeld seun of dogter.

b. Die ordinale skaal

Hier word posisie aangedui. As 'n sekere persoon die hoogste selfkonseptelling behaal, bekleë hy die eerste posisie op die ordinale skaal. Die betekenis van die nominale skaal kan verder verduidelik word as ons byvoorbeeld die toetsgroep opdeel volgens geslag (nominaal), en dan vir elke geslag die ordinale skaal toepas, wat beteken dat ons by seuns die tellings van hoog na laag rangskik, en die proses by dogters ook herhaal.

25) Best, J.W., op. cit., 1970, p.200

26) ibid.

c. Intervalskale

'n Gelyke eenheid van meting dui aan in hoe 'n mate daar 'n gegewe eienskap teenwoordig is. Die verskil in hoeveelheid tussen persone met tellings 92 en 96 word aangeneem as dieselfde as die verskil tussen persone met tellings van 62 en 66. Intervalskaalmetings kan opgetel of afgetrek word, maar kan nie met mekaar vergelyk word as veelvoude of verhoudings nie.

d. Verhoudingskale

Hierdie tipe van skale het dieselfde eienskappe as intervalskale plus twee bykomende kenmerke:

- (1) Dit het 'n ware eerder as 'n arbitrêre nulpunt. Dit is moontlik om die algehele afwesigheid van 'n eienskap aan te dui. As voorbeeld uit die alledaagse leefwêreld kan ons noem dat die nulpunt van 'n sentimeterskaal (liniaal), die afwesigheid van hoogte aandui. Die nulpunt op 'n Celsius-temperatuur-skaal dui egter nie die afwesigheid van temperatuur aan nie, want dit is 'n skaal met die nulpunt arbitrêr gedefinieer.
- (2) Die verhoudingskaal se getalle het die eienskappe van reële getalle en kan opge-

tel, afgetrek, vermenigvuldig of gedeel word. A se selfkonseptelling kan byvoorbeeld 20 punte meer wees as B s'n. 'n Selfkonseptelling van 80 is meer as 'n telling van 60; dit is 20 meer as 60; en 80 is $\frac{4}{3}$ keer 60.

Deur v.d. nominale skaal in volgorde te werk tot by die verhoudingskaal behoort die navorser by elke afsonderlike skaal al hoe meer gegewens in te win van die beskryfde eienskap.

Daar is in talle studies van rangskale gebruik gemaak om die selfkonsep te meet. Daar bestaan egter aansienlike probleme wat eie is aan dié metode. Die vernaamste probleme in dié verband is dat die proefpersoon die vraag of stelling van die navorser moet interpreteer, moet besluit hoe dit hom raak en self sy posisie op 'n psigologiese kontinuum aandui, wat dan eventueel sy responsie is. Wanneer opeenvolgende stappe volgens 'n subjektiewe psigologiese kriterium geskied, bestaan daar weinig aanduiding dat die responsie van twee persone, wat in dieselfde rangposisie gemerk is, wel dieselfde ordinale betekenis het.²⁷⁾

In die lig van hierdie probleme sou dit wenslik wees om rangskale as meetinstrumente verder te verfyn. Alhoewel Guilford (1954), Stevens (1957), Stevens en Galanter (1957) en Torgerson (1958) omvattende beskry-

27) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.166

wings gegee het hoe sielkundige metodes toegepas kan word om skale af te lei vir subjektiewe dimensies, kon slegs een instrument gevind word wat verfyn is deur die toepassing van sulke tegnieke, te wete Rosenberg (1965) se "Self-Esteem Scale".²⁸⁾

Rosenberg het 'n Guttman-tipe²⁹⁾ skaal saamgestel om selfagting by adolessente in bepaalde sosiale gemeenskappe te bepaal. Vir die tipe ondersoek wat hy beoog het, moes dit moontlik wees om 'n groot aantal persone in rangorde te plaas volgens die toetsuitslag. Vir die toetssamestelling het 50 proefpersone die selfagtingskaal voltooi, en is toe ten opsigte van hul selfkonsep geklassifiseer in hoë, gemiddelde en lae selfkonsep. 'n Betekenisvolle verband tussen die toetsuitslag en die rangskikking volgens die Leary-skaal is deur Kaplan en Pokoruy (1969) en Kohn (1969) verkry.³⁰⁾ Daardie items is behou.

Navorsers behoort meer van bestaande tegnieke gebruik te maak om rangskale as meetinstrumente verder te verfyn. Mislukking om dit te doen dui hoogs waarskynlik op 'n mislukking om te verstaan hoe die probleme van die proefpersoon se metriek hulself manifesteer in selfkonsepmeting, en hoe om beskikbare skaaltegnieke toe te pas sodat die akkuraatheid van meting verhoog kan word.

28) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.45

29) Die leser word verwys na Torgerson, W.S. Theory and methods of scaling, hoofstuk 12, vir 'n volledige beskrywing van die Guttman-tipe skaal, 1958.

30) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.189

6. Projeksietegnieke

"A projective instrument enables a subject to project his internal feelings, attitudes, needs, values or wishes to an external object".³¹⁾ Die proefpersoon sal homself dus onbewustelik openbaar soos hy op die eksterne voorwerp reageer. Die gebruik van projeksietegnieke is in die besonder waardevol in die teenwerking van die neiging van 'n proefpersoon om homself in die beste lig voor te hou, en te respondeer soos wat hy glo daar van hom verwag word om te respondeer.

Die volgende projeksietegnieke word in ondersoek na die selfkonsep toegepas: assosiasie, voltooiing, kreatiwiteit of konstruktief (ekspressiemedia):

a. Assosiasiemedia

Die proefpersoon moet aandui wat hy sien, voel of dink wanneer 'n prent, spotprent, inkkol, woord of frase aan hom voorgelê word. Die Tematiese Appersep-sietoets, die Rorschach-inkkoltoets en verskillende woord-assosiasietoetse is bekende voorbeelde.

Nege studies toon aan dat die Tematiese Appersep-sietoets (TAT) toegepas was om die selfkonsep te bepaal, terwyl twee ander studies die proefpersoon se stories toegepas het op nie-TAT prente om die onbewuste selfkonsep te bepaal.³²⁾ Elke navorser het probeer om verskillende dinge omtrent die onbe-

31) Best, J.W., op. cit., 1970, p.192

32) Wylie, R.C., op. cit., p.255

wuste selfkonsep af te lei. Hierdie afwisselende gevolgtrekkings behels (1) agressie of Selfhaat, (2) negatiwiteit van Self-houdings, (3) totale selfkonsep en totale ideale Self.³³⁾

Verskeie navorsers (byvoorbeeld Diller en Riklan (1957), Linton en Graham (1959) en Sarbin en Farberow (1952)) het die Rorschach-inkkoltoets toegepas in hulle ondersoeke na die Self. Diller en Riklan het afleidings gemaak wat dui op die proefpersoon se selfopenbaringsneigings. Linton en Graham sê dat passiewe responsies op die Rorschach-kolle op 'n passiewe onbewuste selfkonsep of selfhandhawing dui.³⁴⁾

Die bekendste woord-assosiasietoetse wat ingespan was in die ondersoeke na die Self is dié van Kent-Rosanoff en die Secord-Homoniemetoets. Die Kent-Rosanoff-naamwoorde is ook deur Osgood et. al. ingespan in 'n faktor-analisestudie om adjektiewe skale te bepaal vir die optimale gebruik van die Semantiese Differensiaal tegniek as 'n betroubare selfkonsepinstrument.³⁵⁾

Secord noem sy toets 'n "body cathexis" meetinstrument.³⁶⁾ Sy items is sô geselekteer om liggaam-

33) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.255

34) ibid., p.257

35) Osgood, et. al., The measurement of meaning, 1957, p.186

36) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.240

like angstigheid aan te dui en weerspieël die proefpersoon se persepsie van die liggaamlike Self.

b. Voltooiingstoetse

Die respondent word gevra om 'n onvoltooide sin of taak te voltooi. Hierdie tipe van toetse het egter nie aan die verwagtinge van navorsers op die gebied van die selfkonsep voldoen nie, omdat proefpersone nagelaat het om sekere eienskappe van die Self te noem. Hierdie eienskappe is deur navorsers soos Diller (1954) aangedui as belangrike onderdele van die selfkonsep. Voltooiingstoetse steun swaar op die Self-openbaring en daarom is hierdie toetse nie so geslaag nie, omdat sommige persone te terughoudend is. Spitzer (1966) se navorsing na die betroubaarheid van die "Twenty Sentences Test", het aangetoon dat die meeste proefpersone voltooiingstoetse as 'n onvoldoende instrument beskou om die Self te beskryf.³⁷⁾

c. Kreatiwiteits- of konstruktiewetoetse (ekspressie-media)

Proefpersone word toegelaat om klei te modelleer, met die vingers te verf, met poppe te speel, met ander speelgoed te speel, te teken, of denkbeeldige stories oor sekere situasies te skryf. Die resultate kan baie onthullings vir die navorser inhou.

37) ibid., p.77

Die keuse van kleur, vorm, woorde, die sin van orde-
likheid, tekens van spanning en ander reaksies sal
geleenthede verskaf om diepliggende gevoelens af te
lei.

Die bekendste ekspressiemedium op die terrein van die
selfkonsep is die Teken-'n-Persoontoets. Die navor-
sers wat hierdie metode toegepas het, kan in drie
groepe verdeel word: daardie navorsers wat aanneem
dat die tekening die persepsuele-kognitiewe aspek
van die proefpersoon se liggaamsbeeld voorstel; daar-
die navorsers wat glo dat aspekte van die proefpersoon
se tekening sy emosioneel-evaluatiewe reaksies tot
sy liggaam weergee, en daardie groep wat glo dat die
tekening aspekte van die proefpersoon se selfkonsep
of Self-evaluasie weergee, met uitsondering van kogni-
sies of gevoelens oor sy liggaam.

- (1) Navorsers wat aanneem dat die tekening die
persepsuele-kognitiewe aspek van die proefper-
soon se liggaamsbeeld voorstel

Centers en Centers (1963), Schmidt en McGowan
(1959), Silverstein en Robinson (1956), Wacks
and Zaks (1960) en Wysocki en Whitney (1965)
het die figuur-tekeninge van fisies gestremde
persone vergelyk met normale kontrolegroepe.³⁸⁾

38) Wylie, R.C., op. cit., 1974, p.260

Daar was verskille te bespeur tussen die twee groepe, maar nie een van die navorsers het verklarings probeer vind vir die verskille nie. Hulle het ook nie 'n wetenskaplike regverdiging verskaf dat die Teken-'n-Persoon-toets konstruktiewe geldigheid het om afleidings te maak van die proefpersoon se selfkonsep of fisiese Self nie.

- (2) Navorsers wat glo dat aspekte van die proefpersoon se tekening die emosioneel-evaluatiewe reaksies van sy liggaam weergee

Fisher (1960) se aanname was dat die proefpersoon se tekening sy persepsie van liggaamsbeeld sou weergee, terwyl Young (1959) beweer dat hy van 'n proefpersoon se tekening sy gebrek aan vertroue in sy eie gevoelens en liggaamsbelevensisse kan aflei.³⁹⁾ Weereens het navorsers op hierdie gebied nie genoeg empiriese getuienis aangebied nie, en bestaan hier ook 'n dringende behoefte aan die verfyning van hierdie tegnieke met behulp van bestaande statistiese tegnieke.

- (3) Navorsers wat glo dat die proefpersoon se tekening sekere aspekte van sy selfkonsep of Self-evaluasie sal weergee

Navorsers soos Bodwin en Bruck (1960) het by-

39) ibid., p.261

voorbeeld poneer dat hulle skema van tel-
lings vir die Teken-'n-Persoon-toets die
volgende behels: "a valid measure of
Self-concept defined as consisting of ...

- (a) Self-confidence,
- (b) freedom to express appropriate feelings,
- (c) liking for one's Self,
- (d) satisfaction with one's attainments, and
- (e) feeling of personal appreciation of
others".⁴⁰⁾

Hierdie studie gaan ook mank aan wetenskap-
like ontwerp, en daar word min betekenis-
volle bevindinge aangebied wat hul hipoteses
moet steun.

C. DIE NAVORSING VAN J.D. VREY⁴¹⁾

1. Inleidende oriëntering

In die vorige afdeling is 'n agtergrond geskep van
navorsingsontwerpe aangewend by navorsing oor die
selfkonsep. Die meeste studies wat aangehaal is, is
egter oorsese studies en daarom het die keuse in hier-
die afdeling op Vrey geval om 'n begrip te gee van

40) Bodwin, R.F. en Bruck, M., The adaptation and valida-
tion of the Draw-a-Person Test as a measure of Self
Concept, 1960, p.427

41) Die ondersoek en bevindinge van Vrey word uiteengesit
in sy Proefskrif getiteld: Vrey, J.D., Selfkonsep en
die verband daarvan met persoonlikheidsorganisasie en
kognitiewe struktuur, 1974, voorgelê ter vervulling
van die vereistes vir die graad DOCTOR PHILOSOPHIAE in
die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit
van Suid-Afrika.

ondersoeke wat in Suid-Afrika gedoen word. Ons wil ook aandag aan sy navorsing skenk omdat sy Selfkonsep-toets in hierdie ondersoek toegepas gaan word.

Die volgende persone het in die Republiek van Suid-Afrika ook navorsing gedoen op die gebied van die selfkonsep:

- a. Faul, H. het 'n ondersoek uitgevoer na die bestaan van beduidende verskille tussen selfagting ('n aspek van die selfkonsep) en empatie. (US, 1976)
- b. Hildebrand, D. het ondersoek ingestel na die selfkonsep as faktor in bedryfsleierskap. (M.A., UP, 1976)
- c. Laubscher, D.B. het in opdrag van die RGN ondersoek ingestel na die rol van aanleg, selfkonsep en biografiese veranderlikes met betrekking tot skoolprestasie in graad een.
- d. Le Roux, J.G. het navorsing gedoen oor die verband tussen selfkonsep en skolastiese prestasie by 'n groep standerd ses leerlinge. (M.Ed., USA, 1976)
- e. MacKenzie, G.R. se navorsing het gegaan oor die liggaamsbeeld en selfkonsep se verhouding tot selfverminking en jeugmisdaad. (M.A. Kliniese Sielkunde, U.Wits, 1976)

- f. Malan, J.A. het belanggestel in die invloed van die selfbegrip en prestasie-motief van die werker op sy belewing van werkstevredenheid. (M.A., RAU, 1975)
- g. Meyer, R. het navorsing gedoen oor mensmodel-
lering by die kind met 'n swak selfbeeld. (M.A. Kliniese Sielkunde, UP, 1977)
- h. Momberg, A. het ondersoek ingestel na die self-
agting van Kleurling- en Blanke skoliere en
studente in Suid-Afrika (M.A., RhU, 1976). Hy
het die "Coopersmith Self-esteem Inventory" op
426 proefpersone toegepas.
- Die steekproef het uit twee Blanke Afrikaansspre-
kende groepe en twee Kleurlinggroepe bestaan.
Daar kon geen betekenisvolle verskil in selfagting
vasgestel word tussen enige van die groepe nie.
- i. Rierdan, Z.V.A. het navorsing gedoen na die in-
vloed van sensories-motoriese behandeling op die
liggaamsbeeld van kinders met minimale breindis-
funksie. (M.A., UPE, 1976)
- j. Van Veelen, R.E. het ondersoek ingestel na die
selfkonsep van die skisofreen. (M.A., US, 1976)

2. Vrey se navorsing

In sy studie getiteld "Selfkonsep en die verband daar-

van met persoonlikheidsorganisasie en kognitiewe struktuur", het J.D. Vrey 'n uiters belangrike, dog komplekse probleem aangedurf. Met sy ontleding van die selfkonsep en die daaruitvoortspruitende Selfkonseptoets het hy 'n besliste bydrae tot die Sielkunde gelewer. Sy Selfkonseptoets is met groot sorg opgestel en voldoen aan die strengste psigometriese vereistes. Uit sy studie blyk dit dat die selfkonsep feitlik as 'n moderatorveranderlike van die persoonlikheid beskou kan word. Dit bied dan ook 'n perspektief waarvolgens persone met probleme gehelp kan word om hulself in hul verhoudings met andere beter te begryp. Vrey se studie is nie net van fundamentele belang nie, dog van groot praktiese waarde vir die onderwys in Suid-Afrika.

Vrey het verskeie oorsese toetse oorweeg, en die toets van Fitts as die aanneemlikste en aanpasbaarste vir Suid-Afrikaanse toestande gevind. Hy het hierdie toets noukeurig bestudeer om vas te stel in watter mate dit vir sy ondersoek bruikbaar kan wees. Vrey het toe besluit om 'n Selfkonseptoets te ontwerp na analogie van die konstrakte en struktuur wat Fitts ontwikkel het.

Fitts (1965) het die "Tennessee Self Concept Scale" saamgestel en uitgetoets na jare van bestudering van persone met geestessteuringe en navorsing in verband met geestesgesondheid.⁴²⁾ Die skaal bestaan uit 100 beskrywende stellings waarvolgens die proefpersone 'n

42) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.190

aanduiding gee van sy beeld van homself sōs hy homself waarneem. Die onderskeibare konstrukte van die selfkonsep is die volgende:⁴³⁾

(1) Fisieke Self

Die proefpersoon gee 'n aanduiding van sy konsep van sy liggaam, sy gesondheidstoestand, sy voorkoms, vaardighede en seksualiteit.

(2) Moreel-etiese Self

Dit gee 'n beskrywing van 'n persoon se sedelike waarde, sy verhouding tot God, sy gevoelens omtrent homself as goeie of slegte mens, en sy tevredenheid met sy godsdiens.

(3) Persoonlike Self

Die persoon se besef van sy eie waarde en sy gevoelens van doeltreffendheid word deur homself geëvalueer.

(4) Self in gesinsverhoudinge

Dit verwys na die individu se persepsie van homself in die intieme verhoudinge van die huiskring. Gevoelens van doeltreffendheid en waarde in die oë van hulle wat vir hom belangrik is, word hier gemeet.

(5) Self in sosiale verhoudinge

Die persoon se persepsie van sy waarde en belangrikheid vir die ander in die sosiale gemeenskap

43) ibid.

word hier bepaal.

Elkeen van die bostaande dimensies word bepaal in terme van drie aspekte, naamlik die proefpersoon se selfidentiteit, dit wil sê wát hy is; tweedens sy aanvaarding van daardie identiteit, en derdens sy persepsie van sy eie gedrag of eie funksionering.

Die selfkonsep van 'n persoon kom tot stand in sy relasies met homself, met ander en met dinge, asook in die sukses wat hy beleef in daardie verhoudinge. Daarom het Vrey die konstrakte in die struktuur van die selfkonsep volgens Fitts aanvaar, en dit as raamwerk gebruik om 'n Selfkonseptoets saam te stel. Vrey het egter gevoel dat die evaluatiewe aspek van die Self nie tot sy reg kom in Fitts se toets nie, en het 'n sesde dimensie, naamlik Selfkritiek in sy toets ingevoer.

(6) Selfkritiek

Hierdie telling bestaan uit 10 items wat van die MMPI ⁴⁴⁾ verkry is. Hierdie stellings is neerhalend, maar die meeste mense erken dat dit waar is van hulle. Hoë tellings dui op 'n normale vermoë Selfkritiek. Die totale telling van die Selfkonseptoets is egter die belangrikste. Dit toon die algemene peil van Selfagting.

44) Die L-Skaal van die Minnesota Multiphasic Personality Inventory, 1951, Psychological Corporation, New York.

Vrey het toe 'n meetinstrument binne Suid-Afrikaanse konteks (Selfkonsep-inventaris) ontwerp, wat aan al die psigometriese vereistes soos geldigheid, betroubaarheid en objektiwiteit voldoen. Voorts het hy sy toets op 'n steekproef van 591 Afrikaanssprekende adollesente toegepas. Volledige itemontleding van die Selfkonseptoets is gedoen, en die psigometriese kenmerke van die toets is bepaal en aangeteken. Die betroubaarheid van die Selfkonseptoets is 0,85. Norme is ook vir die toets bereken.

In Vrey se ondersoek het dit uitgekristalliseer dat die selfkonsep as konstruk sig sodanig in die gedrag manifesteer dat dit, al is dit in afgeleide vorm, empiries aanwysbaar is. Hy het ook aangetoon dat die selfkonsep 'n dimensie van die persoonlikheid is, wat saam met ander dimensies, die geïntegreerde persoonlikheidsgeheel uitmaak. Die konsepsies aangaande die Self, met ander woorde die selfkonsep, behels eerstens 'n Selfidentiteit, tweedens aanvaarding van die Selfidentiteit, en derdens die gedragsmotiverende aspek as die wyse waarop die dinamiese dimensie sig manifesteer.⁴⁵⁾

Hiervandaan word die sentrale posisie van die selfkonsep in die persoonlikheid geponeer. In hul manifestasies reflekteer al die trekke die selfkonsep in 'n mindere of meerdere mate. Dit dra by tot die bevrediging van die ander trekke waaraan die selfkonsep deel

45) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.362

van sy dinamiese krag ontleen, as die "master sentiment" (Cattell), wat dan weer die ander persoonlikheidsfaktore in hul dinamiese attribute stimuleer.⁴⁶⁾

Vrey se eksploratiewe ondersoek na die aktuele tema het die veld braak gelê, sodat verdere navorsing op die terrein van die selfkonsep met vrug onderneem kan word.

D. SAMEVATTING

Die volgende navorsingsontwerpe word aangewend by die navorsing oor die selfkonsep: Q-sorteringstegnieke, die semantiese differensiaal, vraelyste, adjektiefkontroleerlyste, skale en projeksietegnieke.

In die empiriese ondersoek na die selfkonsep van die fisies gestremde leerling wat in 'n latere hoofstuk breedvoerig beskryf word, het skrywer gebruik gemaak van die Selfkonsep-inventaris van Vrey om die selfkonseptellings van die steekproef te bepaal.

In die vorige afdeling van hierdie hoofstuk is toe ook kennis gemaak met die konstrukte van die selfkonsep - die ses onderskeibare dimensies wat die subtoetse vorm van die Selfkonsepinventaris, te wete: die Fisieke Self, die Moreel-etiese Self, die Persoonlike Self, die Gesin-Self, die Sosiale-Self en die Kritiese-Self. Met die oog hierop, en om 'n goeie begrip te vorm van wat die dimensies van die Selfpresies behels, is die volgende hoofstuk opgestel.

46) Vrey, J.C., op. cit., 1974, p.362

HOOFSTUK III

DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP

A. INLEIDENDE ORIËNTERING

1. Inleiding

Die mens het 'n rasionele vermoë. Hy kan redeneer en sy toekoms beplan. Hiervoor het die mens 'n verstand wat hy kan gebruik. Wanneer 'n mens oor 'n saak redeneer, dan span hy sy kognitiewe vermoëns in om sake teen mekaar op te weeg, die onderlinge verwantskappe op te spoor en teenstrydighede uit te skakel. Wanneer die denkende mens tot 'n besluit kom, het hy gewoonlik die voor- en nadele van 'n saak teen mekaar opgeweeg en met inagneming van die gevolge van sy besluit, tot aksie oorgegaan. Dit is dus duidelik dat die mens 'n bewussyn het en dat hy bewus is van homself en wat om hom aangaan. Die mens is ook bewus van ander mense in sy omgewing.

Wanneer iemand die dimensies van die selfkonsep in oënskou wil neem, behoort hy steeds wat in die vorige paragraaf genoem is, in gedagte te hou. Die selfkonsep van die individu is nie 'n konstruksie wat in 'n algehele vakuum geleë is nie. Die mens is 'n denker en as sodanig sal hy oor homself dink. Hy sal dus in sy bewussyn 'n beeld van homself kan vorm. In hierdie verband sal skrywer dan graag iets wil sê oor die verband tussen die selfkonsep en die kognitiewe struk-

tuur.

Voorts is die mens 'n gevoelsmens wat beangs kan raak wanneer sy voortbestaan bedreig word. Hy is 'n wese met 'n persoonlikheid en daarom behoort daar kortliks iets gesê te word oor die verband tussen die selfkonsep en persoonlikheidsorganisasie.

Wanneer die leser hom vergewis het van die selfkonsep se verband met die kognitiewe struktuur en persoonlikheidsorganisasie, behoort hy vervolgens die dimensies van die selfkonsep in oënskou te neem. Daar word tussen die volgende ses dimensies van die selfkonsep onderskei:

- a. Die fisiese Self.
- b. Die persoonlike identiteitsgevoel.
- c. Die gesin-Self.
- d. Die sosiale Self.
- e. Die sedelike Self.
- f. Die evaluatiewe aspek van die selfkonsep.

In die Selfkonseptoets van Vrey waarmee daar in die vorige hoofstuk kennis gemaak is, en wat in 'n latere hoofstuk behandel word, vorm hierdie ses dimensies die subtoetse van die selfkonsep binne die terrein van die persoonlikheidsielkunde. Nadat die selfkonsep op een of ander wyse geïdentifiseer is, kan die verband daarvan met ander persoonlikheidsattribute, handelinge en gedragswyses aangetoon word.

Selfkonsep veronderstel 'n bewuste besef of begrip van die Self. Dit waarvan die persoon bewus is of bewus gemaak kan word, word dan beskou as die dimensies van die selfkonsep. Hierdie dimensies vorm dan die struktuur van die selfkonsep wat geïntegreerd die totale grootte of peil van die selfkonsep aandui. Die kwaliteit van die beleving van selfwaarde en selfagting in elkeen van die dimensies dui aan hoe die persoon homself persipieer.

Benewens die kognitiewe, sal die gevoelsmatige wat die kwaliteit van beleving aandui, altyd ter sprake kom.

Die mens is in al sy handeling eksplisiet en implisiet besig met selfhandhawing en selfontplooiing. So is die konatiewe aspek van menswees as sy bewuste doelgerigheid, 'n bydraende aspek van die selfkonsep. Dit beteken dat die persoon in totaliteit betrokke is by die dinamiese wording van sy selfkonsep. Sodoende word die selfkonsep beskou as 'n aspek van die persoonlikheid.

2. Die Selfkonsep en die kognitiewe struktuur

Die opmerklikste aspek van die selfkonsep is dat die mens kennis dra van hoe jy is. Nie alleen weet 'n mens hoe jy lyk nie, maar jy het ook by benadering korrekte kennis van jou aanleg, belangstelling, tekortkominge en beperkings, gewoontes en ander sielkundige gesteldhede.

Die mens moet dus 'n "insig" van homself hê. "Insight

means to see into, to be aware".¹⁾ Wanneer hierdie insig van die selfkonsep in oënskou geneem word, word die kognitiewe struktuur van die persoonlikheid aan ondersoek blootgestel. David Ausubel is een van die belangrikste navorsers op die gebied van die kognitiewe struktuur. Vir Ausubel gaan dit voortdurend om betekenisvolle kennis. Al is die aard van die kennis hoe eenvoudig, bly dit voortdurend hierdie kennisinhoud wat gestruktureer word.

Kennis of kognisies word dan ook in hierdie verband gebruik as sinoniem met psigologiese betekenisvolheid. Die kognitiewe struktuur hou dus die betekenis in van die substantiewe inhoud van die individu se struktuur van sy kennis, sowel as die vernaamste organisatoriese eienskappe in 'n bepaalde vakgebied op 'n bepaalde moment.²⁾ Die kognitiewe struktuur het dus deur "leer" tot stand gekom en daarom is dit noodsaaklik om dit terug te voer tot die mees basiese of potensiële vermoëns wat die verwerwing van kennisinhoud ten grondslag lê. Hierdie is 'n baie moeilike probleem as ons die volwassene in oënskou neem en daarom het Ferguson 'n benadering gevolg wat hom toespits op die isolering van potensiële vermoëns, met inagneming van die effek van aangebore, verworwe en leervermoëns wat as basis vir die verdere ondersoek van die kognitiewe struktuur dien.

1) Jersild, A.T., The Psychology of Adolescence, 1968, p.145

2) Ausubel, D.P., Educational psychology, 1968, p.127

Vrey het in hierdie verband 'n belangrike bydrae gelewer in sy navorsing en standaardisering van 'n Selfkonsepttoets. Hy het o.a. 'n ondersoek ingestel na Ferguson se pogings om menslike leer en menslike vermoëns binne een konsepsuele raamwerk te integreer wat Vrey definieer as Potensiële Vermoëns.³⁾

Vrey het vervolgens 'n ondersoek ingestel na 'n toets vir die meting van potensiële vermoëns en vasgestel dat die Senior Aanlegtoets (S.A.T.) van die R.G.N. 'n toets van so 'n aard is wat wel reeds in Suid-Afrika gestandaardiseer is.⁴⁾

Die kognitiewe struktuur bestaan uit betekenis wat die gedifferensieerde kognitiewe inhoud uitmaak. Psigologiese betekenisvolle leerhandelinge sal nuwe betekenis inisieer. Die toevoeging van nuwe betekenis tot die kognitiewe struktuur berus op die eienskappe van noukeurigheid, helderheid en onderskeidingsvermoë.⁵⁾

Die basiese vermoëns waarop die kind se kognitiewe struktuur tot stand kom, is die vermoë tot psigomatiese koördinasie (Gordon, 1969) wat wisselwerkend en geïntegreerd met die vermoë tot redenering, benoeming en getalsonderskeiding (Hendrix, 1950; Ausubel, 1968) ontplooi, sodat die basiese kennis tot strukture ontwikkel.⁶⁾

3) Vrey, J.D., Selfkonsep en die verband daarvan met persoonlikheidsorganisasie en kognitiewe struktuur, 1974, p.218

4) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.218

5) Ausubel, D.P., op. cit., 1968, p.369

6) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.229

Na die totstandkoming van hierdie basiese vermoëns, vind 'n verdere ontwikkeling plaas van die kognitiewe struktuur, deur die inskakeling van betekenis wat psigologies tot stand kom deur die vermoëns van redenering, verbalisering en getalsonderskeiding wat fungeer as basiese kognitiewe vermoëns - die fundamentele boustene van die kognitiewe struktuur. Om die potensiële vermoëns van die kognitiewe struktuur te meet, word die toets wat redenering, taalvermoë en rekenvermoë evalueer, gebruik.⁷⁾

Vrey verwys dus hier na die volgende subtoetse van die Senior Aanlegtoets van die R.G.N. waarop hy 'n faktor-analise van die interkorrelasiematriks van die subtoetse uitgevoer het: Subtoetse 1, 5, 6, 7 en 8 beskryf Redeneringsvermoë. Subtoetse 1, 2, 3, 4, 9 en 10 beskryf Taalvermoë. Subtoets 2 beskryf Rekenkunde vaardigheid. Vrey kom dan tot die gevolgtrekking dat vir die bepaling van die potensiële vermoëns, die volgende subtoetse van die S.A.T. geselekteer moet word:

- (a) 6, 7 (Deduktiewe en Induktiewe Redenering);
- (b) 8, 3, 9, 10 (Taalvermoë);
- (c) 2 (Rekenkundige vermoë).

Jean Piaget het weer die leiding geneem in die klinies-beskrywende tipe van navorsing. Sy teorieë is gebaseer op die observasie en gevallestudies van individuele kinders. Hy het veral belang gestel in die wyse waarop

7) ibid.

kinders bewus word van die werklikheid, die ontwikkeling van denke, taal en sosiale konsepte soos geregtigheid, hulpvaardigheid en verdraagsaamheid.

Piaget beskou die suigeling as hoofsaaklik egosentries omdat die baba slegs die wêreld vanuit een punt beskou, nie perspektiewe kan verstaan nie, en nie oorsaak-gevolg verhoudinge kan bemeester nie.⁸⁾

Leon Festinger het navorsing gedoen oor kognitiewe dissonansie. Kognitiewe dissonansie is om die gedrag te verander om dit verenigbaar te maak met sekere gedragswyses wat die individu al uitgevoer het. As 'n persoon dus twee kognisies of ideës het wat "dissonant" of onderling onverenigbaar is, sal hy poog om die onverenigbaarheid te verminder. Brehm (1959) Buss en Broch (1963) het intensiewe navorsing met sukses uitgevoer aan die hand van Festinger se toetse.⁹⁾

Klein het daardie handeling waarvolgens die individu 'n greep op die werklikheid verkry, as "kognitiewe styl" omskryf.¹⁰⁾


Kognitiewe styl behels besondere maniere om die wêreld te persipieer, besondere style om hierdie persepsie te integreer en tipiese maniere van handeling op die geïntegreerde persepsies. Elke mens sal sy eie beson-

-
- 8) Lindgren, et. al., op. cit., 1971, p.65
 9) ibid., p.196
 10) Nash, J., op. cit., 1970, p.370

dere kognitiewe styl openbaar. So kan die denke byvoorbeeld beskou word as 'n proses waar daar individuele verskille mag bestaan in die wyse waarop 'n probleem benader word. Twee individue kan wel dieselfde oplossing van 'n probleem verkry, maar dit is nie te sê dat hulle dieselfde aanloop gevolg het en dieselfde metodes toegepas het in hulle probleemoplossing nie.

In 'n persoonlike ondersoek na die kognitiewe styl van twee standerd 7 leerlinge in die oplossing van 'n meetkundige probleem, het skrywer die volgende bevind:

FIGUUR 4.



Die skets toon 'n driehoek waarvan die hoek ACD bereken moet word. Die eerste leerling het van 'n omslagtige, maar tog meetkundig-korrekte metode gebruik gemaak om die waarde van die hoek te bereken:

Voorbeeld

$$\begin{aligned} \angle A + \angle B + \angle ACB &= 180^\circ \text{ (3 hoeke van driehoek)} \\ \therefore 50^\circ + 70^\circ + \angle ACB &= 180^\circ \\ \therefore 120^\circ + \angle ACB &= 180^\circ \\ \therefore \angle ACB &= 180^\circ - 120^\circ \\ &= 60^\circ \end{aligned}$$

en

$$\begin{aligned} \angle ACB + \angle ACD &= 180^\circ \text{ (2 hoeke is supplementêr)} \\ \therefore 60^\circ + \angle ACD &= 180^\circ \\ \therefore \angle ACD &= 180^\circ - 60^\circ \\ &= 120^\circ \end{aligned}$$

Die tweede leerling se oplossing was kort en kragtig:

$$\begin{aligned} \angle A + \angle B &= \angle ACD \text{ (buitehoek van driehoek)} \\ \therefore 50^\circ + 70^\circ &= \angle ACD \\ \therefore 120^\circ &= \angle ACD \end{aligned}$$

Hier was dus tekens van verskillende kognitiewe style. Die tweede leerling kon die probleem spoedig afhandel, omdat hy 'n stelling toegepas het wat meer toepaslik was as daardie twee wat die ander leerling toegepas het. Insig het blykbaar ook hier 'n rol gespeel omdat die tweede leerling blykbaar besef het dat hy, met die besondere stelling wat hy toepas, die probleem sal kan oplos. Ervaring oefen ook invloed uit aangesien hierdie twee leerlinge eers hierdie besondere probleem kon oplos nádat die onderwyser soortgelyke probleme in die Wiskunde-klas behandel het, en die leer-

linge daarna oefening daarin gehad het. Die geheue sal klaarblyklik ook sy invloed uitoefen omdat die tweede leerling dit "onthou" het om die regte stelling op die regte moment toe te pas.

Die kognitiewe styl van die kognitiewe struktuur kan dus beskou word as 'n proses waar daar individuele verskille kan bestaan in die manier waarop die probleem benader word. Nash (1970) sluit hierby aan en postuleer voorts dat die oorsprong van hierdie individuele verskille drievoudig is:

- (a) Vroeëre ervaring bepaal die kognitiewe styl;
- (b) konstitusionele en genetiese verskille, en
- (c) die eklektiese benadering wat aanvaar dat verskille in die kognitiewe styl ontstaan as gevolg van beide konstitusionele faktore én ervaring.¹¹⁾

3. Die selfkonsep en persoonlikheidsorganisasie

Die mens se persoonlikheid sal beter begryp word vanuit die persoon se fisiese en biofisiese verhoudinge, sy interpersoonlike en sy psigodinamiese verhoudinge.

Die mens is ten nouste betrokke by sy wêreld en dit bring mee dat die mens slegs vanuit sy leefwêreld begryp kan word. "All selfactualizing people are, without one single exception, involved in a cause outside their own skin, in something outside of themselves!"¹²⁾

Die mens bevind hom in sy leefwêreld in 'n psigologiese

11) Nash, J., op. cit., 1970, p.371

12) Maslow, A.H., The farther reaches of human nature, 1971, p.43

veld waarmee hy 'n eenheid vorm. Hierdie psigologiese veld omsluit die wisselwerking van die mens met sy omgewing en die interpretasie van die relasies met die omgewing aan die hand van die herintegrasie van alle relevante psigiese ervarings uit die verlede, en "... if we dismiss these, the person has no way of understanding himself since these modalities are basic phenomenal categories in terms of which he experiences himself and others".¹³⁾ Die individu is dus slegs in staat om konsepsies van homself te vorm tydens sy wisselwerking met sy psigologiese omgewing wat hy interpreteer via herintegrasie van verwante persepsies vanuit die verlede.

Die mens het sekere doelstellings wat hy moet nastreef of verwesenlik om te kan bestaan. Allport sê dat ".... he pursues certain biological goals; but he also pursues other goals which require him to satisfy his curiosity concerning the meaning of life".¹⁴⁾

Hierdie ander doelstellings waarna Allport verwys, word deur Combs en Snygg (1959) gedistilleer tot die mees dringende, mees kritieke taak van die menslike bestaan, naamlik selfhandhawing en selfontplooiing.¹⁵⁾ Hierdie motief is vir bogenoemde outeurs onderliggend aan alle motiewe en doelstellings. Die mens is in 'n veranderende wêreld besig met selfontplooiing en selfaktualisering ten einde hom beter toe te rus om die eise van die hede en van die toekoms die hoof te bied. Hierdie

13) Madison, P., Personality development in college, 1969 p.250

14) Allport, G.W., Pattern and growth in personality, 1961 soos aangehaal deur Vrey, J.C., op. cit., 1974, p.109

15) ibid.

basiese strewe van selfaktualisering (of selfhandhawing en selfontplooing) beoog slegs een ideaal: 'n adekwate Self.

Maslow (1968) sê die einddoel van alle strewing is selfaktualisering. "Growth motives,, lead to self-actualization. Self-actualization is at bottom the only motive of men".¹⁶⁾ Selfaktualisering impliseer dat daar 'n Self is wat toegelaat moet word om te verskyn en wat dan geaktualiseer word. Ook vir Goldstein (1939) is die hoofmotief in die mens se lewe selfaktualisering of selfverwesenliking.¹⁷⁾

Die gedrag of optrede van 'n mens kan dan ook slegs begryp word as dit duidelik is waarheen hy op pad is. Die konsepsies wat 'n persoon van homself vorm, staan noodwendig in noue verwantskap met sy oogmerke of ideale. Die sukses van 'n persoon wat besig is met selfhandhawing en selfontplooing dui op sy realisering van persoonlike doeltreffendheid. "Sy konsepsies van homself, trouens die aktualisering van sy ganse persoonlikheid, sal dus altyd in relasie tot die fundamentele oogmerke van selfhandhawing en selfontplooing staan. Hy is intensioneel gerig op sy konsepsies van 'n adekwate Self as lewensdoel".¹⁸⁾

Vrey het in sy navorsing oor persoonlikheidsorganisasie agt basiese faktore geïdentifiseer wat die patroon

16) Allport, G.W. Pattern and growth in personality, 1961 p.215

17) ibid.

18) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.110

van primêre trekke vorm:

- (a) Angs
- (b) Ekstroversie
- (c) Selfkonsep
- (d) Gewete
- (e) Nie-verbale redenering
- (f) Meganiese berekening
- (g) Progressiwiteit en
- (h) Geheue ¹⁹⁾

Hierdie agt basiese trekke hou onderling verband met mekaar en word in die persoonlikheid geïntegreer.

"Die 8 faktore kan hiërargies of lineêr of diskreet gerangskik wees, maar die georganiseerde geheel word persoonlikheid genoem. Die organiserende prinsipe agter al hierdie verskynsels word die EK genoem. Die EK is die sentrale eenheid, die draer van die geheel. Elke verskynsel het alleen waarde in betrekking tot die EK" (Kuypers, 1968) ²⁰⁾

Vrey poneer voorts dat "wat die wyse van organisasie van die basiese trekke (faktore) betref, neem die selfkonsep die sentrale posisie in. Al die trekke reflekteer in hulle manifestasies, in die selfkonsep". ²¹⁾

Cattell lê besonder baie klem op die selfsentiment in sy interpretasie van persoonlikheidstrekke. "In the

19) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.349

20) ibid., p.349

21) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.349

first place the preservation of the Self as a physically healthy and intact going concern is obvious - by a prerequisite for the satisfaction of any sentiment or erg which the individual possesses. So also is the preservation of the social and ethical Self as something which the community respects ... Dynamically, the sentiment towards maintaining the Self correct by certain standards of conduct, satisfactory to community and super-ego, is therefore a necessary instrumentality to the satisfaction of most other of our life interests. It contributes to all sentiment and ergic satisfaction and this accounts also for its dynamic strength, in controlling, as the 'master sentiment' all other structures".²²⁾

Vrey het met sy bevindinge aangetoon dat die selfkonsep 'n integrerende deel van die persoonlikheid vorm. "Vanweë die dinamiese krag van selfhandhawing en selfontplooiing is daar 'n belangrike wisselwerking tussen die selfkonsep en ander basiese persoonlikheids-trekke".²³⁾

B. DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP

1. Die fisiese Self

a. Inleiding

Indien ek oor myself dink, oor hoe ek is en wat-

22) Cattell, R.B., The scientific analysis of personality, 1966, p.272

23) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.350

ter eienskappe ek besit, sien ek 'n heel geska-
 keerde beeld verrys. Ek dink nie net aan my fi-
 siese en psigologiese hoedanighede nie, maar ek het
 ook 'n houding (van tevredenheid of ontevredenheid)
 daaroor; ek sal dink aan eienskappe wat ek graag
 sou wou hê, ensovoorts.

Head (1920) het die term liggaamskema aan die litera-
 tuur bekend gestel. Hy het belang gestel in die
 rol van die liggaamskema in die motoriese koördina-
 sie van doelbewuste bewegings en ruimtelike oriën-
 tasie.²⁴⁾ Schilder (1950) het die bekendste ont-
 leding gegee van die liggaamsbeeld en die vraagstukke
 verwant daaraan.²⁵⁾ Sy begrip van die liggaamsbeeld
 is in baie opsigte verwant aan dié van Head, daar
 hy stel dat die liggaamsbeeld gevorm word deur im-
 pulse van binne die mens se liggaam. Dit is egter
 meer omvattend as Head se konsep van liggaamskema
 omdat dit die bewustheid van die liggaam insluit.
 Voorts is hierdie bewus-wees-van die eie liggaam
 kontinu, en sy basiese identiteit as die eie lig-
 gaam word gedistansieer van ander liggame of voor-
 werpe van die omgewing.

Nash (1970) sluit hierby aan en verklaar dat die
 selfkonsep vir hom weer veel meer inhou as die lig-
 gaamskema en die liggaamsbeeld: "... it involves
 not merely awareness of the identity of one's
 body, but also of one's psychological identity as

24) Nash, J., op. cit., 1970, p.460

25) ibid., p.460

a person".²⁶⁾

Gerstmann (1958) se navorsing oor die versteuring van die liggaamskema (soos by breinbesering) dui daarop dat sekere aspekte van liggaamsfunksionering baie afhanklik van die liggaamskema is.²⁷⁾ Die liggaamskema het ook 'n beslissende psigologiese uitwerking wat nie net die motoriese funksionering van die liggaam beïnvloed nie, maar ook die individu se konsep van homself as 'n Self. "This body schema forms the physical basis of self-awareness".²⁸⁾

b. Die liggaamskema

Die liggaamskema is die "diagram" van die liggaam wat in die brein opgebou word, waardeur doelbewuste gekoördineerde bewegings uitgevoer word én waardeur die liggaamsdele oor die algemeen en die liggaam in die besonder, in die ruimte georiënteer word.

Hierdie "diagram" word blykbaar in 'n bepaalde streek in die brein gehuisves. Die funksie van hierdie gevorderde koördinasie-sentrum verskil van daardie onbewuste koördinasie van die serebellum.

Dit blyk dat die liggaamskema fundamenteel is en

26) ibid., p.460

27) ibid., p.461

28) ibid., p.461

dat daar klaarblyklik 'n hiërargiese ontwikkel-
ing van die liggaamskema na die liggaamsbeeld is,
terwyl albei ondergeskik aan die selfkonsep is.
Dit wil dus voorkom asof daar 'n ontwikkelingsgang
van skema na beeld na konsep bestaan.

c. Liggaamsbeeld

Onder die liggaamsbeeld word verstaan die meer be-
wustelike beeld wat 'n mens van jou liggaam het:
die skoonheid of lelikheid, krag of swakheid daar-
van, ens. Dit word vroeg in die lewe gevorm en
die meeste sielkundiges meen dat dit regdeur die
lewe die grondslag van die selfkonsep vorm.

Schilder definieer die liggaamsbeeld as "the
picture of our own body which we form in our mind,
that is to say, the way in which the body appears
to ourselves".²⁹⁾ Uit hierdie klassieke definisie
volg dit dat die liggaamsbeeld 'n prent of afbeel-
ding is van die liggaam in die bewussyn. Alhoewel
hierdie voorstelling van die liggaam psigies is,
het die liggaamsbeeld sy oorsprong in die somatiese.
Wanneer daar egter by die bewuswording van die lig-
gaam verskillende besonderhede van fisiologiese aard
ter sprake kom, "... bedoelen wij hier meer dat het
oog te vestigen op het somatiese als middel, als
instrument of ook als noodsaaklijke voorwaarde bij
het psychisch gebeuren".³⁰⁾

²⁹⁾ Schilder, P., The image and appearance of the human
body, 1935, p.11

³⁰⁾ Kuypers, A., Inleiding in de Zielkunde, 1963, p.35

Deur sy liggaam is die mens in die dialoog met sy wêreld, stel hy homself lyflik teenwoordig en kry hy 'n greep op die wêreld. Beheersing van die liggaam beteken ook beheersing van die buite-wêreld. Sonder die liggaam is die menslike bestaan dus onmoontlik en deur die liggaam is die mens in staat om te beweeg en om stil te staan. So sal die fisies gestremde kind belas met motoriese en ander fisiese tekorte, gestrem wees oor die hele linie van kommunikasie met ander mense in sy onmiddellike omgewing. Die kind is met sy houding en bewegings in gesprek met die wêreld. Deur beweging ontdek hy die wêreld asook sy begaafd-hede en tekorte.

Die mens tree die wêreld en die ander mense tege- moet deur sy liggaam. Sy eie liggaam dien dus as vertrekpunt in sy eksplorاسie en kommunikasie met die omgewing. Daarom oriënteer die mens homself in die wêreld vanuit sy eie liggaam as verwysingspunt en vergelykingsraamwerk. Dit is dan daarom dat die individu verwys na "voor my", "langs my", "agter my", "links van my", "verby my", "bokant my" en "onder my". Die kind leer dat sy liggaam "hyself" is, deur die hantering van die liggaam en die selfvoeling of liggaamsbelewing (selfsentience, Sullivan). Ek koop daarom vir "my" 'n paar skoene en nie vir "my voete" nie, en ek trek "my" baadjie aan en nie "my bolyf" se baadjie nie.

In fisies gestremde kinders is die liggaamsbeeld grootliks versteur omdat die kind se motoriese onvermoë sy eksplorاسie en ervaring van sy liggaam beperk. Die kind word verhoed om normale beweging te ervaar. Hy kan miskien nie sy eie liggaam aanraak of betas nie en gevolglik is normale ontwikkeling van die liggaamsbeeld onmoontlik.

Omdat 'n mens nie net 'n liggaam besit nie, maar 'n geïntegreerde totaliteit van psige, gees en liggaam is, is 'n persoon se liggaamsbeeld ook 'n weergawe van die persoon se selfbeeld.

Liggaamsbeeld is nie teenwoordig met geboorte nie, maar ontwikkel saam met neuro-fisiologiese maturasie. Die suigeling ervaar homself eerstens as 'n onafskeidbare deel van die moederfiguur. Hy raak vervolgens bewus van sy kop deur middel van die stimuli van eet, huil, kyk, hoor en ruik. Hierna begin die kind bewus word van sy ledemate, eers distaal dan proksimaal d.m.v. visuele stimuli, en eers proksimaal dan distaal d.m.v. proprioseptiewe stimuli. Hy sal hom nou byt, krap, stamp, ens., om die verband tussen die liggaamsdeel, byvoorbeeld die hand en die res van sy liggaam te bepaal. Nadat ledemaat-bewussyn begin ontwikkel het, begin die kind eers bewus word van sy romp en later word algehele liggaamsbewussyn gevind.

Dit volg dus dat die kind bewus word van:

- (1) Wat die liggaamsdele is.
- (2) Wat die liggaamsdele kan doen.
- (3) Hoe om die liggaamsdele te kry om te funksioneer.
- (4) Die ruimte benodig om 'n beweging uit te voer en die posisie van die liggaam gedurende die uitvoering van die beweging.

O'Grady ³¹⁾ stel verskeie faktore wat afhanklik is van 'n stabiele liggaamsbeeld:

- (1) Self-differensiasie en -identifikasie.
- (2) Uitvoering van willekeurige bewegings.
- (3) Uitvoering van gekoördineerde bewegings.
- (4) Ontwikkeling van bewussyn vir ruimtelike verhoudings wat essensieel is vir growwe motoriese vaardighede wat weer op sy beurt essensieel is vir die ontwikkeling van fynere sensories-motoriese vaardighede.
- (5) 'n Stabiele liggaamskema bied 'n stabiele verwysingspunt vir eksplorاسie van die persoon se wêreld.

O'Grady ³²⁾ het na intensiewe navorsing die volgende kenmerke gevind wat 'n kind met liggaamsbeeld-probleme sal openbaar:

31) O'Grady, T., Praktiese metodes om die liggaamsbeeld te bevorder, 1971, p.2

32) ibid., p.3

- (1) Verlies en/of probleme met selfdifferensiasie en selfidentifikasie.
- (2) Ongekoördineerde bewegings.
- (3) Onvermoë en/of moeite met uitvoering van bewegings.
- (4) Bizarre bewegings en liggaamshoudings.
- (5) Probleme met ruimtelike oriëntasie d.w.s. aanpassing van liggaam t.o.v. ruimte, byvoorbeeld onder die tafel deurkruip.

Rousseau ³³⁾ bespreek 'n interessante geval wat sy teengekom het waar die kind met onvoldoende liggaamsbeeld op nege jaar nog altyd rondom 'n stoel moes loop voordat sy daarop kon gaan sit. Rousseau verwys in hierdie verband dan ook na Ritchie Russel wat bevind het dat by volwassenes met bilaterale letsels van die pariëtale lob, die liggaamsbeeld so swak kan wees dat die persoon glad nie die vermoë het om bv. op 'n stoel te gaan sit of in die bed te klim nie. ³⁴⁾

'n Onaantreklike voorkoms of gebreke soos 'n horrelvoet, aankapknies, 'n boggelrug, 'n lelike gesig, oormatige puisies, onooglike letsels soos byvoorbeeld 'n haaslip, kan 'n ernstige probleem vir 'n kind wees om nie te praat van al die afwykings in die voorkoms van die fisies gestremde leerling nie. Hulle kan ongelukkig daarvoor voel of selfs in op-

33) Rousseau, A., Praktiese metodes om liggaamsbeeld te bevorder, 1971, p.2

34) ibid., p.2

stand daarteen kom, sodat dit hul sosiale aanpassing nadelig beïnvloed en die kommunikasie tussen hulle en ander mense strem. Dit kan ook die kind se eie liggaamsbeeld en die vorming daarvan nadelig beïnvloed. Die liggaamsbeeld kan onvolledig wees as hy minder aanneemlike liggaamsdele heeltemal ignoreer asof hulle nie deel van hom is nie.

Ook sy verwysingsraamwerk by ruimtewaarneming, met homself as middel- of uitgangspunt kan daardeur verwing word. Hy kan byvoorbeeld die ruimte links of regs van hom ignoreer of ontoereikende aandag daaraan gee, omdat sy gebrek aan daardie kant geleë is. Sy selfkonsep en besef van eie waarde kan swak ontwikkelde wees, omdat hy vir homself onaanvaarbaar is soos hy homself sien.

Uit ons bespreking tot dusver is dit baie duidelik dat die mens intiem verbode aan sy liggaam is. Die mens besit nie 'n liggaam nie, maar hy is sy liggaam. Die liggaam is die verwysingspunt in ons waarneming van die wêreld om ons. 'n Voorwerp word in die ruimte om ons waargeneem in ons verhouding tot ons eie liggaam: "Perceived objects are projected into space from our bodies and are located from that reference point relative to each other and relative to us. It is thus that we construct, as we so frequently say, a space world around us. The centre

of this space world is our own body and the spatial relations involved exist only relative to ourselves".³⁵⁾

Strauss noem ook die belangrikheid van 'n regop-houding van die liggaam. "If the posture is disturbed with reference to the median plane of the body, the individual has difficulty in determining straight ahead as a spatial reference".³⁶⁾

In hierdie verband dink ons byvoorbeeld aan 'n spanningsatetoïde wat gedurig op die vloer is en nie in staat is om 'n regop postuur te handhaaf nie. Hy sal gedurig die wêreld uit 'n ander gesigshoek waarneem wat nie alleen sy ruimtelike verhoudings sal beïnvloed nie, maar ook sy gees sal affekteer.

d. Algemeen

Afgesien van liggaamsbeeld en liggaamskema kry ons in die literatuur ook terme soos liggaamsbewustheid en liggaamskonsep. Frostig en Horne tref dan ook 'n duidelike onderskeid tussen die bogenoemde begrippe. In hulle bespreking van liggaamsbewustheid (body awareness) beweer die skrywers dat die presiese persepsie van voorwerpe in verhouding tot die liggaam, basies afhang van die persepsie en kennis van die liggaam self.

35) Strauss, A.A., en Kaphart, N.C., Psychopathology and Education of the Brain-injured Child, 1955, p.67

36) ibid., p.71

Die intellektuele kennis wat jy van jou liggaam het, vorm volgens Frostig en Horne die liggaamskonsep. Dit ontwikkel later as die liggaamsbeeld en word bewustelik aangeleer. Die kind leer wat dit is om die hand oop en toe te maak en hoe hy dit gebruik. So leer hy die funksionering van die verskillende dele van sy liggaam.

Die liggaamskema ontstaan onbewustelik (in teenstelling met die liggaamskonsep wat aangeleer word) en dit verander gedurig van die een oomblik tot die volgende. Dit is die gevolg van sensasies (tastelik en kinesteties) wat binne-in die liggaam ontstaan. "The body schema regulates the position of the different muscles and parts of the body in relation to each other at any particular moment. And it varies according to the position of the body. A person's balance depends upon his body schema. Without it he would not be able to walk, sit down, bend forward, or make any other movement without falling over. If a person's body schema is disturbed, he has severe difficulties in making co-ordinated movements and maintaining equilibrium".³⁷⁾

Alhoewel Frostig en Horne bogenoemde vier aspekte van liggaamlikheid as afsonderlike komponente wil skei, bestaan daar tog heelwat oorvleueling. So

37) Frostig, M. en Horne, D., The Frostig Program for the Development of Visual Perception-Teacher's Guide, 1964, p.42

kan sekere fisies gestremde leerlinge se liggaamsbeeld beïnvloed word deur 'n swak liggaam-skema. "It is true that some of these children seem to have little accurate knowledge of where the parts of their bodies are, or how to move them, i.e. they have a weak or disordered body schema".³⁸⁾

2. Die persoonlike identiteitsgevoel

'n Mens het die gevoel dat jy dieselfde persoon is wat jy gister was en dat jy in die toekoms dieselfde persoon sal bly. Net soos ek vandag sekere gedagtes wat ek gister gehad het, kan onthou, sal ek môre weer van vandag se gedagtes in my bewussyn kan herroep. So kan ek albei dae se gedagtes herroep met die wete dat dit net een persoon se gedagtes is - myne. Ek weet ook dat dit "ek" is wat in die gesin se foto-album verskyn. Al lyk ek nou anders as op tweejarige ouderdom en al het ek volwassenheid bereik en vervul ek die rolle van seun, eggenoot, vader en onderwyser, identifiseer ek myself steeds met foto's van myself gedurende my kinderjare. "Every experience we have modifies our brain, ... Yet the self-identity continues, even though we know that the rest of our personality has changed".³⁹⁾

Die persoonlike identiteitsgevoel ontstaan deur iden-

38) Abercrombie, M.L.J., Perceptual and Visuo-motor Disorders in Cerebral Palsy, No. 11, 1961, p.6

39) Allport, G.W., Pattern and growth in personality, 1961 p.119

tifikasie. "Identification is the process by which a child learns to act like some other person without being deliverately taught or encouraged to do so".⁴⁰⁾ Dit is 'n komplekse manier waarop 'n ander persoon gepersipieer word, gedeeltelik rasionaal en gedeeltelik emosioneel. Die persoon sal dus die identifikasie-figuur respekteer, bewonder en homself daarvolgens wil verander en aanpas. Identifikasie begin van die kleinkinderjare en strek tot met volwassenheid, terwyl die kind se eerste identifikasie gewoonlik met die ouers is.

Ouers voed die kind op, probeer hom gelukkig maak en help as dinge in die daaglikse lewe verkeerd loop. Die sukses van die identifikasieproses is afhanklik van die hegte gesinsverband.⁴¹⁾ Omdat ouers 'n baie belangrike rol by identifikasie speel, sal die aard van die ouer-kindverhouding belangrik wees by die identifikasie met die ouer van dieselfde geslag. Sears (1958) het gevind dat seuns wie se vaders gul, hartlike, ontspanne persone is, se optredes in ooreenstemming met die geslagsrol is.⁴²⁾ Die seuns wat die moederrol verkies het, se moeders was gul en hartlike persone. Sears (1951) het gevind dat seuns wat sonder 'n vader grootgeword het, minder aggressief is.⁴³⁾

40) Smith, H.C., Personality development, 1968, p.301

41) Cronbach, L.J., Educational psychology, 1963, p.425

42) Nash, J., op. cit., 1970, p.416

43) Nash, J., op. cit., 1970, p.416

'n Belangrike sielkundige faktor in die vestiging van die persoonlike identiteitsgevoel, is die vermoë van taalgebruik. Wanneer die kind kan praat en in terme dink van byvoorbeeld sy speelgoed, sy skoene of vader, beskik hy oor gereedskap om die "dit" met die "ek" in verband te bring. "By sometimes leaving and sometimes returning to the object and speaking its name, the inference grows that the I is the continuing factor in these intermittent relationships".⁴⁴⁾

Die belangrikste linguïstiese hulpmiddel van almal is egter die kind se eie naam.⁴⁵⁾ Hy hoor gereeld:

"Waar is Jannie se ore?", "waar is Jannie se neus?", "mooi, Jannie", "stoute Jannie". Deur sy naam gereeld te hoor, sal die kind hom algaande al hoe meer sien as 'n onderskeibare en wederkerende verwysingspunt. "The name acquires significance for him in the second year of life. With it comes awareness of independent status in the social group".⁴⁶⁾

Daarom is die belangrikste baken in die mens se persoonlike identiteitsgevoel sy naam. Shakespeare verseker ons in sy "Othello" dat 'n persoon se goeie naam sy waardevolste besitting is wanneer hy sê:

"Who steals my purse steals trash

But he that filches from me my good name

..... makes me poor indeed".⁴⁷⁾

44) Allport, G.W., Pattern and growth in personality, 1961, p.115

45) ibid.

46) ibid.

47) ibid., p.117

Verskeie ander faktore as die kind se naam verskaf ook belangrike bakens vir die persoonlike identiteitsgevoel. Kleding, mooi besittings en spesiale aandag aan die voorkoms speel 'n rol in identiteitsgevoel. "Children of two or three are enhancing their sense of self-identity when they proudly display their new shoes, a hair ribbon or toy".⁴⁸⁾ Kleding vervul 'n belangrike rol in die persoonlike identiteitsgevoel, daar dit die kind duidelik vanuit die omgewing onderskeibaar maak.

Elke keuse van 'n identifikasiefiguur sal gebaseer wees op reeds bestaande behoeftes en houdings. Volgens Hull (1943) is die sterkte van persoonlike identifikasie afhanklik van die sterkte van motivering. Indien 'n individu 'n sterk behoefte aan mag en liefde ondervind, en hy homself as onbekwaam beskou om dit te verkry, sal hy dan in 'n groter mate identifiseer met 'n model wat dit reeds verkry het.⁴⁹⁾

Namate die individu ouer word, is hy al hoe meer in staat om self in sy behoeftes aan liefde en sekuriteit te voorsien, en gevolglik sal hy dus ook minder identifiseer. Geslagsidentifikasie word deur sosiale klas beïnvloed.

Rabban (1950) het gevind dat kinders uit die laer klas hulle gouer met hul geslagsrol identifiseer as

48) ibid.

49) Nash, J., op. cit., 1970, p.416

kinders uit die middelklas.⁵⁰⁾ 'n Moontlike rede hiervoor is dat die ouers uit die laer klas gouer van die kind verwag om die korrekte optrede in ooreenstemming met die spesifieke geslagsrol te openbaar. 'n Ander rede is dat die verskillende geslagsrolle duideliker in die laer klas gedefinieer is.

Die voorskoolse jare is uiters belangrik in die vorming en die ontwikkeling van die Self. Die kind het sy eie persoonlike identiteitsgevoel van andere gedifferensieer en hierdie jare word nuttig gebruik in die opbouing van sy selfstruktuur, deur te leer wie hy is, wie andere is en hoe om homself te gedra. Hy leer veral deur sy belewinge met sy gesin wat om van die wêreld te verwag en wat die wêreld van hom verwag. Gedurende hierdie voorskoolse jare het die bewustheid van die Self ontstaan. Die kind se selfbeeld sluit nou baie differensiasies in: die Self as seun of dogter, die Self as speelmaat, die Self as 'n denkbeeldige held en baie ander Selfe. Dit dien as raamwerk waarop verdere konsepte gebou sal word. Vanweë wat reeds gevestig is, is die kind gereed vir nuwe avonture. Hy is nou gereed om sy eerste veilige basis te verlaat en die groter wêreld in te gaan, die leefwêreld buite die gesinsverband.

Met sy toetrede tot die laerskool strek die kind se leefwêreld nou al hoe meer weg van die ouerhuis. Sy

50) ibid.

horisonne word al hoe meer verbreed om die skool, maats en die wêreld in sy geheel in te sluit. Die laerskooltydperk is 'n tydperk van stadige, konstante fisiese groei, maar 'n snelle en betekenisvolle groei van die Self. Die selfsisteem soos in die gesin gekonsentreer, word gemodifiseer en uitgebrei deur nuwe belewinge. Die versnelling in konsepsuele ontwikkeling in aanpassing met die kulturele vereistes, dra by tot 'n verhoging in kompleksiteit, integrasie en organisasie van die kind se Self.

Erikson het aangetoon dat die grootste taak van die adolessent die hernieude soeke na 'n persoonlike selfidentiteit is.⁵¹⁾ Ons het reeds aangedui dat die tweejarige kind reeds deur die preliminêre fase van persoonlike selfidentiteit is. Hy is bewus van homself as 'n Self. In die vorige paragraaf is kortliks gestel dat die laerskoolkind se leefwêreld al hoe meer omvattend word. Daarom verloor hy sy selfidentiteit as't ware in sy pogings om lojaal te wees teenoor beide sy gesin én die maatgroep buite gesinsverband. Met die aanbreek van adollessensie ontstaan weereens 'n ernstige probleem, want die sentrale tienderjarige probleem word opgesluit in die kernagtige vraag van "presies wie is EK?".

Die adolessent in die vestiging van 'n persoonlike identiteitsgevoel kom voor die vraag te staan of hy

51) Allport, G.W., op. cit., 1961, p.124

'n kind of 'n volwassene is. Alhoewel die adolessent steeds mag vasklou aan baie houdings vanuit die kinderdae, is hy nou fisies en seksueel ryp (volwasse) genoeg om volwasse rolle te kan vervul.

Die adolessent se selfbeeld is afhanklik van ander mense se positiewe houdings en gesindhede teenoor hom. Hy streef na populariteit en kan uitsluiting uit die maatgroep nie duld nie. Daarom sal sy haarstyl, kleredrag en keuse van musiek konformeer met die standaard van sy maatgroep. Die adolessent se selfbeeld en identiteitsgevoel is ook nog nie stewig genoeg gevestig om teen tienerjarige kodes te stry nie.

Liggaamlike ontwikkeling en groei word krities waargeneem en "the youth who is late in physical maturing is miserable among his contemporaries".⁵²⁾ Netso sal die adolessent wat fisies gestrem is, dit moeilik vind om 'n positiewe persoonlike identiteitsgevoel te ontwikkel. 'n Outeur soos Allport (1961) beklemtoon dit dat normaal-ontwikkelde seuns verbitter voel as hulle baarde stadig groei, terwyl normaal-ontwikkelde dogters baie gesteld is op hul borsmaat. Die fisies gestremde adolessent sal uit die aard van die saak baie meer probleme ondervind in die vestiging van 'n gunstige hoë selfidentiteit omdat hy met 'n liggaam opgeskeep is wat gestrem, vermink en onaantreklik kan wees.

Al is die liggaam dan ook nie sigbaar gestrem nie, be-

52) ibid.

staan daar baie van die sogenaamde onsigbare gebreke soos ruggraatverkromming, wat die jong mens weerhou om vrylik te beweeg en aktief te verkeer met normale tienderjariges en sodoende gesonde kommunikasie met ander adolessente kan belemmer.

Die bekende rebelsheid van die adolessent het 'n belangrike verband in sy soeke na identiteit. Dit is sy laaste poging tot onafhanklikheid. Om hom op hierdie stadium van sy ouers te emansipeer - gedeeltelik of geheel en al - is 'n noodsaaklike ontwikkelingsfase in die adolessensie.

Die soeke na identiteit word geken aan die manier waarop die adolessent verskillende vormommings probeer:

"He first develops one line of chatter, then another; one style of hairdress and then another (always within the range permitted by the peer-group). He imitates one hero and then another. He is still searching for a garb that will fit".⁵³⁾

Elke keuse van 'n identifikasiefiguur is gebaseer op reeds bestaande behoeftes en houdings. Soos die adolessent ontwikkel, sal sy identifikasiemodelle opeenvolgende differensiasies van sy ideale voorstel. "As a boy begins to take pride in his own physique and his ability to oppose others, he is ripe to idolize people who represent a high development of that asset:

53) Allport, G.W., op. cit., 1961, p.125

athletes, daredevil, lawmen, stronger boys at school".⁵⁴⁾

Die outobiografie van Justice W.O. Douglas illustreer hoe 'n persoon na 'n model soek wat verenigbaar met sy behoeftes en selfkonsep is. Douglas was fisies gestrem as gevolg van polio wat hy as jong seun opgedoen het. Hy kon moeilik beweeg omdat sy bene verswak en uitgeteer was as gevolg van die polio. Hy was baie fyngvoelig omtrent sy gebrek omdat sy maats hom baie daarmee gespot het. Hy wou homself as bekwaam bewys en het hom in sy studies verdiep. Hy het besondere sukses op skool behaal, maar was steeds ongelukkig omdat hy nie soos ander seuns kon baljaar nie. Hy het toe eendag 'n persoon ontmoet wat vir hom 'n ware identifikasie-model was: "He was a husky, long-legged chap, to me a perfect physical specimen".⁵⁵⁾ Hierdie persoon het toe vir Douglas sodanig gemotiveer dat laasgenoemde sy bene begin oefen het, deur op lang uitputtende staptogte te gaan. "I had found new confidence in myself. My legs were filling out. They were getting stronger and I felt a growing sense of contentment in my heart".⁵⁶⁾ Hierdie sukses het daartoe bygedra dat Douglas se persoonlike identiteitsgevoel van so 'n hoë positiewe waarde geraak het, dat hy homself nie net aanvaar het as 'n briljante student nie, maar hy het ook 'n lewenslange belangstelling in bergklim en die buitelewe ontwikkel wat aan hom die genoegsaamheid van

54) Cronbach, L.J., op. cit., 1963, p.427

55) Cronbach, L.J., op. cit., 1963, p.427

56) ibid.

'n adekwate fisiese Self besorg het.

3. Die gesinself

Die bestendigheid van die gesin is van groot belang in die ontwikkeling van die kind. Baie van die probleme wat ons by die adolessent vind, het heel dikwels hul ontstaan as gevolg van gebrekkige gesinsverhoudinge.

Die meeste navorsers, soos Burt en Mussen, is dit eens dat jeugmisdaad na swak huislike omstandighede teruggevoer kan word.⁵⁷⁾ Onder swak huislike omstandighede sou ons die volgende kan insluit: gebrekkige dissipline, gebrekkige gesinsverhoudings, die neiging tot misdade by die ander gesinslede en armoede. Hierdie faktore sal natuurlik ook invloed uitoefen op die kind se verhoudinge met sy gesin. Die gesin-Self word in gesinsverband gekweek en die liefdevolle teenwoordigheid van albei ouers is baie belangrik in die ontwikkeling van die gesinself. Die invloed van ander gesinslede darf ook nie buite rekening gelaat word nie.

Gebrekkige dissipline kan aanleiding gee tot 'n verwarde adolessent. Soms is die ouers te streng, soms te toegeeflik en waar die ouers self moreel swak is, is hulle dikwels onverskillig omtrent die tug van hulle kinders. Die uitwerking van swak tug is kumulatief. Die nimmereindigende geneul oor werk wat nie gedoen is nie, die klappe vir geraas of onverskilligheid en aller-

57) In sy gesaghebbende werk oor jeugprobleme het Burt besondere aandag hieraan gegee. Burt, C., The Young delinquent, 1952.

lei onnodige beperkings word naderhand vir die kind ondraaglik. Om sy doel te bereik en om bestraffing vry te spring, kan die kind sy toevlug neem tot leuens en bedrog. Dit kan weer aanleiding gee tot skuldgevoelens wat op hul beurt weer die selfkonsep kan skaad.

"Discipline consists primarily of habit formation. The principles of learning involved in habit formation are essential in discipline".⁵⁸⁾ Dissipline berus op twee noodsaaklike vereistes;

- (a) dit is opbouend en dui aan wat aanvaarbaar is, en
- (b) dit lê onaanvaarbare gedrag aan bande.

Inkonsekwente dissipline laat die onderskeid tussen wat wenslik en onwenslik is, vervaag.

Baumrind (1967) het 'n betekenisvolle ondersoek gedoen ten opsigte van drie groepe kleuterskoolkinders wat ten opsigte van persoonlikheid en gedrag skerp verskil het. Sy het bevind dat elke groep 'n duidelike en ongeskrewe gesinsagtergrond het. Haar bevindinge kan as volg opgesom word:⁵⁹⁾

a. Patroon 1

Die kinders is die rypste; hulle is opgewasse, tevrede en onafhanklik, realisties, selfstandig, ondersoekend, kan hulleself laat geld en soek aansluiting by die groep.

Die ouers van hierdie kinders: hulle oefen ferme

58) Hurlock, E., Child development, 1972, p.382

59) Baumrind, D., Child care practices antecedent to three patterns of pre-school behaviour, 1967, pp.43-88

beheer uit en stel hoë eise en verwag eerste-rangse optrede, steun die kinders, kommunikeer duidelik en ook die meeste.

b. Patroon 2

Die kinders is matig selfstandig en beheers, taamlik ontevrede, onseker, teruggetrokke, wantrouig. Hulle toon min belangstelling in maats en raak maklik vyandig onder druk.

Die ouers van hierdie kinders troetel die kinders minder en is minder betrokke as die ouers van 1 en 3. Hulle beheer met vaste hand en is nie ondersteunend of liefderlik nie. Daar is swak kommunikasie tussen hulle en hulle kinders; beheer word uitgeoefen met mag eerder as met redelikheid. Die ouers het nie aanvaar dat die kinders mag verskil nie, en het hulle ook nie daartoe aangemoedig nie.

c. Patroon 3

Die kinders is onryp, baie afhanklik, minder beheers en selfstandig as 1 en 2; het teruggedeins voor nuwe en moeilike situasies.

Die ouers van hierdie kinders is warm en beskermend maar ongeneë tot beheer, stel min eise en is nie eintlik begaan oor opvoeding vir onafhanklikheid nie. Hulle is oorbeskermend en sal onafhanklikheid nóg aanmoedig nóg beloon.

Wanneer ons na die gesinself kyk, blyk dit uit Erik Erikson se psigoanalitiese ontwikkelingsteorie dat hierdie dimensie reeds gedurende die eerste lewensjare gevestig word. Die eerste trap in Erikson se ontwikkelingsteorie is dié van basiese vertroue teenoor wantroue (vanaf geboorte tot $\frac{1}{2}$ een jaar). Die suigeling se eerste ontwikkelingskrisis bestaan in die ontwikkeling van vertroue in die moeder, van wie hy vir sy fisiologiese voortbestaan en fisiese gemak afhanklik is.

Hierdie eerste stadium stem met Freud se orale stadium ooreen, en vorm die basis vir die mate van selfvertroue en vertroue in die medemens wat die individu later sal openbaar. Bevrediging van orale drifte, maar veral 'n warm en gesonde verhouding met die moeder, gee aanleiding tot vertroue in die medemens en omgewing. As die baba nie in sy behoeftes bevredig word deur 'n letterlik en figuurlik warm omgewing nie, kan wantroue en oormatige afhanklikheid die gevolg wees. Sukses in die oplossing van dié krisis verseker 'n gladde oorgang na die volgende ontwikkelingsstadium. Die betekenis en funksie van die moeder, vader en ander gesinslede word dan al hoe meer beduidend.

Tydens die stadium van outonomie teenoor skaamte en twyfel (een tot twee jaar) verkeer die kind met albei ouers in beduidende verwantskappe. Die skending van die kind se waardigheid as gevolg van ouerlike twyfel

in die kind se vermoëns lei tot negatiewe benaderings, soos oormatige selfkritiek. 'n Basiese gevoel van outonomie in die kind, lei tot respek vir ander se outonomie.

Gedurende die periode van drie tot vyf jaar (inisiatief teenoor skuld - Erikson) probeer die kind aktief om deel van die gesin te word. Hy speel en stel homself in ouerlike- en geslagsrolle, en die oedipus-dilemma dwing identifikasie met die ouer van dieselfde geslag af. 'n Geslagsrol word aangeneem en die ouers se standarde, wat deur hulle sosiokulturele milieu vasgelê is, word deur die kind geïnternaliseer.

Binne die raamwerk van sy beperkings en vermoëns, tesame met sosiale verhoudings met ouers en ander volwassenes, begin 'n ego-identiteit ontwikkel. Die kind sien homself as 'n wese met 'n erkende doel in sy omgewing, en hy is minder egosentriek as in die vorige stadia. Hy begin mense en objekte as aparte entiteite waarneem. Onsuksesvolle ontwikkeling en hantering van bogenoemde verhoudings lei tot skuldgevoelens. As die kind sy voorheen ontwikkelde vertrouwe en outonomie nie kan handhaaf nie, en as hy nie die konflik tussen selfgelding en selfbeheer kan hanteer nie, kan oormatige konformiteit, selfkritiek en skuld tot blokkering van inisiatief lei.

Dit is dus duidelik dat met sy toetrede tot die skool die kind se gesinself in 'n redelike mate gevestig is.

Met sy toetrede tot die skool verbreed die horison van sy leefwêreld. Hy kom met al hoe meer mense in aanraking en die gesin dien as verwysingsraamwerk in sy verhouding met ander mense. Die ouers kan sekere vriende afkeur en die kind moet besef waarom dit so is. Daarom moet die ouers duidelik en ondubbelsinnige norme en standaarde daarstel, waarvolgens die kind se Self verder kan gedy in sy verhouding met ander mense.

Jersild beskou die verhouding van die adolessent met sy ouers as 'n drama in drie bedrywe:⁶⁰⁾

- a. In die eerste bedryf is die adolessent steeds baie afhanklik van sy ouers en staan hy nog sterk onder hulle invloed. Hy word egter al hoe meer bewus van sy ouers as persone. Die adolessent raak al hoe meer bedrywig met buitenshuise aangeleenthede.
- b. Die tweede bedryf behels "The struggle for emancipation".⁶¹⁾ Om die selfbeeld van 'n volwasse te ontwikkel, moet die kind die afhanklikheid van die kinderjare aan die ouers ontgroei. Hy moet afstand doen van grootse aanhanklikheid van sy ouers en moet in staat wees om sy aanhanklikheid na waarskynlike maats te verskuif. Die uiteindelijke mikpunt sal wees om die rol van 'n

60) Jersild, A.T., The psychology of adolescence, 1968 p.229

61) ibid.

ouer aan te neem. Alhoewel hierdie stryd om emansipasie dikwels 'n stille stryd is waar die adolessent al hoe meer verantwoordelikheid vir homself opeis, word hierdie stryd tog dikwels gekenmerk deur konfliktsituasies wat belaaï kan wees met gevoelens van angstigtheid vir beide die adolessent en sy ouers.

- c. Indien alles goed verloop het in die vorige bedryf, sal die stryd om emansipasie in die derde bedryf kalmer word, sodra die jong persoon sy plek tussen meer volwasse maats moet inneem. Die drama het egter nog nie geeïndig nie, omdat die invloed van ouers tot in die volwasse lewe geld. Die gesinself behoort nou stewig gevestig te wees en sal gekenmerk word deur 'n verskeidenheid van kenmerke:

- (1) Baie persone wat gedurende hul tienerjare teen ouerlike gesag, ideës en houdings geskop het, sal hierdie ideës en houdings as hulle eie aanneem gedurende hul vroeë twintigerjare.
- (2) Baie persone is steeds besig om die bestaande konsepte en gevoelens wat hulle van hulle ouers koester, in heroorweging en herwaardeering te neem.

- (3) Sommige persone koester nog steeds gevoelens van bitterheid teenoor die ouers.
- (4) Sommige persone het 'n diepe gevoel van teerheid teenoor hul ouers.
- (5) Sommige persone sal, wanneer hulle self ouers geword het, dit vir die eerste keer waardeer en erken wat die ouers vir hulle beteken het.

Die ontwikkeling van 'n gesinself word voorts gekenmerk deur 'n toenemende bewuswording van gesinskaraktertrekke. Gedurende die adolessente jare word die jongeling al hoe meer bewus van en gevoelig vir toestande tuis en eienskappe van die gesin wat sy eie trots en prestige 'n knou kan toedien. Faktore soos die voorkoms van die ouers en ander gesinslede, die toestand van die huis, motor en meubels, die gewoontes en gedrag van die ouers, broers en susters, die sosiale en ekonomiese status van die gesin, blyk 'n invloed op die ontwikkeling van die Self te hê.⁶²⁾

Sommige adolessente sal 'n sterk hervormingsgees openbaar wanneer hulle graag wil hê dat die gesin goed moet vertoon in die oë van ander mense. So mag die vader aangespreek word as sy kleredrag nie netjies genoeg is nie; die moeder word aangespreek omdat die algemene huishouding nie na wense in die oë van die adolessent is nie; jonger broers en susters word betig

62) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.229

omdat hulle so rumoerig is, ensovoorts. "The impulse to reform, while it is not displayed by all adolescents, may be so strong for a time that the youngster is hard to live with. This is especially so if the youngster's parents or other members of his family already feel inferior or defensive".⁶³⁾

Soos die gesinself al hoe meer standvastiger word, is daar 'n duidelike ontgroeiing van kinderlike afhanklikheid van die ouers. Dit dien daarop gelet te word dat emansipasie van die ouers nie dieselfde is as om hulle te verwerp nie. Ons besef egter ook dat in die stryd om onafhanklikheid, baie adolessente deur 'n stadium van ouerlike verwerping sal gaan. Soos die Self egter ontplooi en die ontwikkeling van die adolessent as normaal en ewewigtig bestempel kan word, hoef daar nie 'n verwerping van ouerlike figure te wees sodra die adolessent in konflik-situasies met die ouers beland nie. 'n Mens wat ten volle ge-emansipeerd is, sal gevoelens van liefde en teerheid vir sy ouers koester. Voorts sal hy die mooi ideale wat hulle hom aangeleer het, met trots nastreef en steeds die vyfde gebod met liefde en heiligheid onderhou: "Eer jou vader en moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God jou gee".⁶⁴⁾

Die adekwate Self in gesinsverband, toon kenmerke

63) ibid.

64) Die Bybel, Exodus 20:12

soos die begeerte en vermoëns om verantwoordelikheid te aanvaar vir die EIE gedagtes, gevoelens, morele standpunte en belangrike besluite.⁶⁵⁾ Die geëmansipeerde Self sal by sy ouers aanklop om raad, maar sal nie die ouers toelaat dat hulle besluite namens hom neem en aan hom voorskryf nie. "He respects his parents' moral values, but he measures what is right and wrong by his own convictions and not simply in terms of what he thinks his parents will approve or disapprove".⁶⁶⁾ In hierdie verband word streng vereistes gestel ten opsigte van die kommunikasie tussen die ouer en die kind. Dit sal 'n goeie ding wees as die ouers en die kinders in baie situasies oor die vrymoedigheid sal beskik om sake openlik met mekaar te bespreek. Dit kan egter net geskied as die Self van die kind en die Self van die ouer mekaar kan vind in 'n liefdevolle harmonieuse gesinsatmosfeer van onderlinge begrip en vertroue.

Ten slotte kan daarop gewys word dat een van die grootste take van die gesinself die verkryging van 'n realistiese beeld van die ouers is.⁶⁷⁾ Die kind het deur die jare konsepsies van sy ouers, hul standaarde, verwagtings en beeld vir hom opgebou. Hierdie konsepte is realisties tot daardie punt waar hy hulle sien soos hulle werklik is. Hierdie beeld word egter verwring wanneer hy hulle verkeerd persipieer as gevolg van sy eie

65) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.231

66) ibid.

67) ibid.

behoefte en beperkte begripsvermoë. Toe die kind nog klein en hulpeloos was, was die ouers groot en sterk. Hulle was amper almagtig in sy oë en dit is nie vir die adolessent maklik om hierdie verhewe beeld in sy ware perspektief te plaas nie. So was sy ouers ook magtige figure in 'n morele sin, want dit was hulle wat beslis het wat is reg en wat is verkeerd, en hulle wat gestraf of beloon het. Die gesinself het al ver ontwikkel wanneer die Self in staat is om 'n al hoe meer realistiese beeld van die ouers te vorm.

4. Die sosiale Self

Die sosiale Self hou verband met die vermoë om met ander mense te verkeer op 'n wyse wat ooreenkom met die individu se algemene ontwikkelingspeil. Die sosiale Self van die tweejarige sal dus radikaal van dié van die tienjarige verskil, dié van die adolessent sal van dié van die volwassene verskil en dié van die bejaarde sal weer van dié van die jong volwassene verskil.

Ten einde aanvaar te word en goedkeuring te geniet, moet die individu hom gedra ooreenkomstig die verwagtinge, waardes en norme van sy kultuur en sy sosiale groep, hetsy geslag, ouderdom of klas. "If he is to live a reasonably well-adjusted life, the individual must acquire many of the behavioural patterns and characteristics that are appropriate for his sex, family, social class, ethnic and religious groups. The

process of acquiring these characteristics begins very early in the child's life and is determined by the nature of his interaction with others".⁶⁸⁾

Gedurende die tweede lewensjaar begin die agente van sosialisering - gewoonlik in die vorm van ouers en ander lede van die gesin - om die kind op aktiewe wyse volgens hierdie wyse te vorm. In hierdie stadium word sosialisering toegespits op die oplê van beperkinge op onaanvaarbare gedrag. Die aspekte wat gewoonlik in hierdie opsig aandag geniet, is toiletonderrig, gevoelsuiting en verkenningsaktiwiteite. Die metodes wat gebruik word, sluit in die inperking van aktiwiteite, beloning vir goedgekeurde gedrag, en straf vir onaanvaarbare gedrag. Die sosiale Self vind dus sy ontstaan in die gesin en sodra die kind die leefwêreld buite gesinsverband betree, sal hierdie sosiale Self al hoe meer in staat gestel word om te ontwikkel.

Wanneer die verskillende dimensies van die selfkonsep in oënskou geneem word, moet dit steeds in gedagte gehou word dat, alhoewel ons tussen hulle kan differensieer, hulle tog interafhanklik van mekaar is en moeilik as onafhanklike en losstaande konstrukte beskryf kan word. So sal die sosiale Self byvoorbeeld aansluiting vind by die gesinself. 'n Gesonde gesinself behoort 'n stewige grondslag te lê vir die ontwikkeling en ontplooiing van die sosiale Self.

68) Mussen, P.H., et. al., Child development and personality, 1965, p.1

Met sy toetrede tot die laerskool (hy is dan ongeveer ses jaar oud) betree die kind ook 'n wyere sosiale omgewing. Die gesin bly egter steeds belangrik vir die ontwikkeling van sy selfkonsep. Dit is tuis waar hy sy belewenisse evalueer en sif; hier kom soek hy troos en bemoediging. Mussen stel dit dan ook dat "... relationships with parents remain, for most children, the most important factor in determining the kind of person the child will become and the kind of problems he will face in his quest for maturity".⁶⁹⁾

Die kind se verhoudings en ervarings met sy leeftydgenote is egter van net so 'n groot belang vir die ontwikkeling van sy sosiale Self. Leeftydgenote vervul 'n besondere funksionele rol vir die sosiale Self, naamlik sosiale ondersteuning as modelle vir nabootsing, skep geleenthede vir die leer van sosiale rolle en die verskaffing van standaarde vir selfevaluering.⁷⁰⁾

a. Leeftydgenote en sosiale ondersteuning

Ons kan 'n kind se verkeer met sy maats vergelyk met 'n psigoterapeutiese proses: Die kind word verbied om na 'n partytjie te gaan en bekla sy lot jammerlik by sy broeder in verdrukking. Op dié manier raak hy van vyandige gevoelens ontslae en wen hy sielkundige steun teen gesagsmaatreëls in die algemeen.

69) Mussen, P.H., e.t al., op. cit., 1974, p.472

70) ibid., p.515

Berenda (1950) het byvoorbeeld aangetoon dat kinders vatbaarder is vir die invloed van hul leeftydgenote as vir dié van hul onderwysers.⁷¹⁾ Uit sy bevindinge wil dit ook voorkom asof die ouer sy sentrale plek ten opsigte van invloed op die kind toenemend inboet namate die kind al hoe ouer word en met sy leeftydgenote verkeer.

So is adolessensie dan by uitstek 'n tyd van sosiale verkeer, maar dikwels ook 'n tyd van intense eensaamheid - selfs te midde van die teenwoordigheid van die ouderdomsgroep. Dit is dan wanneer die rol van vriendskap na vore tree. 'n Hegte vriendskap is intiemer en opregter as 'n oppervlakkige vriendskap en dit is nie vir die adolessent nodig om tussen ware vriende doelbewus só op te tree dat hy groter populariteit en sosiale aanvaarding geniet nie.

In 'n vriendskapsverhouding kan hy sy gevoelens van angs, twyfel en wrewel teenoor die ouers en die samelewing openbaar, sonder die vrees om verwerp of bespot te word. 'n Vriend wat lojaal en betroubaar is, bied steun en sekuriteit tydens emosionele krisisse. Die individu moet sy self handhaaf en beskerm en die sosiale Self as 'n dimensie van die Self sal tussen ware vriende in die geleentheid gestel word tot selfhandhawing en self-

71) Rappoport, L., Personality development, 1972, p.100

ontplooiing. Heelwat gesprekke van minder of meer intieme aard word in 'n vriendskapsverhouding gevoer, selfondersoek vind plaas, ervarings, planne, ambisies asook intieme geheime word gedeel. Onsekerheid oor die heteroseksuele verhouding, asook die geslagsrolidentiteit word deur middel van gesprekke met 'n vriend verlig. Sodoende word die sosiale Self in die geleentheid gestel om van angsgevoelens ontslae te raak wat die ontwikkeling daarvan kan strem, en kan die sosiale Self dit self al hoe meer oriënteer ten opsigte van sy posisie en verantwoordelikhede teenoor ander mense.

b. Leeftydgenote as modelle vir nabootsing

Kinders tree dikwels op soos hul maats tot groot onrus van hul ouers. Sommige vorms van gedrag wat so geleer word, kán kommer wek, maar die ouer is nie altyd bewus van hoeveel waarde die nabootsing vir die ontwikkeling van die sosiale Self kan wees nie. Die kind leer veral sekere fisiese en sosiale vaardighede aan wanneer hy leertydgenote effens ouer as hyself naboots. Dit verseker 'n al hoe meer adekwate sosiale Self wat die kind die nodige selfvertroue sal gee om korrek op te tree in sy interaksie met ander mense.

Alhoewel die ouer sy sentrale plek ten opsigte van die invloed op sy kind in 'n mate kan inboet, moet onthou word dat spesifieke situasies sal bepaal

in hoe 'n mate die ouer of tydgenote se opinie aanvaar sal word. Die ouderdomsgroep sal byvoorbeeld invloed hê op sake soos verhoudings met die teenoorgestelde geslag, kleredrag en keuse van musiek, terwyl die ouers se opinie groter gewig sal dra wanneer morele en sosiale waardes en aspekte van die volwasse wêreld aandag geniet. Slaafse konformiteit met 'n groep is dikwels die gevolg van te min aandag en belangstelling tuis, verwerping deur die ouer of 'n gebrek aan warmte en begrip.

Die behoefte om te konformeer met die ouer of groep sal wissel van adolessent tot adolessent. "Thus, more self-confident, more autonomous (democratically reared) adolescents may be able to profit from the views and learning experiences provided by both parents and peers".⁷²⁾

- c. Leeftydgenote bied geleentheid vir die leer van sosiale rolle

Die kind vergelyk sy optrede teenoor sy eie ouers met dié van sy maats teenoor hul ouers. Daar is 'n gedurige leerproses aan die gang waartydens die kind sy eie rol as kind fyner definieer. Weliswaar bring die gedrag wat nou vanuit sy breëre ervarings kom, hom soms in botsing met sy ouers, maar oor die algemeen is die ervaring waardevol vir die ontwikkeling van die sosiale Self. Dit kan

72) Mussen, P.H., et. al., op. cit., 1974, p.577

byvoorbeeld bevorderlik wees vir die ontwikkeling van 'n verantwoordelike selfkonsep omdat daar gewoonlik 'n konsensus binne die groep van leeftydgenote bestaan oor verantwoordelike gedrag. 'n Dogter sal byvoorbeeld aan haar maats sê: "Ek moet my moeder met die huiswerk help", wetende dat soortgelyke maatreëls by feitlik al haar vriendinne geld.

Benewens die herformulering van sy rol as kind teenoor die gesag van die ouer, leer die kind om 'n hele aantal sosiale rolle uit te toets. Hy probeer 'n verskeidenheid rolle uitleef en toets sy eie vaardigheid en tevredenheid daarmee. Hy sal byvoorbeeld beurtelings die rol van leier of volgeling op hom neem en mettertyd dié rol aanneem wat hom die beste pas. Die sosiale Self is met volle sterkte hier teenwoordig en die uittoetsing van verskillende rolle het dit as doelstelling om die sosiale Self uit te bou om al hoe meer die sosiale verantwoordelikhede suksesvol die hoof te bied in die mens se interaksie met ander mense.

Een van die belangrikste rolle wat die mens moet vul, is die geslagsrol. So vind ons dat die geslagsdrang by die adolessente seun sterker is as by die dogter. Die sosiale Self moet nou help om maniere te vind waarop hy sy seksuele behoeftes kan

bevredig sonder oormatige skuldgevoelens of beperkende inhibisies. Faktore soos die geslag van die adolessent, die ouer-adolessent-verhouding en die heersende sosiale standaarde en waardes, sal bepaal hoe hy hierdie ontwikkelingstaak sal bemeester. Mitchell (1971) noem die volgende behoeftes wat deur heteroseksuele verhoudings binne die raamwerk van leeftydgenote bevredig word:⁷³⁾

- (1) Die behoefte aan vertroosting deur kontak. Hierdie behoefte word geïllustreer deur die verskynsel van tieners wat hande vashou of mekaar omhels.
- (2) Die behoefte om te behoort. Volgens Maslow is dit 'n belangrike behoefte by die mens. Twee tieners beklemtoon dikwels die feit dat hulle bymekaar hoort deur dieselfde klere te dra.
- (3) Die behoefte aan oorheersing gekoppel aan die drang tot onderwerping. Volgens voorgeskrewe geslagspatrone bevredig die seun dikwels sy behoefte aan oorheersing, maar kan ook tekens toon van onderwerping deur sy nooientjie te verafgod.
- (4) Die behoefte om ander na te aap. Mitchell wys daarop dat die individu wat geen hetero-

73) Mitchell, J.J., Adolescence: some critical issues, 1971, p.96

seksuele verhouding het nie, gewoonlik op vyftien- of sestienjarige ouderdom bewus word van 'n gemis, aangesien lede van sy groep "afpaar". Die sosiale Self voel vereensaam en daarom sal hy dan op dieselfde wyse optree om nie "anders" te wees nie.

d. Leeftydgenote verskaf standarde vir selfevaluering

Die vroeëre selfbeeld wat die kind in wisselwerking met sy ouers tuis opgebou het, word dikwels versterk of selfs verander, afhangende van die wisselwerking tussen die kind en sy leeftydgenote. Onvermoë in vaardighede wat vir sy leeftydgenote belangrik is, kan sy verhouding met hulle nadelig raak. Ouers kan hier weinig direkte invloed uitoefen, behalwe om die nodige geleenthede te verskaf vir die oefening van vaardighede wat vir die leeftydgenote belangrik is, byvoorbeeld swem- en musieklesse.

Die sosiale status wat die kind tussen sy leeftydgenote geniet, is natuurlik direk betrokke by die proses van selfevaluering. Die kind wat deur sy maats aanvaar word, sal gunstig oor homself kan dink; die verwerpte kind sal die negatiewe reaksies teenoor hom waarneem en akuit voel.

Bonney het kinders uitgewys as gewild of ongewild deur middel van 'n sosiogram en toe onderwysers en maats gevra om hul persoonlikheids-trekke met behulp van 'n skaal te beskryf.⁷⁴⁾

Die gewilde kinders is oor die algemeen beskou as sosiaal aktief en het een van twee groepe persoonlikheidstrekke getoon. Die eerste groep trekke was sterk positief en aggressief, byvoorbeeld leierskap, entoesiasme en aktiewe deelname in groepsaktiwiteite. Die tweede groep trekke het bestaan uit kenmerke wat 'n vriendelike en opgewekte ingesteldheid weerspieël het (bv. netjies, mooi, baie lag, gelukkig, vriendelik). Gewilde kinders toon ook die volgende kenmerke naamlik dat hulle nie onttrek nie, sagmoedigheid teenoor ander leeftydgenote, selfvertroue, sensitief vir die sosiale behoefte van andere, aanpassing tot groepnorme, vermoë om vir die Self te lag. Daarteenoor is ongewilde kinders dikwels onseker, vyandig en onttrekkend. Dat daar 'n noue verband tussen die gesinself en die sosiale Self kan bestaan, word ook duidelik in Bonney se ondersoek geïllustreer deurdat hy die kenmerke wat met gewildheid saamgaan, uitgewys het as die gevolg van belonende interaksies binne die gesin gedurende die vroeë kinderjare.

74) Mussen, P.H., et. al., op. cit., 1974, p.519

Ten slotte het Hurlock bevind dat die adolescent wat voel dat hy nie deur andere aanvaar word nie en sosialiseringsprobleme ondervind, met daadwerklike hulp van buite gehelp kon word. Die sosiale Self kan met die volgende tegnieke verbeter word:

- (1) die uitskakeling of modifikasie van persoonlikheidstrekke wat verwerping teweegbring;
- (2) verhoogde deelname aan sosiaal aanvaarbare groepsaktiwiteite;
- (3) verhoogde waarde van sosiale deelname;
- (4) verbetering in sosiale vaardighede;
- (5) verbetering in gespreksvermoë;
- (6) ontwikkeling van 'n sin vir humor;
- (7) ontwikkeling van sosiale insig;
- (8) ontwikkeling van Self-insig;
- (9) ontwikkeling van selfvertroue, en
- (10) verbetering van reputasie.⁷⁵⁾

5. Die sedelike Self

Die sedelike Self hou verband met die mens se sedelike en religieuse waardes. Die sedelike Self is daarvoor verantwoordelik in hoe 'n mate deugde soos eerlikheid, goedheid, getrouheid en waarheid uitgeleef word.

Een van die belangrikste ontwikkelingstake wat die jong adolessent moet bemeester, is om aan te leer wat

75) Hurlock, E.B., Adolescent development, 1967, p.187

die maatgroep van hom verwag. Hy moet dan sy gedrag sodanig wysig om aan hierdie verwagtinge te voldoen, sonder die konstante voorligting, toesig en dreigemente van straf wat hy as kind ervaar het. "He is expected to replace the specific moral concepts of childhood with general moral principles and to replace behaviour controlled from without with internal controls".⁷⁶⁾

Die grondslag vir 'n stewige sedelike Self word reeds gedurende die kinderjare gelê. 'n Bestendige sedelike Self wat gefundeer is op 'n stewige grondslag, sal in staat wees om die vele versoekinge op die lewensweg die hoof te bied. So sal die adolessent dan byvoorbeeld ook in staat wees om aan sosiale verwagtinge te voldoen en die beheer algaande oor te neem wat voorheen deur ouers en onderwysers behartig was. Gedurende adolessensie sal die kind in die geleentheid gestel word om daardie beginsels van reg of verkeerd wat reeds gedurende die kinderjare gevestig is, te beoefen.

Die sedelike Self is ook intens betrokke by die verhoudinge met lede van die teenoorgestelde geslag. Die kind moet voldoen aan die norme van die kultuur. Seuns en dogters moet hulle korrek identifiseer met die geslagsrol en elkeen sal onder morele verpligtinge geplaas word ten opsigte van daardie rol wat vervul moet word. Die adolessent sal in hierdie verband byvoorbeeld 'n morele kode van sy eie opbou wat gebaseer

76) Hurlock, E., Developmental psychology, 1968, p.430

word op die morele konsepte vanuit die kinderdae, maar wat verander en gemodifiseer word om te voldoen aan sy meer volwasse peil van ontwikkeling.

Sosiale verwagtinge van interne beheer sal ook aan die adolessent die nodige motivering verskaf om sy gewete te ontwikkel. "Conscience is the internal controlling force that makes external controls unnecessary".⁷⁷⁾ In die ontwikkeling van die gewete sal aangename emosionele reaksies geassosieer word met groepgoedgekeurde gedrag, terwyl onaangename emosies in verband gebring word met die afkeuring van die groep van sekere gedragswyses. Gevoelens van skaamte en skuld sal vanuit hierdie onaangename emosies voortspruit. Skuldgevoelens sal as 'n interne beheer dien in dié mate dat dit onaangename emosionele reaksies veroorsaak wanneer die individu self besef dat sy gedrag te kort skiet van sosiale verwagtinge. Skaamtegevoelens sal weer net onaangename skuldgevoelens veroorsaak wanneer die individu van ander mense se houdings aflei dat sy gedrag nie na wense is nie. Beide hierdie tipes van gevoelens is noodsaaklik vir 'n gebalanseerde sedelike Self, omdat beide belangrike rolle vervul in die beheer van individuele gedrag.

Die sedelike Self is ook gemoed met die aanvaarding van dissipline. Die beoefening van dissipline kan die kind se gedrag op verskillende maniere affekteer. Navorsing⁷⁸⁾ het byvoorbeeld aangedui dat kinders wat

77) ibid., p.431

78) Hurlock, E., op. cit., 1967, p.235

in 'n permissiewe klimaat grootword, neig om selfsugtig te wees, nie die regte van ander mense in ag neem nie, aggressief en onsosiaal in hulle verhoudinge met leeftydgenote is. Kinders wat onderwerp word aan streng outoritêre beheer is gewoonlik baie gehoorsaam en tree vroom voor volwassenes op, terwyl hulle verdedigingsreaksies soos aggressiwiteit in fisiese en verbale vorme aanwend in die teenwoordigheid van leeftydgenote. Kinders wat aan demokratiese dissipline onderwerp word, leer om hulle-self daarvan te weerhou om sekere dinge te doen wat hulle graag sou wou doen, sodra hulle weet dit is verkeerd. Deur só te handel leer hulle om meer bedagsaam teenoor ander mense op te tree.

Die sedelike Self voorsien ook die breë riglyne van gedrag om ideale na te streef en sekere waardes voor te hou. Wanneer ons oor waardeoriëntasies wil besin, moet ons as verwysingsraamwerk 'n standaard klassifikasie hê. Ons mag sê dat 'n persoon 'n Christen, Kommunis, Kapitalis of Realis is, bedoelende dat die meeste kenmerke in die individu se lewe gekom het, deurdat hy die waarde-oriëntasie van 'n sekere lewensfilosofie gevolg het. Spranger beweer dat die lewes hoofipes van waardes huisves.⁷⁹⁾ Hierdie waardes sal in 'n verskeidenheid van intensiteite 'n beroep op die sedelike Self doen om deur die individu aange-

79) Allport, G.W., op. cit., 1961, p.296

neem te word. Die waarde-tipes van Spranger is die teoretiese, ekonomiese, estetiese, sosiale, politieke en die religieuse.⁸⁰⁾

a. Die teoretiese waarde-tipe

Die kenmerkende belang van die "ideale" teoretiese mens is die soeke na waarheid.

b. Die ekonomiese waarde-tipe

Die "ideale" ekonomiese mens het belang in dit wat bruikbaar en nuttig is.

c. Die estetiese waarde-tipe

Die estetiese mens sien sy hoogste waarde in vorm en harmonie. Elke ondervinding word beoordeel van die standpunt van grasia, simmetrie en fiksheid.

d. Die sosiale waarde-tipe

Die "ideale" sosiale mens word gekenmerk deur liefde vir ander mense.

e. Die politieke waarde-tipe

Hierdie tipe stel hoofsaaklik belang in mag.

f. Die religieuse waarde-tipe

Hierdie tipe streef na eenheid. Die lewe word as 'n geheel beskou, met die mens in betekenisvolle verband met die grootheid daarvan.

Ten slotte behoort die verband tussen die sedelike

80) ibid., pp.297-300

Self en die godsdiensoefening van die individu van nader beskou te word. Die mens is gedurig besig om oor die betekenis en doel van die lewe te peins. Daar bestaan 'n wesenlike behoefte om lewenservaringe met ander mense te deel en gesamentlik na 'n oplossing te soek na die probleme, teenstrydighede en konflikte van die alledaagse bestaan. Remmers het byvoorbeeld bevind dat die mens gedurende die adolessente tydperk vrylik met die kerk affilieer en ander belangrike besluite neem wat die godsdiensoefening en sedelike Self raak.⁸¹⁾

Die adolessent bevind homself in 'n wêreld waar daar verskillende standaarde bestaan ten opsigte van sosiale verkeer, beoefening van die beroep, ensovoorts. "The adolescent needs help and guidance in arriving at a set of values and standards to guide him in life. Certainly at the present time in our culture, adolescents are largely dependent upon religion to help them".⁸²⁾ 'n Behoefte van die mens wat die beste deur godsdiensoefening bevredig kan word, is die behoefte aan emosionele beheer en simpatie.⁸³⁾

Die adolessent het behoefte aan diepgewortelde oortuigings en lojaliteite aan sekere ideale wat stabiliteit en stukrag aan sy sedelike Self sal verleen. Daarom speel emosies so 'n belangrike rol in die Self

81) Garrison, K.C., Psychology of adolescence, 1965, p.186

82) ibid.

83) ibid.

se dryfkrag wat so noodsaaklik is vir selfbeheer. Emosies word dan ook daadwerklik omskryf as "the modes of physiological integration through which we meet relatively critical situations".⁸⁴⁾

'n Sedelike Self wat gebaseer is op impulse en fisiologiese drange wat nie geïnternaliseer is deur opvoeding in 'n godsdienstige atmosfeer nie, sal 'n gebrek hê aan die fundamentele beginsels wat noodsaaklik is vir veralgemenings om bewus te wees van die behoeftes en welstand van ander mense. Dit spreek vanself dat die invloed van die godsdiens op die sedelike Self nie by alle mense ewe sterk waarneembaar sal wees nie, want die invloed wat uitgeoefen sal word, hang in die eerste plek ten nouste saam met die godsdienstige agtergrond en opvoeding van die kind sedert geboorte tot volwassenheid. As die voorskoolse opvoeding morele en godsdienstige leiding byvoorbeeld verwaarloos het, kan dit 'n groot struikelblok wees in persoonlikheidsontwikkeling en gevolglik nie die prikkels verskaf vir die ontwikkeling van die gesindheid van Selfwaarde nie. Dit stel die kind bloot aan wanaanpassings, byvoorbeeld 'n minderwaardigheidskompleks.⁸⁵⁾

By die mens met 'n goeie en deeglike godsdienstige agtergrond en opvoeding, sal sy godsdiens 'n positiewe invloed uitoefen op die sedelike Self wat gevolglik

84) Garrison, K.C., op. cit., 1965, p.187

85) Pikunas, I. en Albrecht, E.J., Psychology of human development, 1961, p.143

ook in sy gedrag tot uiting sal kom. Dit kan met vrymoedigheid beweer word dat feitlik die hele filosofie van die individu se lewe gebaseer word op sy godsdiens, met ander woorde die invloed van die godsdiens op die Self.⁸⁶⁾

"True religious experiences are about as close to Selfhood as most men will ever come".⁸⁷⁾

6. Die evaluatiewe aspek (Self-evaluasie, Selfkritiek en Selfagting)

Self-evaluasie is 'n beoordelingsproses waarin die individu sy handelwyse, vermoëns en attribute ondersoek volgens sy eie persoonlike standaarde en waardes en dan tot 'n besluit van sy eie waardigheid kom.⁸⁸⁾

'n Persoon se Self-evaluasie stem dus oor die algemeen ooreen met daardie gedragswyses van hom wat op óf teoretiese óf empiriese grondslae waarskynlik daardie Self-evaluasie sal reflekteer. Coopersmith sê dat ons in hierdie verband te doen het met Self-houdings wat in gedragsuitdrukkings geopenbaar word.⁸⁹⁾ Die houdings wat tot die Self gerig word, kan op dieselfde wyse gedefinieer word as houdings wat gerig word teenoor ander voorwerpe: "an orientation toward or away from some object or event and a predisposition to respond favorably or unfavorably toward these and related

86) ibid., p.165

87) Hall, C.S. en Lindzey, G., Theories of personality, 1957, p.86

88) Coopersmith, S., The antecedents of Self-esteem, 1967, p.6

89) ibid.

objects and events".⁹⁰⁾ Hierdie houdings teenoor die Self kan ook bewustelik of onbewustelik wees. Hulle is waarskynlik soos ander houdings deur positiewe en negatiewe affektiewe konnotasies te dra, en deurvleg te wees met intellektuele en motiverende prosesse. Die individu behoort byvoorbeeld nie bewus te wees van sy EIE houdings teenoor HOMSELF nie, alhoewel hulle tog in sy stemtoon, houdings, gebare en optrede uitgedruk word.

Coopersmith het intensiewe navorsing oor die evaluatiewe aspek van die Self gedoen en bevind dat mense hulself na waarde skat volgens waardes en ideale wat relevant en belangrik vir hulle is.⁹¹⁾ So sal 'n persoon wat akademiese sukses as belangrik beskou mislukking op dié gebied as vernederend beskou, met gevolglike invloed op die Self. Die mens is 'n strewer na 'n verskeidenheid van ideale wat vir elke mens hiërargies van aard kan wees. Dit is nie te sê dat alle mense byvoorbeeld akademiese of sportprestasies as die belangrikste sal beskou nie. Daardie mense wat dit nie hoog ag nie, sal dit waarskynlik nie as vernederend beskou as hulle mislukking op dié gebied ervaar nie. Weereens behoort die gevolglike invloed op die Self dan in verhouding te staan met die mens se emosionele belewenis van sulke mislukkinge.

90) ibid.

91) ibid., p.138

Die mens is egter gebonde aan sy sosiale groep wat hom dwing tot konformering van groepporme. So blyk dit uit die resultate van Coopersmith (1967) dat Self-waardevoorkeure geredelik omskryf en gedefinieer word deur die sosiale groep.

Verwerping van gemeenskapstandaarde kan lei tot sensuur, teregwysing en vorme van optrede waar persone met 'n lae selfagting reeds ongewoon sensitief voor is, en wat klaarblyklik die individu sal terugdryf na die beskutting van aanvaarde groepporme. "The values acquired through exposure, imitation and social support are more likely to be employed in Self-judgements than are the values that might be independently developed to maintain a faltering Self-esteem".⁹²⁾

Uit Coopersmith (1967) se navorsing blyk dit dus dat die individu standaarde wat onafhanklik afgelei is, gebruik as verwysingsraamwerk in die beoordeling van die EIE waarde, terwyl hy steeds die standaarde van die sosiale groep ook in gedagte moet hou. Die hoofstandaarde waarvolgens prestasie en karakter beoordeel word, is dié van sukses en erkenning met alle ander in 'n sekondêre posisie.⁹³⁾

Self-evaluasie is gebaseer op 'n vergelyking van handelwyse en vermoëns met persoonlike standaarde binne gewaardeerde gebiede van gedrag.⁹⁴⁾ Sodra die vlak van

92) Coopersmith, S., op. cit., 1967, p.140

93) ibid., p.141

94) ibid., p.147

handeling voldoen aan die standarde binne hierdie gebiede, sal die individu klaarblyklik aanneem dat hy 'n waardige mens is. Wanneer daar egter nie aan hierdie standarde voldoen word nie, sal die individu hoogs waarskynlik aanneem dat hy 'n mislukking is en homself negatief beoordeel. Daarom kan ons aflei dat kennis van objektiewe sukses - akademiese prestasies, sosiale en materiële sukses, ander suksesse - nie 'n voldoende basis vir Self-evaluering is nie. As ons werklik wil begryp waarom twee persone wat gelyke objektiewe sukses behaal het tóg dramatiese teenoorge-stelde gevolgtrekkings ten opsigte van hulle waardig-hede toon, moet ons ook kennis dra van hulle hoop, ideale en aspirasies. So het Coopersmith (1967) be- vind dat die korrelasie tussen aspirasie en selfverwe- senliking betekenisvol hoër is by persone met 'n hoë selfagting as by persone wat hulself as onwaardig ag. "Persons with lower esteem not only set lesser stan- dards, they also fall shorter of achieving them".⁹⁵⁾

By die suksesvolle persoon sal die verhouding van sukses en mislukking wat hy ervaar het, so gelaai wees met sukses dat hy gekondisioneer is om verdere en groter sukses te behaal.

Rosenberg het dan ook bevind dat ervaringe van sukses tot verwagtinge van sukses lei en dat aspirasies hier-

95) ibid., p.147

die verwagtinge weerspieël.⁹⁶⁾ Hy het byvoorbeeld ook bevind dat persone met 'n lae selfagting net so na sukses hunker as andere, maar dat hulle verwagting op sukses veel laer is as persone met 'n hoë selfagting. Eersgenoemde groep van persone glo nie dat hulle oor die vermoë beskik om sukses te behaal en sosiale aanvaarding te verkry nie, en hulle verwag ook dat hulle ideale onvervul sal bly. "This pessimism presumably lowers aspirations, and the lack of confidence will, in the nature of a Self-fulfilling prophecy, increase the likelihood of aborted, half-hearted efforts".⁹⁷⁾

Dit blyk dus dat Self-evaluasie 'n algehele en akkurate kennis van die Self is, en in die besonder van daardie gedagtes en gedragswyses wat pynlik en onaangenaam is om in die gesig te staar. Self-evaluasie is ook nooit perfek nie, omdat sekere swakhede altyd onherkenbaar verbygaan, sekere pynlike ervarings liever vergeet word en sekere onaangename reaksies ongemerk verbygaan. 'n Persoon met 'n nugtere hoë positiewe selfkonsep behoort egter krities te staan teenoor homself en wanneer daar op sy foute gewys word, behoort hy dit dienooreenkomstig te herstel. Navorsingsresultate het aangetoon dat Self-evaluasie 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die selfkonsep. So het Rogers (1948) byvoorbeeld 151 gevalle van jeugmisdaad ondersoek en

96) Coopersmith, S., op. cit., 1967, p.147

97) ibid.

hulle onderwerp aan Self-evaluasie-toetse.⁹⁸⁾ Die resultaat was dat baie van die proefpersone stabiliteit in die samelewing verkry het, deurdad hulle hulself vir die eerste keer werklik begryp het en die Self in betekenisvolle verband kon plaas met die sosiale omgewing.

C. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het hom geleen tot die beskrywing van die selfkonsep se verband met die kognitiewe struktuur en persoonlikheidsorganisasie. Die dimensies van die selfkonsep is ook deeglik in oënskou geneem.

In die empiriese ondersoek wat later volg, word 'n steekproef van adolessente aan die Selfkonseptoets onderwerp. Daarom word in die volgende hoofstuk 'n deeglike studie gemaak van die leefwêreld van die adolessent. Tot op hierdie stadium van die ondersoek het die wetenskaplike karakter van die selfkonsep die meeste aandag geniet. Daarom moet daar, voordat die empiriese ondersoek aangepak word, ondersoek ingestel word na die leefwêreld van die adolessent. Dit sal die nodige wetenskaplik verantwoordbare agtergrond verskaf wat noodsaaklik is om tot logiese en verantwoordbare gevolgtrekkings te kom, rakende die selfkonsep van die fisies gestremde leerling wanneer die bevindinge van die ondersoek behandel word.

98) Smith, H.C., Personality development, 1968, p.182

HOOFSTUK IV

DIE LEEFWÊRELD VAN DIE ADOLESSENT

A. INLEIDING

In die vorige hoofstukke is in hoofsaak aandag gegee aan die wetenskaplike karakter van die selfkonsep. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die leefwêreld van die adolescent. In die empiriese ondersoek wat later volg, sentreer die ondersoek om twee groepe adollesente - fisies gestremdes en fisies normales. Voordat 'n empiriese ondersoek gedoen word, is dit nodig om eers 'n duidelike beeld te vorm van die leefwêreld van die adolescent. Sodoende behoort verskille en/of ooreenkomste tussen die twee groepe leerlinge in hulle leefwêreldlike verband na vore te kom.

Om 'n beskrywing van die betekenis van leefwêreld as psigologiese fenomeen te gee, word die leser verwys na Lewin se verduideliking van die term "life space".¹⁾ Hiervolgens omvat 'n persoon se leefwêreld al die faktore wat tot sy handelwyse op 'n gegewe tydstip bydra. Namate 'n kind ontwikkel beleef hy 'n reeks van leefwêrelde en elkeen is 'n psigiese verskynsel. Alle psigiese gebeure - om te dink, te handel, te leer, te hoop, te droom - is funksies van onderlinge verwantskappe binne 'n totaal van verhoudinge van samehangende feite wat die leefwêreld konstitueer.

"A person's life space represents the total world in which

1) Bigge, M.L. en Hunt, M.P., Psychological foundations of education, 1962, p.169

a person lives. This may include his precepts, knowledge and beliefs; his forward and backward time perspective; and abstract ideas as well as concrete objects".²⁾

Kennis van 'n persoon se leefwêreld dui dus op alles wat van 'n persoon geweet moet word om sy waarneembare optrede in 'n besondere psigiese omgewing op 'n besondere tydstop te begryp. Aangesien die leefwêreld die psigiese persoon en alles insluit wat vir hom psigies betekenisvol is, sal sy gedrag bepaal word deur die betekenisvolle verhoudinge wat hy op 'n bepaalde moment gekonstitueer het. "The life space of an individual includes all the forces that are acting upon him at a given moment. It is to this pattern or field of forces that he reacts".³⁾

In die bestudering van die kind moet in gedagte gehou word dat mens altyd die leefwêreld van die kind of die kind in sy leefwêreld in die oog het. Besondere kenmerke soos leer loop, leer praat, leer skryf en so meer is belangrik, maar die vraag is - wat beteken dit vir die kind in sy volwassewording. Hierdie betekenis word begryp vanuit die kind self.

B. DIE PERSIPIËRING VAN LIGGAAMLIKE VERANDERINGE EN DIE ONTWIKKELING VAN 'N SELFBEELD EN SELFKONSEP

1. Uitwendige fisiese veranderinge

Die sigbaarste tekens van veranderinge gedurende ado-

2) ibid., p.350

3) Kolesnik, W.B., Educational psychology, 1970, p.205

lessensie is die veranderinge in hoogte, massa en liggaamlike verhoudings. Die groei gedurende adolessensie is ongesinchroniseerd. Dit beteken dat die ontwikkeling van verskillende orgaanstelsels en liggaamsdele nie tred hou met mekaar nie. Hierdie verskynsel gee waarskynlik aanleiding tot lompheid in adolessensie.

Die volgorde waarin veranderinge voorkom is redelik konstant alhoewel daar verskille by individue kan bestaan. Navorsers soos Watson en Lowrey (1962) het byvoorbeeld bevind dat liggaamlike ontwikkeling by dogters vinniger geskied as by seuns.⁴⁾ So sal by dogters die skaamhare omtrent twee jaar vroeër as dié van seuns hulle verskyning maak, terwyl ander liggaamsdele soos die borste en geslagsorgane oor die algemeen 'n jaar in ontwikkeling voor die seuns is.

Adolessensie het ook 'n plotselinge versnelling in die groeitempo waar kinders letterlik uit hulle klere groei, wat oor 'n sekere tydperk van jare strek. Die verspreiding tussen vroeë en laat ryworders word ook al hoe duideliker gedurende hierdie plotselinge versnelling. Stoly en Stoly (1951) het navorsing gedoen oor groei van seuns gedurende adolessensie en in hulle "Adolescent Growth Study"⁵⁾ gee hulle die volgende tye vir die begin van die puberale groeiperiode vir hoogte: van 10,4 jaar tot 15,75 jaar met die gemiddelde teen 12,88 jaar. Die einde geskied tussen 13,1 jaar en

4) Watson, E.H. en Lowrey, G.H., Growth and development of children, 1962, p.285

5) Stoly, H. en Stoly, L., Somatic development of adolescent boys, 1951, p.69

17,5 jaar met die gemiddelde by 15,33 jaar. Wat die groeitempo betref is die toppunt van die versnelling so vroeg as 11,9 jaar en so laat as 16,65 jaar met die gemiddelde van 13,99.⁶⁾ So kan twee hoërskool-seuns van 13 jarige ouderdom omtrent vyf jaar uitmekaar wees in hierdie besondere fase van rypwording.

Liggaamsverhoudings, veral die romp, word grootliks gemodifiseer gedurende die adolessente jare. Oor die algemeen groei die romp minder as die bene in puberteit en dit gee aan die vroeë adolessent die "alles bene" voorkoms wat later weer verdwyn. Stolz en Stolz (1951) het dan ook bevind dat beengroei gedurende die adolessensie 'n konstante groei toon, maar dat die romp dan weer 'n onreëlmatige ontwikkeling toon. Dit sal as resultaat verskillende voorkomste aan twee adolessente verleen nieteenstaande die feit dat albei ewe lank is. Hierdie verskynsel kom voor omdat die relatiewe bydraes van romp en bene aan hulle verskillende voorkomste verleen en hulle bewegings en postuur affekteer.

2. Fisiologiese veranderinge

Die twee lobbe van die pituitêre klier skei onder meer die groeihormoon, somatotropien, wat die liggaamsgrootte van die mens bepaal en die gonadotropiese hormoon wat die gonodale of geslagskliere stimuleer, af. Die gonodale kliere is verantwoordelik vir voortplanting. Die manlike gonodale kliere is die testes wat die hor-

6) ibid.

moon, testosteroon, vervaardig. Die vroulike gonodale kliere is die eierstokke wat die hormone estrogeen en progesteron afskei.

Die funksionering van die geslagskliere bring nie net die vergroting van die geslagsorgane en hul aktiewe funksionering mee nie, maar ook die ontwikkeling van die sekondêre geslagskenmerke wat nie direk met voortplanting verband hou nie. Hierdie sekondêre geslagskenmerke onderskei die manlike liggaam van die vroulike liggaam, byvoorbeeld baard en borste. Hormonale afskeidings is aanstigters van adolessente ontwikkeling. Wát hulle aan die gang sit moet nog verklaar en verstaan word, maar hulle effek is duidelik.

3. Liggaamsbeeld en die Self

Die interverhoudings tussen die mens se liggaam en sy Self is buitengewoon ingewikkeld en van baie groot belang vir die adolessent.

'n Onderwyser in Amerika wou dat sy studente deur die gebruik van die kuns tot selfuitdrukking en selfverstaanbaarheid kom, en het aan hulle verskeie take in hierdie verband opgedra.⁷⁾ Een was om jouself te teken soos jy oor 10 jaar sal lyk. Die skrywer was toe in die besonder beïndruk deur die tekening van 'n meisie wat haarself as 'n Olimpiese speler voorgestel het. Die interessante punt omtrent die tekening was

7) Gordon, I.J., Human development, 1969, p.285

dat al wat mens kon sien was 'n deel van die gesig en deel van 'n arm was. Die res van die liggaam was bedek deur die water. "As we came to understand - and as this girl saw herself - she had rejected her body. She did not wish it to be seen, nor did she wish to see it herself. For her, it was submerged".⁸⁾

Gordon haal in hierdie verband ook 'n gedeelte van 'n persoonlike ontboeseming van 'n seun wat polio gehad het aan, om die intense betekenis wat die liggaam vir die adolessent het, aan te dui. Mense wat hierdie seun geken het, was skaars bewus daarvan dat hy effens mank was, maar uit sy geskrif blyk dit dat dit vir hom 'n groot afwyking vanuit sy selfbeeld was: "For me, as a physically handicapped person, my two greatest fears and worries have been of falling in the presence of others while others were watching; and of people not accepting me as an equal because of my disability. I am also afraid of meeting people without their knowing of my disability - at a table or in a car for instance - and then having to watch their display of emotions when they do see it.

I think that it is possible that many of my fears - social acceptance, peer status and personal recognition - are often not well founded. All too often we find what we look for, be it "reality" or not. I think that the things a person looks for and finds depends on the individual and the circumstances.

8) ibid.

The physically handicapped, like everyone else, needs to be shown that they are loved, that they are accepted. But for them, I think this need is even greater. I never forget for one moment that I am not "like" everyone else. Things that others aren't even conscious of, are of importance to me as a handicapped person. This being the case, ordinary acceptance isn't enough - I must be really made to see that I am "OK" - accepted. This can be accomplished, not by a great display of sympathy, but by an attempt to treat me as an equal with the rest, but also at the same time seeing me as an individual, and keeping in mind my limitations".⁹⁾

Die liggaamsbeeld word gewoonlik deur die volgende faktore geaffekteer: fisiese voorkoms, groeitempo, primêre en sekondêre geslagskenmerke.

a. Hoe fisiese voorkoms die liggaamsbeeld beïnvloed

Gedurende die vroeë adolessensie maak die kind 'n aanname van sy hoogte, massa, algemene liggaamsbou, gesigsvoorkoms (insluitende die voorkoms of teenwoordigheid van gesigspuisies) en modifiseer sy selfkonsep in terme van dit wat hy persipieer.

Die lang seun sal homself miskien persipieer as om onredelike kompetisie op die dansvloer in die gesig te staar. Hy is beangs dat hy met 'n meisie moet dans wat baie korter as hy is. So kan hy dan klere dra wat die indruk sal skep dat hy korter is en skoene vermy waarvan die hakke te hoog is. Net

9) ibid.

so kan die kort seun miskien voor probleme te staan kom. In ons Suid-Afrikaanse met rugby-behepte omgewing, sal die kleingeboude en fisies swak seun heelwaarskynlik "uit" voel. Hy sien sy liggaam as onbekwaam, en dikwels tree hy dan ook so op.

Liggaamsbeeld is 'n eienaardige verskynsel: so sal die kort adolessent hom verbeel dat hy korter is as wat hy werklik is. Al bereik hy sy finale hoogte, wat miskien gemiddeld vir sy geslag is, sal hy met geronde skouers loop asof hy in werklikheid korter is, en na ander opkyk wat in werklikheid net so lank as hy is. Die aanslag van sy struktuur bly met hom al wend hy pogings aan om dit te beveg.¹⁰⁾

Massa maak ook sy aanslag op die liggaamsbeeld. Die adolessente dogter sal massa aansit omdat daar so baie fisiologiese veranderinge gedurende hierdie tydperk plaasvind dat goeie voeding noodsaaklik is. Nou sal sommige na aanleiding van die hedendaagse modes met die klem op 'n perfekte liggaamsbou, op 'n dieët gaan om die begeerde rolprentster-liggaam te verkry. Hierdie onthouding van noodsaaklike voedsel kan later so oordoen word dat dit na psigosomatiese versteurings, soos anorexia nervosa (aptytsverlies), kan lei. 'n Kenmerk van hierdie afwyking is juis 'n versteuring van

10) ibid.

die liggaamsbeeld.

Omvattende navorsing oor fisiese voorkoms en fisiese adekwaatheid is gedoen deur navorsers soos Gordon en Yeatts.¹¹⁾ Hulle omvattende ondersoek wat hul "How I see myself scale" insluit, bevestig dit dat die fisiese aspek 'n dimensie van die Self is soos wat dit reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek is.

b. Groeitempo en die liggaamsbeeld

Die groeitempo wissel geweldig ten opsigte van intensiteit, duur, aanvangsouderdom en veral ook tussen die geslagte. Opvallende individuele verskille wat betref die groeitempo is lengte, massa, liggaamsverhoudinge, en die ontwikkeling van spiere en liggaamsorgane.

Beide die buitengewone vroeë en buitengewone laat seun of dogter moet probleme in die gesig staar ten opsigte van die leeftydgenote. Die adolessent wil nie anders as sy ouderdomsgroep wees nie, maar sy groeitempo kan hom in ongunstige situasies laat beland.

Die vroeër-rypwordende seun het 'n voordeel bo die laat-rypwordende, daar ons kultuur status verleen aan lengte, massa en spierkrag.

11) Yeatts, P., Developmental changes in the Self-concept of children, grades 3-12, 1967, p.2

Die vraag wat nou mag ontstaan, is in watter mate die selfkonsep van die vroeër-rypwordende seun verskil van die later rypworder. Drie benaderings is gevolg om hierdie vraag te ondersoek: waarneming, die T.A.T. en 'n ondersoek na die verskyning van skaamhare.

- (1) Jones en Bayley (1950) se waarneming van die gedrag van seuns¹²⁾

Hulle het bevind dat die laat rypworder meer aktief en meer begeesterd in sy aktiwiteite was as die vroeë rypworder.

- (2) Mussen en Jones (1957) het die Tematiese Appersepsietoets toegepas¹³⁾

Hulle het bevind dat by 'n stadige groeitempo "these boys are more likely to have negative self-conceptions, feelings of inadequacy, strong feelings of being rejected and dominated, prolonged dependency needs, and rebellious attitudes towards parents".¹⁴⁾

Die met 'n vinnige groeitempo "... appeared to be self-confident, independent and capable of playing an adult role in inter-personal relationships".¹⁵⁾

12) Jones, M.C. en Bayley, N., Physical maturing among boys as related to behaviour, 1950, pp.192-248

13) Mussen, P.H. en Jones, M.C., Child development, 1957 pp.243-256

14) ibid., p.255

15) ibid., p.255

- (3) Smith en Lebo (1956) se ondersoek na die verskyning van skaamhare¹⁶⁾

'n Ondersoek na die selfkonsep was gedoen deur die proefpersone te onderwerp aan figuurtekeninge, 'n persoonlikheidskaal en die voltooiing van sinne. 'n Opname is ook gedoen van watter seuns al skaamhare het en op watter ouderdom dit verskyn het. Daardie seuns met skaamhare se tekeninge het hoër beelde van adequaatheid gegee as dié daarsonder.

More (1955) het in sy navorsing seuns en dogters betrek en bevind dat die dogters wat vroeg ryp geword het meer onafhanklik, meer rasionaal en beter geïntegreerde stelsels van persoonlike waardes het as die res van die toetsgroep. Hy kom tot die slotsom dat "... the socially successful girl was the one who acted as if she were sexually mature, but who does not allow herself to feel the emotions which she appears to be acting out. Within the normal ranges of physical maturation in the sample, the girl who matures earlier has a distinct advantage in making the socially prized shift earlier. She learns it more thoroughly than her physically retarded girl friend. She is the one who is better fit-

16) Smith, W. en Lebo, D., Journal of Genetic Psychology, 1956, pp.61-75

ted ..."¹⁷⁾

Die afleidings wat ons na aanleiding van voorafgaande navorsing kan maak ten opsigte van die persipiëring van liggaamlike veranderinge en die ontwikkeling van die selfkonsep, is drievoudig:

- a. Die tempo van rypwording affekteer nie die selfkonsep van die adolessent nie.
- b. Adolessente wat vroeg ryp word, ongeag die geslag, het as 'n groep, konsepsies van die Self as meer bekwaam en meer aanvaarbaar as dié van hulle laat rypwordende tydgenote getoon.
- c. Die korrelasie tussen fisiese rypwording en die selfkonsep is nie volkome nie. Baie individuele faktore moet in hierdie verband in ag geneem word. Die reeds ontwikkelde selfkonsep van die kind wat adolessensie bereik, blyk van kardinale belang te wees.

4. Sekondêre geslagskenmerke

Sekondêre geslagskenmerke word deur die adolessente seun of dogter geëvalueer volgens hul doelmatigheid. Die seun moet manlik lyk en die dogter moet vroulik wees.

17) More, D., Child development monographs, 1955, p.117

Die seun se konstitusie kan vir hom 'n bron van verleentheid wees: vetrolle om die middel, gebrek aan skaamhare of klein ontwikkelde eksterne geslagsorgane, maak hom die skyf van bespotting.

Net so moet dogters die betekenis wat aan die ideale vroulike figuur deur sowel leeftydgenote as volwassenes geheg word, kan hanteer. Intense ongelukkigheid kan by die adolessente dogter ontstaan as haar liggaam nie aan die kulturele vereistes kan voldoen nie.

Die selfkonsepte wat enige adolessent huldig is die resultaat van die totaliteit van die transaksies tussen sy veranderde organisme en sy leefwêreld. Sy selfsisteem sal die nuwe betekenis wat aan sy liggaam en sy Self verleen word, affekteer. Dit moet in gedagte gehou word dat die adolessent nie weer nuut gebore word tydens adolessensie nie; watter modifikasies hy ookal maak, het hulle oorsprong binne-in sy selfsisteem soos dit alreeds ontwikkel het. As hy adolessensie betree met die beeld van homself as wesenlik adekwaat, sal sy interpretasie van enige fisiese faktore wat negatief kan wees, gedemp word deur sy konsep van die Self as adekwaat. Net so is die omgekeerde waar vir daardie adolessent wat met gevoelens van onbekwaamheid adolessensie betree: hy sal 'n beeld van onvergenoegdheid oor sy liggaam voorhou wat buitestaanders moontlik as adekwaat kan beskou.

'n Geneesheer het 'n groot groep van adolessente fisies ondersoek voordat Stolz en Stolz (1944) hulle aan die "California Growth Study" onderwerp het.¹⁸⁾ Hulle het toe bevind dat ongeveer een derde van die adolessente 'n minderwaardige selfkonsep het as gevolg van gebrekkige persipiëring van liggaamlike veranderinge. Hierdie bevindinge het ook onomstootlik bewys dat faktore soos lengte, massa en sekondêre geslagskenmerke die adolessent se konsepsies van die Self direk beïnvloed. Die belangrikheid hiervan word treffend deur Stolz en Stolz (1944) saamgevat wanneer hulle sê: "The changing body becomes a symbol not only of being different from last month or last year but of a new attitude toward Self, toward others, toward life".¹⁹⁾

Met hierdie agtergrondskennis word vervolgens in die volgende afdeling die adolessent se nuwe houdings teenoor andere in oënskou geneem. Hierdie hoofstuk sal dan sy toppunt bereik in afdeling D waar die adolessent se nuwe houdings teenoor die Self bespreek sal word.

C. DIE RELASIES MET DIE OUERS EN MAATS EN DIE BETEKENIS VAN SODANIGE RELASIES IN DIE EMANSIPASIE VAN DIE ADOLESSENT

1. Ouer-kind-verhoudinge

Die adolessent sal sy ouers en gesinslede in 'n ander

18) Stolz, H. en Stolz, R., Adolescence, 1944, p.86

19) ibid., p.82

lig persipieër as gevolg van sy veranderde liggaamsbeeld en die baie nuwe ervarings wat hy beleef. Die nuwe uitkyk op die ouerlike beeld is egter steeds gebaseer op konsepte wat reeds gedurende vroeëre ontwikkelingsfases gevestig is. Die ouers sowel as die adolessent sal egter nie 'n skielike gedragsverandering openbaar nie. Veranderinge in verhoudings neem geleidelik toe soos die jong mens se onderdrukte menings en gedagtes al hoe openliker en duideliker gestel word.

Die kind beseft dit terdeë met die toetrede tot adolessensie dat hy nie die middelpunt van die wêreld is nie. Met adolessensie kom egter nog 'n moeilik aanvaarbare beseft: sy ouers is nie volmaak, alwetend en almagtig nie. Waar die adolessent as jong kind nie teen ouerlike druk in opstand wou kom as gevolg van die verhewe ouerlike beeld nie, sal hy as adolessent die ouers sien vir wat hulle werklik is - menslike wesens met swakhede en tekortkomings. Die adolessent kan as gevolg van hierdie ontdekking voel dat hy al die tyd gekul was, en dit kan waarskynlik tot kommunikasieprobleme tussen hom en sy ouers lei. So kan hy byvoorbeeld sy "regte" opeis wat hom vroeër ontsê was. Watter standpunt hy ookal inneem, sal grootliks bepaal word deur vroeëre en bestaande ouer-kind-verhoudings.

a. Identifikasie

Identifikasie bereik gedurende adolessensie groot

hoogtes. Die seun wat die verhoudinge met sy vader as gewronge persipieër, sal op ongesonde maniere hierop reageer. Hy kan na agressiewe jeugmisdadigheid beweeg, of selfs 'n homoseksuele koers inslaan. Sy persepsie van sy ouer is afhanklik van die mate en tipe van kommunikasie wat regdeur sy lewe bestaan het.

Volgens Johnson en Medinnus (1965) is identifikasie "the process by which an individual incorporates certain aspects of someone else's behavior, attitudes and characteristics".²⁰⁾

Mussen, Conger en Kogan (1969) definieer identifikasie soos volg: "Identification refers to the process that leads the child to think, feel, and behave as though the characteristics of another person (called the model or identificant) - usually a parent in the case of young child - belong to him".²¹⁾

Freud (1949) beskryf identifikasie as "... the endeavour to mould a person's own ego after the fashion of one that has been taken as a model".²²⁾

Pikunas (1969) definieer identifikasie as "an unconscious effort to gratify certain deep-seated needs through affiliation with and imitation of

20) Johnson, R.C. en Medinnus, G.R., Child Psychology, 1965 p.300

21) Mussen, P.H., et. al., Child development and personality, 1969, p.356

22) Nash, J., op. cit., 1970, p.411

another person, group or ideal".²³⁾

Dit is ook 'n ope vraag in hoe 'n mate die ouer en die adolessent dieselfde persipiëring van sake toon. Helper (1958) het 'n betekenisvolle verband gevind tussen die ouerlike evaluasie en die kind se Self-evaluasie deur aan ouers lyste voor te lê om in te vul soos wat hulle meen hulle kinders dit sal invul. Identiese vorms is toe ook aan die kinders uitgereik vir Self-evaluasie.²⁴⁾

'n Soortgelyke studie deur Silver (1958) het aangetoon dat die stabiliteitsvlak van 'n seun se selfkonseptellings meer 'n betekenisvolle verband met die vaderlike aanvaarding toon as met die moederlike aanvaarding.²⁵⁾

Uit Bandura en Walters (1959) se werk word 'n duideliker beeld gevorm van die noodsaaklikheid van gesonde vader-seun-verhoudinge. Uit hulle navorsing blyk dit dat die persepsie van die vader as hulpverlener, voog en simpatieke ondersteuner 'n kritieke faktor in vader-seun-verhoudinge blyk te wees.

Hulle het 52 gesinne in hulle navorsing betrek en navorsingstegnieke soos onderhoude, selfverslae en TAT-gegevens is toegepas. Dit blyk voorts

23) Pikunas, I. en Albrecht, E.J., Human development, 1969 p.410

24) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.296

25) ibid.

dat die persepsie wat die seun van die vader het, reeds sedert die kinderjare begin ontwikkel het, en dat 'n swak begin en aanhoudende mislukkings vir geleentheid tot hegte vader-seun-identifikasie die grootste veranderlike is. Hierdie moeilikheid word al hoe meer versterk gedurende adolescentie. Die tuistes van die aggressiewe seuns was gekenmerk deur wisselvalligheid en 'n algehele gebrek aan konsekwente hantering van aggressiewe gedrag.

"On the other hand, both the mothers and the fathers of the aggressive son encouraged their son's aggression outside the home while the mothers, through their relative permissiveness of aggression towards themselves, allowed opportunities for aggression to occur, and so to be reinforced, in the home. On the other hand, the fathers of the aggressive boys were very non-permissive of aggression toward themselves and both they and their wives had from time to time punished their sons for aggression towards adults. Since their parents encouraged aggression in some circumstances, the punishment that the aggressive boys received probably served merely to make them more hostile and resentful".²⁶⁾

Dit is baie duidelik dat daar by hierdie seuns

26) Bandura, A. en Walters, R., Adolescent aggression, 1959, p.131

nie die sekerheid bestaan het van die huis as 'n veilige toevlugsoord nie. Wanneer studies van navorsers soos Elkin en Westley (1955), Douvan en Adelson (1966) en Connor et. al. (1958) geraadpleeg word, kan die betekenisvolle gevolgtrekking gemaak word, dat in die leefwêreld van die adolessent beide ouers noodsaaklik is.²⁷⁾

As die vader sy rol as die draer van warmte en aanvaarding verwaarloos het, sal sy seun die adolessente periode moeilik vind. Net so sal die dogter se aanvaarding van en identifikasie met haar vroulike rol geknou word, as die moeder 'n minderwaardige rol in gesinsverband speel waarin sy min respek van haar man ontvang. Soos Frank (1944) dit uitdruk: "Young girls who are involved in sex delinquencies and who have venereal infections are individuals who have never accepted, indeed have rejected, the female and feminine role ... they have never developed any feeling of being a woman with a sense of their own dignity or worth as a woman. ... To speak of them as the victims of passion, or weak-willed individuals who could not resist sex temptations, is to misunderstand completely their conduct and their feelings. By

27) Die leser word in hierdie verband verwys na die volgende werke:

- a. Elkin, F. en Westley, W., The myth of adolescent culture, American Sociological Review, 1955, Vol. 20, pp.680-684
- b. Douvan, E. en Adelson, J., The adolescent experience, Wiley, New York, 1966
- c. Connor, R. et. al., Agreement of family member conceptions of "good" parent and child roles. Social Forces, 1958, Vol.36, pp.353-358

exercising power over men, some are getting revenge for the years of humiliation they have suffered as girls under dominant fathers and contemptuous brothers".²⁸⁾

b. Emansipasie

Die interpersoonlike verhoudinge binne gesinsverband dien as die terrein waarin die jong mens poog om homself van die gesin los te maak. Die ouers se houdings is ambivalent deurdat hulle wil hê dat die kind na onafhanklikheid moet ontwikkel, maar aan die ander kant verwag hulle dat die kind steeds afhanklik moet wees en hom na hulle wense moet skik. Hulle hoop dat die kind die "regte ding" sal doen, maar is diep bekommerd dat hy of sy "in die moeilikheid" sal beland sonder verantwoordelike toesig.

Die adolessent se gevoelens is net so ambivalent. Hy wil as 'n volwassene erken word, maar tree dikwels op kinderagtige, afhanklike wyse op.

Wanneer die adolessent daarna streef om onafhanklikheid en emansipasie van die ouers te verkry, is hulle geleidelik besig om die gedragpatroon vanuit die kleinkinderdae drasties te verander. Die klein kind klou aan sy ouers, hy begeer om hulle naby hom te hê en gedurende 'n periode in die

28) Frank, L.E., Adolescence, 1944, p.245

kleinkinderjare huil kinders as die moeder hulle alleen laat.

Gedurende 'n latere stadium protesteer hulle as die ouers hulle in iemand anders se sorg laat.

Een van die algemene en grootste vrese van jong kinders is dat hulle van die ouers geskei sal word. Met adolessensie sal dieselfde kind wat eens gevrees het dat sy ouers hóm sal verlaat, in werklikheid nou reëlins tref om hulle te verlaat.

c. Objektiewe en subjektiewe aspekte van verhoudings met ouers

'n Adollesent se verhouding met sy ouers, net soos alle ander interpersoonlike verhoudings, behels beide objektiewe en subjektiewe elemente. Die objektiewe elemente is openlik van aard, terwyl subjektiewe elemente subtiel en ontwykend van aard is. Laasgenoemde aspekte kan soms baie onrealisties voorkom vanuit 'n objektiewe standpunt.

Jersild (1968) het byvoorbeeld 'n geval teengekom waar 'n jong man oortuig was dat hy sy vader diep teleurgestel het deur 'n loopbaan te kies wat verskil het van die een wat hy gedink het dat sy vader vir hom verkies het. Hy het by sy keuse gehou, maar hy het die gevoel gekoester dat hy wel nog eendag berou sal kry omdat hy teen sy vader se wense opgetree het. Hy het egter eers teen sy

laat twintigerjare ontdek dat sy vader trots op hom was en gelukkig met sy vordering was. "In this instance, the son imputed wishes to the father which he did not have. He perceived his father as disappointed when actually the father was not. And as long as his ideas about his father's wishes, whether distorted or not, plagued his conscience, he was, in effect, still an unemancipated person".²⁹⁾

Die adolessent het mettertyd 'n konsepsie van die ouers opgebou, hulle standarde, hulle beeld van hom en hulle verwagtinge. Hierdie konsepsie is realisties tot die mate wat hy hulle sien vir wat hulle werklik is. Hierdie beeld word egter verdraai (verwring) as hy hulle verkeerd persipieer as gevolg van sy eie behoeftes en beperkte begripsvermoë. Hy mag hulle persipieer as meer perfek as wat hulle ooit kan wees; as om hoër standarde vir hom voor te hou as wat hulle werklik doen, of as om meer afkeurend te wees as wat hulle werklik is.

Dit is waarskynlik onvermydelik dat die adolessent as kind 'n onrealistiese beeld van die ouer verkry het. Toe hy nog klein en hulpeloos was, was hulle groot en sterk. In die kind se oë het hulle almagtig vertoon en dit is nie vir die adolessent maklik om die voormalige almagtige ouerfigure

29) Jersild, A.T., The Psychology of adolescence, 1968, p.233

te persipieer as gewone mense nie. Die adolescent het al ver op die pad na onafhanklikheid gevorder, sodra hy in staat is om 'n al hoe meer realistiese persepsie van die ouers te verkry.

Die manier waarop die adolessent die gesinsverhoudinge beleef, sal aantoon of hy wel gelukkig voel, of hy die vryheid het om te eksplorieer, nuwe dinge aan te pak en sy bes te lewer. Die opvoedingsbemoediening wat gekenmerk word deur waarskuwings, bemoediging en aanmoediging van die adolescent, ongeag die prestasie van die kind, is 'n faktor wat baie sterk meewerk om die jeugdige se ontwikkelende selfagting te bepaal. Hierdie selfagting vorm dan weer die agtergrond vir die stukrag (of hindernis) vir die voortgesette eksploratie van sy leefwêreld. Die gesinsverhoudinge wat die opvoedingspraktyke aandui, sal die kalmte en gelukkigheid in al die ander verhoudinge waarin die adolessent betrokke is, bepaal.³⁰⁾

Doeltreffende gesinsverhoudinge kan baie daartoe bydra dat 'n adolessent ywerig en hardwerkend is en goed presteer. So ook die beangste en onderpresterende en die een wat lui en traag is om hom in te span om sy beste prestasies te lewer. Die kwaliteit van sosiale verhoudinge of die gemak waarmee hy met volwassenes sowel as met sy maats

30) Garrison, K.C., Psychology of adolescence, 1965, p.267

kommunikeer, dui ook aan in watter mate hy aanvaar was en die reg gehad het om sy opinies in sy eie huis uit te spreek.

Die ouer-kinderverhouding berus in hoofsaak op 'n gesagsverhouding. Namate die ouer sy kind in die opvoeding steun om selfstandig te waag en al hoe meer verantwoordelikheid vir sy keuses en daade te aanvaar, word die kind meer selfstandig.³¹⁾ Empiriese navorsing soos byvoorbeeld dié van Coopersmith (1967) toon aan dat daar 'n hoogs betekenisvolle positiewe verband voorkom tussen ouers se liefde, aanvaarding, respek en duidelike opvoedingsgrense en die kwaliteit van die kind se selfagting. Die ouers wat hul kind sodanig opvoed, steun hom om homself van die ouerband los te maak. Daarenteen sal die adolessent wat die steun moes ontbeer, hoogs waarskynlik tekens toon van angs, aggressie en spanning as die ouerbande tydens sy emansipasie meteens verbreek word. Die totaliteit van ouer-kindverhoudinge kulmineer in adolessensie, sodat die selfkonsep dan 'n weergawe sal wees van die liefde, aanvaarding en respek wat hy in sy kinderjare ondervind het.³²⁾

Die volgende opvoedingsmetodes kan onderskei word:³³⁾

(1) Outokraties

Die adolessent word geensins toegelaat om sy

31) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.232

32) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.140

33) Garrison, K.C., op. cit., 1965, pp.273-277

menings te lug, leiding te neem of inisiatief te toon ten opsigte van besluite aangaande homself nie.

(2) Outoritêr

Hoewel die adolessent kan help om oplossings vir sy probleme te vind, besluit sy ouers, volgens hulle oordeel wat die oplossing sal wees.

(3) Demokraties

Die adolessent kan alle aspekte van sy gedrag vrylik bespreek en selfs besluite neem, ofskoon die finale beslissing by die ouers berus of van hulle goedkeuring afhanklik is.

(4) Gelykheid (equalitarian)

Daar bestaan geen roldifferensiasie tussen ouer en adolessent nie - hulle besluit saam oor die adolessent se gedrag.

(5) Permissief

Die adolessent bekleë 'n aktiewe en invloedryke posisie ten opsigte van besluite oor homself. Hy het, met ander woorde, algehele vryheid sonder enige voorskrifte.

(6) Laissez-faire

Ofskoon die ouer sekere voorskrifte neerlê, kan die adolessent self besluit of hy dit wil aanvaar of verwerp.

(7) Onkundig

Dit kan kwalik as 'n opvoedingsmetode beskryf word, aangesien die ouers nie betrokke is by die adolessent se gedrag nie en ook nie insig toon nie.

Die geskiktheid van die opvoedingstegniek sal afhang van die kulturele omstandighede en die tempo van sosiale verandering. In die vorige stabielere era waar verandering geleidelik plaasgevind het, het die adolessent slegs die ouermodel nagevolg en was die outokratiese en outoritêre opvoeding voldoende. In die huidige, vinnig veranderende kultuur, waar die ouer die toekoms nie vir die adolessent kan voorspel nie en die uitdagings wat aan die adolessent gestel word, nie kan beheer nie, word daar van die adolessent verwag om kreatief, weetgierig en onafhanklik op te tree.

Die huidige adolessent aanvaar die demokratiese ouer as redelik in sy beperkings en realisties ten opsigte van sy voorskrifte vir gedrag. Aangesien die demokratiese ouer redes aanvaar vir sy optrede en verwagtings en aan die adolessent die geleentheid bied om sy saak te stel, dra dit by tot groter selfvertroue en onafhanklikheid by die adolessent.³⁴⁾ Op sigself bied die demokratiese opvoedingsmetode 'n model vir verantwoordelike en koöperatiewe on-

34) ibid., p.276

afhanklikheid wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die adekwate Self. Sowel die ouer as die adolessent kan outonoom funksioneer, aangesien albei deelneem aan besprekings oor byvoorbeeld gedragswyse, waardes en familiesake.

2. Die sosiale gemeenskap en die adolessent

Die massa-media aan die een kant neig om die jeugdige se angste en hoop uit te buit. Seksuele bewustheid word opgewek en gestimuleer deur rolprente, tydskrifte en die televisie. Aan die ander kant vertel ouers, onderwysers en geestelike leiers aan hul kinders dat hulle hul seksuele drange moet sublimeer.

Die adolessent se behoefte aan kennis van geslagsake word in ons Westerse samelewing gekortwiek as gevolg van inkonsekwente optrede van volwassenes. Jordan en Fisher (1955) stel dit dan ook dat "even our limited observation of the students showed that the individual sexual needs vary within a surprisingly wide range. Our educational discipline and our social regulations may make insufficient allowance for such variation. In fact a 'mass-observer' from some simple society might note what would appear to him the strange form of torture prevalent in a society which decrees that the young shall postpone all expression of sex until economic maturity is attained, and at the same time by its advertising provides mass incitement to break the law"³⁵⁾

35) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.304

Hierdie dubbelsinnigheid in die volwassene se verwagtinge van die adolessent is nie net beperk tot die seksuele sfeer nie; dit is deurtrek deur die hele sosiale struktuur. Dit word aan die adolessent voorgedra dat dit goed is om te werk, terwyl daar baie min produktiewe werkseleenthede in ons Westerse samelewing vir adolessente bestaan. Dit word aan hom gestel dat hy verantwoordelikheid moet aanvaar, terwyl hy op skool en in die gemeenskap as onverantwoordelik behandel word. Die ontwikkeling van 'n morele kode word deur volwassenes van die adolessent vereis, die adolessent moet ook leer onderskei tussen reg of verkeerd, maar 'n blik op nasionale en plaaslike nuusgebeure toon aan die adolessent dat volwassenes self op hierdie gebied verward en onseker optree.

Soos Gardner (1957) dit so treffend gestel het:³⁶⁾

"Let us consider for a moment our politico-governmental climate and our communication media as societies that impinge on the adolescent endeavouring to incorporate mature values of social morality - in respect to his treatment of his fellow men. In the former, he will find the highest value placed upon the democratic process in juxtaposition with high value placed upon the most flagrant expressions of bigotry, prejudice and thorough circumvention of guaranteed basic rights and privileges. In the latter - in the matter of mass communication media - he is subjected to summaries of

36) Gardner, G., American Journal of Orthopsychiatry, 1957, pp.515-517

the highest achievements in social living and aesthetic productions, again in temporal sequence to an elaboration of the lowest and crassest of human motivations. We as adults seemingly must place some value on these expressions - or rather our societies in the aggregate as society must place some value on all of them - or what is more to the point, our lack of unanimity in regard to these values evidences our own conflicts. Again, I reiterate, it is difficult for the adolescent to solve his conflicts in regard to social morality in a society that is itself conflicted.

I would emphasize again that these adolescent children of ours cannot be considered solely from the viewpoint of their internal conflicts and processes, but must on the contrary be considered biosocially, with due emphasis upon the pressures and value systems of the group that surround them, and with emphasis upon the sometimes sharply conflicting values in the multiple roles that they must assume".

Gedurende die laat sestiger jare het ons gereeld gehoor van 'n sosiale revolusie in moraal en gedrag. Die konflik waarvan Gardner praat is egter meer klaarblyklik. Die misbruik van verdowingsmiddels, die verhoogde teenwoordigheid van seksuele simbole en die meer openlike bespreking van seks is al hoe meer deel van die adolescent se leefwêreld. Voorts word die konflikte tussen vrede en oorlog, sosiale wanpraktyke en rykdom, voor-

oordeel en geregtigheid, goed en sleg ook daaglik onder sy aandag gebring.

Milner (1949) het 30 adolessente aan 'n studie onderwerp en haar gegewens verkry deur onderhoude, psigometrika, vraelyste, projeksie-tegnieke, sosiometriese skale en fisiese ondersoeke. Aan die hand van hierdie gegewens kom sy tot die volgende gevolgtrekking van die gesinspatroon van die tipiese adolessente dogter: "To disobey their parents is to break a moral law ... The mother-child relationship may be characterized as under-loving and over-controlling".³⁷⁾

Sy kon geen algemene patroon vir die seuns vind nie, wat waarskynlik daarop kan dui dat seuns in ons sosiale gemeenskap groter vryheid geniet om te eksploreer en om hulself te wees. As gevolg van die vinnige tempo van sosiale veranderinge, groei die huidige adolessent in 'n ander wêreld as sy ouer op. Generasieverskille ten opsigte van kulturele waardes en selfs kennis, sal noodwendig toeneem.

Die ouer moet die adolessent dus nie beoordeel in terme van sy eie ervaring as adolessent nie. Die adolessent se gedrag, behoeftes, menings en doeleindes moet in ooreenstemming met die sosiale veranderinge gesien word, anders raak die adolessent verward, teleurgesteld en gefrustreerd. Daar is gevind dat die huidige ouers van adolessente in die Weste in 'n intiemer en

37) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.306

voorspelbaarder wêreld as vandag grootgeword het. Mense het persoonlik in mekaar belang gestel: "Sometimes you liked it and sometimes you didn't - but at least people cared".³⁸⁾ Die huidige adolessent word verwar deur onder meer oorloë waaroor almal nie saamstem nie, die vraagstuk van bevolkingsontploffing, besoedeling en 'n steeds groeiende tegnologie.

In vroeëre generasies het volwassenes 'n homogener groep gevorm. Wanneer die adolessent hom verset het teen die volwassenes se ideës, menings, waardes en optredes, het hy te staan gekom voor 'n verenigde, identifiseerbare volwasse-front. Dit het meegebring dat die ouer 'n gesagsfiguur was wat kon dien as 'n effektiewe model. Daar is egter vandag tussen die lede van die volwasse-groep verdeeldheid ten opsigte van prestige, politieke menings, persoonlike standaarde, waardes en moraliteit. Die gesag van die volwasse-kultuur en dus ook van die ouer, het verminder.³⁹⁾

Die ouer kan egter vandag nog dien as 'n effektiewe rolmodel, maar nie as sy gesag van die volwasse-groep afkomstig is nie. Dit moet kom vanuit sy individuele krag en waarde of vanuit sy verteenwoordigende posisie as lid van 'n beperkte segment van die volwasse-samelewing.

Indien ouers meer kan kommunikeer om sodoende standaardnorme vir die gedrag en waardes te ontwikkel, sal

38) Conger, J.J., Adolescence and youth: Psychological development in a changing world, 1973, p.177

39) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.313

die adolessent die geloofwaardigheid van sy ouers se reëls en leiding minder betwyfel.

3. Leeftydgenote

Leeftydgenote dien as uitweg uit die dilemma van die konflik van die volwasse kulturele vereistes tuis, op skool, en in die wêreld as 'n geheel met die veranderende fisiologiese en psigiese ontwikkeling binne die adolessent self.⁴⁰⁾

Die hoofdoel van die leeftydgenote as groep is blykbaar die verskaffing van geleenthede vir die adolessent om sy behoeftes aan status en sukses te bevredig.

Die verhoudinge wat tussen maats bestaan is baie belangrik. Die faktore wat twee adolessente na mekaar aantrek, is kompleks en word baie moeilik begryp.

Die mees betekenisvolle vriendskappe is dié waarin twee mense aangetrokke tot mekaar voel, tuis voel bymekaar, mekaar se geselskap as gelykes deel en vry voel om die intiemste sake en gedagtes teenoor mekaar uit te spreek en mekaar te vertrou. Daar is dan ook geen pretensies nie. Hulle het nie nodig om waaksaam te wees nie, want daar is niks waarin hulle hulself kan verrai nie. Hulle het geen geheime vir mekaar nie. Dié wat 'n werklike vriend gevind het, het iets kosbaars gevind. Dit is nie net in die vreugde van vriendskap nie, maar ook in sy bydrae daartoe dat hy homself vind. 'n Besondere kenmerk van hegte vriend-

40) ibid., p.253

skap is dat dit sonder moeite of inspanning in stand gehou word. Dit is dikwels voldoende om slegs in mekaar se teenwoordigheid te wees sonder dat daar gesels hoeft te word.

Benewens die aanvaarding van 'n maat van dieselfde geslag is aanvaarding deur die groep adolessente van net soveel belang. In 'n studie van meer as 2 000 adolessente het Feinberg (1953) bevind dat jong mense wat deur ander aanvaar word, deur ander gunstiger aangeslaan word as dié wat verwerp word deur die groep.⁴¹⁾ Dié wat aanvaar word, het ook gesonder verhoudinge met hulle ouers en onderwysers. Grosslund en Holmland het ook in 'n studie bewys dat hulle proefpersone met hoë aanvaarding, volgens sosiometriese status, beter gevaar het as dié met lae sosiometriese status.⁴²⁾ Volgens hulle rekord het 82% van dié met hoë aanvaarding in vergelyking met 45% van dié met lae aanvaarding hulle hoërskoolkursus met sukses voltooi. Ongeveer drie keer soveel in die laer klas as in die hoër statusgroep het die skool verlaat voordat hulle hul kursus voltooi het. Alhoewel dit moeilik was om al die relevante faktore te beheer, dui hierdie studie op 'n bepaalde tendens, naamlik dat dié wat hoog aangeslaan word deur hul maats, ook dié is wat meer suksesvol is in akademiese studie.

41) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.261

42) ibid.

Leeftydgenote is vir die adolessent van geweldige groot belang. By hulle vind hy die geleentheid om mee te ding, om homself te ontdek, om sy persoonlike doeltreffendheid te bevorder, te toets en te realiseer. Dit is met hierdie groep wat hy konformeer, selfs soms ten spyte van die waardes wat hy hoog ag. Daarom sal die jong seun lang hare en 'n "denim" broek dra en die spot van ouers verdra, eerder as om deur die groep verwerp te word. Tienderjariges konformeer in kleredrag, gewoontes, taal, spreekwyse, selfs in rook en drink.⁴³⁾ Dit is egter ook in hierdie gemeenskap van jeugdiges waar die individu die geleentheid kry om opinies te vorm en uit te spreek, en om te ervaar dat hy die opinie lug sonder om gekritiseer te word, selfs al sou dit in geheel aweregs wees. Die betekenis hiervan vir die vorming van sy selfidentiteit is baie duidelik.

Heteroseksuele verhoudinge is van primêre belang gedurende die adolessente periode.⁴⁴⁾ Die jeugdige begin op 'n nuwe manier belangstel in iemand van die teenoorgestelde geslag tot wie hy aangetrokke voel. Hierdie aangetrokkenheid wat hoofsaaklik fisies en/of eroties is, gaan oor tot 'n hegte vriendskap, en verliefdheid gaan oor in liefde. Gesonde liefde impliseer vriendskap. Dit bied die geleentheid tot selfvervulling en 'n strewe om te groei, eerder as om te ontvlug in 'n illusie of 'n fantasiebeeld. Die adolessent

43) ibid., p.267

44) Jersild, A.T., op. cit., 1968, p.272

wat iemand van die teenoorgestelde geslag wat hom aanvaar, liefhet, is "confronted with an inner wealth which he never knew he had", en hierdie gevoel verleen aan die ervaring van liefde "the element of revelation" (Wenkart, 1949).⁴⁵⁾

Manslow (1953) het aangetoon dat namate die selfkonsep ryp word, redes vir verliefdheid en liefde verskuif word van die fisiese na karaktereienskappe, sodat met die toename in ryping daar meer gepraat word van die aantreklikheid van iemand van die teenoorgestelde geslag as gevolg van goedheid, ordentlikheid, goeie vriendskap, sorgsaamheid en so meer.⁴⁶⁾ In weerwil van die groot verskeidenheid van individuele verskille is daar 'n verskil tussen dié wat deur hul groep aanvaar word en dié wat nie aanvaar word nie. Dié wat wel aanvaar word, het dan in die groep die geleentheid om tot groter persoonlike doeltreffendheid, tot selfontdekking en selfrealisering te kom. By dié wat swak aanvaar word, is daar tekens van stremming in hul persoonlikheidsontwikkeling. "At least seven studies support the prediction that self-acceptance accompanies tolerance of and liking for others, thus suggesting that the self-accepting person sees the world as a friendlier and more benign place than the self-rejecting individual".⁴⁷⁾

45) ibid., p.281

46) ibid., p.283

47) McCandles, B.R., Children, behavior and development, 1969, p.283

Terwyl egosentrisme by die aanvang van adolessensie 'n wesenlike probleem was, verminder dit namate formele operasionele denkwyses gevestig raak. Namate die jeugdige homself in 'n meer realistiese lig begin sien, is hy in staat om ware interpersoonlike verhoudinge te vorm wat dan die eertydse verhoudinge wat uit eie belang gevorm is, vervang. Aangesien die vermoëns om relasies met ander mense te vorm in 'n hoë mate ontplooi tydens adolessensie, word waargeneem dat daar 'n duidelike verband is tussen selfaanvaarding en aanvaarding deur ander en van ander.

Die funksie van positiewe interaksie met die ouderdomsgroep is die volgende:

- (a) Binne die groep kry die adolessent die geleentheid om met dieselfde en met die teenoorgestelde geslag te kommunikeer. Dit stel hom in staat om volwasse verhoudings te ontwikkel.
- (b) Identifikasie met die groep bevorder emansipasie van die huis.
- (c) Die adolessent vind dit moeilik om altyd sy innerlike lewe en optredes met die ouers te deel en te bespreek, aangesien die ouer-adolessentverhouding dikwels gekenmerk word deur konflik. In die groep kan hy vrylik praat oor sy antagonisme, vrese, verwarde gevoelens, ideale en drome. So-doende kry hy geleentheid om ontslae te raak van

emosionele spanning.

- (d) Dit is dikwels vir die volwassene moeilik om sy eie adolessente stadium te onthou en hy toon dus nie altyd insig en begrip in die adolessent se probleme nie. Soms ontbreek ouerlike warmte as gevolg van probleme in die ouer-kind-verhouding. Die groep bied aan die adolessent dan geleentheid vir warm, vriendskaplike kameraadskap wat aan die adolessent 'n gevoel van veiligheid, aanvaarding en boweal, begrip gee.
- (e) Die adolessent grond sy gedrag op dié van die groep en ontwikkel sodoende 'n groepsidentiteit.
- (f) Die groep is 'n belangrike bron vir geslagsvoorligting en help die adolessent om norme vir seksuele gedrag te ontwikkel. Daar is nog baie ouers wat onvoldoende of geen geslagsvoorligting aan hulle kinders gee nie, weens hulle inhibisies en gebrekkige kennis van die biologiese feite of etiek van geslagsake.
- (g) Die groep bied status en prestige aan die adolessent vir die verstewiging van 'n adekwate Self.
- (h) Die groep dra by tot die adolessent se formulering van sy Self-identiteit. Op hierdie stadium van ontwikkeling is die individu se identiteit baie vloeibaar - hy is nóg kind nóg volwassene.

In sy poging om homself te ontdek (Self-ontdekking) en die fisiologiese en psigologiese veranderinge wat hy ondergaan te verklaar, te beheer en te integreer in 'n geheelbeeld van homself (selfkonsep), voel hy dat hy nie alleen staan nie. Sy tydgenote strewe soos hy, na 'n volwasse-identiteit en status. Sy affiliasie met die groep verseker hom dat hy wel suksesvol sal wees aangesien hy weet dat die adolessente groep reeds geslag na geslag daarin geslaag het om volwassenheid te bereik. Die groeplede se optrede teenoor hom en hulle waarneming van hom, stel hom in staat om realistiese insig in homself te kry.

Lidmaatskap van 'n groep kan ook negatiewe invloede op die adolessent hê:

- (a) Wanneer die adolessent bespot, verwerp of afgewys word in sy eerste pogings om heteroseksuele verhoudings aan te gaan of wanneer hy lid van 'n sekere groep wil word, kan hy later in soortgelyke situasies angs toon en die situasie probeer vermy. Hierdie reaksie word moeilik uitgewis en belemmer dus sy sosiale ontwikkeling met 'n gevolglike invloed op die Self.
- (b) Onder druk van 'n groep kan dit gebeur dat die adolessent teen sy beterwete betrokke raak by sekere optredes. Die adolessent se vlak van outonomie, selfvertroue, waardes en oordele word dus dikwels deur die groep beproef.

- (c) Snobisme (die onrealistiese verheffing van die eie EK) teenoor tydgenote wat nie aan 'n spesifieke groep behoort nie, kan ontwikkel.
- (d) Die individualiteit van die lede kan dikwels gestrem word deur 'n hoë mate van konformiteit.
- (e) Jaloesie as gevolg van 'n gebrek aan sosio-ekonomiese status mag ontstaan.
- (f) Spanning in die ouerhuis kan toeneem en tot openlike konflik lei, as gevolg van die invloed van die groep.

Slaafse konformiteit met die groep is dikwels die gevolg van te min aandag en belangstelling tuis, verwerping deur die ouers of 'n gebrek aan warmte en begrip. Sosiale veranderinge skep onsekerheid by die ouer en hy moedig dikwels konformering met die tydgenote aan, omdat die adolessent te midde van hierdie veranderinge ontwikkel. Ouers beklemtoon ook gewoonlik populariteit en sukses, wat op groeepaanvaarding berus en sodoende word konformering met die groep versterk. Die behoefte om te konformeer met die ouer of die groep sal wissel van adolessent tot adolessent. "Thus, more self-confident, more outonomous (democratically reared) adolescents may be able to profit from the views and learning experience provided by both parents and peers ..."⁴⁸⁾

48) Mussen, P.H., Conger, J.J., en Kagan, J., Child development and personality, 1974, p.577

D. DIE RELASIES MET IDEËS, KONSEPTE EN WAARDES
EN DIE BETEKENIS DAARVAN VIR DIE SELFKONSEP

1. Kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie

- a. Onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van die kognitiewe vermoë

Die adolessent se kognitiewe vermoë ontwikkel kwantitatief sowel as kwalitatief. Kwantitatief in dié sin dat die adolessent intellektuele take makliker, vinniger en effektiewer bemeester. Kwalitatief in die sin van verandering ten opsigte van die aard van denkprosesse. Hierdie onderskeiding tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van ontwikkeling moet egter nie gesien word as afsonderlike ontwikkelings nie, maar as aanvullend tot mekaar.

Die studie van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling kan volgens voorgenoemde onderskeiding, in twee gebiede verdeel word. Die eerste gebied sluit die meting van byvoorbeeld prestasie, aanleg en intelligensie in. Die tweede gebied behels die bestudering van veranderinge ten opsigte van die vorm of aard van kognitiewe funksionering tydens adolessensie. Die kwantitatiewe benadering wat intellektuele ontwikkeling benadruk, is ouer as die kwalitatiewe benadering en dagteken uit 1904 toe Alfred Binet met sy pionierswerk ten opsigte

van die meting van intelligensie begin het.

Tans is daar 'n groeiende belangstelling in die kwantitatiewe aspekte van verstandsonwikkeling "... the maturational changes in the kinds of fundamental processes underlying improvements in intellectual performance".⁴⁹⁾ Navorsers wat 'n belangrike bydrae in hierdie verband gelewer het, is onder andere Jean Piaget en Barbel Inhelder.

- b. Kwalitatiewe aspekte van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling

Piaget noem die kognitiewe ontwikkelingstadium vanaf twaalf jaar, met ander woorde, tydens die adolessente periode, die stadium van formele operasies.⁵⁰⁾ Elementêre prosesse word kompleks en die adolessent is in staat om oor stellings te dink wat geen verband met 'n konkrete objek het nie - abstrakte denke.⁵¹⁾

Tydens die middelkinderjare val die klem van die denkprosesse op dit wat werklik is. Gedurende adolessensie verskuif dit na die moontlike. Piaget sê: "In formal thought there is a reversal of the direction of thinking between reality and possibility in the subject's method of approach ... it is reality that is now (during adolescence)

49) Conger, J.J., Adolescence and youth, 1973, p.155

50) Flavell, J.H., The developmental psychology of Jean Piaget, 1968, p.203

51) ibid.

secondary to possibility".⁵²⁾ Die adolessent, in teenstelling met die kind, benader 'n probleem byvoorbeeld deur hom al die moontlikhede (hipoteses) voor te stel. Ná logiese analise en eksperimentele verifikasie, lei hy dan die konkrete moontlikheid af - dit is deduksie. Ons kan sê die adolessent is in staat tot hipotetiese, deduktiewe denke. Die aard van sodanige denkvermoë dra daartoe by dat die adolessent se denke ryker, breër en buigbaarder is as dié van die kind.

Piaget gaan voort deur daarop te wys dat formele denke veral proporsionele denke is.⁵³⁾ Hiervolgens kan die adolessent sy eie denke neem as objek en daaroor redeneer. Om hierdie stelling nader toe te lig kan net gemeld word dat in die periode vanaf sewe tot elf jaar die konkrete waarneming van objekte en gebeure en die ordening daarvan aan die orde van die dag is. Met ander woorde, rou realistiese gegewens word waargeneem. Die adolessent neem ook so waar, maar as gevolg van die ontwikkeling van die formele aard van sy denke neem hy die resultate van hierdie konkrete waarnemings en verander dit in stellings waaroor hy verder dink - hy sien onder meer verbande raak, ensovoorts. Die seun wat byvoorbeeld die buurdogter net as speelmaat waargeneem het tydens die kinderjare, sal haar nog as dogter waarneem tydens adolessensie, maar met dié

52) Conger, J.J., op. cit., 1973, p.159

53) Flavell, J.H., op. cit., 1968, p.205

verskil dat hy nou stellings oor haar sal maak. Die stellings kan denke oor haar geslagsrol, moontlikhede as huweliksmat, potensiaal as moeder en dergelike meer, insluit.

Individuele verskille moet weer eens in gedagte gehou word wanneer ons van die totale kognitiewe ontwikkeling praat. Die adolessent met 'n gemiddelde intelligensie, se formele denkprosesse ontwikkel op ongeveer twaalf tot sestien jaar. Begaafde adolessente se formele denke toon gelykmatige ontwikkeling en word dikwels gekenmerk deur groter verbeeldingskrag, buigbaarheid en noukeurigheid as dié van minder begaafdes. Ten spyte van hierdie verskille bly die basiese proses dieselfde. Sommige adolessente en volwassenes ontwikkel egter nooit formele operasionele denke nie. Dit kan toegeskryf word aan beperkte vermoëns of kulturele beperkings.

- c. Die invloed van kognitiewe ontwikkeling op die adolessent se psigologiese ontwikkeling

Die belang van kognitiewe ontwikkeling lê daarin dat dit die adolessent in staat stel om aan die opvoedkundige eise te voldoen en om nie-akademiese take soos die ontwikkeling van persoonlike, sosiale en politieke waardes en die opbou van 'n persoonlike identiteit te bemeester. Dit dra ook by tot die veranderinge in die aard van die ouer-kind-

verhouding, die ontwikkeling van persoonlikheidskenmerke en psigologiese verdedigingsmeganismes.

- (1) Invloed van formele operasionele denke op die ouer-kindverhouding en die sosiale orde

Die adolessent bevraagteken sy ouers se waardes; hy bemerk dat gedrag nie altyd ooreenkom met die ouers se waardestelsel nie. Bestaande sosiale, politieke en religieuse stelsels word gekritiseer, terwyl nuwe stelsels wat dikwels teoreties van aard is, gekonstrueer word.

Ofskoon die adolessent se nuut verworwe vermoë om te konseptualiseer en abstrak te redeneer vir die volwassene dikwels net na 'n eindelose klomp hipoteses lyk, het dit positiewe waarde. "To reason is for the young person a need and a pleasure; the constructs of the mind are a delight The arrival at abstraction permits the individual to delve into the systems that are offered to him by the culture and he will gradually be carried away by ideas, ideals and values!"⁵⁴⁾ Vir die adolessent bring dit die ontdekking van 'n kleurryke wêreld met variasie en moontlikhede en ons kan as't ware sê hy ontdek homself en die wêreld waarin hy leef. Dit dra dan daartoe by dat hy, namate hy ouer

54) Conger, J.J., op. cit., 1973, p.162

word, minder militant word en groter verdraagsaamheid ontwikkel, wat hom in staat stel om begrip vir die samelewing en veral vir sy ouers te toon.

(2) Invloed op die adolescent se persoonlikheidsontwikkeling

As gevolg van die kognitiewe ontwikkeling wat plaasvind, word die adolescent introspektief en analities. Hy neem fisiologiese, fisieke en psigologiese veranderinge waar en stel hipoteses op oor alle moontlike selfbeelde (bv. ten opsigte van geslagsrol). Hy vergelyk ook sy selfsiening met norme en die beeld wat ander van hom het. Wat hy deur introspeksie waarneem, word dus geanaliseer. Die adolescent se denke en gedrag vertoon egosentries. As gevolg van veranderinge en ontwikkeling is dit noodwendig so dat die adolescent homself as objek van sy denke sal hê. Hy lei dus af dat ander ook voortdurend oor sy gedrag en voorkoms dink en reageer dus asof hy voor 'n denkbeeldige gehoor optree. Hierdie denkbeeldige gehoor kan medeverantwoordelik gehou word vir die variasies in die adolescent se gedrag en ervarings, sy intense selfbewustheid, sy behoefte aan privaatheid en gevoel van skaamte. Die vlak van kognitiewe ontwikkeling tydens adolessensie dra verder daartoe

by dat hy meer bewus raak van hoe dinge is en hoe dit kon gewees het. Dit dra by tot gevoelens van depressie en ontevredenheid.

(3) Invloed op die adolessent se verdedigingsmeganismes

Hoewel die adolessent verskillende verdedigingsmeganismes gebruik, word asketisme en intellektualisasie die meeste gebruik.⁵⁵⁾

Asketisme is 'n poging om die instinktiewe dryfvere te ontken. Die adolessent sal byvoorbeeld in die naam van religieuse toewyding of slegs op grond van selfdisipline enige sweem van seksuele bevrediging vermy.

Intellektualisasie kan die adolessent in staat stel om angs op so 'n wyse te hanteer dat dit nie direk ervaar word nie. Die adolessent voer byvoorbeeld hoogs intellektuele besprekings oor die filosofiese grondslag van vrye liefde versus die huwelik, verantwoordelikheid versus vryheid, die bestaan van God en dergelyke meer. Hierdie skynbaar onpersoonlike besprekings reflekteer dikwels sensitiewe persoonlike aangeleenthede. 'n Bespreking van vrye liefde kan dus 'n poging wees om die angs wat die ontwakende seksuele behoeftes veroorsaak, te hanteer.

55) Flavell, J.H., op. cit., 1968, p.71

Hierdie verdedigingsmeganismes, wat op 'n gevorderde vlak van kognitiewe ontwikkeling berus, het 'n tweeledige doel. Eerstens hanteer dit angs, soos reeds gemeld is, en tweedens dra dit by tot die ontwikkeling van die vermoë om abstrak te dink, hipoteses te formuleer en te toets.

2. Die ontwikkelende waardesisteem

Die waardesisteem van die adolessent is gebaseer op sy unieke interpretasie van die georganiseerde leefwyse waarin hy hom bevind. Sekere gelowe word van die kultuur aangeneem, maar hy modifiseer dit binne sy eie Self. Hy is ook al hoe meer in staat om die verskillende oorspronge te herken van die vereistes wat aan hom gestel word, betreffende sy gedrag. Alhoewel die adolessent se gedrag nie identies soos die volwasse s'n is nie, deel hulle tog 'n gemeenskaplike waardesisteem. Adolessente is net so intens bewus van die gevaar op die Republiek se grense en die wêreldkreet om die beheer van hierdie land oor te dra na 'n swart meerderheidsregering. "His value system is based upon his own organization of parental, community, and peer values, and resembles, at least verbally, the adult world. If there is a difference it lies in the particular interpretations he makes in the meaning of an adult value. Courage, honesty and religion are merely cases in point, not the totality of his values".⁵⁶⁾ Sy

56) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.324

persepsies van ander groepe en sy persepsies van die wêreld as 'n idealistiese of materialistiese plek word deur sy eie unieke ervarings beïnvloed.

Die adolessent differensieer al hoe meer in sy omgewing en sy gedrag wat sy waardesistiem reflekteer, hang dikwels af van die onmiddellike situasie en veral die teenwoordigheid of afwesigheid van leeftydgenote. Hy het tot daardie punt ontwikkel waar hy andere sien as mense met behoeftes, regte en voorregte van hul eie.

Voorts neig adolessente om stereotipiese beelde van andere aan te neem en om sy konflikte op te los deur slagspreuke aan te neem en kompromieë te maak. Tabase navorsing van sestienjarige onderskryf die teenstrydighede en konflikte. Sy sê: "The strongest aspect of moral courage is that of defending and protecting one's own right and those of others ... Yet doubt and fear are expressed about any opinion or action, no matter how right, which is likely to arouse the displeasure of any person in authority or jeopardize one's popularity with peers ... Following the group, even into wrongdoing is rather likely approved ... Individual positions deviating from the generally accepted code are feared and shunned ... A common characteristic is the lack of readiness to face conflicts of choices. The predominant reaction to conflict situations is uncertainty or an attempt at a compromise solution".⁵⁷⁾

57) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.366

Wanneer die adolessent die ouers se waardes aanvaar en sy eie maak, staan hy die kans om uit voeling met die leeftydgenote te wees. Dit kan aanleiding tot verwerping gee. Hy sal dan sy ouers hiervoor blameer. Baie adolessente probeer om te konformeer met ouerlike standaarde om vrede en harmonie in die huis te handhaaf. Om dit te kan doen aanvaar hulle ouerlike waardes, maar interpreteer hulle meer liberaal as wat hulle ouers dit doen.

Die belangrikheid van waardes in die vorming van die adolessent se karakter is deur verskeie navorsers beklemtoon. "Leckley has postulated that after values integrated into the personality they act as barriers to the acceptance of new ones which might be in opposition to them".⁵⁸⁾ Dit is noodsaaklik sodat die jong persoonlikheid standvastig kan bly. Leckley stel ook vier voorwaardes vir die ontwikkeling van die waardesisteen van die adolessent:

- a. Nuwe waardes wat in teenstelling staan tot reeds aanvaardes kan verwerp word;
- b. nuwe waardes kan so aangepas word dat hulle nie langer in teenstelling verkeer met reeds aanvaarde waardes nie;
- c. nuwe waardes wat in teenstelling verkeer met reeds aanvaarde waardes word geïgnoreer; en

58) Garrison, K.C., Psychology of adolescence, 1965, p.183

d. ou waardes word aangepas op so 'n wyse dat die nuwe waardes ingelyf word in die totale waardesisteem.⁵⁹⁾

3. Ontwikkeling van belangstellings

Die skool vereis al hoe meer tyd van die adolessent sodat tyd vir ontspanning en stokperdjies al hoe minder word. Die belangrikheid van heteroseksuele belange neem toe, terwyl daar 'n afname in die tyd is wat aan sport en ander fisiese bedrywighede gewy word. Die neiging is om al hoe meer 'n toeskouer te word.

Belangstellingspatrone, insluitende beroepsbelangstellings, neig om na meer stabiliteit te beweeg gedurende die Senior Sekondêre Skoolfase. Met die vermindering in 'n absolute getal van belange kom die konsentrasie van inspanning op minder aktiwiteite. Die seun wat daarin belang gestel het om te versamel, sal weg beweeg daarvan om alles te wil versamel, na 'n vlak waar hy slegs een besondere onderwerp, bv. seëls, in gedagte het om te versamel.

a. Beroepsbelangstellings en die Self

Die keuse van besondere belangstellings, graad van veranderlikheid en diepte van belangstellings sal die adolessent se selfbeeld sowel as sy posisie in die groep, weerspieël. Marks (1957) het met 'n

59) Garrison, K.C., op. cit., 1965, p.183

belangstellingsvraelys bevind dat daardie adollesente wat deur hulle leeftydgenote as leiers geidentifiseer was, "do not follow the norms of the group to the extent of being conformists and may actually be more deviant in their interest behavior than are followers".⁶⁰⁾

Die Getzels en Jackson-studie (1960) het die terrein van beroepskeuses beslaan.⁶¹⁾ Die "kreatiewes" (divergente denkers) en die "intelligentes" (konvergente denkers) is onderwerp aan sinvoltooiing en ander persoonlikheidstoetse. Hulle het bevind dat die hoogs kreatiewes nie net meer keuses genoem het nie, maar ook meer ongewone beroepsvelde soos avonturier, skrywer en ontdekker verkies het bo die professies van geneesheer, regsgeleerde en onderwyser. Die hoogskreatiewes neig om weg te breek van stereotipiese betekenis; om weg te beweeg van die model soos deur die ouer en onderwysers verskaf; om loopbane te kies wat nie met die verwagtinge wat vir hulle gekoester word, konformeer nie. Daardie persone met hoë I.K.'s neig om na stereotipiese betekenis te konvergeer; om persoonlike sukses deur konvensionele standaarde na te jaag; om nader na die model wat ouers en onderwysers voorhou te beweeg en om loopbane te kies wat konformeer met die verwagtinge wat

60) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.372

61) ibid.

vir hulle gekoester word.

Oor die algemeen bestaan daar egter by alle adolessente 'n meer realistiese beeld van die beroepskeuse as by die jonger kind. In die vestiging van beroepsdoelwitte toon die adolessent 'n bewustheid van die eise van mededinging, opleiding en sosiale behoeftes.⁶²⁾

Crowley (1959) het aangetoon dat daar onmiddellike en langtermyn doelwitte bestaan.⁶³⁾ Die onmiddellike doelwitte is onder andere om die skooleksamen te slaag, om toelating tot die universiteit te verkry en die begeerte na goeie gesondheid. Die langtermyn doelwitte is gesins- en beroepsgeoriënteerd. Voorts het hy op intelligensie en sosiale klasverskille gewys wat ook op 'n groter bewustheid van die werklikheid gedui het. "For instance, brighter youngsters perceived college as immediate, and viewed competition, hard work, and lack of confidence as obstacles; less bright youngsters saw entry into the labor force or armed services as immediate, and lack of ability, being drafted, and a poor educational background as obstacles".⁶⁴⁾

Oor die algemeen sal die adolessent se belangstellings die beweging na 'n meer geïntegreerde self-

62) Gordon, I.J., op. cit., 1969, p.374

63) ibid.

64) ibid.

beeld reflekteer. Belangstellingspatrone sluit 'n duideliker begrip van die toekoms en die wêreld in, en is minder afhanklik van besondere situasies asook meer stabiel. Die oorgang van die minder komplekse, meer openlike, veranderlike belangstellings van die kind na die meer komplekse, gespesialiseerde en relatiewe gevestigde volwasse-patroon het teen hierdie stadium al ver gevorder.

E. SAMEVATTING

Adolesensie is 'n tydperk van verhoogde kompleksiteit van gedrag, sowel as die integrasie van die Self. Die adollesente leefwêreld word gekenmerk deur meer "volwasse" houdings, waardes en 'n duideliker beeld van die Self. Die organisasie van die persoonlikheid word al hoe meer standvastiger binne die raamwerk van die selfsisteem.

Die adollesent het egter nog nie die punt van Self-definisie bereik waar die eie uniekheid aanvaar word as betekenisvol en begeerlik nie. Alhoewel daar onderlinge verskille met maats kan bestaan, is hy baie afhanklik van die leeftydgenote, word die maatgroep gereeld opgesoek en word aanvaarding van die groep ook nagejaag. Vanuit sy leefwêreld toon die adollesent nog 'n skraal perspektief op aktuele sake en moet hy nog die breë siening van sake soos 'n volwasse bereik. Die adollesent is ook nog meer groep-georiënteer eerder as Selfgeoriënteer en is onderworpe aan baie vereistes vir konformiteit. Sy gedrag blyk meer gerig te

wees op onmiddellike eerder as langtermyn doelstellings.

Die adolessent is intellektueel in staat tot hoogs komplekse abstrakte denke. Hy kan betrokke raak in beide logiese bewerkings en verbeeldingsvlugte en hy kan probleemoplossingsbenaderings op komplekse probleme toepas.

Die mate waartoe hy 'n verskeidenheid van intellektuele faktore toepas volgens sy vermoë, blyk in verband te staan met leer en ervaring. As hy geleer het om op kreatiewe maniere te dink, en deur ervaring geleer het om denkprosesse toe te pas in 'n verskeidenheid van opgawes, sal hy al hoe meer in staat wees om hierdie vaardighede nuttig te gebruik. Daardie wat kreatief, of divergent dink, eerder as om konvergente denke aan die dag te lê, persipieer die Self en die wêreld blykbaar op verskillende maniere. Sommige adolessente kan beide denkrigtings volg, en dit sal tot 'n meer gebalanseerde persipiëring van die Self en die wêreld lei.

Die adolessent is ook meer realisties ten opsigte van belangstellings en aspirasies. Daar bestaan wel probleme met die keuse van beroepe, maar soos hy ouer word verkry die jeugdige al hoe meer 'n greep op die verwagtinge en vereistes wat in hierdie verband aan hom gestel word.

Oor die algemeen het die adolessent hom suksesvol geïdentifiseer met sy toepaslike geslagsrol. Sy konsepte van die gedrag in die vervulling van sodanige rol kan met kultuuromstandighede fluktueer, maar oor die algemeen weet die individu hoe om sy rol te vervul en ontwikkel die jeugdige

al hoe meer in daardie rigting waar hy betekenisvolle verhoudings met die teenoorgestelde geslag kan aanknoop.

Sy gedrag op skool en tussen sy leeftydgenote en gesin blyk ook meer 'n funksie te wees van sy selfkonsep eerder as sy algemene vermoë. Die mate waarin hy sy selfsisteem inspan, word blykbaar nie net deur spesifieke konsepte van die Self in verhouding tot lewensomstandighede bepaal nie, maar is ook verwant tot die kern van die Self: sy konsep van sy eie adekwaatheid en veiligheidsgevoel. Sukses of mislukking in akademiese prestasie, werk en menslike verhoudinge word alles saamgebundel in sy beeld van die Self.

Omdat adolessensie 'n integrerende periode is, word die beeld wat die adolessent oor sy Self huldig al hoe minder ontvanklik vir maklike modifikasie deur omgewingsinvloede en druk. Alhoewel die Self altyd 'n oop stelsel met sy ses onderskeibare dimensies is, word die verdedigingsmeganismes van die individu al hoe minder deurdringbaar soos hy ouer word. Soos hy al hoe meer ervarings in sy leefwêreld beleef, sal die aspekte van die Self steeds verder ontwikkel en 'n al hoe deegliker vorming aanneem. Die graad van selfbestendigheid is hoog en die rigting van selfontwikkeling is redelik gevestig.

Noudat 'n samevattende beeld van die leefwêreld van die adolessent aangebied is, kan vervolgens oorgegaan word na die empiriese ondersoek van die selfkonsep van die fisies

gestremde leerling. In so 'n ondersoek moet deeglik kennis gedra word van die leefwêreld van die adolessent. Daarom word daar naas die eksperimentele groep 'n kontrolegroep van adolessente gebruik wat geen fisiese gebreke het nie, en word na verskille en ooreenkomste tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe gesoek teen die agtergrond van die adolessente leefwêreld. Die volgende hoofstuk stel hom dus ten doel om as vertrekpunt te dien vir die empiriese ondersoek na die selfkonsep van die fisies gestremde leerling.

HOOFSTUK V

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

A. INLEIDING

Wylie ¹⁾ het in haar noukeurige analise van navorsing oor die selfkonsep tot die slotsom gekom dat gewaak moet word teen vae veralgemeende konstrunkte van die Self. Konstrunkte van die selfkonsep moet empiries aanwysbaar wees, voorspellingsmoontlikhede inhou, en van 'n wetenskaplike karakter wees.

Uit 'n beskouing van die navorsingsontwerpe en konstrunkte in verband met die selfkonsep wat eksperimenteel gebruik is, blyk dit dat Vrey se Selfkonsepinventaris vir die doel van hierdie ondersoek die aanneemlikste is. Daar is dan besluit om sy Selfkonseptoets in hierdie ondersoek toe te pas. In 'n persoonlike brief van Vrey is van hom verloff ontvang om sy Selfkonsepinventaris te gebruik.

Teen die agtergrond van die teoretiese besinning oor die Self en selfkonsep, die leefwêreld van die adolessent en die kritiese oorsig van empiriese navorsing oor die selfkonsep, word die eksperimentele ondersoek in verband met die selfkonsep van die fisies gestremde leerling in hierdie hoofstuk beskryf.

1) Wylie, R.C., op. cit., 1961, pp.317-320

B. DIE EKSPERIMENTELE ONTWERP

Basies bestaan die eksperimentele ontwerp daaruit dat twee groepe leerlinge vir hierdie ondersoek gebruik word. Die een groep is die fisies gestremde leerlinge (die eksperimentele groep) terwyl die ander groep fisies gesonde leerlinge is (die kontrole-groep). Daarna word verskille ten opsigte van die selfkonsep tussen die twee groepe ontleed en indien dit beduidend is, word dit toegeskryf aan die fisiese gebrek (die onafhanklike veranderlike).

Hierdie studie word tot een taalgroep, naamlik Afrikaans, beperk. Dit word gedoen omdat hierdie studie nie kultuurverskille as sodanig in berekening wil bring nie. Slegs leerlinge op die Senior Sekondêre Fase word betrek, omdat die Selfkonsepinventaris van Vrey saamgestel is vir adolessente wat oor die vermoë beskik om die matrikulasie- of eindeksamen van die middelbare skool of gelykstaande eksamen te slaag. In die lig hiervan is Afrikaanssprekende leerlinge op die Senior Sekondêre Skoolfase aan die Elizabeth Conradieskool vir fisies gestremde leerlinge te Kimberley, gekies as die eksperimentele groep. Toestemming is van die Direkteur van Nasionale Opvoeding verkry om die volgende skole vir fisies gestremde leerlinge in die Republiek by hierdie ondersoek te betrek:

1. Elizabeth Conradieskool, Kimberley
2. Hope Homeskool, Johannesburg
3. Meerhofskool, Hartebeespoortdam, Pretoria, en
4. Opelugskool, Durban.

Die drie laasgenoemde skole bied egter hoofsaaklik onder-
 rig tot en met die Junior Sekondêre Skoolfase terwyl die
 Elizabeth Conradieskool onderrig tot aan die einde van die
 Senior Sekondêre Skoolfase aanbied. Die Elizabeth Conra-
 dieskool akkommodeer dan hoofsaaklik al daardie fisies ge-
 stremde leerlinge in die Republiek wat onderrig op die
 Senior Sekondêre Fase wil geniet.

Die toelatingsvereistes aan hierdie skool ten opsigte van
 skolastiese opvoedbaarheid is dieselfde as vir gewone laer-
 en hoërskole onder die Provinsiale Onderwysdepartemente.
 Daarbenewens moet 'n leerling 'n fisiese afwyking vertoon
 wat onder een van die volgende geklassifiseer kan word:²⁾

1. AANGEBORE AFWYKINGS

Noel-patella sindroom

Aangebore armafwyking

Akondroplasia

Agenese

Artrogripose multipleks kongenitaal

Aangebore ekstrofie viscera

Aangebore heupontwrigting

Aangebore hartafwyking

Aangebore haemangioma

Hidrokefalis

Aangebore mondafwyking

Osteogenese imperfecta

Spina Bifida

2) Elizabeth Conradieskool, leerlingrol, 1977

Aangebore voetafwyking
Anorektale en vaginale agenese
Spondiëlo-epifisiale displasie
Diastrofiese dwerg

2. GEWRIGSAANDOENINGS

Gewrigsaandoenings
Perthes se siekte
Rumatoïed artritis
Osteomiëlitis

3. HARTAANDOENINGS (nie aangebore nie)

4. ENDOKRINIESE AANDOENINGS

Hormonale aandoening
Diabetes mellitus
Myasthenia Gravis

5. LONGAANDOENINGS

Asma

6. SPIERAANDOENINGS

Spiërdistrofie
Idiopatiëse hipertrofie

7. NEUROLOGIESE AANDOENINGS

Epilepsie
Minimale breindisfunksie
Spinale serebellêre degenerasie
Doofheid (gedeeltelik)
Post-enkefalietis

Erb se Palsy
 Neurofibromatosis
 Post-Guillain-Barre
 Post-Breinvliesontsteking
 Transversale miëlitis
 Post-poliomiëlitis
 Serebraal verlamming
 Spinale atrofie
 Friedrichs ataksie
 Roussy-Levy Sindroom

8. SPYSVERTERINGSTELSEL AANDOENINGS

Vetsug (Oorgewig)
 Hirschsprung se siekte

9. RUGAFWYKINGS

Idiopatiëse skoliose
 Kifose
 Kifo-skoliose
 Scheuermann se siekte
 T.B.-ruggraat

10. TRAUMATIESE AFWYKINGS

Traumatiese amputasie
 Tetrapleeg
 Parapleeg
 Breinbeskadiging
 Brandletsels
 Monoplegie
 Oogletsel

'n Statistiese ontleding aan die begin van 1977 het getoon dat post-poliomiëelitis, serebraal verlamming en asma die grootste persentasie afwykings by leerlinge aan die skool verteenwoordig.

Die skoolhoof van die Diamantveld Hoërskool, Kimberley, het goedgunstiglik toestemming verleen dat sy leerlinge as kontrolegroep gebruik word. Die rede waarom hierdie skool as kontrolegroep gekies is, is onder andere omdat dit oor 'n skoolkoshuis beskik wat leerlinge van buite die grense van Kimberley huisves. Die eksperimentele groep word hoofsaaklik in koshuise gehuisves en daarom wou skrywer dat van die kontrolegroep ook in koshuise tuisgaan. Daar is na oorleg met die hoof van Diamantveld Hoërskool, 'n steekproef van 100 leerlinge, op die Senior Sekondêre Skoolfase, op ewekansige basis getrek om die kontrolegroep te vorm. Die aantal leerlinge wat dus in hierdie navorsing betrek is, word in die volgende tabel aangegee:

TABEL 4

LEERLINGE BETREK IN NAVORSING

| SKOOL | SEUNS | DOGTERS | TOTAAL |
|--------------------|-------|---------|--------|
| ELIZABETH CONRADIE | 41 | 19 | 60 |
| DIAMANTVELD HOËR | 57 | 43 | 100 |
| TOTAAL | 98 | 62 | 160 |

Die populasie waaruit die steekproewe vir die ondersoek getrek moes word, bestaan dus uit die Afrikaanssprekende leerlinge op die Senior Sekondêre Skoolfase.

C. TOEPASSING EN NASIEN VAN DIE SELFKONSEP-
INVENTARIS EN BIOGRAFIESE VRAELYS

Die navorser het self die toetse aan die Elizabeth Conradie-skool afgeneem, terwyl die hoof van die skool van die kontrolegroep verantwoordelikheid aanvaar het vir die afneem van die toetse aldaar.

Die instruksies is duidelik en saaklik sodat die leerlinge dit maklik kon verstaan. Die aard van die vraelyste en van die ondersoek is aan die leerlinge verduidelik en 'n vriendelike versoek is gerig om die vraelyste te voltooi.

Die instruksies van die Selfkonsepinventaris lees as volg:

"In elke item van hierdie vraelys word daar kontrasterende beskrywings van twee persone, genaamd A en B, gegee. Lees die twee beskrywings in 'n item en vergelyk uself met elkeen. Besluit dan watter een van die twee, A of B, die meeste ooreenkoms met u vertoon. Aan die regterkant van die item sal u twee letters A en B sien. As u meer soos A

is, maak dan 'n kruis oor die letter A aan die regterkant van die bladsy. As u meer soos B is, maak dan 'n kruis oor die letter B. U mag miskien nie presies soos enige van die twee wees nie, maar u moet besluit watter een van die twee naaste aan u kom. Maak 'n kruis oor óf A óf B, maar nie oor altwee vir dieselfde item nie. Die procedure is dieselfde vir elke item. Daar is geen tydsbeperking nie, maar werk vinnig en beantwoord elke item.

LET WEL:

A en B is nie dieselfde persoon vir elke item nie. Die pare verskil die meeste van die tyd, daarom moet u antwoord op een item nooit u antwoord op 'n ander item beïnvloed nie".

Die proefpersoon beantwoord die Selfkonsepttoets deur hom by elke item met een van die twee kontrasterende persone te identifiseer. Identifikasie met die een dui op 'n hoë selfkonsep, terwyl identifikasie met die ander op 'n lae selfkonsep dui. Die som van die aantal hoë selfkonsepresponsies gee die selfkonseptelling in die toets. Op dieselfde wyse dui die som van die selfkonsepresponsies die tellings in die subtoetse aan.

Die leerlinge het hulle volle samewerking gegee en het die vraelyste met erns beantwoord. Die proefpersone het ook die instruksies sowel as die betekenis van die vrae en die wyse van beantwoording begryp.

Die navorser het die Selfkonsepttoets self met die nodige maskers nagesien.

In 'n latere afdeling sal die doelstellings en samestellings van die biografiese vraelys volledig beskryf word.

D. STRUKTUUR VAN DIE SELFKONSEPTOETS

Vrey het aansluiting vir die samestelling van sy Selfkonsepttoets gevind by die Tennessee Self Concept Scale (TSCS) van Fitts. Die TSCS is 'n toets wat al baie keer in die praktyk getoets is en waarvan daar baie psigometriese data bepaal is. Beide navorsers veronderstel dat die selfkonsep 'n bewuste besef of begrip van die Self is. Derhalwe word dit waarvan die persoon bewus is of bewus gemaak kan word, beskou as die dimensies van die selfkonsep. Hierdie dimensies vorm die struktuur van die selfkonsep wat geïntegreerd die totale grootte of peil van die selfkonsep aandui. Die Selfkonsepttoets bestaan uit die dimensies:

Fisieke Self

Persoonlike Self

Gesinself

Sosiale Self

Waardeself en

Selfkritiek.

Hierdie dimensies lig elk 'n komponent van die selfkonsep toe, terwyl die somtotaal van selfkonseptellings 'n aanduiding van die selfkonsep gee.

Bogenoemde dimensies moet ook begryp word in die verband waarin die Self in verhouding staan tot die verskillende onderskeibare konstrunkte. So sal die Fisieke Self die Self in verhouding tot die liggaamlike voorstel; die Persoonlike Self dui die Self in sy eie psigiese verhoudinge aan; die Gesin-Self stel die Self in gesinsverhoudinge voor; die Sosiale Self dui op die Self in sosiale verhoudinge; die Waardeself (ook genoem die Sedelike Self) stel die Self in verhouding tot sedelike norme voor, en die Selfkritiek dui op die kritiese beoordeling van die Self.

Die mate waarin 'n individu homself persipieer, word aange-
toon deur die kwaliteit van die belewing van selfwaarde en
selfagting in elkeen van die verhoudinge, afsonderlik en ge-

samentlik of geïntegreerd. Behalwe vir die kognitiewe, sal die gevoelsmatige wat die kwaliteit van belewing aandui, ook altyd ter sprake kom. Die mens is in al sy handelinge eksplisiet of implisiet besig met selfhandhawing en selfontplooiing. So is die konatiewe aspek van menswees as sy bewuste doelgerigtheid, 'n bydraende aspek van die selfkonsep. Dit beteken dat die persoon in totaliteit betrokke is by die dinamiese wording van die selfkonsep.

E. DIE ITEMS VAN DIE SELFKONSEPTOETS²⁾

Hierdie afdeling word onverander, met erkenning aan Vrey, weergegee omdat hy daarin geslaag het om 'n volledige wetenskaplike beskrywing van die items te gee, en dit in hierdie stadium derhalwe nie nodig is om verdere omskrywings daaraan by te voeg nie.

DIMENSIE I: Verhoudinge met sy liggaamlike gesteldheid - Fisieke Self

1. Identiteit

Die proefpersoon met 'n positiewe selfkonsep moet hom identifiseer met iemand wat blakend gesond, aantreklik en netjies is, en wat nie bewus is van pyn nie, nie slordig is nie en selde ongesteld voel.

2. Aanvaarding

Die proefpersoon moet die mate van tevredenheid met die

2) Vrey, J.D., op. cit., 1964, pp.196-203

aanvaarding van sy gewig, sy voorkoms en sy lengte, sy liggaamsdele, sy gesondheidstoestand en sy aantreklikheid vir die teenoorgestelde geslag aandui. Aanvaarding hiervan dui op 'n positiewe selfkonsep.

3. Gedrag

Handelinge waarmee 'n persoon besig is, kan ook tipies wees van iemand met 'n hoë of lae selfagting. Die selfagting word weerspieël in wat gedoen word en hoe dit gedoen word, soos liggaamsversorging, veeleisende arbeid, optrede voor mense en die genot waarmee dit gedoen word, asook lewenslus in die uitvoer van die handeling. Hoë selfagting word ook weerspieël in handeling wat nie gestrem word deur kommer, senuagtigheid en lompheid nie. Waar laasgenoemde kenmerke wel voorkom, toon dit gebrek aan selfvertroue en sien die persoon homself as onbekwaam of ondoeltreffend; dus 'n lae selfkonsep. Ses items is oor elke aspek van die fisieke Self opgestel.

DIMENSIE II: Verhoudinge met sy psigiese gesteldheid - Persoonlike Self

1. Identiteit

Die persoon wat homself as adekwaat beskou, is opgeruimd, kalm en bedaard en sien homself as die gelyke van ander mense. Hy verloor nie selfbeheer, voel nie minderwaardig en skuil nie agter 'n nukkerige stemming nie.

2. Aanvaarding

Die persoon wat homself hoog ag, is tevrede met sy persoon, met sy mate van vriendelikheid teenoor ander mense en met sy vermoë om probleme op te los.

3. Gedrag

Die persoon met hoë selfagting tree op sodat hy hierdie selfbeeld in stand hou. Hy oorweeg die moontlike konsekwensies van sy handeling voordat hy optree. Hy is tevrede met sy prestasies, kan homself handhaaf, staan vas by sy oortuigings, bly nie gedurig besluiteloos voortstrompel nie, maar kom gou tot 'n besluit. Hy hoef nie sy ego krampagtig te beskerm nie; daarom sal hy nie kwaad word as hy na 'n misstap berispe word nie.

DIMENSIE III: Verhoudinge met sy gesin - Gesinself

1. Identiteit

Die persoon met 'n positiewe selfkonsep sal ook verhoudinge met sy gesin en familieleden hê wat aandui dat hy aanvaar word. Hy is oortuig van sy gesin se liefde vir hom, is gelukkig en word hooggeag deur die gesin sodat hulle hom ook raadpleeg en vertrou. Vanweë hierdie verhouding met gesinslede is hy oortuig daarvan dat hulle hom in enige situasie sal bystaan.

2. Aanvaarding

In die verhoudinge met sy gesinslede en familieleden word

'n persoon se selfagting geopenbaar. Hy het 'n gevoel van trots op sy familie en gesin. Daar is weinig misverstand tussen hulle. Gemeenskap word gesoek, soos aangetoon deur die uitsien na familiebyeenkomste. Geen agterdog word gekoester nie en hy voel ook nie maklik gekrenk deur wat hulle van hom sê nie. Die aanvaarding van die verhoudinge met die gesinslede dui aan dat hy tevrede is met die liefde wat onderling bestaan.

3. Gedrag

Die verhoudinge tussen persone bepaal wat hulle onderlinge gedrag sal wees. Gesonde verhoudinge wat die gevolg is van 'n positiewe selfkonsep, sal in die persoon se gedrag manifesteer. Hy is regverdig teenoor sy gesinslede en sal niks doen wat hulle benadeel nie. Hy gaan na en besoek ander. Ouers word goed behandel en nie verwaarloos nie. In sy emansipasie beweeg hy weg van sy ouers af sonder om verwerping te vrees. Hy ervaar dat sy gesin en familie aanvaar wat hy doen sonder dat ernstige kritiek gelewer word.

DIMENSIE IV: Verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - Die Sosiale Self

1. Identiteit

Die verhoudinge wat vanaf huisgesin en familie uitkring, betrek ook die sosiale gemeenskap. Die individu met hoë selfagting is vriendelik teenoor ander en gewild by maats

van dieselfde en teenoorgestelde geslag. Hy ondervind dat ander toenadering tot hom soek en maklik met hom vriende maak. Belangstelling in ander mense en in hul doen en late is kenmerkend. Hierdie vriendelikheid voorkom ook nukkerigheid wat as stemming soms langdurig kan voorkom.

2. Aanvaarding

Aanvaarding van die verhoudinge van identiteit bring hoflikheid en geselligheid in geselskap met andere. Teruggetrokkenheid en selfbewustheid kom min voor. Hy is populêr en hulpvaardig. In sy belewing van ander se verhouding met hom is hy tevrede met hulle belangstelling in hom.

3. Gedrag

Die handelinge wat verband hou met hoë selfagting is onder meer dié wat aandui dat hy maklik vriende maak, goed met andere oor die weg kom en maklik gesprekke aanknoop. Hy vergewe ander maklik en sien die goeie eienskappe in hulle raak.

DIMENSIE V: Verhouding met sedelike en godsdienstige waardes -
 Waardeself.

1. Identiteit

Die persoon met hoë positiewe selfkonsep identifiseer hom op positiewe wyse met sedelike en religieuse waardes.

Hy is onder meer eerlik en godsdienstig en onbesproke van gedrag, en het ander mense lief.

2. Aanvaarding

Die aanvaarding van sedelike en religieuse waardes bring 'n tevredenheid en berusting dat deugde soos eerlikheid, goedheid, getrouheid en waarheid uitgeleef word. Hy aanvaar verantwoordelikheid vir ander mense wat hulp nodig het.

3. Gedrag

Positiewe identifikasie met waardes lei tot gedragswyses wat daarmee ooreenstem. Deur te doen wat hy weet wat reg is, beroep hy hom nie op twyfelagtige metodes nie, sodat hy hom nie bekommer oor ander se verwagtings van hom nie. Na aanleiding van sy oortuiging van wat reg en wat verkeerd is, verander hy sy gedrag as hy oortuig word dat hy verkeerd is. Aangesien hy seker van sy saak is en van die belangrikheid van dit wat reg is, bestraf hy mense wat die morele en religieuse wet oortree.

DIMENSIE VI: Selfkritiek

Die selfkritiekitems stem grootliks ooreen met die items wat Fitts in die TSCS vanuit die MMPI oorgeneem het. Die stellings is effens neerhalend van die persoon, maar die meeste mense in die huidige kulturele samelewing is in 'n mate daaraan skuldig. Die persoon wat nie nodig het om sy selfbeeld

krampagtig te beskerm nie, sal nie huiwer om te erken as hy hieraan skuldig is nie. Die aspekte wat genoem word is: kwaadwórd, geïrriteerdheid, skinder, lelike dinge dink, frustrasie, deelname aan 'n wedstryd slegs om te wen, uitstel van werk, dubbelsinnige grappe, nie van alle mense hou nie en oortreding van wette, soos bv. oor 'n stopstraat ry. Hier word veronderstel dat iemand met 'n nugtere hoë positiwe selfkonsep krities sal staan teenoor homself en dien-ooreenkomstig sal respondeer.

Die instruksies vir die proefpersoon is op die buiteblad aangebring. Om te verhoed dat 'n vaste beantwoordingspatroon by die proefpersone ontwikkel, is die items van die verskillende dimensies, asook dié wat positief en dié wat negatief beantwoord word, toevallig gerangskik. Die volgende tabel dui aan watter items op elke dimensie met sy onderafdelings betrekking het.

TABEL 5

GROEPERING VAN ITEMS BY ELKE DIMENSIE VAN DIE SELFKONSEPTOETS

| Subtoetse met onderdele | Items volgens nommers in die Selfkonseptinventaris | | | | | |
|--|--|----|-----|----|----|----|
| A. Fisieke Self | | | | | | |
| 1. Identiteit | 1 | 7 | 13 | 19 | 25 | 31 |
| 2. Aanvaarding | 37 | 42 | 48 | 54 | 59 | 64 |
| 3. Gedrag | 70 | 75 | 80 | 91 | 94 | 97 |
| B. Persoonlike Self | | | | | | |
| 1. Identiteit | 84 | 78 | 82 | 2 | 8 | 14 |
| 2. Aanvaarding | 20 | 26 | 32 | 38 | 43 | 49 |
| 3. Gedrag | 55 | 60 | 65 | 71 | 76 | 83 |
| C. Die Self in verhouding met Gesin en familie | | | | | | |
| 1. Identiteit | 77 | 81 | 85 | 63 | 69 | 73 |
| 2. Aanvaarding | 3 | 99 | 15 | 21 | 27 | 33 |
| 3. Gedrag | 39 | 89 | 50 | 56 | 61 | 66 |
| D. Die Self in verhouding met die sosiale gemeenskap | | | | | | |
| 1. Identiteit | 62 | 68 | 72 | 47 | 53 | 58 |
| 2. Aanvaarding | 87 | 90 | 93 | 4 | 10 | 16 |
| 3. Gedrag | 22 | 28 | 34 | 40 | 45 | 51 |
| E. Die Self in verhouding met waardes | | | | | | |
| 1. Identiteit | 46 | 52 | 57 | 86 | 44 | 95 |
| 2. Aanvaarding | 92 | 96 | 100 | 88 | 98 | 9 |
| 3. Gedrag | 5 | 11 | 17 | 23 | 29 | 35 |
| F. Selfkritiek | 79 | 74 | 67 | 41 | 36 | 30 |
| | 24 | 6 | 12 | 18 | | |

F. DIE BETROUBAARHEID VAN DIE SELFKONSEPTOETS

Die betroubaarheid van 'n toets dui op die bestendigheid van die toets, dit wil sê die mate waarin individuele verskille in 'n toetstelling toegeskryf kan word aan 'n metingsfout en in watter mate dit toegeskryf kan word aan werklike verskille wat tussen individue ten opsigte van die gemete eienskap bestaan. Toetsbetroubaarheid dui dus aan watter gedeelte van die totale variansie, foutvariensie is. Alle omstandighede wat geen verband met die doel van die toets het nie, dra by tot foutvariensie. Deur voorsorg te tref vir uniforme toetsomstandighede, instruksies, die geestelike ingesteldheid van die proefpersone, gerieflike lokale en die verhouding tussen toetsafnemer en die proefpersone, het navorser gepoog om die foutvariensie te verminder en die betroubaarheid te verhoog.

Die waarde van toetsbetroubaarheid blyk duidelik uit Thorndike se opmerking: "The lower the reliability of the score, the more tentative the judgement or decision must be, until in the extreme case, as the reliability approaches zero, the score provides absolutely no basis at all for any judgment or decision."³⁾

Thorndike sê dan ook in verband met betroubaarheid-

3. Blommers, P. en Lindquist, E.F., Elementary statistical methods in psychology and education, 1960, p. 562

"Under the concept of reliability we are concerned about the accuracy with which a score represents the status of an individual in whatever aspect the test measures him."⁴⁾

Met die berekening van die betroubaarheid van die Self-konseptoets om 'n wetenskaplik aanvaarbare selfkonseptel-ling vir elke proefpersoon te verskaf, word die berekening gedoen van al die proefpersone saam. So behoort ons dan die betroubaarheid van die toets te bepaal oor die hele linie van die empiriese ondersoek.

Die mees algemene metode vir die berekening van betrou-baarheid is die Kuder-Richardsonmetode waarvoor slegs een toetstoepassing moontlik is.

Die Kuder-Richardson formule vir die bepaling van die betroubaarheid van 'n toets met 'n'-items is:⁵⁾

$$r_{tt} = \frac{n}{n-1} \left[1 - \frac{\left(M_t - \frac{M_t^2}{n} \right)}{S_t^2} \right]$$

waar

r_{tt} = die betroubaarheidskoëffisiënt van die Selfkonsept-
toets;

n = die aantal items in die Selfkonsepttoets;

S_t = die standaardafwyking van die Selfkonsepttoets;

M_t = die rekenkundige gemiddelde van die toetstellings.

4. Guilford, J.P., Psychometric methods, 1954, p. 350

5. Magnusson, D., Test Theory, 1966, p. 116

Die formule vir die berekening van die standaardafwyking is:

$$S_t = \sqrt{\frac{\sum (X - M_t)^2}{N}} \quad 6)$$

waar

S_t = die standaardafwyking;

X = die selfkonseptelling;

M_t = die rekenkundige gemiddelde van die selfkonseptellings;

$(X - M_t)$ = die afwykingstelling, dit wil sê, die afwyking van elke ruwe telling van die rekenkundige gemiddelde, bepaal deur die rekenkundige gemiddeld van die selfkonseptelling af te trek;

N = die aantal tellings in die verspreiding, met ander woorde die aantal proefpersone;

\sum = die eindtotaal van (\sum is die Griekse letter sigma en beteken "die som van".)

Die formule vir die berekening van die rekenkundige gemiddelde is:

$$M_t = \frac{\sum X}{N} \quad 7)$$

Die volgende prosedure is gevolg om die betroubaarheid van die Selfkonsepttoets oor 'n verspreiding van 160 Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge te bepaal.

6) Magnusson, D., op. cit., 1966, p.8

7) ibid.

1. Die berekening van die rekenkundige gemiddelde volgens die formule wat reeds verskaf is:

$$\begin{aligned} M_t &= \frac{10872}{160} \\ &= 67,95 \end{aligned}$$

2. Die berekening van die standaardafwyking volgens die formule wat reeds verskaf is:

$$\begin{aligned} S_t &= \sqrt{\frac{17279,56}{160}} \\ &= 10,39 \end{aligned}$$

3. Die berekening van die betroubaarheid van die Selfkonsepttoets met 100 items volgens die formule wat reeds verskaf is, en met die gegewens wat in die vorige twee stappe bereken is:

$$\begin{aligned} r_{tt} &= \frac{100}{100 - 1} \left[1 - \frac{(67,95 - \frac{(67,95)^2}{100})}{(10,39)^2} \right] \\ &= 0,81 \end{aligned}$$

Die betroubaarheidskoeffisiënt is dus 0,81 wat redelik hoog is, "desirable reliability coefficients usually fall in the 0,80's or 0,90's".⁸⁾ Ons kan dus met reg aanvaar dat die Selfkonsepttoets van Vrey betroubaar genoeg is om die selfkonsep te bepaal vir doeleindes van hierdie verhandeling. Dit is interessant om daarop te

8) Anastasi, A., Psychological testing, 1968, p.78

let dat Vrey 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,85 verkry het in sy analise van die Selfkonsepttoets met sy navorsing om 'n geskikte meetinstrument daar te stel om die selfkonsep van 'n individu te bepaal.⁹⁾

G. DIE GELDIGHEID VAN DIE SELFKONSEPTOETS

"The validity of a test is concerned with the extend to which it actually measures what it claims to measure. A test cannot be valid unless it has high reliability".¹⁰⁾

Daarom sal die geldigheid van die Selfkonsepttoets die mate wees waarin die toets daardie dimensies meet waarvoor dit ontwerp is.

By 'n Selfkonsepttoets soos dié wat hier ter sprake is, is konstrukgeldigheid die belangrikste.¹¹⁾

Konstrukgeldigheid is die mate waarin 'n toets op 'n besondere teorie gebaseer is, en "... is the extent to which the test may be said to measure a theoretical construct or trait".¹²⁾

Vir hierdie Selfkonsepttoets word die konstrukgeldigheid bepaal deur die punt-tweereekskorrelasie tussen elke itemtelling en toetstotaaltelling te bereken.

'n Itemanalise is op die toetsresponsies uitgevoer en word in die volgende tabel gegee:

-
- 9) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.253
- 10) Behr, A.L., Methods and techniques in Educational and Psychological Research, 1973, p.34
- 11) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.247
- 12) Anastasi, A., Op. cit., 1968, p.114

TABEL 6 :

ITEMANALISE VAN DIE SELFKONSEPTOETS

| Item nommer | P | g | M _P | M _g | Item nommer | P | g | M _P | M _g |
|----------------|-----|-----|----------------|----------------|----------------|-----|-----|----------------|----------------|
| 01 | 150 | 10 | 69 | 56 | 51 | 81 | 79 | 73 | 62 |
| 02 | 113 | 47 | 70 | 63 | 52 | 101 | 59 | 70 | 64 |
| 03 | 149 | 11 | 69 | 50 | 53 | 80 | 80 | 73 | 63 |
| 04 | 113 | 47 | 72 | 59 | 54 | 110 | 50 | 73 | 58 |
| 05 | 76 | 84 | 73 | 64 | 55 | 105 | 55 | 69 | 66 |
| 06 | 112 | 38 | 79 | 54 | 56 | 149 | 11 | 69 | 47 |
| 07 | 66 | 94 | 76 | 62 | 57 | 108 | 52 | 69 | 67 |
| 08 | 102 | 58 | 69 | 66 | 58 | 107 | 53 | 70 | 64 |
| 09 | 135 | 25 | 85 | 71 | 59 | 148 | 12 | 69 | 50 |
| 10 | 128 | 32 | 68 | 66 | 60 | 123 | 37 | 71 | 57 |
| 11 | 130 | 30 | 71 | 53 | 61 | 98 | 62 | 76 | 55 |
| 12 | 115 | 45 | 67 | 66 | 62 | 90 | 70 | 72 | 62 |
| 13 | 107 | 53 | 70 | 65 | 63 | 93 | 67 | 62 | 76 |
| 14 | 124 | 36 | 69 | 65 | 64 | 120 | 40 | 71 | 58 |
| 15 | 119 | 41 | 69 | 66 | 65 | 91 | 69 | 72 | 62 |
| 16 | 128 | 32 | 70 | 60 | 66 | 87 | 73 | 73 | 62 |
| 17 | 128 | 32 | 70 | 59 | 67 | 105 | 55 | 67 | 70 |
| 18 | 84 | 76 | 67 | 69 | 68 | 120 | 40 | 75 | 48 |
| 19 | 131 | 29 | 69 | 62 | 69 | 149 | 11 | 70 | 47 |
| 20 | 112 | 48 | 72 | 58 | 70 | 143 | 17 | 69 | 58 |
| 21 | 122 | 38 | 71 | 58 | 71 | 87 | 73 | 68 | 66 |
| 22 | 114 | 46 | 72 | 57 | 72 | 71 | 89 | 80 | 58 |
| 23 | 95 | 65 | 67 | 69 | 73 | 134 | 26 | 71 | 54 |
| 24 | 104 | 56 | 68 | 69 | 74 | 137 | 23 | 70 | 58 |
| 25 | 146 | 14 | 70 | 50 | 75 | 105 | 55 | 74 | 57 |
| 26 | 100 | 60 | 71 | 64 | 76 | 131 | 29 | 72 | 48 |
| 27 | 56 | 104 | 65 | 70 | 77 | 148 | 12 | 69 | 54 |
| 28 | 134 | 26 | 72 | 50 | 78 | 126 | 34 | 70 | 60 |
| 29 | 89 | 71 | 72 | 63 | 79 | 92 | 68 | 71 | 64 |
| 30 | 79 | 81 | 66 | 70 | 80 | 144 | 16 | 76 | 57 |
| 31 | 130 | 30 | 72 | 52 | 81 | 141 | 19 | 70 | 50 |
| 32 | 115 | 45 | 71 | 61 | 82 | 124 | 36 | 72 | 54 |
| 33 | 145 | 15 | 69 | 59 | 83 | 86 | 74 | 65 | 72 |
| 34 | 139 | 21 | 69 | 59 | 84 | 110 | 50 | 84 | 60 |
| 35 | 32 | 128 | 80 | 65 | 85 | 135 | 25 | 71 | 50 |
| 36 | 107 | 53 | 67 | 66 | 86 | 61 | 99 | 67 | 69 |
| 37 | 117 | 43 | 69 | 66 | 87 | 96 | 64 | 81 | 60 |
| 38 | 39 | 121 | 70 | 67 | 88 | 125 | 35 | 68 | 66 |
| 39 | 139 | 21 | 76 | 47 | 89 | 127 | 33 | 71 | 58 |
| 40 | 112 | 48 | 69 | 66 | 90 | 119 | 41 | 75 | 49 |
| 41 | 128 | 32 | 69 | 63 | 91 | 82 | 78 | 73 | 63 |
| 42 | 137 | 23 | 70 | 56 | 92 | 81 | 79 | 76 | 60 |
| 43 | 65 | 95 | 70 | 67 | 93 | 72 | 88 | 68 | 68 |
| 44 | 131 | 29 | 71 | 56 | 94 | 44 | 116 | 72 | 66 |
| 45 | 79 | 81 | 72 | 65 | 95 | 36 | 124 | 66 | 68 |
| 46 | 97 | 63 | 71 | 64 | 96 | 118 | 42 | 71 | 60 |
| 47 | 75 | 85 | 72 | 65 | 97 | 58 | 102 | 70 | 67 |
| 48 | 140 | 20 | 71 | 47 | 98 | 95 | 65 | 70 | 65 |
| 49 | 104 | 56 | 72 | 61 | 99 | 134 | 26 | 68 | 66 |
| 50 | 140 | 20 | 70 | 57 | 100 | 137 | 23 | 69 | 60 |

Waar

P = die totale getal proefpersone wat vir elke item dieselfde responsie as wat in die sleutel voorkom, gegee het;

g = die totale getal proefpersone wat vir elke item 'n verkeerde responsie gegee het as wat in die sleutel voorkom;

M_P = die gemiddelde telling van die proefpersone wat elke responsie volgens die sleutel gegee het, en

M_g = die gemiddelde telling van die proefpersone wie se responsie by elke vraag van die sleutel verskil.

Die formule vir die berekening van die punt-tweereeks-korrelasiekoëffisiënt is:

$$r_{bis} = \frac{M_P - M_t}{S_t} \times \frac{P}{Y} \quad 13)$$

waar

r_{bis} = die punt-tweereekskorrelasiekoëffisiënt;

M_P = die gemiddelde totaaltelling van die proefpersone wat elke responsie volgens die sleutel gegee het;

M_t = die rekenkundige gemiddelde van die hele steekproef;

S_t = die standaardafwyking van die hele steekproef;

- P = die verhouding van responsies wat met die sleutel ooreenstem;
- y = die hoogte van die ordinaat in die normaal-kromme by die verdelingspunt tussen die twee groepe wat so is dat 'n verhouding p van die oppervlakte aan die een kant daarvan geleë is.

Die berekening word as volg uitgevoer:

$$\begin{aligned}
 M_{\bar{p}} &= 70,99 \\
 M_t &= 67,95 \\
 S_t &= 10,39 \\
 P &= 0,67 \text{ (die verhouding wat as korrek respons het)} \\
 y &= 0,362 \text{ (die hoogte van die verdelingspunt tussen 67\% en 33\% in 'n normale verspreiding soos afgelees in die tabelle van die normale verspreiding) }^{14)}
 \end{aligned}$$

Dus is die punt-tweereekskorrelasiekoëffisiënt:

$$\begin{aligned}
 r_{\text{bis}} &= \frac{70,99 - 67,95}{10,39} \times \frac{0,67}{0,362} \\
 &= 0,54
 \end{aligned}$$

Hierdie geldigheidskoëffisiënt is redelik betekenisvol omdat dit vanuit die literatuur blyk dat 'n geldigheidskoëffisiënt van tussen 0,30 en 0,60 betekenisvol is, terwyl dit "baie buitengewoon vir 'n geldigheidskoëffisiënt is om hoër as 0,60 te styg".¹⁵⁾

14) Spiegel, M.R., Statistics, 1972, pp.342-343

15) Van der Walt, J.S., Opvoedkundige en Psigologiese Meting, 1970, p.79

Daar kan dus aanvaar word dat hierdie toets dit meet wat dit voorgee om te meet, naamlik die selfkonsep van 'n leerling.

H. DIE BIOGRAFIESE VRAELYS

Die biografiese vraelys is saamgestel met die veronderstelling dat sekere opvoedingservaringe spesifiek bydra tot die vorming van die selfkonsep. Daar sal met die besonderhede wat hier verkry is, gepoog word om die verband tussen die stand van die selfkonsep en opvoedingservaringe vas te stel. Die inligting wat van die biografiese vraelys verkry word, kan nie bymekaar getel word om 'n enkele punt te vorm nie, aangesien dit diskrete gegewens bevat wat elk op sy eie beoordeel moet word.

Die ontwerp wat vir die verwerking van die biografiese gegewens gekies is, is die vergelyking van die biografiese gegewens van proefpersone met 'n fisiese gebrek met die biografiese gegewens van persone wat geen fisiese gebreke toon nie. Toetsing van die nulhipotese geskied hier aan die hand van die chi-kwadraat-toets.

Die meeste van die ideës waarop die vrae van die biografiese vraelys geformuleer is, is van Coopersmith (1967) en Vrey (1974) verkry. Die meeste vrae, sowel as die samehang daarvan, is egter in die genoemde vraelys op oorspronklike wyse geformuleer en gegroep sodat direkte vergelyking met die resultate van Coopersmith en Vrey nie moontlik is nie.

Die biografiese vraelys is tydens die empiriese ondersoek deur al die proefpersone voltooi, en die interpretasie van die biografiese gegewens word in 'n volgende hoofstuk gelewer.

I. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die agtergrond van die empiriese ondersoek geskets.

Die struktuur en items van die Selfkonsepttoets is van nader beskou, terwyl die betroubaarheidskoëffisiënt sowel as die geldigheidskoëffisiënt bereken is.

Die biografiese vraelys is kortliks bespreek en sal in 'n latere hoofstuk volle aandag geniet.

Die skrywer was tevrede gestel deur die betroubaarheid- en geldigheidskoëffisiënte van die Selfkonsepttoets en in die lig hiervan kan nou voortgegaan word met die verdere ontleding en interpretasie van die gegewens verkry in die ondersoek.

HOOFSTUK VI

ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS VERKRY
IN DIE ONDERSOEK

A. INLEIDING

Die funksie van statistiek in die Opvoedkundige Sielkunde word baie duidelik deur Kerlinger omskryf wanneer hy sê dat: "Statistics is the theory, discipline and methods of studying quantitative data gathered from samples of observations in order to study and compare sources of variance of phenomena, to help make decisions to accept or reject hypothesized relations between the phenomena so studied, and to aid in making reliable inferences from observations".¹⁾

Die volgende moet egter ook steeds in gedagte gehou word: "Treat numbers and statistics neither with too great respect nor too great contempt. Compute statistics and act as though they were 'true', but always maintain a certain reserve towards them, a willingness to disbelieve them if the evidence indicates such disbelief".²⁾

In hierdie hoofstuk sal daar van statistiese metodes gebruik gemaak word om belangrike inligting aangaande die punttelings en gegewens van die Selfkonsepttoets te bekom wat andersins verborge sou bly. Deurdat die bykomende inligting deur die statistiese metodes uitgelig kan word, stel

1) Kerlinger, F.N., Foundations of behavioral research, 1972, p.148

2) ibid., p.168

dit skrywer in staat om reekse puntetellings betekenisvoller te beskryf.

Dit sal dus in hierdie hoofstuk hoofsaaklik gaan om die ontleding en interpretasie van die gegewens verkry in die empiriese ondersoek. Waar daar dus belangrike gevolgtrekkings gemaak word en hipoteses aanvaar of verwerp word, sal dit net kort en kragtig gestel word. In die volgende hoofstuk sal sodanige gevolgtrekkings en hipoteses dan breedvoeriger en in verband met fisiese gebrek bespreek word. In hierdie hoofstuk gaan die klem val op die bespreking en toepassing van die statistiese metodes, terwyl die volgende hoofstuk die bevindinge van die ondersoek sal behandel.

B. DIE RANGSKIKKING EN GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE GEGEWENS

Vir die vergelyking van die tellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep word die persentielkrommes op dieselfde assestelsel getrek. In Figuur 5 word die twee persentielkrommes van die gegewens, soos aangedui in Tabel 7, aangetoon.

TABEL 7

FREKWENSIE - VERDELING VAN DIE SELFKONSEPTELLINGS VAN
DIE EKSPERIMENTELE- SOWEL AS DIE KONTROLEGROEP

| Klas inter- valle | Eksak- te bo- onste | Ekspe- rimen- tele groep f | Ekspe- rimen- tele groep Kum. f | Ekspe- rimen- tele groep Kum. %f | Kon- trole- groep f | Kon- trole- groep Kum. f | Kon- trole- groep Kum. %f |
|-------------------------|---------------------------|--|---|--|------------------------------|-----------------------------------|------------------------------------|
| 85-89 | 89,5 | 1 | 60 | 100,0 | 7 | 100 | 100,0 |
| 80-84 | 84,5 | 2 | 59 | 98,33 | 16 | 93 | 93,0 |
| 75-79 | 79,5 | 4 | 57 | 95,0 | 17 | 77 | 77,0 |
| 70-74 | 74,5 | 12 | 53 | 88,33 | 21 | 60 | 60,0 |
| 65-69 | 69,5 | 8 | 41 | 68,33 | 20 | 39 | 39,0 |
| 60-64 | 64,5 | 6 | 33 | 55,0 | 9 | 19 | 19,0 |
| 55-59 | 59,5 | 9 | 27 | 45,0 | 3 | 10 | 10,0 |
| 50-54 | 54,5 | 5 | 18 | 30,0 | 3 | 7 | 7,0 |
| 45-49 | 49,5 | 8 | 13 | 21,67 | 4 | 4 | 4,0 |
| 40-44 | 44,5 | 4 | 5 | 8,33 | 0 | 0 | 0,0 |
| 35-39 | 39,5 | 1 | 1 | 1,67 | 0 | 0 | 0,0 |
| TOTAAL | | 60 | | | 100 | | |

Verskeie belangrike afleidings kan uit Figuur 5 gemaak word. Die kontrolegroep se kromme lê vir die hele verdeling aan die regterkant van die eksperimentele groep se kromme. Dit beteken dat die kontrolegroep konstant hoër as die eksperimentele groep geprester het. Die verskille in prestasies tussen die twee groepe word aangegee deur die afstande wat die twee krommes van mekaar by die verskillende vlakke is.

Om 'n beter beeld tussen die prestasies van die eksperimentele groep en die kontrolegroep te verkry, kan sekere punte

in die verdelings vergelyk word.

Die mediaan vir die eksperimentele groep is ongeveer 62 en dié van die kontrolegroep 72,3. Hierdie waardes word afgelees by (a) en (b) op die figuur. Die verskil tussen hierdie twee waardes word deur lynstuk AB voorgestel.

Figuur 5 word op die volgende bladsy aangedui.

C. DIE TOTALE SELFKONSEPTELLING

Om te bepaal of daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die Selfkonseptellings van die eksperimentele- en kontrolegroepe.

Waar bepaal moet word of die verskil in rekenkundige gemiddelde tussen twee groepe beduidend is, word die standaardfout van die verskil in gemiddeldes bereken deur middel van die volgende formule:

$$SE_{MA-MB} = \sqrt{SE_{MA}^2 + SE_{MB}^2} \quad 3)$$

waar

SE_{MA} = standaardfout van die rekenkundige gemiddelde van groep A (in hierdie geval die eksperimentele groep);

SE_{MB} = standaardfout van die rekenkundige gemiddelde van groep B (in hierdie geval die kontrolegroep).

3) Best, J.W., op. cit., 1970, p.269




FIG5: PERSENTIELKROMMES VAN DIE EKSPERIMENTELE EN KONTROLE-GROEPE OP DIE SELFKONSEPTOETS.

Die standaardfout van die onderskeie gemiddeldes word volgens die volgende formule bereken:

$$SE_{MA} = \frac{St_A}{\sqrt{n_A}} \quad \text{of}$$

$$SE_{MB} = \frac{St_B}{\sqrt{n_B}} \quad 4)$$

waar

SE_{MA} = standaardfout van die rekenkundige gemiddelde van groep A;

SE_{MB} = standaardfout van die rekenkundige gemiddelde van groep B;

St_A = die standaardafwyking van groep A;

St_B = die standaardafwyking van groep B;

n_A = die aantal proefpersone in groep A;

n_B = die aantal proefpersone in groep B.

In die empiriese ondersoek is die volgende gegewens met betrekking tot die globale selfkonseptelling bepaal:

TABEL 8

BESONDERHEDE VAN DIE TOTALE SELFKONSEPTELLING

| | Aantal | Rekenkundige gemiddelde | Standaard afwyking |
|-------------------------|--------|-------------------------|--------------------|
| A. Eksperimentele groep | 60 | 61,58 | 11,65 |
| B. Kontrole-groep | 100 | 71,77 | 9,56 |

4. ibid., p.267

Die standaardfout van die onderskeie rekenkundige gemiddeldes word vervolgens bereken deur die formule wat reeds verskaf is:

$$SE_{MA} = \frac{11,65}{\sqrt{60}} = 1,5$$

$$SE_{MB} = \frac{9,56}{\sqrt{100}} = 0,956$$

Die standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes word nou volgens die gegewe formule bereken:

$$\begin{aligned} SE_{MA-MB} &= \sqrt{SE_{MA}^2 + SE_{MB}^2} \\ &= \sqrt{(1,5)^2 + (0,956)^2} \\ &= 1,7787 \end{aligned}$$

Die verskil van 10,19 in rekenkundige gemiddelde is 'n ruwe telling, terwyl die standaardafwyking van 1,7787 'n standaardtelling is. Die twee tellings is dus nie as sodanig vergelykbaar nie. Vergelyking word slegs moontlik gemaak deur óf die sogenaamde t-toets óf die kritieke-verhoudingstoets. Skrywer sal vir die doeleindes van hierdie verhandeling die kritieke-verhoudingstoets toepas omdat die t-toets gewoonlik net toegepas word by steekproewe waarvan die aantal toetspersone minder as 30 is. Die kritieke-verhoudingstoets is ontwerp vir steekproewe met 'n groot aantal proefpersone, en sal dus geskik wees vir die statistiese berekeninge van hierdie verhandeling. Die rekenkundige gemiddeld word dus verwerk na eenhede van standaardafwyking.

In eenvoudige taal gestel word die verskil in rekenkundige gemiddelde as standaardafwyking gesien. Die volgende formule word daarvoor gebruik:

$$KV = \frac{MA-MB}{SE_{MA-MB}} \quad 5)$$

waar

KV = die kritieke-verhouding. Die meeste handboeke oor Statistiek verwys hierna as z.

M = die rekenkundige gemiddelde van;

SE_{MA-MB} = die standaardfout van die verskil van die rekenkundige gemiddelde van groepe A en B.

Dit volg dat

$$\begin{aligned} KV &= \frac{61,58 - 71,77}{1,7787} \\ &= -5,7289 \end{aligned}$$

Alvorens 'n beslissing gevel kan word of daar wel 'n beduidende verskil tussen die twee rekenkundige gemiddeldes bestaan, moet dit genoem word dat daar egter vlakke of grade van beduidendheid bestaan wat verdere verduideliking verg. Die twee grense wat in die Opvoedkunde algemeen aanvaar word, is die 0,05- en die 0,01-grens van beduidendheid. Die 0,05-grens dui aan dat die verkreë resultaat slegs 5 uit elke 100 keer as gevolg van kansfaktore kan voorkom, terwyl die 0,01-grens aandui dat die verkreë resultaat slegs 1 uit elke 100 keer as gevolg van die kansfaktore kan voorkom. Hierdie grade van beduidendheid kom veral ter sprake by die hipotesetoetsing.

Een van die belangrikste gebruike van statistiek is om die beduidendheid van 'n hipotese te bepaal.

Behr sê in hierdie verband: "This usually takes the form of stating that there is 'no true difference' between measures derived from the samples, but that any obtained difference is due to chance occasioned by the fluctuation of sampling. The statement is thus expressed in what is termed a 'null hypotheses'." 6)

'n Nul-hipotese stel dat daar geen betekenisvolle verskil bestaan tussen twee of meer rekenkundige gemiddeldes nie. "It concerns a judgment as to whether apparent differences are real differences or whether they merely result from sampling error." 7)

Wanneer die kritiese-verhoudingstatistiek toegepas word in hipotesetoetsing word die nul-hipotese aanvaar (i) teen die 0,05-grens as die kritiekeverhouding (KV) tussen -1,96 en 1,96 lê; en (ii) teen die 0,01-grens as die kritiekeverhouding (KV) tussen -2,58 en 2,58 lê. 8)

Sodra die kritiekeverhouding buite die genoemde intervale val, beteken dit dat die verskil in rekenkundige gemiddelde tussen die eksperimentele- en kontrolegroep te groot is om aan die normale fluktuasies as gevolg van standaardfoute te

6) Behr, A.L., Methods and Techniques in Educational and Psychological Research, 1973, p.102

7) Best, J.W., op. cit., 1970, p.270

8) Behr, A.L., op. cit., 1973, p.102

wyt, en word die nul-hipotese gevolglik verwerp.

Best onderskryf bostaande stelling as hy sê: "These means no longer behave as two random sample means from the same population. Something has happened to, or affected, the experimental group in such a way that it behaves like a sample from a different, or changed, population. Thus the researcher may conclude that the experimental variable or treatment, not sampling error, accounted for the difference in performance as measured by the mean test scores. The experimenter is using a statistical test to discount chance or sampling error as a variable."⁹⁾

Die eksperimentele ontwerp van hierdie ondersoek bestaan uit 'n groep fisies gestremde leerlinge (eksperimentele groep) en 'n groep leerlinge wat nie fisies gestrem is nie (kontrole-groep). Die nul-hipotese wat gestel word, sal as volg lui: "Daar bestaan geen beduidende verskil in die Selfkonsepttellings tussen die eksperimentele-en kontrole-groepe nie."

Die kritiekeverhoudingstelling (KV) was bereken as $-5,7289$ wat buite die grense van $-1,96 < KV < 1,96$, en $-2,58 < KV < 2,58$ lê. Dit beteken dat die nul-hipotese op die 0,05 grens sowel as die 0,01-grens verwerp word.

Daar bestaan dus 'n hooë beduidende verskil tussen die selfkonsepttellings van die eksperimentele- en kontrolegroep

9. Best, J.W., op. cit., 1970, p.270

wat toegeskryf word aan die fisiese gebrek (die onafhanklike veranderlike). Die fisies gestremde leerling het dus 'n laer selfkonsep as die fisies gesonde leerling.

In die volgende afdeling sal die hipotesetoets op die onderskeibare ses dimensies van die selfkonsep toegepas word om te bepaal of daar ook hier beduidende verskille tussen die twee groepe te bespeur is.

Die formules en metodes wat in hierdie afdeling beskryf is, word dan ook daar toegepas.

D. 'n ONDERSOEK NA DIE BEDUIDENDHEID VAN DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP

In hierdie afdeling word die statistiese bewerkinge van die rekenkundige gemiddelde van 'n groep, die standaardafwyking en standaardfout van 'n groep, die standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes van twee groepe en die kritiese-verhoudingstelling uitgevoer, deur gebruik te maak van die formules wat reeds in vorige afdelings verskaf is, en word die metodes toegepas wat ook reeds verduidelik is.

Vir die gerief van die leser sal die gegewens wat so verkry is in tabelvorm aangebied word. Elkeen van die volgende ses dimensies sal dus onmiddellik na die onderskeie opskrifte voorsien wees van 'n tabel wat die gegewens ordelik en sinvol aandui sonder om die leser verder te vermoei met omslagtige beskrywings van for-

mules en oplossingsmetodes.

DIMENSIE I

Verhoudinge met die liggaamlike gesteldheid - Fisieke Self

TABEL 9 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR DIE FISIEKE SELF

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 12,17 | 13,6 |
| Standaardafwyking | 2,38 | 2,14 |
| Standaardfout | 0,307 | 0,214 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,3744 | |
| Maksimum sub-toetstelling | 18 | 17 |
| Minimum sub-toetstelling | 7 | 8 |
| Strekking (variasiebreedte) | 11 | 9 |

$$\begin{aligned}
 \text{Die kritiese-} & \\
 \text{verhouding (KV)} & = \frac{\text{Die verskil in rekenkundige gemiddelde}}{\text{Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes}} \\
 & = \frac{12,17 - 13,6}{0,3744} \\
 & = -3,819
 \end{aligned}$$

Die kritiese-verhouding (KV) vir Dimensie I lê buite albei die intervalle (-1,96; 1,96) en (-2,56; 2,56) en daarom word die nulhipotese op die 0,05-grens sowel as die 0,01-grens verwerp.

Daar bestaan dus 'n hoogs beduidende verskil tussen die

sub-toetstellings (Dimensie I) van die eksperimentele en kontrole-groep wat toegeskryf word aan die fisiese gebrek. Die fisies gestremde leerling vertoon dus 'n betekenisvolle laer konsep van die Fisieke Self.

DIMENSIE II : VERHOUDINGE MET DIE PSIGIESE GESTELD-
HEID - PERSOONLIKE SELF

TABEL 10 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR DIE PERSOONLIKE
SELF

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 10,38 | 12,53 |
| Standaardafwyking | 3,46 | 3,41 |
| Standaardfout | 0,447 | 0,341 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,562 | |
| Maksimum subtoetstelling | 17 | 18 |
| Minimum subtoetstelling | 3 | 3 |
| Strekking | 14 | 15 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} & \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{10,38 - 12,53}{0,562} \\ &= -3,826 \end{aligned}$$

Hierdie KV val buite die intervalle (-1,96; 1,96) en (-2,56; 2,56) en daarom word die nulhipotese op die 0,05-grens sowel as die 0,01-grens verwerp.

Daar bestaan dus 'n hoogs beduidende verskil in die verhoudinge met die psigiese gesteldheid tussen die

eksperimentele- en kontrolegroep.

DIMENSIE III : VERHOUDINGE MET DIE GESIN - GESINSELF

TABEL 11 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR DIE GESINSELF

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 13,22 | 14,77 |
| Standaardafwyking | 3,30 | 2,10 |
| Standaardfout | 0,426 | 0,21 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,475 | |
| Maksimum subtoetstelling | 18 | 18 |
| Minimum subtoetstelling | 4 | 9 |
| Strekking | 14 | 9 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{13,22 - 14,77}{0,475} \\ &= -3,263 \end{aligned}$$

Die KV vir Gesinself lê buite albei die intervale (-2,56; 2,56) en (-1,96; 1,96) en gevolglik word die nulhipotese op die 0,05-grens sowel as die 0,01-grens verwerp.

Dit impliseer dat daar 'n hoogs beduidende verskil bestaan tussen die subtoetstellings (Gesinself) van die eksperimentele- en kontrolegroep. Hierdie beduidende verskil word aan die onafhanklike veranderlike toegeskryf - die fisiese gebrek. Die fisies gestremde leer-

ling se verhoudinge met die gesin is dus nie van dieselfde gehalte as dié van die kontrolegroep nie.

DIMENSIE IV : VERHOUDINGE MET ANDER IN DIE SOSIALE
GEMEENSKAP - SOSIALE SELF

TABEL 12: PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR DIE SOSIALE SELF

| | Eksperimentele groep | Kontrolegroep |
|---|----------------------|---------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 10,10 | 12,66 |
| Standaardafwyking | 3,93 | 3,38 |
| Standaardfout | 0,507 | 0,338 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,61 | |
| Maksimum subtoetstelling | 17 | 18 |
| Minimum subtoetstelling | 3 | 3 |
| Strekking | 14 | 15 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{10,10 - 12,66}{0,61} \\ &= -4,197 \end{aligned}$$

Hier val KV van die Sosiale Self ook buite albei die intervalle (-1,96; 1,96) en (-2,56; 2,56) en dit dui met implikasie daarop dat die nulhipotese op die 0,05-grens sowel as op die 0,01-grens verwerp word.

Daar bestaan dus 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen die verhouding met ander mense tussen die eksperimentele- en kontrolegroep. Die lede van die kontrolegroep

handhaaf hoogs waarskynlik gesonder betrekkinge met die sosiale gemeenskap as die lede van die eksperimentele groep.

DIMENSIE V : VERHOUDING MET SEDELIKE EN GODSDIENSTIGE
WAARDES - WAARDESSELF

TABEL 13 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR DIE WAARDESELF

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 8,98 | 11,32 |
| Standaardafwyking | 3,35 | 2,88 |
| Standaardfout | 0,432 | 0,288 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,52 | |
| Maksimum subtoetstelling | 16 | 17 |
| Minimum subtoetstelling | 3 | 4 |
| Strekking | 13 | 13 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{8,98 - 11,32}{0,52} \\ &= -4,5 \end{aligned}$$

Hierdie verhouding lê buite albei die vereiste intervale wat dan daarop dui dat die nulhipotese verwerp word. Dit dui op 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen die twee groepe met implikasie dat die eksperimentele groep se verhouding met sedelike en godsdienstige waardes blykbaar nie so goed soos dié van die kontrolegroep is nie.

DIMENSIE VI : SELFKRITIEK

TABEL 14 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR SELFKRITIEK

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 60 | 100 |
| Gemiddelde subtoetstelling | 6,75 | 6,79 |
| Standaardafwyking | 1,84 | 2,03 |
| Standaardfout | 0,238 | 0,203 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 0,312 | |
| Maksimum subtoetstelling | 10 | 10 |
| Minimum subtoetstelling | 3 | 2 |
| Strekking | 7 | 8 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{6,75 - 6,79}{0,312} \\ &= -0,128 \end{aligned}$$

Hier blyk dit dat $-1,96 < -0,128 < 1,96$ en $-2,56 < -0,128 < 2,56$; met ander woorde die kritiese-verhouding van die subtoets oor Selfkritiek lê binne albei die intervale en daarom word die nulhipotese aanvaar; dit is nie verwerp nie. Dit beteken dus dat daar in hierdie geval geen betekenisvolle verskil tussen die subtoetstellings van die eksperimentele- en kontrolegroepe bestaan nie.

E. GESLAGSVERSKILLE

In 'n vorige hoofstuk is daarop gewys dat daar 'n verskil in die groeitempo van die twee geslagte is. Netso is

aangedui dat die adolessente dogter gewoonlik psigies sowel as fisies ryper is as die seun. In hierdie afdeling wil skrywer bepaal of daar 'n verskil is tussen die selfkonseptellings van dogters van die eksperimentele groep en dogters van die kontrolegroep. Vervolgens sal ook ondersoek ingestel word of daar 'n verskil tussen die selfkonseptellings van die seuns van die eksperimentele groep en seuns van die kontrolegroep bestaan. Laastens sal daar in hierdie afdeling 'n ondersoek ingestel word na die verskil in selfkonsep van al die seuns in die algehele steekproef teenoor al die dogters van die algehele steekproef.

1. GESLAGSVERSKILLE : DOGTERS

TABEL 15 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR GESLAGSVERSKILLE - DOGTERS

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 19 | 43 |
| Gemiddelde toetstelling | 64,68 | 75,49 |
| Standaardafwyking | 10,63 | 10,0 |
| Standaardfout | 2,439 | 1,525 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 2,877 | |
| Maksimum toetstelling | 79 | 89 |
| Minimum toetstelling | 46 | 46 |
| Strekking | 33 | 43 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{64,68 - 75,49}{2,877} \\ &= -3,76 \end{aligned}$$

Die nulhipotese word op die 0,05-grens sowel as die 0,01-grens van beduidendheid verwerp wat impliseer dat daar waarskynlik 'n verskil tussen die selfkonseptellings van die dogters van albei groepe bestaan. Dogters van die kontrolegroep het 'n veel hoër selfkonsep as dogters van die eksperimentele groep.

2. GESLAGSVERSKILLE : SEUNS

TABEL 16 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS OOR GESLAGSVERSKILLE - SEUNS

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 41 | 57 |
| Gemiddelde toetstelling | 60,15 | 68,79 |
| Standaardafwyking | 12,09 | 9,21 |
| Standaardfout | 1,89 | 1,22 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 2,25 | |
| Maksimum toetstelling | 86 | 89 |
| Minimum toetstelling | 39 | 45 |
| Strekking | 47 | 44 |

$$\begin{aligned}
 \text{Die kritiese-} & \\
 \text{verhouding (KV)} & = \frac{60,15 - 68,79}{2,25} \\
 & = -3,84
 \end{aligned}$$

Die nulhipotese word verwerp op die 0,05- en 0,01-grense van beduidendheid. Die seuns van die kontrolegroep huldig 'n veel hoër konsep van die Self as die seuns van die eksperimentele groep.

3. GESLAGSVERSKILLE TUSSEN SEUNS EN DOGTERS

TABEL 17 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS TUSSEN SEUNS EN DOGTERS

| | Seuns | Dogters |
|---|-------|---------|
| Aantal proefpersone | 98 | 62 |
| Gemiddelde toetstelling | 65,18 | 72,18 |
| Standaardafwyking | 10,51 | 10,198 |
| Standaardfout | 1,06 | 1,295 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 1,674 | |
| Maksimum toetstelling | 89 | 89 |
| Minimum toetstelling | 45 | 46 |
| Strekking | 44 | 43 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{65,18 - 72,18}{1,674} \\ &= -4,18 \end{aligned}$$

Die nulhipotese word verwerp op die 0,05- sowel as die 0,01-grens van beduidendheid. Dit kan dus gestel word dat adolessente dogters hoogs waarskynlik 'n hoër self-konsep as adolessente seuns het.

F. VERSKILLE VOLGENS SKOOLSTANDERD

In hierdie afdeling sal ondersoek ingestel word na die stand van die selfkonseptellings op die drie standers van die Senior Sekondêre Fase. Skrywer wil bepaal of die verskil wat daar tussen die twee groepe as geheel bestaan, ook op die verskeie skoolstanders bestaan.

1. STANDERD 8

TABEL 18: PSIGOMETRIESE GEGEWENS - ST. 8

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 21 | 19 |
| Gemiddelde toetstelling | 56,38 | 69,84 |
| Standaardafwyking | 12,55 | 11,35 |
| Standaardfout | 2,74 | 2,6 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 3,78 | |
| Maksimum toetstelling | 74 | 87 |
| Minimum toetstelling | 39 | 46 |
| Strekking | 35 | 41 |

$$\begin{aligned}
 \text{Die kritiese-} \\
 \text{verhouding (KV)} &= \frac{56,38 - 69,84}{3,78} \\
 &= -3,56
 \end{aligned}$$

Die nulhipotese word op albei die grense van betekenisvolheid, wat in hierdie verhandeling toegepas word, verwerp. Daar bestaan 'n hoogs betekenisvolle verskil in die self-konseptellings tussen standerd agt leerlinge van die twee groepe. Leerlinge in standerd agt van die kontrolegroep het 'n veel hoër selfkonsep as leerlinge van dieselfde standerd in die eksperimentele groep.

2. STANDERD 9

TABEL 19 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS - ST. 9

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|---|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 23 | 33 |
| Gemiddelde toetstelling | 63,78 | 73,03 |
| Standaardafwyking | 11,03 | 9,02 |
| Standaardfout | 2,30 | 1,57 |
| Standaardfout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 2,78 | |
| Maksimum toetstelling | 84 | 89 |
| Minimum toetstelling | 40 | 47 |
| Strekking | 44 | 42 |

$$\begin{aligned} \text{Die kritiese-} \\ \text{verhouding (KV)} &= \frac{63,78 - 73,03}{2,78} \\ &= -3,32 \end{aligned}$$

Die nulhipotese word verwerp op albei die grense van betekenisvolheid. Standerd nege leerlinge van die kontrolegroep het 'n hoër selfkonsep as standerd nege leerlinge van die eksperimentele groep.

3. STANDERD 10

TABEL 20 : PSIGOMETRIESE GEGEWENS - ST. 10

| | Eksperimentele groep | Kontrole-groep |
|--|----------------------|----------------|
| Aantal proefpersone | 16 | 48 |
| Gemiddelde toetstelling | 65,25 | 71,46 |
| Standaardafwyking | 11,27 | 9,14 |
| Standaardfout | 2,82 | 1,32 |
| Standaard-fout van die verskil in rekenkundige gemiddeldes | 3,11 | |
| Maksimum toetstelling | 86 | 89 |
| Minimum toetstelling | 49 | 49 |
| Strekking | 37 | 40 |

$$\begin{aligned}
 \text{Die kritiese-} \\
 \text{verhouding (KV)} &= \frac{65,25 - 71,46}{3,11} \\
 &= -1,997
 \end{aligned}$$

Hierdie kritiese-verhouding lê net buite die interval (-1,96; 1,96) en is baie kleiner as die ooreenstemmende waardes vir standerd agt en -nege. Die nulhipotese word dus op die 0,05-grens van beduidendheid verwerp, maar aanvaar op die 0,01-grens van beduidendheid wat daarop dui dat die standerd tien leerling van die eksperimentele groep in verhouding met sy kontrolegroep beter geprester het as die standerd agt en -nege lede van dieselfde groep. Die akademiese sukses wat hulle in standerd agt en -nege behaal het, het waarskynlik daartoe bygedra om hul selfvertroue in so 'n mate te verbeter dat hulle self-

konsep beter is as die jonger adolessente s'n. Netso kan die invloed van ryping en ervaring nie buite rekening gelaat word nie.

Die verwerping van die nulhipotese op die 0,05-grens van beduidendheid dui egter op 'n betekenisvolle verskil tussen die selfkonseptellings van die eksperimentele- en kontrolegroepe. Die kontrolegroep se standerd tien leerlinge handhaaf 'n betekenisvoller hoër selfkonsep as standerd tien leerlinge van die eksperimentele groep.

Vir interessantheidsomhalwe het skrywer die selfkonseptellings van die drie verskillende standerds gerangskik en grafies voorgestel. Die grafiese illustrasies behoort 'n duidelike beeld te verskaf van die stand van die selfkonsep op die verskillende skoolstanderds. Dieselfde stappe is gevolg soos dit aan die begin van die hoofstuk verduidelik is.

TABEL 21 : FREKWENSIEVERDELING VAN DIE SELFKONSEPTELLINGS VAN STANDERD AGT LEERLINGE VAN DIE EKSPERIMENTELE- SOWEL AS DIE KONTROLEGROEP

| Klas- inter- valle | Eksak- te boon- ste | Ekspe- rimen- tele groep f | Ekspe- rimen- tele groep Kum.f | Ekspe- rimen- tele groep Kum.%f | Kon- trole groep f | Kon- trole groep Kum.f | Kon- trole groep Kum.%f |
|--------------------------|------------------------------|--|--|---|-----------------------------|---------------------------------|----------------------------------|
| 85-89 | 89,5 | 0 | 21 | 100,0 | 1 | 19 | 100,00 |
| 80-84 | 84,5 | 0 | 21 | 100,0 | 4 | 18 | 94,74 |
| 75-79 | 79,5 | 0 | 21 | 100,0 | 2 | 14 | 73,68 |
| 70-74 | 74,5 | 5 | 21 | 100,0 | 3 | 12 | 63,16 |
| 65-69 | 69,5 | 1 | 16 | 76,20 | 5 | 9 | 47,37 |
| 60-64 | 64,5 | 1 | 15 | 71,43 | 2 | 4 | 21,05 |
| 55-59 | 59,5 | 4 | 14 | 66,67 | 0 | 2 | 10,53 |
| 50-54 | 54,5 | 1 | 10 | 47,62 | 0 | 2 | 10,53 |
| 45-49 | 49,5 | 6 | 9 | 42,86 | 2 | 2 | 10,53 |
| 40-44 | 44,5 | 2 | 3 | 14,29 | 0 | 0 | 0 |
| 35-39 | 39,5 | 1 | 1 | 4,76 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | | 21 | | | 19 | | |

Figuur 6 word op die volgende bladsy aangedui.

TABEL 22: FREKWENSIE VERDELING VAN DIE SELFKONSEPTELLINGS VAN ST. 9 LEERLINGE VAN DIE EKSPERIMENTELE- SOWEL AS DIE KONTROLE-GROEP

| Klas- inter- valle | Eksak- te grens | Ekspe- rimen- tele groep f* | Ekspe- rimen- tele groep Kum.f | Ekspe- rimen- tele groep Kum.%f | Kon- trole- groep f | Kon- trole- groep Kum.f | Kon- trole- groep Kum.%f |
|--------------------------|-----------------------|---|--|---|------------------------------|----------------------------------|-----------------------------------|
| 85-89 | 89,5 | 0 | 23 | 100,0 | 3 | 33 | 100,0 |
| 80-84 | 84,5 | 1 | 23 | 100,0 | 4 | 30 | 90,91 |
| 75-79 | 79,5 | 2 | 22 | 95,65 | 9 | 26 | 78,79 |
| 70-74 | 74,5 | 6 | 20 | 86,96 | 8 | 17 | 51,52 |
| 65-69 | 69,5 | 4 | 14 | 60,87 | 4 | 9 | 27,27 |
| 60-64 | 64,5 | 4 | 10 | 43,48 | 3 | 5 | 15,15 |
| 55-59 | 59,5 | 1 | 6 | 26,09 | 1 | 2 | 6,06 |
| 50-54 | 54,5 | 2 | 5 | 21,74 | 0 | 1 | 3,03 |
| 45-49 | 49,5 | 1 | 3 | 13,04 | 1 | 1 | 3,03 |
| 40-44 | 44,5 | 2 | 2 | 8,70 | 0 | 0 | 0 |
| 35-39 | 39,5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | | 23 | | | 33 | | |




FIG 6: PERSENTIELKROMMES VAN DIE ST.8 LEERLINGE

TABEL 23: FREKWENSIEVERDELING VAN DIE SELFKONSEPTELINGS VAN ST. 10 LEERLINGE VAN DIE EKSPERIMENTELE- SOWEL AS DIE KONTROLEGROEP

| Klas- inter- valle | Eksak- te grens | Ekspe- rimen- tele groep f | Ekspe- rimen- tele groep Kum.f | Ekspe- rimen- tele groep Kum.%f | Kon- trole- groep f | Kon- trole- groep Kum.f | Kon- trole- groep Kum.%f |
|--------------------------|-----------------------|--|--|---|------------------------------|----------------------------------|-----------------------------------|
| 85-89 | 89,5 | 1 | 16 | 100,0 | 3 | 48 | 100,0 |
| 80-84 | 84,5 | 1 | 15 | 93,75 | 8 | 45 | 93,75 |
| 75,79 | 79,5 | 2 | 14 | 87,5 | 6 | 37 | 77,08 |
| 70-74 | 74,5 | 1 | 12 | 75,0 | 10 | 31 | 64,58 |
| 65-69 | 69,5 | 3 | 11 | 68,75 | 11 | 21 | 43,75 |
| 60-64 | 64,5 | 1 | 8 | 50,0 | 4 | 10 | 20,83 |
| 55-59 | 59,5 | 4 | 7 | 43,75 | 2 | 6 | 12,5 |
| 50-54 | 54,5 | 2 | 3 | 18,75 | 3 | 4 | 8,33 |
| 45-49 | 49,5 | 1 | 1 | 6,25 | 1 | 1 | 2,08 |
| 40-44 | 44,5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| 35-39 | 39,5 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| TOTAAL | | 16 | | | 48 | | |

Figuur 7 word op die volgende bladsy aangedui

Figuur 8

Vanuit die illustrasies volg dit dat die verskil in die mediaan tussen die twee groepe al hoe kleiner word namate die leerlinge se akademiese standerd styg:

1. Die eksperimentele groep in standerd agt se mediaan is 55,5 teenoor die kontrolegroep se 70,5. Dit gee 'n verskil van 15,5.
2. Die eksperimentele groep in standerd nege se mediaan




FIG 7: PERSENTIELKROMMES VAN DIE ST.9 LEERLINGE




FIG 8 : PERSENTIELKROMMES VAN DIE ST.10 LEERLINGE

is 66,5 teenoor die kontrolegroep se 74,5; met ander woorde 'n verskil van 8,0 ten gunste van die kontrolegroep.

3. Die eksperimentele groep in standerd tien se mediaan is 64,5 teenoor die kontrolegroep se 71,0. Dit lewer 'n verskil van 6,5.

Gevolgtik word die aanname gemaak dat die adolessent wat fisies gestrem is en wat standerd tien haal 'n veel gunstiger selfkonsep koester as die fisies gestremde leerling in standerd agt. Alhoewel die standerd tien leerlinge van die eksperimentele groep betekenisvoller laer selfkonseptellings as die kontrolegroep se standerd tiens behaal, maak hulle tog 'n gunstiger indruk as daardie lede van die eksperimentele groep wat so pas die Senior Sekondêre Fase betree het.

G. DIE BIOGRAFIESE GEGEWENS

1. Inleidende oriëntering

Die biografiese vraelys is tydens die empiriese ondersoek deur al die proefpersone voltooi. Die algemene hipotese ten opsigte van die biografiese vrae is dat die besondere ondervinding wat in elke situasie deur die vraag of item opgeroep word, bygedra het tot die stand van die selfkonsep. By die insameling van die biografiese gegewens gaan dit om die soeke na relasies tussen die gevormde selfkonsep en ervarings wat hierdie selfkonsep voorafgegaan het. Die adolessente wat in

hierdie ondersoek betrek is, het 'n groot rykdom van ervarings gehad in die huis, op skool en met maats en ander volwassenes.

Om iemand te ken, is dit dus nodig om te weet hoe hy sy leefwêreld konstrueer. In 'n poging om meer te wete te kom van die leefwêreld van die jeugdige wat opgeneem is in die steekproef, is die biografiese vraelys saamgestel. Die enigste wyse om uit te vind hoe 'n persoon sekere ervarings beleef het, is deur hom daarna te vra. Indien vrywillige en hartlike samewerking verkry is, kan daarop gereken word dat die antwoorde wat in hierdie vraelys verstrek is, outentiek sal wees.

Ten einde ooreenkomste en betekenisvolle verskille tussen die twee groepe te bepaal, word die responsies van die eksperimentele groep vergelyk met die responsies van die kontrolegroep. Die chi-kwadraat-toets word by elke item toegepas. Die formule vir die chi-kwadraat-toets word by elke item toegepas. Die formule vir die chi-kwadraat-toets is:

$$x^2 = \sum \left[\frac{(f_o - f_e)^2}{f_e} \right] \quad 10)$$

waar

x^2 = die chi-kwadraat-waarde;

f_o = die waargenome frekwensie van responsies;

f_e = die verwagte frekwensie van responsies.

10) Best, J.W., op. cit., 1970, p.278

Die verwagte frekwensie word as volg bereken:

$$f_e = \frac{(\sum f_o \text{ kolomme}) (\sum f_o \text{ ry})}{\text{groottotaal}} \quad 11)$$

As voorbeeld ter illustrasie van wat sover verduidelik is, word die responsies wat item 13 van die biografiese vraelys ontlok het, van nader beskou:

Die volgende tabel word saamgestel:

TABEL 24: ONTSPANNE GESELSKAP MET OUERS

| | Eksperimentele Groep | | Kontrole-Groep | | Saam (fo) |
|-----------|----------------------|--------|----------------|--------|------------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| A | 31 | 42,375 | 82 | 70,625 | 113 |
| B | 29 | 17,625 | 18 | 29,375 | 47 |
| Saam (fo) | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 16,62$ |

Die metode wat gevolg word om so 'n tabel saam te stel is:

- (i) Die aantal persone wat aangedui het dat hulle gereeld ontspanne gesels met die ouers word onder fo (A) van die eksperimentele groep en die kontrolegroep ingeskryf: onderskeidelik 31 en 82.
- (ii) Die aantal wat nie gereelde geselskappe met die ouers voer nie word onder fo (B) van die eksperi-

11) ibid., p.281

mentele groep en die kontrolegroep ingeskryf:
onderskeidelik 29 en 18.

- (iii) Tel bymekaar die waargenome tellings van fo (A), 31 en 82, om 113 te kry.
- (iv) Tel bymekaar die waargenome tellings van fo (B), 29 en 18, om 47 te kry.
- (v) Die eksperimentele groep se f_e (A) word as volg bereken volgens die formule wat reeds verskaf is:

$$\frac{60 \times 113}{160}$$

$$= 42,375$$

- (vi) Die eksperimentele groep se f_e (B) word as volg bereken:

$$\frac{60 \times 47}{160}$$

$$= 17,625$$

Om die akkuraatheid van die berekeninge te toets, word gebruik gemaak van die feit dat

f_e (A) + f_e (B) = aantal persone in eksperimentele groep

Dus: $42,375 + 17,625 = 60$ dui op akkurate berekeninge.

- (vii) Die kontrolegroep se f_e (A) is:

$$\frac{100 \times 113}{160}$$

$$= 70,625$$

(viii) Die kontrolegroep se fe (B) is:

$$\frac{100 \times 47}{160}$$

$$= 29,375$$

Voorts is $70,625 + 29,375 = 100$, wat gelyk is aan die aantal persone in die kontrolegroep wat die akkuraatheid van die berekeninge staaf.

(ix) Die chi-kwadraat-waarde word dan volgens die gegewe formule bereken:

$$\chi^2 = \frac{(31-42,375)^2}{42,375} + \frac{(82-70,625)^2}{70,625} + \frac{(29-17,625)^2}{17,625} + \frac{(18-29,375)^2}{29,375}$$

$$= 3,05 + 1,83 + 7,34 + 4,40$$

$$= 16,62$$

Die vraag wat nou gestel mag word, is watter betekenis hierdie chi-kwadraat-waarde vir ons inhou. Skrywer wil bepaal of daar 'n beduidende verskil bestaan in ontspanne gespreksverhoudinge met die ouers tussen ons twee groepe. Die nulhipotese beteken dat daar geen beduidende verskil tussen die twee groepe bestaan nie. Die chi-kwadraat-waarde stel mens in staat om tot 'n besluit te kom betreffende óf die aanname óf die verwerping van die nulhipotese.

Hiervoor word gebeurlikheidstabelle toegepas. Alvorens die tabelle geraadpleeg word, moet die grade van vryheid bepaal word met behulp van die volgende formule:

$$gv = (r-1) (c-1) \quad 12)$$

waar

gv = die grade van vryheid;

r = aantal rye per groep in die gebeurlikheidstabel;

c = aantal kolomme per groep in die gebeurlikheids-
tabel.

Vir die gegewens in tabel 24 is

$$\begin{aligned} gv &= (2-1) (2-1) \\ &= 1 \end{aligned}$$

Uit die chi-kwadraat-tabel ¹³⁾ volg dit dat met 'n een graad van vryheid:

(a) Die nulhipotese op die 5% vlak verwerp word as $x^2 > 3,841$, en

(b) die nulhipotese word op die 1% vlak van beduidendheid verwerp as $x^2 > 6,635$.

Die berekende chi-kwadraat-waarde (x^2) is 16,62 wat groter is as albei die vereiste waardes wat benodig word om die nulhipotese te behou. Skrywer verwerp dus die nulhipotese wat met implikasie daarop dui dat daar 'n hoogs betekenisvolle verskil bestaan in die gespreksverhoudinge van die twee groepe met die ouers. Die kontrolegroep handhaaf blykbaar gesonder gespreksverhoudinge met die ouers as die eksperimentele groep.

12) Behr, A.L., op. cit., 1973, p.115

13) Spiegel, M.R., op. cit., 1972, p.345

Hierdie prosedure is deurgaans met die items van die biografiese vraelys gevolg en in die ontleding wat verderaan volg, sal slegs die voltooide gebeurlikheidstabelle verskaf word, sonder om telkens weer die omslagtige beskrywings en berekeninge aan te bied.

2. Items waar die nulhipotese verwerp is

Slegs daardie items waar die nulhipotese verwerp is word in hierdie afdeling behandel. Daardie items waar die nulhipotese behou is, sal wel in die volgende hoofstuk aandag geniet na gelang van hul bydrae tot hierdie ondersoek.

Die nulhipotese word by die volgende items van die biografiese vraelys verwerp: 13; 14; 17; 18; 23; 27; 29; 31; 32; 34; 35; 42; 53; 54; 56; 57; 60; 61 en 64.

Die interpretasie van die responsies op die biografiese vraelys van bogenoemde items word vervolgens aangebied.

a. Kommunikasie met onderwyspersoneel

ITEM 14: Kommuniqueer u maklik met onderwyspersoneel van u skool?

TABEL 25: KOMMUNIKASIE MET ONDERWYSPERSONEEL

| | Eksperimentele groep | | Kontrole-groep | | Saam |
|---------|----------------------|--------|----------------|--------|-----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Gereeld | 19 | 28,125 | 56 | 46,875 | 75 |
| Somtyds | 41 | 31,875 | 44 | 53,125 | 85 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 8,92$ |

$$\chi^2 > 3,841 \text{ en } \chi^2 > 6,635$$

Die nulhipotese word op die 5%- sowel as die 1%-vlak van beduidendheid verwerp. Daar bestaan dus 'n hoogs betekenisvolle verskil in die kommunikasie van die twee groepe met onderwyspersoneel.

Die kontrolegroep kommunikeer makliker met onderwyspersoneel as lede van die eksperimentele groep.

b. Persoonlike probleme

ITEM 17: Bespreek u u persoonlike- en skoolprobleme met u ouers?

TABEL 26: PERSOONLIKE PROBLEME

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|-------|---------------|-------|-----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 27 | 33,75 | 63 | 55,25 | 90 |
| Soms | 33 | 26,25 | 37 | 43,75 | 70 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 4,94$ |

$$x^2 > 3,841 \text{ en } x^2 < 6,635$$

Die nulhipotese word verwerp op die 5%-grens van betekenisvolheid. Daar bestaan dus 'n betekenisvolle verskil in die mate waarin die twee groepe persoonlike probleme met die ouers bespreek. Die kontrolegroep bespreek blykbaar gereeld hul persoonlike probleme met hul ouers terwyl die eksperimentele groep dit net somtyds doen.

'n Ontleding van die gegewens van item 18 het ook 'n verwerping van die nulhipotese op die 5%-grens van beduidendheid ten volg gehad. Dit beteken dat die eksperimentele groep ook nie van kleinsaf die vrymoedigheid gehad het om hul persoonlike en skoolprobleme met die ouers te bespreek nie, terwyl die kontrolegroep dit wel gehad het.

c. Kontak tussen skole

ITEM 23: Is u tevrede met die kontak wat daar tussen u skool en ander skole bestaan?

TABEL 27: KONTAK TUSSEN SKOLE

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|-------|---------------|-------|-------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 32 | 38,25 | 70 | 63,75 | 102 |
| Nee | 28 | 21,75 | 30 | 36,25 | 58 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $x^2 = 4,5$ |

$$x^2 > 3,841$$

Die nulhipotese word op die 5%-grens van beduidendheid verwerp. Die eksperimentele groep is nie tevrede met die kontak wat daar tussen hulle skool en ander skole bestaan nie.

d. Die reg op 'n eie opinie

ITEM 29: Het u tuis altyd die reg op 'n eie opinie wat u dan ook met vrymoedigheid kan stel?

TABEL 28: DIE REG OP 'N EIE OPINIE TUIS

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|--------|---------------|--------|--------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 33 | 41,625 | 78 | 69,375 | 111 |
| Soms | 27 | 18,375 | 22 | 30,625 | 49 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $X^2 = 9,34$ |

Die chi-kwadraatwaarde is groter as albei die vereiste waardes op die 5%- en 1%-grense van beduidendheid. Die nulhipotese word verwerp. Daar bestaan 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen die twee groepe wat betref die reg op 'n eie opinie. Die eksperimentele groep het blykbaar tuis altyd die reg op 'n eie opinie.

Die items wat hiermee verband hou is items 27, 31 en 32. In item 27 word die nulhipotese op albei die grense van betekenisvolheid verwerp, wat beteken

dat lede van die eksperimentele groep voel dat hulle nie dieselfde behandeling van ander mense ontvang as maats van die portuurgroep nie.

Item 31 word op die 5%-grens van beduidendheid verworp, wat daarop dui dat lede van die eksperimentele groep dit ondervind dat hulle ook soms tussen die maats nie altyd 'n reg op 'n eie opinie het nie.

Uit item 32 volg dit dat lede van die eksperimentele groep selde betrek word in belangrike besluite wat die gesin se vakansieplanne raak.

Die tabelle vir hierdie items sien as volg daar uit:

ITEM 27:

TABEL 29: BEHANDELING VAN ANDER MENSE

| | Eksperimentele groep | | Kontrole-groep | | Saam |
|------|----------------------|-------|----------------|-------|--------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 45 | 51,75 | 93 | 86,25 | 138 |
| Nee | 6 | 8,25 | 7 | 13,75 | 22 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $X^2 = 9,44$ |

ITEM 31:

TABEL 30: DIE REG OP 'N EIE OPINIE TUSSEN MAATS

| | | | | | |
|------|----|-------|-----|--------|-------------|
| Ja | 43 | 48,75 | 87 | 81,125 | 130 |
| Soms | 17 | 11,25 | 13 | 18,75 | 30 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $X^2 = 5,6$ |

ITEM 32:

TABEL 31: VAKANSIEPLANNE

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|---------|----------------------|--------|---------------|--------|-----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Gereeld | 29 | 37,125 | 70 | 61,875 | 99 |
| Soms | 31 | 22,875 | 30 | 38,125 | 61 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 6,72$ |

e. Tevredenheid met die leerlingraad

ITEM 34: Is u tevrede met die leerlingraad van u skool?

TABEL 32: LEERLINGRAAD

| | | | | | |
|------|----|-------|-----|-------|------------------|
| Ja | 25 | 41,25 | 85 | 68,75 | 110 |
| Nee | 35 | 18,75 | 15 | 31,25 | 50 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 32,77$ |

Die eksperimentele groep toon baie groot ontevre- denheid met hul leerlingraad in vergelyking met die gevoel wat die kontrolegroep van hulle leerling- raad koester. Na aanleiding van die hipoteses dat die eksperimentele groep nie maklik met onderwys- personeel kommunikeer nie en die gevoel koester dat hulle nie die reg op 'n eie opinie het nie, kan ons geredelik aanneem dat die lede van die eksperimen- tele groep hoogs waarskynlik voel dat hulle uitge-

sluit word in belangrike besluite soos die aanstelling van leierseuns en -dogters vir hul leerlingraad.

f. Opvoedingsreëls tuis

ITEM 35: Word opvoedingsreëls altyd duidelik by die huis gestel?

TABEL 33: OPVOEDINGSREËLS TUIS

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|------|---------------|--------|---------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 44 | 49,5 | 87 | 81,875 | 131 |
| Soms | 16 | 10,5 | 13 | 18,125 | 29 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2=5,23$ |

Die nulhipotese word op die 5%-vlak van betekenisvolheid verwerp. Lede van die eksperimentele groep ondervind skynbaar in 'n meerdere mate as die kontrolegroep dat opvoedingsreëls nie altyd duidelik by die huis gestel word nie.

Dit is interessant om daarop te let dat die nulhipotese behou is by item 36 waar gevra word of opvoedingsreëls altyd duidelik op skool gestel word. Albei groepe voel daarvan oortuig dat die skool as opvoedkundige instelling sy rol met sukses vervul in die duidelike vasstelling van die opvoedingsreëls.

ITEM 36:

TABEL 34: OPVOEDINGSREËLS OP SKOOL

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|--------|---------------|--------|------------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 51 | 52,125 | 88 | 86,875 | 139 |
| Soms | 9 | 7,875 | 12 | 13,125 | 21 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 0,296$ |

g. Gehalte van skoolwerk

ITEM 42: Is u onderwysers tevrede met u skoolwerk?

TABEL 35: GEHALTE VAN SKOOLWERK

| | | | | | |
|------|----|--------|-----|--------|-----------------|
| Ja | 8 | 13,125 | 27 | 21,875 | 35 |
| Soms | 52 | 46,875 | 73 | 78,125 | 125 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 4,73$ |

Die nulhipotese word op die 5%-grens van beduidendheid verwerp. Die eksperimentele groep voel blykbaar dat hulle onderwysers oor die algemeen nie tevrede is met hulle skoolwerk nie.

h. Goeie voorbeeld

ITEM 53: Stel u 'n goeie voorbeeld?

TABEL 36: GOEIE VOORBEELD

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|------|---------------|------|------------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 10 | 19,5 | 42 | 32,5 | 52 |
| Soms | 50 | 40,5 | 58 | 67,5 | 108 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 10,98$ |

Die nulhipotese word op albei die gestelde grense van betekenisvolheid verwerp. Daar bestaan dus hoogs waarskynlik 'n verskil in die voorbeeldigheid van die twee groepe. Die kontrolegroep stel as groep blykbaar 'n beter voorbeeld as die eksperimentele groep.

i. Afhanklikheid

ITEM 54: Is u baie afhanklik van ander mense as gevolg van u liggaamlike toestand?

TABEL 37: AFHANKLIKHEID

| | | | | | |
|----------|----|--------|-----|--------|-----------------|
| Ja, soms | 5 | 1,875 | 0 | 3,125 | 5 |
| Nee | 55 | 58,125 | 100 | 96,875 | 155 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 8,61$ |

Die nulhipotese word op die 5%- sowel as die 1%-peil van betekenisvolheid verwerp. Daar bestaan hoogs waarskynlik 'n groot verskil in afhanklikheid van ander mense tussen die eksperimentele- en kontrolegroep. Die eksperimentele groep is meer afhanklik van ander mense as gevolg van hul liggaamlike toestand.

j. Studietyd

ITEM 56: Spandeer u meer tyd aan u studies as ander leerlinge as gevolg van een of ander liggaamlike gebrek?

TABEL 38: STUDIETYD

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|-------|---------------|-------|-----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 5 | 2,25 | 1 | 3,75 | 6 |
| Nee | 55 | 57,75 | 99 | 96,25 | 154 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 5,53$ |

Die nulhipotese word op die 5%-grens van beduidendheid verwerp. Lede van die eksperimentele groep spandeer meer tyd aan hul studies as gevolg van een of ander liggaamlike gebrek. 'n Mens was natuurlik so 'n uitslag te wagte, maar in hierdie verhandeling word niks as vanselfsprekend aanvaar nie, en word standpunte net op wetenskaplike verantwoordbare wyse gestel.

k. Skooltyd verloor

ITEM 57: Het u al baie skooltyd verloor as gevolg van 'n fisiese gebrek?

TABEL 39: SKOOLTYD VERLOOR

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|----|---------------|-----|---------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 15 | 6 | 1 | 10 | 16 |
| Nee | 45 | 54 | 99 | 90 | 144 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 24$ |

Die nulhipotese word op albei vlakke van betekenisvolheid verwerp. Die hoë chi-kwadraatwaarde dui ook daarop dat die eksperimentele groep baie skooltyd verloor het as gevolg van 'n fisiese gebrek. Die dinamiek van die eksperimentele groep spreek dan ook hier pragtig tot ons as ons in gedagte hou dat hul gemiddelde ouderdom goed vergelyk met dié van die kontrolegroep, en dat hul nie-teenstaande vele ontberinge sover op skool kon vorder.

l. Tevredenheid met skool

ITEM 60: Verkwelik u u ouers omdat hulle u in die skool, wat u tans bywoon, geplaas het?

TABEL 40 : TEVREDENHEID MET SKOOL

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|-------|----------------------|--------|---------------|--------|----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Soms | 25 | 14,625 | 14 | 24,375 | 39 |
| Nooit | 35 | 45,375 | 86 | 75,625 | 121 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2=15,56$ |

Die nulhipotese word op albei vlakke van betekenisvolheid verwerp. Die eksperimentele groep verkwalik die ouers soms omdat hulle in hul besondere skool geplaas is. Aan die anderkant volg dit uit item 59 dat die eksperimentele groep tog diep dankbaar staan teenoor daardie persone wat hulle gehelp het tot waar hulle vandag staan.

m. Beroepsgeleenthede

ITEM 61: Voel u dat daar genoeg beroepsgeleenthede vir u bestaan?

TABEL 41 : BEROEPSGELEENTHEDE

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|-------|---------------|-------|----------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 44 | 51,75 | 94 | 86,25 | 138 |
| Nee | 16 | 8,25 | 6 | 13,75 | 22 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2=13,51$ |

Die nulhipotese word op die 5%-grens sowel as die 1%-grens van beduidendheid verwerp. Daar bestaan 'n hoogs betekenisvolle verskil tussen die twee groepe wat die tevredenheid van genoeg beroepsgeleenthede betref.

Skrywer het 'n navraag aan 25 groot maatskappye gerig in verband met die opleiding van rekenaar-programmeerders, met spesiale verwysing na twee seuns van die skool van die eksperimentele groep wat goed vaar in Wiskunde en belang stel om as programmeerders opgelei te word.

Twintig maatskappye het hierop gereageer en nie een was bereid om persone met fisiese gebreke in diens op te lei as programmeerders nie. Die eksperimentele groep het dus tot 'n groot mate reg tot ontevredenheid omdat hulle voel dat daar teen hulle gediskrimineer word met die keuse van beroepe.

n. Oorbeskerming van die skool

ITEM 64: Dink u dat die skool te oorbeskermend optree en dat u, wanneer u later die skool verlaat, moeilik in u beroep sal aanpas?

TABEL 42: OORBESKERMING VAN DIE SKOOL

| | Eksperimentele groep | | Kontrolegroep | | Saam |
|------|----------------------|--------|---------------|--------|------------------|
| | fo | fe | fo | fe | |
| Ja | 44 | 25,875 | 25 | 43,125 | 69 |
| Nee | 16 | 34,125 | 75 | 56,875 | 91 |
| Saam | 60 | 60 | 100 | 100 | 160 |
| | | | | | $\chi^2 = 35,73$ |

Die nulhipotese word op albei die gestelde grense van betekenisvolheid verwerp. Die eksperimentele groep voel sterk oortuig daarvan dat hulle skool te beskermend teenoor hulle optree en dat hulle later, wanneer hulle die skool verlaat, moeilike aanpassings sal moet maak.

H. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n ontleding en interpretasie van die gegewens gedoen wat in die empiriese ondersoek verkry is.

Die gegewens van die Selfkonsepinventaris is gerangskik en grafies voorgestel deur persentielkrommes.

'n Ondersoek is uitgevoer om vas te stel of daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die selfkonsepttellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep. Hiervoor is die kritieke-verhoudingstoets toegepas op die 0,05- en die 0,01-grens van beduidendheid. Dit is toe bevind dat daar 'n hoogs

beduidende verskil bestaan tussen die selfkonseptellings van die twee groepe onder bespreking.

In die ondersoek van die beduidendheid van die dimensies van die selfkonsep is die nulhipotese verwerp by die eerste vyf dimensies van die selfkonsep. Die nulhipotese is behou by die sesde dimensie.

Die dogters van die kontrolegroep het as groep die hoogste gemiddelde toetstelling behaal wat ook veel hoër was as dié van die dogters van die eksperimentele groep. Die dogters van albei groepe saam se gemiddelde toetstelling was 72,18 teenoor die 65,18 van die seuns van albei groepe saam. In die volgende hoofstuk sal daar iets hieromtrent gesê word. Die seuns van die kontrole-groep het ook 'n veel hoër gemiddelde toetstelling behaal, as seuns van die eksperimentele groep.

In die beskouing van die selfkonseptellings van die verskillende standerds het die kontrole-groep weer deurgaans beter gepresteer.

Die biografiese gegewens is verwerk deur toepassing van die chi-kwadraat-toets. Slegs daardie items waar die nulhipotese verwerp is, is in hierdie hoofstuk bespreek. In die volgende hoofstuk sal items wat belangrik geag word vir hierdie ondersoek en waarvan die nulhipotese behou is, bespreek word. Die gegewens wat in hierdie hoofstuk verkry is, sal in die volgende hoofstuk van groot waarde wees waar hierdie

verhandeling sy klimaks sal bereik met die gevolgtrekkings en afleidings wat gemaak gaan word van die empiriese ondersoek na die selfkonsep van die fisies gestremde leerling.

HOOFSTUK VII

BEVINDINGE EN IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK

A. INLEIDING

Met hierdie hoofstuk word daar beoog om die bevindinge en implikasies van die ondersoek te bespreek.

Die nodige agtergrond is reeds in vorige hoofstukke geskep met die literatuurstudie oor die begrip selfkonsep en die navorsing wat alreeds oor hierdie onderwerp gedoen is. Voorts spruit hierdie bevindinge voort uit die empiriese ondersoek waar die proefpersone onderwerp was aan die Selfkonsepinventaris en die biografiese vraelys en sal dit in hierdie hoofstuk in direkte verband gebring word met die dimensies van die selfkonsep en die leefwêreld van die adolessent.

Hierdie hoofstuk stel hom in die besonder ten doel om 'n beeld te vorm van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling. Om so 'n beeld te kan vorm sal die statistiese ontleding van die selfkonsep se dimensies van die fisies gestremde leerling noukeurig bestudeer word, terwyl dit steeds in gedagte gehou moet word dat die fisies gestremde leerling ook deel het aan die adolessente leefwêreld. Met die biografiese vraelys is gepoog om 'n duidelike beeld te vorm van die leefwêreld van die adolessent deur bykomende gegewens in te win wat nie deur die Selfkonsepinventaris verkry is nie.

In hierdie hoofstuk sal die dimensies van die selfkonsep nie afsonderlik bespreek word van die leefwêreld van die adolessent, soos dit in hoofstukke drie en vier die geval was nie. Daar moes hierdie begrippe afsonderlik behandel word, sodat die leser 'n omvattende geheelbeeld kon kry van die agtergrond van dít waarom dit alles gaan - die selfkonsep van die fisies gestremde leerling. Dit wat afsonderlik bespreek was om duidelikheid in die hand te werk, word nou as 'n geïntegreerde geheel aangebied om 'n wetenskaplike insig te verkry in die selfkonsep van die fisies gestremde leerling. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die Self in die verskillende relasies op sy lewensweg verkeer. So sal die Self byvoorbeeld in relasie verkeer met (a) homself,

(b) ander mense,

(c) die dinge om hom, en

(d) sy Skepper.

Dit behoort dan nou ook duidelik te wees waarom die hoofstuk oor die leefwêreld van die adolessent ingevoer is, omdat die leser daar kennis gemaak het met verskillende relasies wat die adolessent kan handhaaf. Wanneer daar dan 'n ontleding van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling gemaak word, word dit gedoen deur ten eerste die globale selfkonseptelling te bespreek en daarna die verskillende dimensies, en terselfdertyd daarmee saam word die toepaslike relasies in verband gebring met die dimensie onder bespreking. Wanneer dimensie twee oor die persoonlike Self byvoorbeeld ondersoek word, kom

daardie verhoudinge van die Self met die psigiese gesteldheid ter sprake. Sodoende word van die gegewens van die biografiese vraelys geïnkorporeer met die onderskeibare dimensies van die Selfkonsepinventaris om sodoende 'n omvattende en helder beeld van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling te verkry.

B. DIE SELFKONSEP VAN DIE FISIES GESTREMDE LEERLING

1. Inleidende Oriëntering

Na aanleiding van Vrey se indeling van selfkonseptellings in kategorieë¹⁾ word die volgende tabel opgestel om die selfkonseptellings van hierdie verhandeling in betekenisvolle kategorieë te rangskik:

TABEL 43: KATEGORIEË VAN SELFKONSEPTELLINGS

| Lae selfkonsep | | | Matige selfkonsep | | | Hoë selfkonsep | | |
|----------------|-------|-------|-------------------|-------|-------|----------------|-------|-------|
| Laag | Matig | Hoog | Laag | Matig | Hoog | Laag | Matig | Hoog |
| 39-46 | 47-54 | 55-62 | 63-67 | 68-72 | 73-78 | 79-81 | 82-85 | 86-89 |
| 39 - 62 | | | 63 - 78 | | | 79 - 89 | | |

Die laagste telling was 39 terwyl die hoogste telling 89 was. Die rekenkundige gemiddelde van die eksperimentele groep was 61,58, dit wil sê 'n hoog-lae selfkonsep, terwyl die rekenkundige gemiddelde van die kontrolegroep 71, 77 was, dit wil sê 'n matige selfkonsep (matig-matige selfkonsep). Dit blyk dat hoe

1) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.271

die kategorieë ookal geklassifiseer word, die selfkonsep van die fisies gestremde leerling steeds in 'n laer kategorie sal verkeer in vergelyking met die selfkonsep van die leerling met geen fisiese gebreke. Dit volg ook uit figuur 5 dat die kontrolegroep deurgaans in die empiriese ondersoek 'n konstante hoër selfkonsep as die fisies gestremde leerling gehandhaaf het.

Voorts het dit uit die kritieke-verhoudingstoets geblyk dat daar 'n hoogs beduidende verskil bestaan tussen die selfkonseptellings van die eksperimentele- en kontrolegroepe. Die fisies gestremde leerling het dus blykbaar oor die algemeen 'n laer selfkonsep as 'n leerling wat nie fisies gestrem is nie. Daar sal later in hierdie hoofstuk, wanneer die verskillende dimensies van die selfkonsep in ag geneem word, 'n poging aangewend word om verklarings aan te bied hoekom die fisies gestremde leerling 'n laer selfkonsep toon as leerlinge wat nie gestrem is nie.

Terwyl die totale selfkonseptelling nou onder bespreking is, behoort daar voordat na die dimensies van die selfkonsep gekyk word, 'n bespreking te wees van die stand van die selfkonsep tussen die twee geslagte, asook die selfkonseptellings op die verskillende skoolstanderds van die Senior Sekondêre Fase.

2. Geslagsverskille

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat:

- a. Fisies gestremde dogters 'n laer selfkonsep het as dogters wat nie fisies gestrem is nie. Die dogters wat nie fisies gestrem is nie, het inderdaad ook die hoogste gemiddelde selfkonseptelling (75,49) gelewer in vergelyking met enige ander groep.
- b. Seuns wat fisies gestrem is, het 'n betekenisvolle laer selfkonseptelling as seuns wat nie fisies gestrem is nie. Die gemiddelde toetstelling van die eksperimentele groep was 60,15 teenoor die kontrolegroep se 68,79. Hierdie twee gemiddeldes val ook in verskillende kategorieë van selfkonseptellings, te wete hoog-lae en matig-matige selfkonsep onderskeidelik. Verklarings hiervoor kan gesoek word teen die agtergrond van die fisiese gebrek wat lede van die eksperimentele groep byvoorbeeld kan verhinder om deel te hê in alle buitemuurse bedrywighede, veral in aktiwiteite soos rugby en krieket. Jong seuns heg meer waarde aan rugby- en kriekethelde as aan skaakkampioene. Dit impliseer dat alhoewel daar ook buitemuurse geleenthede vir die fisies gestremde leerling bestaan, dit uit die aard van die saak nie die meer manlike en ruwer sportsoorte kan insluit nie. Gevolglik het die seun wat fisies gestrem is hier

'n agterstand wat moeilik uitgewis sal word. Dit is eers teen die einde van adolessensie dat leerlinge 'n gebalanseerde perspektief van sportaktiwiteite verkry en sportsoorte soos rugby se oormatig hoë aansien begin daal. Teen hierdie tyd kan die kwaad egter gedaan wees, aangesien adolessensie 'n integrerende periode is en die beeld wat die vroeë adolessent huldig, al hoe minder ontvanklik word vir maklike modifikasie deur omgewingsinvloede- en druk soos hy ouer word.

Pogings moet dus aangewend word om fisies gestremde leerlinge reeds gedurende die Junior Sekondêre Fase die nodige selfvertroue en -respek te laat kry deur geleenthede te skep waar hulle ook 'n goeie insig in alle sportaktiwiteite kan verkry. Hulle moet aangemoedig word om sportbyeenkomste van plaaslike skole by te woon, al is dit net ook as toeskouers. Skrywer is oortuig daarvan dat net deur die samehorigheidsgevoel met normale toeskouers te deel, kan die gevoel van selfwaarde verhoog word. Nie alle musiekkliefhebbers kan musiekinstrumente bespeel nie en nie alle kunskeners kan skilder nie, tog is musiek en kuns deel van hulle lewe en verkry hulle baie selfvervulling daaruit. Waarom dan kan die fisies gestremde seun se hunkering na aktiwiteite soos rugby nie bevredig word deur aktiewe deelname daaraan as toeskouer nie? Onderwysers aan skole vir fisies

gestremde leerlinge behoort ook meer aktief in te skakel by die organisasie van buitemuurse bedrywighede in daardie streke waar hulle skole geleë is, soos byvoorbeeld as rugbyskeidsregters en atletiekafrigters.

- c. Hierdie ondersoek het ook aangetoon dat adolescentegters oor die algemeen hoogs waarskynlik 'n hoër selfkonsep as adolescenteseuns het. Omdat dogters vinniger ontwikkel as seuns voel die seuns blykbaar minderwaardig omdat hulle korter, kleiner en minder ontwikkel as die dogters is. Dit is 'n feit wat hulle in die gesig moet staar en wat 'n slag vir die manlike ego is, juis op 'n stadium wanneer seuns graag wil bewys dat hulle die superieure geslag is en dogters die swakkere vat is.

3. Verskille volgens skoolstanderd

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat:

- a. Die standerd agt leerlinge van die eksperimentele groep die laagste gemiddelde toetstelling van die drie standerds behaal het, naamlik 56,38.
- b. Die standerd tien leerlinge van die eksperimentele groep beter geprester het as die standerd agt en nege leerlinge van dieselfde groep. Hulle het in verhouding met hulle kontrolegroep ook veel beter geprester as albei die ander standerds. Hierdie psigometriese gegewens wil dan ook impliseer

dat daar 'n verbetering in die selfkonsep van die fisies gestremde leerling is, soos hy op akademiese gebied vorder. Die standerd tien leerlinge van die eksperimentele groep toon 'n laagmatige selfkonsep teenoor die hoog-lae selfkonsep van die eksperimentele groep as 'n geheel. Die adolescent se leefwêreld sluit ook veel meer ervarings in sy laaste skooljaar in, as toe hy in standerd agt was. Die fisies gestremde leerlinge het beslis 'n goeie vordering getoon as in ag geneem word dat baie van hulle baie tyd aan skoolwerk verloor het as gevolg van operasies en na-operatiewe behandeling. Die wil om te presteer spreek dan ook duidelik uit die feit dat fisies gestremde leerlinge vanuit moeilike liggaamsposisies moes studeer, verlore werk inhaal en werk om by te bly. Uit die aard van die saak moes die meerderheid van die fisies gestremde leerlinge veel harder werk as hulle maats van die kontrolegroep.

Fisies gestremde leerlinge moet net soos leerlinge van die kontrolegroep 'n eksterne eksamen aan die einde van standerd tien aflê. Dit plaas hulle soms in onregverdige mededinging met normale leerlinge omdat hulle weens 'n fisiese gebrek baie ontberinge moet verduur en steeds voorberei moet word vir die matrikulasie-eksamen. Die betrokke onderwysowerhede behoort nou deeglik te besin oor

'n interne eksamenstelsel vir skole vir fisies gestremde leerlinge. So 'n stelsel moet ook baie aanpasbaar wees by die leerling se besondere omstandighede en hoef nie noodwendig aan die einde van die jaar plaas te vind nie. Die semesterstelsel kom al hoe meer in swang aan universiteite en skrywer is vol vertroue dat leerlinge van fisies gestremde skole wat oor die vermoë beskik om matriek te slaag ook hierdie stelsel met gemak sal baasraak, veral as dit reeds op skool geïmplementeer word.

Op voorstel van die skrywer het die skool van die eksperimentele groep 'n stelsel van interne eksaminering deur gereelde toetse ingevoer. Hierdie stelsel is in die vorm van 'n siklus waarin 'n toets in 'n besondere vak gereeld binne 'n sekere tydsverloop afgeneem word. Al die vakke wat die leerling aanbied, word op dié wyse getoets. Die jongste psigometriese ontleding van die resultate wat so verkry is, was baie bemoedigend en dui op 'n hoogs betekenisvolle verbetering in skoolprestasies van fisies gestremde leerlinge. Met hierdie stelsel word daar beoog om oor die langtermyn 'n betekenisvolle hoër akademiese standaard daar te stel wat op sy beurt weer 'n verbetering in die selfkonsep van die fisies gestremde leerling te weeg kan bring.

4. Oriënterende oorsig

In die vorige afdeling is onteenseglik aan die hand van die psigometriese gegewens van die empiriese ondersoek aangetoon dat die selfkonsep van die fisies gestremde leerling betekenisvol laer is as die selfkonsep van die leerling wat nie fisies gestrem is nie. Alhoewel die fisies gestremde leerling 'n laer selfkonsep toon, is dit gelukkig nog nie so laag dat dit patologiese neigings openbaar nie. Daar was selfs 'n verblydende verbetering in selfkonseptellings soos die leerling ouer word en sy akademiese standerd styg. Dit beteken dat met die nodige oorleg en hulpverlening die onderwyser kan meehelp om hierdie leerlinge se selfkonsep te verbeter. Daarom sal vervolgens 'n ontleding gemaak word van die tellings van die dimensies van die selfkonsep. In hierdie afdeling is die globale selfkonsep in ag geneem en enkele faktore bespreek wat aanleiding gee tot laer selfkonsep, en daarom moet daar vervolgens verder gedelf word om te bepaal presies waar die knelpunte lê wat veroorsaak het dat die fisies gestremde leerling 'n laer selfkonsep toon as normale leerlinge.

Die resultate van die biografiese vraelys sal nou ook in verband gebring word met die resultate van die Selfkonsepinventaris.

C. DIE DIMENSIES VAN DIE SELFKONSEP VAN DIE FISIES GESTREMDE LEERLING

1. Inleiding

Die psigometriese ontleding van die tellings van die dimensies van die selfkonsep is reeds in die vorige hoofstuk gegee. In hoofstuk drie het die leser kennis gemaak met en geleentheid gehad om die dimensies in hul onderskeie manifestasies en verhoudinge tot die selfkonsep te leer ken. In hierdie afdeling sal die verskillende dimensies soos dit betrekking het op die fisies gestremde leerling, bespreek word. Die biografiese gegewens sal ook handig te pas kom om sekere aspekte rakende die betrokke dimensies onder bespreking verder uit te lig en noukeurig te ontleed. Hierdie ontleding geskied steeds teen die agtergrond van die leefwêreld van die adolessent.

Die volgende tabelle behoort 'n aanduiding te gee van die volgorde wat die gemiddelde subtoetstellings van die twee groepe inneem:

TABEL 44: RANGORDE VAN DIE GEMIDDELDES VAN DIE SUBTOETSTELLINGS VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP

| Rangorde | Dimensie | Gemiddelde subtoets-telling |
|----------|---------------------|-----------------------------|
| 1 | 3- Gesinself | 13,22/18 |
| 2 | 1- Fisieke Self | 12,17/18 |
| 3 | 6- Selfkritiek | 6,75/10 |
| 4 | 2- Persoonlike Self | 10,38/18 |
| 5 | 4- Sosiale Self | 10,10/18 |
| 6 | 5- Waardeself | 8,98/18 |

TABEL 45: RANGORDE VAN DIE GEMIDDELDES VAN DIE SUB-
TOETSTELLINGS VAN DIE KONTROLEGROEP

| | | |
|---|---------------------|----------|
| 1 | 3- Gesinself | 14,77/18 |
| 2 | 1- Fisieke Self | 13,60/18 |
| 3 | 4- Sosiale Self | 12,66/18 |
| 4 | 2- Persoonlike Self | 12,53/18 |
| 5 | 6- Selfkritiek | 6,79/10 |
| 6 | 5- Waardeself | 11,32/18 |

2. Die verhoudinge van die fisies gestremde leerling met sy liggaamlike gesteldheid - Sy fisiese Self.

Die fisies gestremde leerling toon 'n laag-matige konsep ($\frac{12,17}{18}$) van sy fisieke Self teenoor die normale adolessent se hoog-matige konsep ($\frac{13,6}{18}$) van sy fisieke Self. Daar bestaan 'n betekenisvolle verskil in kategorieverdeling as 'n vergelyking vanuit tabel 43 getref word. So ook het dit vanuit tabel 9 gevolg dat daar volgens die kritiese-verhoudingstoets 'n hoogs betekenisvolle verskil bestaan in die verhoudinge met die fisiese Self tussen die fisies gestremde leerlinge en die normale leerlinge.

'n Mens sou verwag dat fisies gestremde leerlinge 'n laer konsep van die fisiese Self sal hê as daardie leerlinge met geen gebreke nie. Alhoewel die eksperimentele groep inderdaad laer tellings as die kontrolegroep behaal het, het die eksperimentele groep tog hoër tellings behaal as wat vry algemeen verwag sou word. Skrywers soos Nash (1970) lewer veral veralgemeende stellings dat die grootste probleem by fisies

gestremde mense die persipiëring van die liggaamsbeeld is. In die lig hiervan het veralgemenings ontstaan dat remediële onderrig van sulke leerlinge grootliks gemik moet wees op die verbetering van die verhoudinge met die fisiese Self. Uit die gegewens verkry uit die empiriese ondersoek kan sulke bewerings nou die nek ingeslaan word, want die psigometriese ontleding van die tellings van die verskillende dimensies het onteenseglik bewys dat wanneer daar gevra word waarom die selfkonsep van die fisies gestremde leerling laer is as sy normale leeftydgenote, die antwoord nie net by sy fisiese Self gesoek moet word nie.

Die mens is 'n ingewikkelde fisies-psigiese wese by wie die versorging van die liggaam nie ten koste van die geestelike, en andersom, moet geskied nie. Daarom sal kennis geneem word van die leerling se selfkonsep en moet sodanige selfkonsep ontleed word aan die hand van die dimensies daarvan, sonder om een dimensie hoër te ag as 'n ander. Eers nadat 'n psigometriese ontleding gedoen is van al die dimensies, kan afleidings gemaak word van watter dimensies die meeste aandag moet geniet om die selfkonsep te verhoog.

In hierdie ondersoek het dit geblyk dat die grootste verskil tussen die twee toetsgroepe nie te voorskyn getree het by die verhoudinge met die fisiese Self nie, maar wel by die verhoudinge met die sedelike en godsdienstige waardes (Waardeself - dimensie vyf). Die

algehele volgorde van betekenisvolheid, van die grootste verskil na die kleinste, kan dan ook met behulp van die volgende tabel voorgestel word:

TABEL 46: RANGORDE VAN BETEKENISVOLLE VERSKILLE TUSSEN DIMENSIES

| Rangorde | Dimensie nommer | Verhouding |
|----------|-----------------|------------------|
| 1 | 5 | Waardeself |
| 2 | 4 | Sosiale Self |
| 3 | 2 | Persoonlike Self |
| 4 | 1 | Fisieke Self |
| 5 | 3 | Gesinself |
| 6 | 6 | Selfkritiek |

Die verhoudinge van die fisies gestremde leerling met sy liggaamlike gesteldheid het in werklikheid die vierde plek bekleed in volgorde van kritiese-verhoudings. Dit op sigself is van betekenisvolle waarde, veral vir daardie mense wat die fisieke Self as dié faktor wou uitlig wat die selfkonsep kan belemmer. Die gegewe tabel, soos opgestel van die psigometriese gegewens van die vorige hoofstuk, toon baie duidelik aan dat konstrukte van die Self soos die Waardeself, Sosiale Self en Persoonlike Self van kardinale belang is by die vestiging van die selfkonsep en nie ondergeskik gestel kan word aan die Fisieke Self nie. Soos hierdie hoofstuk vorder, sal die belangrikheid van die verskillende dimensies vir die selfkonsep van die fisies gestremde leerling al hoe duideliker word.

Twee vrae sal uit die voorafgaande bespreking voort-
spruit: hoekom toon die fisies gestremde leerling 'n
laer konsep van die fisiese Self as die normale leer-
ling, en hoekom is die tellings van die dimensie fi-
siese Self van die fisies gestremde leerling hoër as
wat algemeen verwag sou word? Daarom sal vervolgens
gepoog word om verklarings hiervoor te soek.

- a. Hoekom die fisies gestremde leerling 'n laer
konsep van die fisiese Self toon as die leerling
wat nie fisies gestrem is nie

1. Identiteit

Die items wat toets in hoe 'n mate 'n proefpersoon
met 'n positiewe selfkonsep homself moet identifi-
seer met iemand wat blakend gesond, aantreklik en
netjies is en wat nie bewus is van pyn nie, nie
slordig is nie en selde ongesteld voel, word in
tabel 5 aangedui.

Uit die statistiese ontleding van die gegewens ver-
kry in die ondersoek, soos in die vorige hoofstuk-
ke beskrywe is, het die eksperimentele groep ook
hier betekenisvolle laer tellings behaal. Die
chi-kwadraattoets op die betrokke items het dan
ook aangedui dat die grootste verskille in hierdie
onderafdeling tussen die twee groepe bestaan het
by items 7, 19 en 31 van die Selfkonsepttoets.

Dit volg dus dat alhoewel die fisies gestremde leerling verklaar dat hy gewoonlik blakend gesond is, hy tog ook gewoonlik bewus is van pyn êrens in sy liggaam. Voorts beskou die fisies gestremde leerling homself as onaantreklik, maar is selde regtig slordig en hou daarvan om onder alle omstandighede fyn uitgevat en netjies te wees.

Die afleiding wat dus gemaak kan word, is dat die fisies gestremde leerling vanweë een of ander liggaamlike gebrek nie so gemaklik soos normale leerlinge kan beweeg, loop, sit, staan of lê nie. Die liggaamsbeeld wat hulle mag huldig is een van 'n liggaam wat, alhoewel nie onadekwaat nie, tog nie so doeltreffend is soos dié van normale leerlinge nie. Hulle word nie gepla deur algemene siekte-toestande nie; dit is net die aard van die liggaamlike gesteldheid wat vryelike beweging sonder pyn teenwerk.

Met vryelike beweging word hier natuurlik na alle bewegings van die lewenslustige adolessent verwys soos bergklim, staptogte, jag en fietsry. Uit die aard van die saak sal die fisies gestremde leerling dikwels nie aan sulke aktiwiteite kan meedoen nie, met gevolglike invloed op die verhoudinge met die fisiese Self. Uit item 26 van die biografiese vraelys het die fisies gestremde leerling dan ook sonder uitsondering gestel dat hulle

as normale adolessente behandel wil word, terwyl in item 27 die nulhipotese op albei die grense van betekenisvolheid verwerp word, wat beteken dat fisies gestremde leerlinge voel dat hulle nie die selfde behandeling van ander mense ontvang as maats van die portuurgroep nie.

In persoonlike gesprekke met verskeie leerlinge van die eksperimentele groep, het dit dan ook altyd ter sprake gekom dat die fisies gestremde leerlinge die ondervinding gehad het dat hulle nie spontaan opgeneem word in groepe waar die fisies normale leerlinge die meerderheid is nie.

So was 'n aantal fisies gestremde leerlinge dan ook hoogs ontstel toe hulle tydens 'n kerklike uitstappie nie kon deel hê aan al die aktiwiteite van die jongmense nie, omdat die normale leerlinge bang was dat hulle die fisies gestremdes sou beseer as hulle met hulle speel. Met die tradisionele waatlemoenfees tydens hierdie uitstappie het die normale leerlinge mekaar deeglik gesmeer, terwyl die fisies gestremdes uitgesluit was hiervan. Toe die fisies gestremde leerlinge wou meedoen, is aan hulle gestel dat hulle liever moet stilsit terwyl die normale leerlinge toe die sap van die waatlemoenskywe oor die fisies gestremdes uitgedruk het. Nodeloos om te sê dat die fisies gestremde leerlinge baie ongelukkig hieroor gevoel het. Hulle voel gekrenk as mense oorbeskermend teenoor hulle wil optree en

hulle veral onderskat in hul fisiese vermoëns.

2. Aanvaarding

Die fisies gestremde leerling toon 'n redelike mate van tevredenheid met die aanvaarding van sy massa, sy voorkoms, lengte en sy gesondheidstoestand.

Daar is by hulle egter 'n groter hunkering te bespeur na meer aandag van die teenoorgestelde geslag as by die kontrolegroep.

3. Gedrag

Fisies gestremde leerlinge het getoon dat hulle selfagting net soos normale leerlinge weerspieël word in wat gedoen word en hoe dit gedoen word, soos die versorging van die liggaam na die beste van hul vermoë, die genot wat veeleisende arbeid bied asook om die meeste van die tyd lewenslustig te voel en uitdagings die hoof te kan bied. Hulle is in sommige situasies egter baie lomp en onhandig, terwyl hulle soms baie senuagtig is as hulle voor 'n groep mense moet optree. Dit gee aanleiding tot onnodige bekommernis wat oorbrug moet word.

Uit 'n persoonlike gesprek met 'n fisies gestremde leerling wat aan 'n redenaarskompetisie deelgeneem het, het dit geblyk dat die betrokke leerling erg ontsenu en ontsteld was deur die optrede van 'n onderwyser. Daar was enkele trappies wat sy moes bestyg om op die verhoog te kom, en waarvoor sy met been-

stutte en al kans gesien het. Die onderwyser het egter aangedring dat sy nie trappe moes bestyg nie en aangekondig dat sy haar toespraak vanaf die vloer sal hou. Hierdie gebeurtenis het haar geweldig ontstel, veral omdat dit voor 'n vol saal plaasgevind het, en sy was so senuagtig dat sy uit die aard van die saak nie met gemak en selfvertroue haar lesing kon lewer nie. Die lesing wat sy die aand gelewer het, word aan die einde van die hoofstuk aangebied.

Dit blyk dus dat, alhoewel fisies gestremde leerlinge oor die algemeen hulle gebrek aanvaar en leer om daarmee saam te leef, dit gewoonlik die houding van ander mense is wat hulle onderskat en oorbeskermend teenoor hulle wil optree, wat hulle ontstel en in die verleentheid plaas.

- b. Hoekom die tellings van die fisiese Self van die fisies gestremde leerling hoër is as wat algemeen verwag sou word

Daar is reeds by herhaling daarop gewys dat buitestaanders die vermoëns van die fisies gestremde leerlinge onderskat en dit kan ook as een van die redes aangevoer word, dat normale mense die verhoudinge wat die fisies gestremde leerling met sy liggaamlike gesteldheid handhaaf, geringskat.

Die rol wat die paramediese behandeling aan skole vir liggaamlik gestremdes speel, kan nou ook werk-

lik in perspektief geplaas word. Die hoogs gespesialiseerde hulp wat aan sulke leerlinge verskaf word, dra blykbaar ook by om die konsep van die fisiese Self te verbeter soos die leerling saam met die fisioterapeute werk om die optimale benutting van die gestremde liggaam te verkry. Fisies gestremde leerlinge kry daaglikse terapeutiese behandeling en sodoende word daar byvoorbeeld gepoog om genoegsame oefeninge aan slap spiere te gee, leerlinge te leer om met verskillende meganiese hulpmiddels soos beenstutte oor die weg te kom, en leerlinge in rolstoele kry noodsaaklike oefeninge wat dié liggaam wat heel-dag in 'n sitposisie verkeer, absoluut nodig het.

3. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sy psigiese gesteldheid - sy persoonlike Self

Die fisies gestremde leerling se verhouding met sy persoonlike Self bekleed die derde plek in tabel 47 van rangorde van dimensies. Die eksperimentele groep toon met hul gemiddelde subtoetstelling van 10,38 dan ook 'n hoog-lae selfkonsep teenoor die kontrolegroep se 12,53 wat op 'n matig-matige selfkonsep dui. Uit die psigometriese gegewens oor die persoonlike Self het dit dan ook aan die hand van die kritiese-verhoudingstoets gevolg dat fisies gestremde leerlinge hier oor die algemeen 'n hoogs betekenisvolle laer subtoetstelling behaal het as leerlinge van die kontrolegroep.

Die afleiding word dus gemaak dat die verhoudinge wat die fisies gestremde leerling met sy persoonlike Self handhaaf, nie so goed is soos dit by lede van die kontrolegroep is nie. Aan die hand van statistiese ontledings van die items van die Selfkonsep-inventaris betrokke by die toetsing van die persoonlike Self, asook verwante items van die biografiese vraelys, kan vervolgens gepoog word om verklarings hiervoor te soek.

a. Identiteit

Dit blyk uit die Selfkonsepttoets dat, alhoewel die fisies gestremde leerling onder bykans alle omstandighede kalm en bedaard kan optree, en selde indien ooit in 'n slegte stemming verkeer, hulle soms tog minderwaardig in geselskap voel. Voorts blyk dit egter ook dat die fisies gestremde leerling voel dat hy as persoon sy vriende se gelyke is. Uit die gegewens verkry vanuit die biografiese vraelys volg dit dat lede van die eksperimentele groep dit tog ook ondervind dat hulle soms tussen die maats nie altyd 'n reg op 'n eie opinie het nie.

Die nulhipotese is nie verwerp by items 15 en 16 van die biografiese vraelys nie. Dit dui daarop dat albei groepe in 'n redelike mate ondervind het dat hul ouers en onderwysers se optrede teenoor hulle, hulle slegs in 'n mate belangrik laat voel. Die tellings van albei groepe was in hier-

die twee gevalle gemiddeld; wat daarop dui dat die proefpersone nie geheel en al gelukkig was met die optrede van ouers en onderwysers teenoor hulle as volwaardige persone nie. Die fisies gestremde leerling ondervind, net soos die normale leerling, dat daar 'n generasie gaping tussen die adolessent en die volwassene is met die gevolglike komplikasies soos byvoorbeeld kommunikasieprobleme.

b. Aanvaarding

Die eksperimentele groep het aangedui dat hulle in 'n hoë mate net so gaaf teenoor alle mense optree as wat hulle moontlik kan en dat hulle, net soos die kontrolegroep, 'n gevoel van wanhoop ondervind omdat hulle hul beginsels verbreek. Met die toepassing van die chi-kwadraat-toets op item 20 van die Selfkonsepttoets word die nulhipotese op die 0,05-grens van beduidendheid verwerp. Dit beteken dat daar 'n betekenisvolle verskil bestaan in die mate waarin die fisies gestremde leerling tevrede is met sy persoon in verhouding met die kontrolegroep. Die fisies gestremde leerling is nie volkome tevrede met sy persoon nie en sou graag sy verhouding met sy psigiese gesteldheid wou opknop.

Voorts bestaan daar hoogs betekenisvolle verskille by items 32, 43 en 49 van die Selfkonsepttoets ten

gunste van die kontrolegroep. Dit dui daarop dat fisies gestremdes in 'n hoër mate as normale leerlinge beangs voel dat hulle dalk nie hulle probleme sal kan oplos nie, gereeld karaktertrekke begeer wat hulle by ander waarneem en nie altyd met 'n taak volhard totdat dit voltooi is nie.

Die volg ook uit die biografiese vraelys (item 26) dat daar by die fisies gestremde leerling, net soos by enige normale leerling, die behoefte bestaan om as 'n normale adolessent behandel te word, terwyl die fisies gestremde leerling voel dat hulle nie dieselfde behandeling van ander mense ontvang as leerlinge van die kontrolegroep nie.

c. Gedrag

Hier blyk dit dat die verhoudinge wat die fisies gestremde met sy persoonlike Self handhaaf ook om die volgende bykomende redes swakker is as lede van die kontrolegroep s'n: die fisies gestremde leerling vind dit moeilik om hom in alle situasies te handhaaf; hy voel dat hy dikwels swak presteer en vind dit gewoonlik baie moeilik om tot 'n besluit te kom. Die persoon met 'n hoë selfagting tree juis so op dat hy hierdie selfbeeld in stand kan hou. Hy oorweeg die moontlike konsekwensies van sy handeling voor dat hy optree. Hy is tevrede met sy prestasies, kan homself hand-

haaf, staan vas by sy oortuigings, bly nie gedurig besluitloos voortstropel nie, maar kom gou tot 'n besluit. Uit die ondersoek het dit geblyk dat die fisies gestremde leerling wel die moontlike konsekwensies van sy handeling oorweeg voordat hy optree, vas staan by sy oortuigings, terwyl hy egter ongelukkig voel oor sy prestasies en moeilik tot 'n besluit kom.

Item 42 van die biografiese vraelys het ook aangedui dat lede van die eksperimentele groep dit oor die algemeen ondervind het dat hul onderwysers ontevrede is met hul skoolwerk.

Blykbaar is daar ruimte vir verbetering en behoort hierdie leerlinge beter te presteer as wat tans die geval is. Die onderwysers behoort dan steeds die leerlinge te motiveer en inspireer om harder te werk omdat akademiese sukses gesonder verhoudinge met die persoonlike Self sal verseker.

4. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sy gesin - sy Gesinself

Die fisies gestremde leerling vertoon 'n hoog-matige konsep van sy gesinself teenoor die normale leerling se matig-hoë konsep van sy gesinself. Albei groepe het ook hier die beste subtoetstellings behaal, terwyl die dimensie gesinself die vyfde plek inneem in die tabel van rangorde van betekenisvolle verskille tussen dimensies.

Alhoewel albei groepe redelike hoë tellings behaal het,

het die kritiese-verhoudingstoets aangetoon dat die fisies gestremde leerling se verhoudinge met die gesin nie van dieselfde hoë gehalte is as dié van leerlinge van die kontrolegroep nie.

Hierdie stelling word verder ondersoek aan die hand van die deelstrukture van identiteit, aanvaarding en gedrag van elke dimensie soos dit in hoofstuk vyf beskrywe is, en soos dit in die vorige twee dimensies toegepas is.

a. Identiteit

Na 'n toepassing van die chi-kwadraat-toets op die betrokke items van die Selfkonsepttoets word die nulhipotese aanvaar onder items 77, 85 en 69, terwyl dit op die 0,05-grens van beduidendheid by item 81 verwerp word; en op albei grense verwerp word by items 63 en 73.

Dit impliseer dat alhoewel die fisies gestremde leerling volkome oortuig is van die liefde van sy gesin, familieledede het wat hom in enige situasie sal bystaan en voel dat hy in 'n mate hoog geag word deur sy familieledede; hy in 'n mate voel dat hy nie 'n lid van 'n baie gelukkige huisgesin is nie, dat familieledede selde sy opinie vra en nie daarvan oortuig is dat hy in alles deur sy familie vertrou word nie.

Uit die biografiese vraelys volg dit ook dat die

fisies gestremde leerling die gevoel koester dat hy nie altyd tuis die reg op 'n eie opinie het wat hy dan ook met vrymoedigheid kan stel nie; en dat hy nie betrek word by belangrike gesinsbesluite soos byvoorbeeld die bespreking van vakansieplanne nie. Dit blyk ook dat die fisies gestremde leerling dit in 'n baie groter mate as 'n normale leerling ondervind dat opvoedingsreëls nie altyd duidelik by die huis gestel word nie.

Dit het ook uit persoonlike gesprekke met fisies gestremde leerlinge geblyk dat die oorgrote meerderheid dit ondervind het dat die ouers en gesinslede van jongs af baie oorbeskermend teenoor hulle optree. Alles word vir hulle gedoen en hulle word nie toegelaat om sekere take in en om die huis te verrig nie. Hierdie leerlinge voel dat die gesin hulle onderskat en nie aan hulle die geleentheid wil gee om te bewys waartoe hulle in staat is nie. Dat die gesin dit doen uit liefde vir die fisies gestremde is te verstane, maar dit moet onder gesinslede se aandag gebring word dat hulle ook moet dink aan die rol wat die fisies gestremde leerling eendag in 'n onsimpatieke wêreld sal moet vervul. Die fisies gestremde leerling behoort van jongs af deur die ouers en ander gesinslede voorberei te word vir sy lewenstaak. Dit kan alleenlik gedoen word as lede van die gesin bereid is om die fisies gestremde kind al hoe meer te be-

trek in belangrike gesinsbesluite, sy opinie aan te hoor en hom met verantwoordelike take op te saal soos byvoorbeeld om toe te sien dat alle deure saans gesluit is. Die aard van die take kan by die kind se fisiese gebreke aangepas word. Dogters kan byvoorbeeld met die huishouding help, terwyl seuns met tuinwerk en die skoonmaak van die woonerf kan help.

b. Aanvaarding

Met die ontleding van die betrokke items van die Selfkonsepttoets is slegs by item 27 'n hoogs beduidende verskil tussen die twee groepe gevind. Hierdie beduidende verskil is ten gunste van die eksperimentele groep wat daarop dui dat die fisies gestremde leerling nie maklik gekrenk voel deur wat sy familie van hom sê nie, terwyl lede van die kontrolegroep gewoonlik baie gevoelig is oor wat familie van hulle sê.

Die fisies gestremde leerling openbaar 'n redelike mate van selfagting in die verhoudinge met sy gesinslede. Hy is oor die algemeen trots op sy familie, verstaan hulle oor die algemeen goed, sien gewoonlik uit na familiebyeenkomste, is nooit agterdogtig teenoor familielede nie en voel tevrede met sy liefde vir sy gesin.

Uit items 13, 18 en 60 van die biografiese vrae-

lys blyk dit egter ook dat die fisies gestremde leerling en sy ouers nie gereeld van kleintyd af ontspanne met mekaar gesels het nie, dat hy ook nie altyd van kleinsaf die vrymoedigheid gehad het om persoonlike en skoolprobleme met sy ouers te bespreek nie en dat hy soms die ouers verkwalik omdat hulle hom in die skool wat hy tans bywoon, geplaas het.

Hieruit kan dus die afleiding gemaak word dat, alhoewel die fisies gestremde leerling oor die algemeen tevrede is met sy verhoudinge met die gesin, daar tog sprake van kommunikasieprobleme met die ouers bestaan. Ouers van sulke leerlinge moet aangemoedig word om ontspanne gespreksverhoudinge met hulle kinders aan te kweek en hulle te betrek in belangrike besprekings soos mediese behandeling wat die fisiese gebrek betref, asook die keuse van die skool wat so 'n leerling moet bywoon. Die ouers van hierdie leerlinge moet beseft dat al tree hulle korrek op wat betref die toekoms van hul kind, die kind ook die gevoel van verantwoordelikheid moet ervaar dat hy deel het aan belangrike besluite rakende sy toekoms.

c. Gedrag.

Die fisies gestremde leerling se volgende verhoudinge met die gesin is nie so gesond soos die normale leer-

ling s'n nie: hy is nie besonder nougeset op regverdigheid teenoor sy familieledede nie, ignoreer soms die wense van sy ouers en het soms ernstige rusies met gesinslede. Net soos die lede van die kontrolegroep is die volgende verhoudinge met die gesin gelukkig gesond: hy stel belang in en besoek sy familie gereeld, behandel die ouers goed en ondervind min kritiek van sy ouers. In sy emansipasie beweeg hy weg van sy ouers af, sonder om verwerping te vrees.

5. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - sy sosiale Self

Die fisies gestremde leerling vertoon 'n hoog-lae konsep van sy sosiale Self teenoor die normale leerling se matig-matige konsep van die sosiale Self. Die sosiale Self van die fisies gestremde leerling het 'n besondere lae posisie in tabel 44 verkry, terwyl die kontrolegroep se sosiale Self die derde posisie in tabel 45 beklee. Dit volg ook uit tabel 46 dat die sosiale Self die tweede posisie beklee in die rangorde van betekenisvolle verskille tussen dimensies. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met andere in die sosiale gemeenskap is dus hoogs waarskynlik baie swakker as lede van die kontrolegroep wat gesonder betrekkinge met die sosiale gemeenskap handhaaf.

Vervolgens word daar gepoog om vas te stel presies waar die knelpunte lê en op watter gebiede van die

sosiale terrein die fisies gestremde leerling faal om gesonde betrekkinge met die sosiale gemeenskap te handhaaf.

a. Identiteit

As die verhoudinge met die gesin kerngesond is, behoort die leerling beter in staat te wees om gesonde verhoudinge met die sosiale gemeenskap aan te knoop en te handhaaf.

In die vorige afdeling is aangetoon dat die verhoudinge van die fisies gestremde leerling van 'n matige toestand is en daar nog baie ruimte vir verbetering is om dit kerngesond te kry. Dit kan dus geredelik aanvaar word dat dáár waar die gesinsverhoudinge veel te wense oorlaat, dit die verhoudinge met die sosiale gemeenskap kan strem.

Uit die betrokke items volg dit dat alhoewel fisies gestremde leerlinge redelik vriendelik teenoor ander mense is, hulle in 'n redelike mate aangetoon het dat hulle nie besonder gewild by vriende van dieselfde geslag sowel as by die teenoorgestelde geslag is nie. Hulle belangstelling in die doen en late van ander mense is beslis ook nie na wense nie. Hierdie leerlinge vertoon ook tekens van nukkerigheid en stuursheid, terwyl hulle nie so maklik soos die lede van die kontrolegroep vriendskappe aanknoop nie.

b. Aanvaarding

By hierdie onderafdeling is die nulhipotese behou by items 16 en 90 van die Selfkonsepttoets; op die 5%-peil van betekenisvolheid verwerp by items 4, 10 en 93, en op albei vlakke van beduidendheid verwerp by item 87. Dit beteken dat daar geen betekenisvolle verskille bestaan tussen die twee groepe betreffende die tevredenheid met die belangstelling wat hulle geniet en hoflike gedrag teenoor ander mense nie. Daar is egter 'n betekenisvolle verskil in populariteit, selfbewustheid en teruggetrokkenheid.

Die fisies gestremde leerling ondervind in 'n groter mate as 'n normale kind dat hy gewoonlik onpopulêr is; sy geselskap selde opgesoek word; gewoonlik selfbewus voel om hulp aan ander mense aan te bied, asook teruggetrokke en selfbewus teenoor vreemde en veral hooggeplaaste mense. Fisies gestremde leerlinge wens ook dikwels dat hulle meer gesellig kan wees.

c. Gedrag

By hierdie onderafdeling is die nulhipotese by items 28 en 34 van die Selfkonsepttoets behou, terwyl dit by die ander vier betrokke items verwerp is. Dit beteken dat albei groepe aangetoon het dat hulle gewoonlik goed met ander mense oor die weg kom

en ook goeie eienskappe van ander mense gereeld raaksien. Daar bestaan egter betekenisvolle verskille tussen die twee groepe betreffende die gemak waarmee vriendskappe gesluit word, vergewensgesindheid, selfbewustheid in vreemde geselskap, asook die aanknoop van gesprekke in vreemde geselskap. Die fisies gestremde leerling is waarskynlik iemand wat nie so maklik vriende maak soos 'n normale leerling nie en vind dit waarskynlik ook baie moeilik om iemand wat hom vals beskuldig het te vergewe, voel baie selfbewus in geselskap van vreemde mense en vind dit moeiliker om 'n gesprek met vreemde mense aan te knoop.

In die soeke na oplossings om hierdie probleem van 'n lae sosiale Self van die fisies gestremde leerling te oorbrug, het dit onder skrywer se aandag gekom dat die Elizabeth Conradieskool nie op die Kimberleyse Junior Stadsraad verteenwoordig word nie. Dit het uit 'n onderhoud met die skakelbeampte van die Stadsraad aan die lig gekom dat herhaalde uitnodigings aan die betrokke skool gerig was om hulle leerlinge te stuur om op die Junior Stadsraad te dien. Die betrokke borge van hierdie raad, wat bestaan uit verteenwoordigers van leerlinge van al die plaaslike hoërskole, sou ook baie graag die fisies gestremde leerlinge verteenwoordig sien. Dit blyk toe dat die Elizabeth Conradieskool self nie oor 'n redelike tydperk leerlinge genomineer het vir sitting op die Junior

Stadsraad nie. Skrywer het toe die hoof van die Elizabeth Conradieskool genader en die versekering ontvang dat die beheerpersoneel van hierdie skool aandag aan die aangeleentheid sal skenk met die oog op 'n spoedige inskakeling van die fisies gestremde leerling by 'n sosiale instelling soos die Junior Stadsraad.

Die sosiale Self hou verband met die vermoë om met ander mense te verkeer op 'n wyse wat ooreenkom met die individu se algemene ontwikkelingspeil. Nou is adolensensie by uitstek 'n tyd van sosiale verkeer, maar dikwels ook 'n tyd van intense eensaamheid. Daarom moet sosiale verkeer aangemoedig word, asook geleenthede daarvoor geskep word. Skole vir liggaamlik gestremde leerlinge word dan hiermee dringend aanbeveel om weer hulle buitemuurse programme te hersien om hulle leerlinge in staat te stel om sosiale ervarings buite die betrokke skoolomgewing te geniet. Dit blyk baie duidelik uit hierdie ondersoek dat fisies gestremde leerlinge nouer kontak wil maak met ander skole. Hierdie leerlinge kan nie net in 'n oorbeskermdes klimaat grootword nie, want die dag kom vinnig nader dat hulle die skool vir altyd gaan verlaat en moontlik nie volkome toegerus gaan wees om gesonde verhoudings met ander in die sosiale gemeenskap te handhaaf nie. Nou reeds op die Senior Sekondêre Fase, laat hulle verhoudings met die sosiale gemeenskap veel te wense oor, hoeveel te meer nie wanneer hulle die buitewêreld betree nie? Daar sal dus dringend aan hierdie aangeleentheid aandag ge-

gee moet word, en die hoop word uitgespreek dat die Elizabeth Conradieskool die inisiatief met hierdie aangeleentheid sal neem.

Die fisies gestremde leerling moet die geleentheid gegun word om op sosiale vlak met normale leerlinge te verkeer, sodat hy én die normale leerling die ervaring kan opdoen om gemaklik met mekaar te kan verkeer sonder enige vooroordele of oorbeskerming en nie miskien die gevaar loop van verwerping aan die kant van die normale leerling nie.

Kershaw spreek hom ook sterk uit teen sosialisering-programme van skole vir fisies gestremde leerlinge wat hulle buitemuurse program so opstel dat, alhoewel die leerling van verskeie aktiwiteite deelneem, dit slegs in isolasie op die skoolterrein geskied, en stel voorts dat "one needs to put as much emphasis as possible on what is normal in them and to encourage mixing with normal people; to segregate them can too easily make them think of themselves as people apart and discourgae them from joining with normal people in those activities in which they can cooperate or even compete on the same level."²⁾ Buitemuurse bedrywighede aan skole vir fisies gestremde leerlinge "may be a useful way of introducing the

2. Kershaw, J.D., Handicapped children, 1973, p.63

more severely disabled to community life, and even some of the more diffident lightly handicapped may find them of help in bridging the gap between the sheltered life of school and the more vigorous life of adult community."³⁾

6. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes - sy Waardeself

Die fisies gestremde leerling vertoon 'n matige-lae Waardeself teenoor die normale adolessent se hoog-lae Waardeself. Albei groepe het egter met hierdie dimensie die swakste tellings behaal wat daarop dui dat die verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes by albei groepe die ongesondste is in vergelyking met die ander verhoudinge wat met die Self gehandhaaf word. Die Waardeself het ook die eerste posisie ingeneem in tabel 46 van die rangorde van betekenisvolle verskille tussen die dimensies van die selfkonsep. Dit beteken dat die grootste verskil tussen die dimensies van die twee groepe by die Waardeself aangetref word.

Vervolgens word die betrokke items van die Selfkonsep-toets ondersoek om 'n beter insig te vorm van die betekenisvolle verskille en ooreenkomste wat bestaan tussen die twee groepe in hulle verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes.

3. ibid.

a. Identiteit

Die nulhipotese is slegs by item 44 behou wat daarop dui dat albei groepe liefde vir die medemens openbaar.

Albei groepe het by items 86 en 95 baie swak tellings behaal. Dit impliseer dat albei groepe hulself nie as goeie mense persipieer nie en nie skuldig voel as 'n leuen vertel word as die nood dreig nie.

Voorts is die fisies gestremde leerling se gedrag in 'n groter mate nie onder alle omstandighede onbesproke en eerbaar nie, en sal hy byvoorbeeld nie so geredelik soos die normale leerling te veel kleingeld wat aan hom uitgekeer is, gaan teruggee nie. Die fisies gestremde leerling is waarskynlik ook nie so godsdienstig soos die normale leerling nie.

b. Aanvaarding

Die nulhipotese is behou by items 92 en 100 terwyl albei groepe hoë tellings by items 9 en 100 behaal het. 'n Gemiddelde itemtelling is by item 92 behaal wat beteken dat albei groepe slegs in 'n mate tevrede voel dat die deugde eerlikheid, goedheid, getrouheid, waarheid en so meer, getrou uitgeleef word. Die hoë korrekte responsie op item 100 dui aan dat albei groepe bereid is om minderbevoorregtes

te help, terwyl die hoë korrekte responsies op item 9 aantoon dat albei groepe dikwels skuldig voel oor die gemak waarmee 'n leuen vertel word.

Voorts blyk dit dat die fisies gestremde leerling hom meer kwel oor godsdiens en dat dit nie vir hom dieselfde mate van besieling, troos en bemoediging verskaf as vir sy normale leeftydgenote nie, terwyl hy ook dikwels skuldig voel weens herhaaldelike onverantwoordelike optrede.

c. Gedrag

Die nulhipotese word behou by items 11, 17 en 23. Dit beteken dat die fisies gestremde leerling net soos die normale leerling bereid is om sy gedrag te verander as hy oortuig word dat hy verkeerd is, en daarby bly, al staan hy ook alleen en dat hy selde dinge doen waaroor hy later skaam is.

Albei groepe het betreklik laag gerespondeer by item 35 met die eksperimentele groep se tellings betekenisvol hoër as dié van die kontrolegroep. Die fisies gestremde leerling voel blykbaar minder ongelukkig as die normale leerling omdat sy lewe nie aan die hoë standarde voldoen wat ander mense van hom verwag nie.

Voorts blyk dit dat die fisies gestremde leerling nie dieselfde vrymoedigheid as die normale leerling het om gereeld mense wat lelik praat te bestraf

nie, en sal die fisies gestremde leerling blykbaar ook meer geredelik van twyfelagtige metodes gebruik maak as die normale leerling om vooruit te kom.

Daar bestaan dus nie by die fisies gestremde leerling 'n volkome positiewe identifikasie met waardes wat lei tot gedragswyses wat daarmee ooreenstem nie. Deur te doen wat hy weet wat reg is hoef hy hom nie op twyfelagtige metodes te beroep soos die ondersoek aangedui het nie. Aangesien die fisies gestremde leerling nie seker van sy saak is en van die belangrikheid van dit wat reg is nie, bestraf hy nie altyd daardie persone wat die morele en religieuse wet oortree nie.

7. Die fisies gestremde leerling se verhoudinge met die evaluatiewe aspek - sy Selfkritiek

Hier word veronderstel dat iemand met 'n nugtere hoë positiewe selfkonsep krities sal staan teenoor homself en dienooreenkomstig sal respondeer.

In die psigometriese ontleding is bevind dat daar geen betekenisvolle verskil bestaan tussen die Selfkritiektellings van die eksperimentele groep en die kontrolegroep nie. Albei groepe handhaaf 'n matig-matige kritiese Self. Die kritiese Self van die fisies gestremde leerling beklee die derde posisie in tabel 44 van die rangorde van dimensies van die eksperimentele groep teenoor die vyfde plek in tabel

45 van die kontrolegroep.

Die fisies gestremde leerling se verhouding met sy kritiese Self is dus gesonder as sy verhoudinge met sy persoonlike, sosiale- en waardeself. Die nulhipotese is slegs by items 6 en 18 van hierdie afdeling van die Selfkonsepttoets verwerp. Dit beteken dat die normale leerling waarskynlik nie so maklik 'n nederlaag sal aanvaar as die fisies gestremde leerling nie, en makliker reëls en regulasies as fisies gestremde leerlinge sal oortree. Albei groepe het bestendig presteer by die orige agt dimensies van Selfkritiek.

Dit beteken dat die fisies gestremde leerling net soos die normale leerling dit in 'n redelike mate nie nodig gevind het om die selfbeeld krampagtig te beskerm nie en nie gehuiwer het om te erken as hulle aan die neerhalende stellings skuldig is nie. Die proefpersone het aangedui dat hulle in 'n redelike mate:

1. dikwels tot mōre uitstel wat vandag gedoen moet word;
2. soms lus voel om te swets as dinge verkeerd loop;
3. soms 'n bietjie te veel skinder;
4. dikwels 'n dubbelsinnige grap geniet;
5. nie van al die mense hou wat hulle ken nie;
6. soms geïrriteerd is wanneer ongesteld;
7. so nou en dan aan dinge dink wat lelik is om van te praat, en

8. dikwels kwaad word wanneer gedwarsboom.

D. IMPLIKASIES VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie ondersoek het baie duidelik aangetoon dat dit belangrik is om ruimte toe te ken aan die rol van die selfkonsep in die begryping van die probleme van die fisies gestremde leerling. Dit bring mee dat die fisies gestremde leerling raakgesien word vanuit sy eie verwysingsraamwerk en vandaaruit begryp moet word. Die volgende implikasies het veral duidelik na vore getree:

1. Opvoeding en onderwys

Hierdie ondersoek het duidelik uitgewys dat 'n bestendige huisgesin, liefde, aanvaarding, respek, steun en aanmoediging deur die ouers bygedra het tot die stand van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling. Die ouer moet dus daarvan in kennis gestel word dat sodanige optrede tot heil van die kind is. Teenoor 'n permissiewe houding is dit die duidelike stelling en afdwing van opvoedingsgeriewe wat tot die verhoging van die fisies gestremde leerling se selfkonsep sal lei.

'n Heroriëntering van die onderwys- en opvoedingsituasie met die selfkonsep as kriterium, kan betekenisvol bydra tot die selfaktualisering van die fisies gestremde leerling. In die skool waar dit in hoofsaak gaan om kognitiewe vermoëns en kognitiewe ontwikkeling, is

die kind se aktualisering van sy intelligensie nou gemoeid met sy selfkonsep.⁴⁾ Die vrymoedige optrede in die klaskamer omdat dit aanprysing en lof van die onderwyser uitlok, toon die belangrikheid van die selfkonsep in leerervaringe. Dit geld ook vir die leerling wat wegkruip omdat sy moontlike verkeerde antwoord 'n skrobbering of persoonlike belediging of verwerping tot gevolg kan hê. Dit dui op die noodsaaklikheid van 'n metodiese bestudering van die ontwikkeling van die fisies gestremde leerling vanuit die perspektief van die leerling self, waarin die selfkonsep die kern vorm. Hierdie ondersoek het die weg gebaan vir sodanige metodiese bestudering en kan die grondslag vorm vir verdere ondersoeke oor die leer- en opvoedingsprobleme van die fisies gestremde leerling met spesiale verwysing na sy selfkonsep, studiemetodes, studiehoudings en skoolprestasies.

2. Die sosialiseringstaak van die fisies gestremde leerling

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat die fisies gestremde leerling veel meer probleme ondervind met sy sosiale omgang met mense buite die beskutte skoolatmosfeer. Hierdie tipe van leerling moet beslis meer ondersteuning en aanmoediging geniet om sy sosialiseringstaak met sukses aan te pak. Fisies gestremde leerlinge behoort 'n groter deelname te hê in sosiale aangeleenthede buite die skoolterrein. Die Elizabeth Conradie-

4) Vrey, J.D., op. cit., 1974, p.366

skool het dan ook na oorweging van die bevindinge van hierdie ondersoek besluit om die inisiatief te neem op hierdie gebied en die fisies gestremde leerlinge verdere aanmoediging en steun te gee om met normale leerlinge op sosiale gebied te verkeer. So word tans reëlings getref om verteenwoordigers van hierdie skool op die Junior Stadsraad te kry, en word die hoop uitgespreek dat hierdie pogings verder sal uitkring sodat leerlinge van verskillende skole meer kontak met die fisies gestremde leerling sal maak.

3. Die taak van die gemeenskap

Hierdie ondersoek het aangetoon dat die gemeenskap se houding teenoor die fisies gestremde leerling veel te wense oorlaat. Lede van die gemeenskap moet aanleer om nie die fisies gestremde leerling te onderskat nie, en dieselfde geleenthede vir hom daar moet stel as vir die normale leerling. Die gemeenskap moet meer kontak maak met fisies gestremde leerlinge en bereid wees om hierdie leerlinge te aanvaar soos hulle is.

4. Beroepsgeleenthede

Dit volg uit hierdie ondersoek dat die fisies gestremde leerling probleme kan ondervind met die keuse van 'n beroep, omdat hy moontlik nie deur werkgewers aanvaar sal word nie. Verdere navorsing is dringend noodsaaklik om vas te stel watter beroepsgeleenthede daar vir die fisies gestremde leerling bestaan en om die houdings van werkgewers teenoor sulke leerlinge

vas te stel.

5. Algemeen

Hierdie verhandeling het by implikasie daarop gedui dat verdere navorsing op die terrein van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling noodsaaklik is. Enkele aanbevelings is reeds in die vorige afdelings gemaak en hierby kan nog aanbevelings gemaak word soos byvoorbeeld meer indringende navorsingsontwerpe na die verskillende dimensies van die selfkonsep.

Navorsing behoort ook gedoen te word oor die persentasie fisies gestremde leerlinge wat matriek slaag, tersiêre opleiding ondergaan, beroepe wat beklee word en hoe hulle as volwassenes lewe.

Hierdie ondersoek was toegespits op die Senior Sekondêre Fase en daarom behoort verdere navorsing oor die ander skoolstanderds gedoen te word. In hierdie ondersoek was slegs daardie leerlinge betrek wat oor die vermoë besit om standerd tien te slaag en behoort daar ook navorsing gedoen te word oor die selfkonsep van die minder begaafde fisies gestremde leerling.

Met hierdie ondersoek is die veld dus geopen vir verdere ondersoeke op die gebied van die selfkonsep van die fisies gestremde, hetsy as laerskoolkind, hoërskoolleerling of as volwassene. Baie moet nog gedoen word om aan hierdie mense hulle regmatige plek in die samelewing te gee, en slegs deur onvermoeide navorsing kan knellende vraagstukke opgelos en in die regte rigting beweeg word.

E. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n beeld geskets van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling. Daar is aangetoon dat die fisies gestremde leerling waarskynlik 'n laer selfkonsep het as die normale leerling. Hierdie laer selfkonseptellings het hulself ook openbaar by geslagsverskille waar aangetoon is dat die fisies gestremde dogter 'n laer selfkonsep het as die normale dogter, en die fisies gestremde seun 'n laer selfkonsep as 'n normale seun. Daar bestaan ook verskille volgens skoolstanderd en dit blyk dat die fisies gestremde leerling wat matriek haal, 'n gunstiger selfkonsep openbaar as die fisies gestremde leerling in standerd agt en nege.

Wat die dimensies van die selfkonsep van die fisies gestremde leerling betref, het laasgenoemde betekenisvolle laer tellings behaal by die dimensies van sy fisiese Self, persoonlike Self, gesinself, sosiale Self en sedelike Self, terwyl geen betekenisvolle verskil tussen die twee groepe by die evaluatiewe aspek van die selfkonsep gevind is nie.

Die fisies gestremde leerling handhaaf beter verhoudinge met sy gesinself, fisiese Self en kritiese Self as wat sy verhoudinge met die persoonlike Self, sosiale Self en sedelike Self is.

Die grootste verskille tussen die dimensies van die twee groepe word aangetref by die waardeself (sedelike Self), sosiale Self en persoonlike Self. Dit is dan ook op hier-

die gebied wat mens graag dringend 'n verbetering wil sien in die herstel van gesonde verhoudinge van die fisies gestremde leerling met al ses die verskillende verhoudinge oor die algemeen, maar in die besonder met sy verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes, die sosiale gemeenskap en sy psigiese gesteldheid. Om die selfkonsep van die fisies gestremde leerling te verhoog, sal skool en ouerhuis saam moet besin en aan die hand van die bevindinge en implikasies van hierdie ondersoek 'n remediële program moet opstel en daarvolgens 'n besliste poging moet aanwend om in hul doelstelling te slaag.

Dit sal dan ook heel gepas wees om hierdie verhandeling af te sluit met die weergawe van 'n toespraak van 'n fisies gestremde leerling wat sy tydens 'n redenaarskompetisie gelewer het. Hierdie toespraak is voorberei en gelewer sonder enige bemoeienis en hulp van die skrywer. Uit hierdie toespraak sal die kreet om aanvaarding en erkenning as 'n gelyke mens van die fisies gestremde leerling duidelik waarneembaar wees:

"Geagte mnr. die voorsitter en almal teenwoordig.

Dit is vandag geensins my doel om klippe te gooi of simpatie te soek nie. Ek wil 'n eerlike poging aanwend om u bewus te maak van die kloof wat daar tussen die liggaamlik gestremde en die liggaamlik normale samelewing bestaan, dan 'n paar verklarings daarvoor gee en laastens nie 'n kitsoplossing nie, maar my mening waag wat tot verbetering van die situasie kan lei.

Suidwes en sy Turnhalle is op almal se lippe, leek en geleerde bespied en bespreek Afrika, klein en groot skop 'n bohaai op oor Mnr. Vorster, gesaghebbendes spring al hoër in, langs en voor kommunisme en S.A. se vyande lek hulle nat lippe af. In die tussentyd gaan die mens aan om te leef en te veg vir 'n bestaansreg in die wêreld. Hy word gebore, soms met liggaamlike gebreke, leef as 'n gelukkige goedaangepaste persoon - en sterf.

Vir sommige persone is dit so bestem om goed aan te pas. Andere sukkel om tekortkominge te aanvaar en te leer om daarmee saam te leef voordat hulle as gebalanseerde mense dit die lewe in kan waag. Ek spits my verder veral toe op die liggaamlik gestremde sodat ek ook dit wat ek deur die jare by ander en myself bespeur het na vore kan bring.

Nou ontstaan die volgende situasie. Die trotse maar tog gretige gestremde aan die een kant - gretig om deel van die groot samelewing uit te maak en die opregte liggaamlik normale mens aan die anderkant. Albei partye is groten-deels positief en tog loop iets iewers verkeerd, want daar bestaan 'n definitiewe skeur tussen dié twee partye, 'n skeur wat soms 'n kloof vertoon.

By sosiale geleenthede, veral tussen jong mense, is dit opmerklik dat die gestremde baie gou en maklik in afsondering verval en dat die kring van "normales" - as u my sal verskoon dat ek laasgenoemde woord vir liggaamlik normales bedoel - nie 'n buitengewone poging aanwend om hulle in die skare van intiemheid in te trek nie. Die gestremde verwag weer 'n bietjie te veel en sal slegs by

uitsondering inisiatief neem om eerste 'n gesprek met 'n enkele persoon aan te knoop.

Mense dra hulle bejammering soos mynligte voor hulle koppe deur gestremdes aan te staar en te verval in 'n staat van verwondering. Indien 'n vreemde persoon 'n gesprek aanknoop is vrae na die gebrek die mees algemene. Die mens word gewoonlik slegs deur dit wat afwyk van die normale aangryp en beskou die gestremde dus nie as volwaardige mens wat hy vierkantig in die oë kan kyk nie, maar as afwykend van die normale.

Die gewone omstander se optrede as 'n gestremde neerplof spreek by uitsondering van onkunde. Dit is 'n vernedering om deur 'n persoon opgehelp te word en bewys verder jou algehele onbeholpenheid.

Die gestremdes in 'n groep tree geheel en al negatief op - dikwels verregaande onbeskof teenoor belangstellendes. Die probleem is dat alles net altyd draai om die arme kinders en hul gebreke. Selfs Kreupelsorgkollekteerders loop deur. Die kenmerkende houding is: 'Hoe durf hulle kollekteer en nie ons eers soos mense behandel nie!'

Die konferensies wat ek, as deel van 'n verteenwoordigende groep uit my skool, bygewoon het, was teleurstellend in die opsig dat wat pret aanbetref, ons soos glaspoppies behandel is. Op formele vlak kan 'n mens vir jou 'n pad oopveg, maar dit is moeilik om goedbedoelde 'in-aanmerkingneem'-pogings uit die weg te ruim. Die grootste begeerte

bly maar altyd om by die groepsgees ingeskakel te wees.

Dit is 'n algemene verskynsel dat wanneer 'n normale sielkundige ons toespreek, die oorgrote meerderheid negatief teenoor die persoon ingestel is - hy sal tog nie verstaan nie! Wat weet hy nou van die lewe? Hoe kan jy eenbeen-gedagtes verstaan as jy self twee bene het? Alles dui maar weer terug op die ewigdurende sirkelsituasie. Die liggaamlik gestremde vermoed in sy onderbewussyn dat hy 'n potensiële uitgeworpene is - hy reageer negatief en bemoeilik dus die eerlike pogings van die samelewing. Hy is geneig om ongelukkige situasies as modelvoorbeelde te neem en te veralgemeen. Hoe meer die liggaamlik gestremde bewus word van die sogenaamde kloof, hoe minderwaardiger word hy, sonder homself al hoe meer af en verderger so die hele toestand.

As 'n mens ooit die vinger presies op die wond kan druk, sou dit nie so moeilik wees om dit te genees nie. Tog wil ek ook 'n bietjie rondtas op soeke na die oorsprong van die bloed wat ek bespeur.

Daar word vandag hoofsaaklik drie denkrigtings in die antropologie gehuldig. Die belangrikste antwoord op hierdie vrae na die aard en wese van die mens word gekanaliseer na die dubbelkantigheid van die mens wat dui op 'n spanningsverhouding van liggaam en siel. Die nuwere antropoloë gaan van die standpunt uit dat die mens 'n beliggaamde siel is - daar bestaan dus 'n innige ineenstrengeling tussen dié twee aspekte. Hierdie beskouing

vorm deel van die denkraamwerk van baie mense. Nou is dit heel verstaanbaar dat die mens met sy ingeboude siening van beliggaamde siel die liggaamlik gestremde as halfmens sien - 'n wese wat nie bestaan regverdig in die wêreld van besielde liggame nie.

Voortspruitend hieruit kan die psigopatologie as verdere model gebruik word. Psigopatologie het betrekking op die siektes van die gees. En siektes van die gees is 'n toestand waarin die persoon se waarneming en beleving van sy wêreld belemmer is. Die mens wie se liggaam abnormaal is, se siel, as integrale deel, moet dus ook geskaad wees. Hieruit volg dat die liggaamlik gestremde nie inpas in die ratwerk van menswees nie.

Die mens het 'n natuurlike afkeer in onvolmaaktheid. In die Bybelse tyd was een van die Israelitiese wette as volg: Lev. 23: 17, 18, 21 en 23.

Die Bantoe in sy natuurlike staat vermoor gebrekklike babas. So 'n kind dui op afsku van die bese geeste.

Die moderne samelewing raak al hoe meer geoutomatiseerd - slegs 'n knoppie word gedruk en dit is nog net die knoppie wat die knoppie moet druk wat uitgevind moet word. Moontlik word die gestremde gesien as 'n geroeste skakeltjie in die netwerk van die gespesialiseerde masjien. Daar is 'n vertraging vir die besige sakeman en huisvrou op die roltrap en in 'n besige straat as die gestremde eers oorgehelp moet word.

Kan daar iets aan die hele situasie gedoen word? 'n Stap wat definitief 'n positiewe uitwerking sal hê, is die onderrig of raadgee aan kinders in verband met hul optrede teenoor gestremdes, as deel van bevordering van menseverhoudings in 'n klas byvoorbeeld Voorligting. Bevoegde gestremdes kan gekry word om mense toe te spreek. Ouers se belangstelling moet geprikkel word sodat ook die ou kleintjies al kennis kan dra van die korrekte optrede teenoor 'n 'ongelukkige' outjie by byvoorbeeld 'n partytjie of in die swembad. 'n Spesiale poging kan aangewend word om liggaamlik gestremdes in gelukkige werksomstandighede te besorg. 'n Bevredigende werk laat 'n gevoel van selfbevrediging en 'tot nut wees' ontstaan. Geen persoon wat sy sout werd is, wil 'n nuttelose parasiet wees nie. Meneer die voorsitter, en elkeen van u wat na my luister: U alleen kan al 'n wêreld versit en groot positiewe dinge laat gebeur.

Ek spreek die vertrouwe uit dat u getref is, nie deur die moedige optrede van 'n gestremde nie, maar deur 'n mens wat bekommerd is oor die verhouding tussen mens en mens".

BIBLIOGRAFIE

1. ABERCROMBIE, M.L.J., Perceptual and Visio-motor Disorders in Cerebral Palsy; Little Club Clinics in Developmental Medicine, No. 11 - The Spastics Society, 12 Park Crescent, London, 1961.
2. ALLPORT, G.W., Pattern and growth in personality, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1961.
3. ANASTASI, ANNE, Psychological testing, 3rd. ed., MacMillan, New York, 1968.
4. AUSUBEL, D.P., Cognitive structure and the facilitation of meaningful verbal learning, from Journal of Teacher Education, (14), 1963.
5. AUSUBEL, D.P., Educational psychology, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1968.
6. BANDURA, A. and WALTERS, R., Adolescent aggression, Ronald Press, New York, 1959.
7. BAUMRIND, D., Child care practices anteceding three patterns of pre-school behavior; Genetic psychology monographs, Vol. 75, pp. 43-88, 1967.
8. BEHR, A.L., Methods and techniques in Educational and Psychological Research, J.L. van Schaik Limited, Pretoria, 1973.
9. BEST, John W., Research in education, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New York, 1970.
10. BIGGE, M.L. and HUNT, M.P., Psychological foundations of education, Harper en Row, New York, 1962.
11. BLOMMERS, P. and LINDQUIST, E.F., Elementary statistical methods in psychology and education, Houghton Mifflin, Boston, 1960.

12. BODWIN, R.F. and BRUCK, M., The adaptation and Validation of the Draw-a-Person Test as a measure of Self Concept; Journal of Clinical Psychology, 26, 1960.
13. BURT, C., The Young Delinquent, University of London Press, London, 1952.
14. CATTELL, R.B., The scientific analysis of personality. Aldine, Chicago, 1961.
15. CATTELL, Raymond B., A guide to Mental testing, University of London Press, Ltd., London, 1948.
16. COMBS, A.W. and SNYGG, D., Individual behavior, Harper and Row, New York, 1959.
17. CONGER, J.J., Adolescence and youth: Psychological development in a changing world, Harper and Row, New York, 1973.
18. COOPERSMITH, S., The antecedents of Self-esteem, W.H. Freeman and Company, San Francisco, 1967.
19. CRAIG, GRACE J., Human development, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1976.
20. CRONBACH, L.J., Educational Psychology, Rupert Hart-Davis, Ltd., London, 1968.
21. CROW, LESTER D. and CROW, ALICE, Child Psychology, Barnes and Noble, Inc., New York, 1953.
22. DREGER, RALPH MASON, Fundamentals of personality, J.B. Lippincott Company, Philadelphia and New York, 1962.
23. FELKER, D.W., Building positive self-concepts, Burgess Publishing Co., Minneapolis, 1974.
24. FLAVELL, J.H., The developmental psychology of Jean Piaget, Van Nostrand Company, Inc., Toronto, 1968.

25. FRANK, L.K., The adolescent and the family, Adolescence, 43rd Yearbook, Part 1, pp.240-254, 1944.
26. FROSTIG, M. and HORNE, D., The Frostig Program for the Development of Visual Perception (Teacher's Guide), Follet Publishing Co., Chicago, 1964.
27. GARDNER, G., Present day society and the adolescent, American Journal of Orthopsychiatry, Vol. 27, pp. 508-517, 1957.
28. GARRISON, KARL C., Psychology of adolescence, 6th ed., Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1965.
29. GELDARD, FRANK. A., Fundamentals of Psychology, John Wiley and Sons, New York, 1963.
30. GORDON, Ira J., Human development, Harper and Row, New York, 1969.
31. GUILFORD, J.P., Personality, McGraw-Hill Book Company, New York, 1959.
32. GUILFORD, J.P., Psychometric methods, McGraw-Hill Book Co., New York, 1954.
33. HALL, C.S. and LINDZEY, G., Theories of personality, John Wiley and Sons, New York, 1957.
34. HURLOCK, ELIZABETH B., Developmental Psychology, McGraw-Hill, New York, 1959.
35. HURLOCK, ELIZABETH B., Adolescent development, McGraw-Hill, New York, 1967.
36. HURLOCK, E., Child development, 5th edition, McGraw-Hill, New York, 1972.
37. JAMES, WILLIAM, Psychology, MacMillan, London, 1928.
38. JERSILD, ARTHUR T., The psychology of adolescence, MacMillan Co., New York, 1968.

39. JERSILD, A.T., Child Psychology, 5th ed., Staples Press, London, 1960.
40. JOHNSON, R.C. and MEDINNUS, G.R., Child Psychology, John Wiley and Sons, New York, 1965.
41. JONES, M.C. and BAYLEY, N., Physical maturing among boys as related to behavior, Journal of Educational Psychology, 41, 1950.
42. JOURARD, SIDNEY M., The transparent Self, D. van Nostrand company, New York, 1971.
43. KERLINGER, F.N., Foundations of behavioral research, Holt, Rinehart and Windston, London, 1972.
44. KERSHAW, JOHN D., Handicapped Children, 3rd edition, William Heinemann Ltd., London, 1973.
45. KOLESNIK, W.B., Educational psychology, McGraw-Hill New York, 1963 and 1970.
46. KUYPERS, A., Inleiding in de Zielkunde, J.H. Kok, Kampen, 1963.
47. LA BENNE, W.D. and GREEN, B.I., Educational implications of self-concept theory, Goodyear Publishing Co., California, 1969.
48. LINDGREN, H.C. and BYRNE, D., Psychology: An introduction to a behavioral Science, John Wiley and Sons Inc., New York, 1961 and 1971.
49. LOVELL, K., Educational Psychology and children, Univ. of London Press, London, 1967.
50. MADISON, P., Personality development in college, Addison-Wesley Publishing Co., Reading, Mass., 1969.
51. MAGNUSSON, D., Test Theory, Addison-Wesley Publishing Co., Reading, Massachusetts, 1966.
52. MAHER, BRENDAN A., Progress in experimental personality research, Academic Press, New York, 1974.

53. MALTZ, M., Psycho-cybernetics, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliff, New Jersey, 1960.
54. MASLOW, A.H., The farther reaches of human nature, Viking Press, New York, 1971.
55. McCANDLES, B.R., Children, behavior and development, Holt, Rinehart, Winston, New York, 1969.
56. McDONALD, FREDERICK J., Educational Psychology, Wadsworth Publishing Co., Belmont, California, 1965.
57. MITCHELL, J.J., Adolescence: some critical issues, Holt, Rinehart & Winston, Toronto, 1971.
58. MORE, D., Developmental concordance and discordance during puberty and adolescence; Child development monographs, 18, 1955.
59. MORGAN, C.T., Introduction to Psychology, 2nd ed., McGraw-Hill, New York, 1961.
60. MUSSEN, P.H. en JONES, M.C., Self-conceptions, motivations and interpersonal attitudes of late - and early maturing boys, Child development, 28, 1957.
61. MUSSEN, P.H., & CONGER, J.J. & KAGAN, J., Child development and personality, Harper and Row, New York, 1965 and 1974.
62. NASH, J., Developmental psychology, Prentice-Hall, Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1970.
63. NASIONALE RAAD VIR DIE VERSORGING VAN KREUPELES IN SUID-AFRIKA, Referate, Johannesburg, 1971.
64. NASIONALE RAAD VIR DIE VERSORGING VAN KREUPELES IN SUID-AFRIKA, Referate, Johannesburg, 1958.
65. NUNNALLY, J.C., Tests and measurements, McGraw-Hill Book Co., New York, 1959.
66. O'LEARY, V.E. en HOOD, W.R., Latitudes of acceptance, rejection and noncommitment, and attitudes towards Self: A factor analytic study; Journal of Social Psychology, 79, 1969.

67. OSGOOD, C.E., SUCI, G.J. and TANNENBAUM, P.H., The measurement of meaning, University of Illinois Press, Urbana, 1957.
68. PIKUNAS, I. and ALBRECHT, E.J., Human development: a science of growth, McGraw-Hill Book Company, New York, 1969.
69. PIKUNAS, I. and ALBRECHT, E.J., Psychology of human development, McGraw-Hill Book Company, New York, 1961.
70. PINTOR, R., ELSENSON, Jon; STANTON, M., The psychology of the physically handicapped, Appleton-Century-Crofts, Inc., New York, 1941.
71. RAPAPORT, DAVID, Diagnostic psychological testing, The Year Book Publishers, Inc., Chicago, 1946.
72. RAPPOPORT, L., Personality development. The chronology of experience, Scott, Foresman, Glenview, Ill., 1972.
73. ROGERS, C., Client-centered therapy, Houghton-Mifflin, Boston, 1965.
74. SARASON, IRWIN, G., Contemporary research in personality, 2nd edition, D. van Nostrand Co., Inc., London, 1969.
75. SCHILDER, P., The image and appearance of the human body, International Universities' Press, New York, 1935.
76. SMITH, H.C., Personality development, McGraw-Hill Book Company, New York, 1968.
77. SMITH, W. and LEBOWITZ, D., Some changing aspects of the self-concept of pubescent males, Journal of Genetic Psychology, 88, 1956.
78. SPIEGEL, M.R., Statistics, McGraw-Hill Book Co., New York, 1972.
79. STOLZ, H. and STOLZ, L., Somatic development of adolescent boys, Macmillan, 1951.

80. STOLZ, H. and STOLZ, L., "Adolescence problems relating to somatic variations"; Adolescence, 43rd Yearbook, National Society for the study of education, 1944.
81. STRAUSS, A.A. and KAPHART, N.C., Psychopathology and Education of the Brain-injured Child, (Vol. II). Grime and Stratton, New York and London, 1955.
82. SULLIVAN, H.S., The interpersonal theory of psychiatry, W.H. Norton, New York, 1953.
83. THOMPSON, G.G.; GARDNER, E.F.; DI VESTA, F.J., Educational Psychology, Appleton-Century-Crofts, Inc., New York, 1959.
84. TORGERSON, W.S., Theory and Methods of scaling, Wiley, New York, 1958.
85. VAN DER STOEP, F. en VAN DER STOEP, O.A., Didaktiese oriëntasie, Nasionale Boekdrukkery Bpk., Elsiesrivier, Kaap, 1975.
86. VAN DER WALT, J.S., Opvoedkundige en Psigologiese Meting, Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, 1970.
87. VREY, J.D., Selfkonsep en die verband daarvan met persoonlikheidsorganisasie en kognitiewe struktuur, Ph. D.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Desember 1974.
88. WATSON, E.H. and LOWREY, G.H., Growth and development of children, (4th ed.), Yearbook publishers, Chicago, 1962.
89. WYLIE, R.C., The Self-concept, Revised edition - Volume 1, University of Nebraska Press, Lincoln, 1974.
90. YEATTS, P., Developmental changes in the self-concept of children, grades 3-12, Florida Educational Research and Development Council Research Bulletin, vol. 3, 1967.

OPSOMMING

Die doel van die ondersoek was enersyds om die selfkonsep van die fisies gestremde leerling te bepaal en andersyds om te poog om vas te stel wat dié leerling se verhoudinge met die verskillende aspekte van die Self is.

Met die literatuurstudie oor die begrip selfkonsep is indringende ondersoek ingestel na die verskillende sienswyses wat hieroor gehuldig word van persone soos Freud, Adler, Erikson, Sullivan, Lewin, James, Combs, Snygg, Rogers, Jersild en Felker. Deur sodanige ondersoek word die ontwikkelingsgang van selfkonsepteorieë aangebied om 'n geheelbeeld daar te stel van wat daar in die literatuur opgeteken staan van hierdie belangrike begrip.

Met die bespreking van reeds bestaande navorsing op die gebied van die selfkonsep is navorsingsontwerpe soos Q-sorteringstegnieke, die semantiese differensiaal, vraelyste, adjektiefkontroleerlyste, skale en projeksietegnieke deeglik onder die soeklig geplaas. Die navorsingswerk van Vrey is van nader beskou, aangesien daar van sy Selfkonsepinventaris gebruik gemaak is om die selfkonsep van die fisies gestremde leerling te toets. Die onderskeibare konstrukte van die selfkonsep, wat die dimensies van die Selfkonseptoets vorm, is die volgende: Die fisiese Self, die persoonlike Self, die gesinself, die sosiale Self, die sedelike Self en die kritiese Self.

Elkeen van die bostaande dimensies word bepaal in terme van drie aspekte, naamlik die proefpersoon se selfidentiteit, dit wil sê wát hy is; tweedens sy aanvaarding van daardie identiteit, en derdens sy persepsie van sy eie funksionering. Voorts is 'n volledige bespreking gelewer oor die wesenlike betekenis van die dimensies van die selfkonsep en is die selfkonsep se verband met die kognitiewe struktuur en persoonlikheidsorganisasie ook van nader ondersoek.

Om 'n ware greep te verkry oor die teoretiese konteks waarbinne die Selfkonsepttoets gebruik en begryp moet word, is die leefwêreld van die adolessent ook beskryf en kon die interpretasie van die gegewens verkry uit die ondersoek, binne konteks geskied. In die empiriese ondersoek is van Vrey se Selfkonsepttoets asook 'n outentieke biografiese vraelys van die skrywer gebruik gemaak.

Die aantal leerlinge wat in hierdie navorsing betrek is, word in die volgende tabel aangegee:

TABEL 47: LEERLINGE BETREK IN NAVORSING

| SKOOL | SEUNS | DOGTERS | TOTAAL |
|---|-------|---------|--------|
| ELIZABETH CONRADIE (Eksperimentele groep) | 41 | 19 | 60 |
| DIAMANTVELD HOËR (Kontrolegroep) | 57 | 43 | 100 |
| TOTAAL | 98 | 62 | 160 |

Die populasie waaruit die steekproewe vir die ondersoek getrek moes word, bestaan uit die Afrikaanssprekende leerlinge

op die Senior Sekondêre Skoolfase.

Die toepassing en nasien van die Selfkonsepinventaris en biografiese vraelys, die struktuur, items en betroubaarheid en geldigheid van die Selfkonsepttoets is baie deeglik beskryf en besondere moeite is gedoen om 'n duidelike beeld van die statistiese ontwerp daar te stel.

By die tellings van die Selfkonsepttoets is van die kritieke verhoudingstoets gebruik gemaak om te bepaal of daar 'n beduidende verskil bestaan tussen die selfkonsepttellings van die eksperimentele- en kontrolegroepe, terwyl die chi-kwadraattoets by die items van die biografiese vraelys toegepas is.

Die volgende bevindinge spruit uit hierdie ondersoek voort:

1. Die fisies gestremde leerling het 'n laer selfkonsep as die normale leerling.
2. Die volgende verhoudinge van die fisies gestremde leerling is ongesonder as dié van die normale leerling:
 - a. verhoudinge met sy psigiese gesteldheid - sy persoonlike Self;
 - b. verhoudinge met die liggaamlike gesteldheid - sy fisiese Self;
 - c. verhoudinge met sy gesin - sy gesinself;
 - d. verhoudinge met ander in die sosiale gemeenskap - sy sosiale Self;
 - e. verhoudinge met sedelike en godsdienstige waardes - sy waardeself.

3. Geen betekenisvolle verskil kon tussen die twee groepe gevind word betreffende die evaluatiewe aspek van die selfkonsep nie.

Hierdie ondersoek het baie duidelik aangetoon dat dit belangrik is om ruimte toe te ken aan die rol van die selfkonsep in die begryping van die probleme van die fisies gestremde leerling. Dit sal meebring dat hierdie leerling raakgesien word vanuit sy eie verwysingsraamwerk en van daaruit begryp moet word.

